



**ADOLESENTE SELFMOORD EN SELFMOORDGEDRAG:
'N PASTORAAL NARRATIEWE BESKOUIING**

deur

Jean Strydom

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

**FAKULTEIT TEOLOGIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Promotor: Professor JC Müller

April 2002

Dankbetuigings

Graag betuig ek my dank aan die volgende persone:

1. Prof. Julian Müller vir al u raad en leiding oor die jare en spesifiek tydens die navorsing.
2. Wilhelm van Deventer vir al ons gesprekke oor die onderwerp.
3. My vrou, Antoinette vir haar volgehoue ondersteuning.
4. Renate Roux (BA-Hons: Afrikaans) vir die taalversorging.
5. Alle adolessente wat die vrymoedigheid gehad het om hulle diepste seer met my te deel.
6. Thea Heckroodt vir al u hulp in die biblioteek.
7. Aan my Hemelse Vader wat my in staat gestel het om die navorsing te doen.



Opedra aan:

Adolesente wat besig is met die lewensreis

Summary

Adolescent suicide and suicidal behavior: A pastoral narrative approach

In this research study and thesis the problem of adolescent suicide and suicidal behavior is examined within a social – constructionist paradigm with the emphasis on a pastoral narrative therapeutic approach.

With this purpose in mind, the stories of adolescents with suicidal behavior are listened to and brought into conversation with literary tales of adolescents' suicide and suicidal behavior. At the same time the study seeks for an appropriate therapeutic approach by means of which interactive relationships can be established with these teenagers. In the therapeutic process that results from this mutual collaboration, meaningful counseling can be provided.

During the sensitive interaction between the telling of and listening to stories of distress, it progressively becomes clear that adolescent suicide and suicidal behavior is a result of the integration of complex circumstances and stories that have a negative reciprocal impact on each other.

Against this background, a number of dynamic conclusions are central:

- The general tendency is to label adolescents as “mere teenagers”. This categorisation results in all adolescents being treated as a collective group. In consideration of the different adolescents' stories, it becomes clear that the individual uniqueness and eccentricity totally disappears within this typifying framework. The narrative approach to and contemplation of adolescent suicide and suicidal behavior creates an unprejudiced platform from which each unique life-story can be listened to.
- Generally parents ask questions about the reason or motive that drove an adolescent to suicide. They summarily assume that only

one incident can identify the cause or problem. This study shows that it is a cumulative conglomeration of causes that eventually leads to such a desperate attempt or action. The narrative approach provides a wide scope for listening to each unique story within the interwoven stories.

- The influence of the greater social discourse (grand narrative) is also an aspect that is highlighted in the study as a particular contributive factor to adolescent suicide and suicidal behavior.

The pastoral narrative approach to adolescent suicide and suicidal behavior does not have all the answers, but concludes with the question: Is it “self” (*sui*) and is it “murder” (*cidium*)?

Opsomming

Adolescente selfmoord en selfmoordgedrag: 'n Pastoraal narratiewe beskouing.

In hierdie navorsingstuk en proefskrif word die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag binne 'n sosiaal-konstruksionistiese paradigma met die klem op 'n pastoraal narratiewe terapeutiese benadering ondersoek.

Met hierdie doelstelling voor oë word die verhale van adolessente met selfmoordgedrag aangehoor en in gesprek gebring met literêre verhale oor adolessente, selfmoord en selfmoordgedrag. Hierdie studie soek terselfdertyd na 'n gepaste terapeutiese werkswyse deur middel waarvan daar met hierdie tieners in interaktiewe verhoudings getree kan word. In die terapeutiese proses wat uit hierdie wedersydse samewerking ontwikkel, kan daar aan hulle betekenisvolle berading verleen word.

In die sensitiewe interaksie tussen die vertel van en luister na noodverhale word dit progressief duidelik dat adolessente selfmoord en selfmoordgedrag spruit uit 'n integrasie van oorkoepelende komplekse omstandighede en verhale wat in negatiewe wisselwerking ten opsigte van mekaar staan. Die noodwendige gevolg hiervan is 'n gevoel van sinloosheid en gevangenskap in die lewe wat uitloop op selfmoord en selfmoordgedrag.

Teen hierdie agtergrond staan enkele dinamiese konklusies sentraal:

- Die algemene tendens is om adolessente te tipeer as “blote tieners”. Hierdie kategorisering het tot gevolg dat alle adolessente as gesamentlike groep hanteer word. Met in agneming van die verskillende adolessente se verhale, blyk dit duidelik dat die individu in sy uniekheid en eksentrisiteit totaal binne hierdie tiperingsraamwerk

verdwyn. Die narratiewe benadering tot en beskouing van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag skep 'n onbevooroordeelde platvorm waarop elke unieke lewensverhaal van die individu aangehoor kan word.

- Normaalweg vra ouers vrae oor die rede of motief waardeur die adolessent tot 'n selfmoordpoging gedryf is. Hulle aanvaar summier dat slegs een gebeurtenis die oorsaak of probleem kan vaspen. Hierdie studie toon aan dat dit 'n kumulatiewe opeenhoping van oorsake is wat uiteindelik tot so 'n desperate poging of daad aanleiding gee. Die narratiewe benadering skep die ruimte vir die aanhoor van die individueel unieke verhaal binne die vervelgte verhale.
- Die invloed van die groter samelewingsdiskoers ("grand narrative") is ook 'n aspek wat in die studie uitgelig word as 'n besonders bydraende faktor tot adolessente selfmoord en selfmoordgedrag.

Die pastoraal narratiewe beskouing van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag het nie al die antwoorde nie, maar stel ten slotte die vraag na die begrip selfmoord aan die orde. Is dit "self" en is dit "moord"?

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 INLEIDING TOT AKSIEVERHAAL

1.1	Eie posisionering	1
1.2	Probleem in aksie	6
1.3	Doelgerigte proses	9
1.4	Navorsingsplasing	10
1.5	Navorsingsmetodologie	16
1.5.1	Uiteensetting van Browning (1991) se benadering	21
1.5.2	Uiteensetting van Müller et al. (2001) se benadering	24
1.6	Metodologiese keuse	30
1.7	Verheldering van enkele begrippe	31
1.7.1	Storie / Verhaal / Narratief	31
1.7.2	Adolessent	31
1.7.3	Selfmoord	34
1.7.4	Selfmoordpoging	35
1.7.5	Selfmoordgedrag	36
1.7.6	Depressie	36
1.7.7	Selfmoordgeneigheid	37
1.7.8	Selfmoorddreigement	37

HOOFSTUK 2 AKSIEVERHALE OOR ADOLESSENTE SELFMOORD EN SELFMOORDGEDRAG

2.1	Inleiding	38
2.2	Daleen se verhaal	39
2.3	Gerda se verhaal	39
2.4	Erik se verhaal	40

2.5	Susan se verhaal	40
2.6	Anton se verhaal	41
2.7	Ann se verhaal	42

HOOFSTUK 3 AGTERGRONDVERHALE OOR DIE ADOLESSENT

3.1	Inleiding	45
3.2	Sienings van vroeë adolessensie as ontwikkelingstadium	49
3.2.1	Historiese verhaal oor die heersende siening van adolessensie	49
3.3	Huidige grense van adolessensie	50
3.4	Ontwikkelingskenmerke van die adolessent	53
3.4.1	Inleiding	53
3.4.2	Fisieke ontwikkeling van die adolessent	56
3.4.3	Sosiale en Interpersoonlike ontwikkeling	60
3.4.4	Selfkonsep / Identiteitsvorming	62
3.4.5	Kognitiewe ontwikkeling	66
3.4.6	Geloofsontwikkeling	67
3.4.7	Die invloed van Post Modernisme op die geloofsontwikkeling van die adolessent	70
3.4.8	Geslagsrolidentifikasie by die adolessent	71
3.4.9	Streshantering by die adolessent	72
3.4.10	Veranderende waardes, moraal en godsdienstige gevoelens	73
3.4.11	Differensiasie van die ouers	75
3.4.12	Die lewensfase van die gesin met adolessente	77
3.4.13	Portuurgroepverhoudings	79
3.4.14	Adolessente se doodskonsep	82
3.5	Samevatting	88

HOOFSTUK 4 AGTERGRONDVERHALE OOR SELFMOORD ONDER ADOLESSENTE

4.1	Inleiding	91
4.2	Die herkoms van die begrip selfmoord en verskillende sieninge daaroor	93
4.2.1	Historiese verhale van teorieë en perspektiewe op selfmoord	93
4.2.2	Literêre verhale oor selfmoord as verskynsel	94
4.2.3	'n Filosofiese en Teologiese benadering tot selfmoord	94
4.2.4	'n Demografiese benadering tot selfmoord	95
4.2.5	'n Sosio-kulturele benadering tot selfmoord	95
4.2.6	Durkheim se sosiologiese benadering	95
4.2.7	Psigoanalitiese teorie	97
4.2.8	Sosiaal Psigologiese teorieë	98
4.2.9	Sosiale leer teorie	99
4.2.10	Gesinsisteem teorie	99
4.2.11	Baumeister se ontvlugtings teorie	100
4.2.12	Biologiese teorie	101
4.2.13	Ekosistemiese benadering	101
4.2.14	Konklusie	102
4.3	Ander sienswyses en standpunte oor selfmoord	103
4.3.1	Antieke Egipte	103
4.3.2	Antieke Krygers	104
4.3.3	Primitiewe gemeenskap	104
4.3.4	Grieke en Romeine	105
4.3.5	Jode	106
4.3.6	Christene en Bybelse perspektief	108
4.3.7	Boedhisme	113
4.3.8	Moslem	113

4.3.9	Huidige benaderings of houdings ten opsigte van selfmoord en selfmoordpogings	114
4.4	Tipes selfmoord	115
4.4.1	Intensionele Selfmoord	116
4.4.2	Sub-Intensionele Selfmoord	116
4.4.3	Nie-Intensionele Selfmoord	116
4.4.4	Para-Selfmoord	116
4.4.5	“Eutanاسie” (Genadedood)	117
4.4.6	Chroniese Selfmoord	117
4.4.7	Gekoppelde Selfmoord	117
4.4.8	Paradoksale Selfmoord	117
4.4.9	Altruïstiese Selfmoord	118
	4.4.9.1 Verpligte Altruïstiese Selfmoord	118
	4.4.9.2 Opsionele Altruïstiese Selfmoord	119
	4.4.9.3 Akute Altruïstiese Selfmoord	119
4.4.10	Egoïstiese selfmoord	119
4.4.11	Anomiese selfmoord	119
4.5	Mites oor selfmoord	120
4.6	Waarskuwingstekens wat met adolessente selfmoord en selfmoordgedrag verband hou	125
4.7	Faktore wat aanleiding gee tot selfmoord en selfmoordgedrag by adolessente	128
4.7.1	Adolessensie as kritieke ontwikkelingsfase	129
4.8	Psigies-Geestelike faktore wat selfmoord en selfmoordpogings by adolessente kan beïnvloed	136
4.8.1	Die stryd om selfbevestiging	137
4.8.2	Die soeke van die jeug	139
4.9	Gesinsverhoudingsmatige faktore wat selfmoord en selfmoordneigings beïnvloed	143
4.9.1	Die gesin	144
	4.9.1.1 Verhoudingsversteuringe	145

4.9.1.2	Besondere gesinsituasies as moontlike aanleiding vir selfmoordgedrag	149
4.10	Selfmoord en Presipiterende faktore	151
4.10.1	Skolastiese probleme wat tot selfmoord en selfmoordpogings onder adolessente kan lei	151
4.10.2	Sub-kulturele faktore	153
4.10.2.1	Massamedia	154
4.10.2.2	Seksualiteit	155
4.10.2.3	Massafikasie	156
4.10.2.4	Klimatologie	156
4.10.2.5	Verhoudinge met die teenoorgestelde geslag	157
4.10.2.6	Ekonomiese omstandighede	158
4.10.2.7	Politieke omstandighede	158
4.11	Depressie	159
4.12	Samevatting en skets	165

HOOFSTUK 5 DIE NAVORSINGSVERHAAL ONTWIKKEL VERDER

5.1	Die narratiewe metafoor en sosiaal-konstruksionisme	170
5.2	Narratief en Identiteit	179
5.3	Narratief en Tydelikheid	182
5.3.1	Narratief en die verlede	183
5.3.2	Narratief en die hede	184
5.3.3	Narratief en die toekoms	185
5.4	Die pastor en die narratief	186
5.5	Pastoraat en Kuns	187
5.6	Verskeie terapeutiese narratiewe benaderings tot die adolessent met selfmoordgedrag	188
5.6.1	Die noodverhaal	192
5.6.2	Die verledeverhaal	198

5.6.3	Die verduisterde toekomsverhaal	203
5.6.4	Herformulering van die verledeverhaal	205
5.6.4.1	Ontstaan van dekonstruksie vanuit die filosofie	207
5.6.4.2	Dekonstruksie en pastoraat: algemeen beskou	211
5.6.4.3	Dekonstruksie en Herformulering?	214
5.6.4.4	White se beskouing van dekonstruksie	217
5.6.4.5	Dekonstruksie proses	218
5.6.5	Unieke uitkomst (“Unique outcomes”)	229
5.6.6	Storie konstruksie vrae	243
5.6.7	Verbeelding van ‘n toekomsstorie	243

HOOFSTUK 6 KONKLUSIE VAN DIE STUDIEVERHAAL

6.1	Inleiding	245
6.2	Die sosiaal-konstruksionistiese rol / invloed van die narratiewe benadering op die studie	245
6.3	Konklusies voortspruitend uit die navorsing	247
6.3.1	Elke adolessent het ‘n unieke verhaal	247
6.3.2	Adolessente se verhale moet binne die interaksie van verskillende sisteem-verhale besluister en verstaan word	250
6.3.3	Die invloed van die groter samelewingsdiskoers / “grand narrative”	254
6.4	‘n Kritiese vraag na die begrip selfmoord	258
6.5	My eie refleksie of navorsingservaring	259

BIBLIOGRAFIE	262
---------------------	------------

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE AKSIEVERHAAL

1.1 Eie Posisionering

”Die verlede en die toekoms is nie dit wat nie-meer-is-nie en dit wat nog-nie-is-nie. Beide is verlengstukke van die teenwoordige. Die verlede is die steeds-teenwoordige en die toekoms is die reeds-teenwoordige”

(Niebuhr 1963:92)

Ek wil aansluit by Müller (1999:3) as hy sê: “Die lewe is ‘n reis. As ‘n mens lewe, het jy vertrek, is jy op pad”. Dit is waar dat die lewe ‘n reis is van jou geboortedag af tot en met die dag wat jy sterwe. Vanuit ‘n Christelike perspektief is dit ook waar dat ‘n mens se reis reeds voor fisiese geboorte begin, dit begin reeds met konsepsie en eindig ook nie wanneer jy jou laaste asem op aarde uitblaas nie. Die reis gaan voort in die ewige lewe: die lewe na die dood.

Daar is nie een op aarde wat nie op reis is nie, of dit nou kind, adolessent of volwassene is, almal is op reis. Gedurende die reis ervaar ‘n mens baie dinge wat bydra tot vorming en persepsievorming. Dit kan jou wyse of manier van lewe dramaties beïnvloed. Gedurende die reis is daar baie verhale (bv. die groter kulturele en ekonomiese verhale) en ervarings wat ‘n dramatiese impak op die adolessente reisiger en ander reisigers kan hê. Ons beïnvloed ook mekaar omdat ons afsonderlik en gesamentlik reis (Müller 1999:3). Dit veroorsaak somtyds dat ander groter, dominante, sosiale en kulturele verhale

die adolessent van koers af laat beweeg. Ander kere veroorsaak dit dat 'n nuwe alternatiewe roete geneem word.

In hierdie studie poog die navorser¹ om op 'n narratiewe wyse stil te staan en in gesprek te tree met adolessente wie se lewensreis volgens hulself, somtyds pynlik was en is. In die studie sal daardie adolessente se verhale aangehoor word. Noodverhale en agtergrondverhale sal aangehoor word. Hulle ervarings wat in verhale omskep is sal ook op die tafel geplaas word.

Voordat hulle verhale bespreek word, is dit belangrik om eers my eie verhaal kortliks op die tafel te plaas en te vertel hoe ek by die spesifieke belangstelling van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag uitgekom het. In my gespreksvoering met adolessente bly ek verbind aan my eie lewensverhaal. As pastor² wat vanuit die narratiewe benadering funksioneer, moet ek in die eerste instansie my eie verhaal ernstig bekyk, omdat ek nooit totaal objektief teenoor die verhale wat ek aangehoor het kan staan nie. My eie verhaal praat deurgans saam met die verhaal van die adolessent waarna ek luister. Dit wat ek hoor, word medebepaal deur my eie storie. "Daarom moet die pastor bewus wees van sy/haar eie verhaal en van die feit dat hy/sy in die gespreksituasie 'n medeskrywer of medeverteller is aan 'n storie waarvan een van die bronne die eie verwysingsraamwerk (storie) is" (Müller 1999:13).

Die verhale in ons geheue, of dit nou oorvertel word of nie, is die raamwerk wat ons help om sin te maak uit die lewe. Verhale is veel meer as blote beskrywings. Dit gee vorm aan 'n mens se lewe. My eie storie is belangrik. Dit is 'n verhaal wat baie moeilik was om te vertel. Dit was uiters moeilik om dit te verbaliseer. Waarskynlik omdat daar baie onsekerhede daarmee saamgegaan het. Die kulturele samelewing waarin ek myself as adolessent

¹ Verder word die woord "ek" in die teks gebruik.

bevind het, het my 'gedwing' om die verhaal geheim te hou omdat dit vir die gemeenskap onaanvaarbaar sou wees.

Ek het op 'n plaas grootgeword. Mense in die gemeenskap was nou aan mekaar verbind. Almal het mekaar geken. Al die kinders het na dieselfde skool gegaan en almal het by dieselfde winkel inkopies gedoen. Al die kinders se verjaarsdaggeskenke is by dieselfde winkel gekoop. Die gemeenskap (samelewing) het van ouers die verwag om kuis te lewe. Man en vrou moes lief wees vir mekaar en die vrou moes te alle tye haar man ondersteun. Van kinders is verwag om hulself te gedra, want 'kinders moet gesien en nie gehoor word nie'. Hierdie was 'n spreekwoord wat herhaaldelik by ons as kinders ingeskerp is. Binne die gemeenskap het ons as tieners almal se geskiedenis geken; wie se ouers was die kwaaieste; wie se ma bak die lekkerste koek, ensovoorts. Daar was 'n mate van sekuriteit binne die gemeenskap wat so regiet was.

My eie tienerjare was volgens my, vas en seker. Ek het my plek in die gemeenskap geken, al was dit een van 'kinders moet gesien en nie gehoor word nie'. Binne die sisteme van huis, skool en kerk was ek as tiener gelukkig, want daar was genoeg liefde en vriende.

In graad-7 het alles in my lewe verander. Daar het 'n wind van verandering gewaai en ek was omgewaai deur die wind. Op 'n stil middag is die nuus in my sogenaamde 'oudste suster' se sitkamer aan my openbaar dat sy nie my oudste suster is nie, maar wel my ma. Ek was 'n buite-egtelike kind. Ewe skielik was dit gepas om 'gesien en nie gehoor te word nie'. Die ergste was dat ek moes teruggaan na die gemeenskap waar alles so vas en seker was.

² Vir die doeleindes van hierdie studie sal die term pastor en terapeut afwisselend gebruik word.

Daar is ooreengekom dat ek vir nog 'n jaar by my ma en pa sou aanbly. Hulle wat in werklikheid my ouma en oupa was. Binne die dominante sosiale en kultureel aanvaarbare norme van die gemeenskap was ek ewe skielik die een wat anders was. Die nuus het op een of ander manier uitgelek. Ek was vir 'n ruk lank die middelpunt van bespreking. Ek was te skaam om my nuwe verhaal te vertel omdat dit nie aanvaarbaar was nie. Dit was ongehoord. My toekoms was donker. My persoonlike ervaringe hieroor kon ek nie verwoord nie.

Teen die einde van daardie jaar is ek uit daardie gemeenskap na 'n nuwe een; 'n stad waar ek gelukkig vir eers net 'n nommer kon wees. Niemand het my geken nie, gelukkig het niemand my verledeverhaal geken nie. Ek was van plan om dit so te hou. My persepsie was steeds dat dit onaanvaarbaar was dat almal daarvan moes weet, want wat sou hulle van my dink? Ek het daarin geslaag om my storie dwarsdeur my hoërskoolloopbaan te verdoesel. Ek het myself geleer om situasies aan te spreek en probleme op te los. Ek het gesorg dat die allesoorheersende geheim my nie onderkry nie. Dit was eers nadat ek die skool verlaat het en op universiteit was dat ek my ervaringe rondom die gebeure begin verwoord het. Ek was genoodsaak om eerlik met myself te wees ten einde eerlik met ander te kon wees.

Dit is 'n verhaal waarop ek kan uitbrei, maar die kern is genoeg vir eers. Ek het my studies na skool aan die Universiteit van Pretoria begin. Ek het BA. & BD. in teologie voltooi en daarna met M.Div (Pastorale gesinsterapie) begin. Dit was wonderlike vormingsjare. Ek het direk na my M.Div ingeskryf vir PhD (Pastorale gesinsterapie) aan die Universiteit van Pretoria. Terwyl ek met my M.Div besig was is ek as tentmaker beroep na 'n gemeente. My pos in die gemeente is steeds jeugbediening. As bykomende inkomste het ek al hoe meer by skole betrokke geraak en daarom het baie adolessente my pad gekruis. Ek het verskeie adolessente leer ken wat nie meer kans gesien het

om hulle lewensreis voort te sit nie. Baie het 'n verskriklike innerlike worsteling oor ervaringe uit hulle verlede gehad. Hul verhale (en my eie waarmee ek die heelyd in gesprek is en was) het onthul dat gebeure uit hul verlede en gemeenskapsdruk 'n baie groot invloed op hulle lewens uitgeoefen het. In sommige gevalle was die druk so groot dat selfmoord die enigste opsie was. In ander gevalle weer nie. As pastor het ek begin belangstel om uit te vind wat die adolessent noop om selfmoord te probeer pleeg. My situasie kon ook daarheen gelei het; nogans het dit nie! Die hartseer feit dat daar baie adolessente is wat nie meer kans sien vir die lewe nie het my diep geraak. Hulle noodroep het my aangespoor om hierdie studie te begin.

Ons kan vandag nie adolessente selfmoord veralgemeen nie. Niemand ken elkeen se pyn nie. Niemand het my verhaal op skool geken nie, niemand het geweet hoekom ek sekere tye stiller was as ander tye wanneer die gesprek byvoorbeeld oor ouers gegaan het nie. Ek voel dit is belangrik dat ons elke verlore jong mens individueel sal aanhoor, want ervaringe en verhale verskil. Elke adolessent is uniek. Om die jeugdige wat selfmoord wil pleeg in algemene terme te definieer is vir my onaanvaarbaar. Ek was self daar. Ek ken die pyn wat ander kinders jou onwetend aandoen. Vir my is dit 'n deurleefde stryd.

Aan die begin van my teologiese studies sou ek waarskynlik 'n baie modernistiese, oorsaak en gevolg antwoord oor adolessente wat selfmoord probeer pleeg, gegee het. Ek sou waarskynlik veralgemeen het en al hierdie adolessente oor dieselfde kam geskeer het. Gelukkig het daar binne my akademiese reis baie innerlike groei plaasgevind. Dit is tot dusver sekerlik al 'n tien-jaar-lange-groeiproses en terwyl ek skryf, lees en verhale van adolessente aanhoor, vind daar steeds groei plaas. Sou iemand my 'n paar jaar later weer dieselfde vraag vra, sou my antwoord waarskynlik meer sistemies wees. Ek sou na die verskillende sisteme waarin die adolessent

betrokke is, gaan kyk het en eenvoudig verbande getrek het. Die adolessent sou hierdie keer 'n stukkende masjien wees wat ek moes heelmaak. Ek sou reken dat ek as terapeut herhalende patrone moes onderbreek en die adolessent na gesonde stabiliteit lei (Freedman & Combs 1996:3). Sou jy my 'n paar jaar later weer dieselfde vraag vra sou ek weer anders reageer. Hoekom? Daar het weer by my 'n klemverskuiwing plaasgevind. Ek sal nou nie meer patroonmatig optree nie, maar sogenaamde sirkulêre vrae vra. Sal jy my vandag die vraag vra, sal ek heeltemal anders optree. Vandag benader ek probleme vanuit 'n narratiewe³ benadering; vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese⁴ paradigma.

1.2 Probleem in Aksie

Alle adolessente het 'n vertrekpunt (verlede), daar waar die reis begin met 'n inherente visie om op pad te wees. In hierdie unieke stadium van hulle lewens is dit nie altyd duidelik waarheen daar gereis word nie, maar dat die reis voortgesit moet word, is wesenlik belangrik (toekoms). Om op pad te wees is 'n inherente verhaal van die groter gemeenskap en die wêreld.

Die probleem is dat daar tye kom wanneer die verlede en die toekoms nie bymekaar aansluit nie, tot so 'n mate dat daar nie meer hoop is om die reis die toekoms in, voort te sit nie. Die reis kan deur verskeie faktore of omstandighede tot stilstand geruk word, hetsy deur mede reisigers of deurdat verkeerde roetes geneem is of verkeerde keuses gemaak is. Die reis wat nie meer sin maak nie, raak problematies en lei tot 'n situasie wat uiters pynlik en problematies is, aangesien die reisiger (adolessent) nie anders kan as om die toekoms as 'n reeds-teenwoordige en die verlede as die steeds-teenwoordige

³ Die term sal later in breë trekke bespreek word. Sien hoofstuk 5.

⁴ Die term word in hoofstuk 5 breedvoerig bespreek.

te ervaar nie (Müller 1999:5). Die hede, waar die reisiger (adolesent) hom/haar⁵ tans bevind, is die spanningsveld tussen beide verlede en toekoms. Wanneer die spanning te groot raak vir die reisiger sien hy/sy geen rede om die lewensreis verder te voer nie. Wanneer terug gekyk word, is die reis wat verby is van geen waarde nie, omdat dit op 'n sogenaamde doodlooppad eindig. Daar is dus volgens die reisiger geen toekoms nie, hy raak oorstuur en sien geen lig nie. In sommige gevalle toon so 'n reisiger duidelike gedragsprobleme (selfmoordgedrag) wat wel deur medereisigers waargeneem kan word.

My voorlopige waarneming van adolessente met selfmoordgedrag (by die skole waarby ek betrokke is) het my progressief meer laat belangstel. Ek was ingestel op alles wat betrekking het op adolessente selfmoord en selfmoordgedrag. Wanneer ek deur koerante en tydskrifte blaai, val die hartseer verhale van jong adolessente wat hul eie lewens neem my op. Veral oor die nuus, en die plaaslike streeknuus word berig oor adolessente wat hulle eie lewens geneem het. Ek het selfs begin wonder hoeveel van die adolessente wat reeds selfmoord gepleeg het, nie al voorheen verskeie mislukte pogings aangewend het nie. Statistiekboeke (selfs van ander lande) bewys dat selfmoord en selfmoordgedrag drasties onder adolessente toeneem. Dit noep 'n mens tot groeiende kommer.

Gevolglik is dit dus 'n probleem wat aangespreek moet word. Binne die wetenskaplike velde van die sosiologie, maatskaplike werk, kriminologie, sielkunde en teologie is daar 'n verskeidenheid studies wat gedoen kan word om die probleem aan te spreek. Terwyl ek navorsing doen, is daar adolessente met 'n doodgeloopte verhaal en 'n rewolwer in haar hand.

⁵ Daar sal afwisselend van hom/haar of hy/sy gepraat word, wanneer daar na die adolessent in die studie verwys word.

Uit die aanvanklike aanhoor van verhale en literatuur wat in die bronnelys vermeld word lyk dit asof doodgeloopte toekomsverhale 'n seker rol speel. Daar is verskeie faktore wat lei tot die uiteindelijke doodgeloopte toekomsverhaal. Die faktore sal beslis in ag geneem moet word.

Die probleem verdiep in dimensie omdat daar predikante en pastors is wat nie die volle aksieveld en agtergrond in ag neem wanneer 'n adolessent met selfmoordgedrag by hulle om hulp kom aanklop nie. Dit veroorsaak dat baie van die adolessente nie regtig gehelp word nie. Ek voel dat ons as predikante en pastors baie keer te vinnig, nog voordat die adolessent sy hart kon uitpraat, advies gee. Baie keer spreek ons iets aan wat ons dink die probleem is en bied ons 'n oplossing wat ons dink sal werk, terwyl dit glad nie die adolessent se probleem is nie en dus ook nie vir hom 'n oplossing is nie. Ons as pastors is geneig om vanuit die posisie van die betersweter te funksioneer, ons wil die eksperts wees. Die adolessent is nie 'n masjien wat reggemaak moet word nie.

In hierdie studie sal die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag aangespreek word vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese paradigma met 'n narratiewe benadering. Dit is belangrik dat die verhale en agtergronde in ag geneem moet word. Die dominante storie moet aangehoor word, asook die invloed van die dominante storie op die adolessent se eie lewensverhaal.

Dit is baie belangrik om aan die begin van die studie te beseef dat hierdie navorsing ook soos 'n reis is. Ek as navorser kan nie sekere afleidings maak nie. Ek moet my laat lei deur die verhale van die adolessente asook verhale wat deur die literatuur geskets word. As ek die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag te vinnig wil verstaan, is die moontlikheid daar dat ek dit op die ou einde glad nie verstaan nie. Aan die begin van die studie

is daar baie aspekte rondom adolessente selfmoord en selfmoordgedrag wat ek nie verstaan nie, daarom moet ek my laat lei deur die adolessente se nood- en agtergrondverhale. Ek sal as navorser dus 'n nie-wetende posisie inneem. Ek kan dus nie nou al sê wat die uiteinde van die navorsing sal oplewer nie.

1.3 Doelgerigte proses

1. Die doel van die studie is om die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag te ondersoek vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese paradigma met 'n narratiewe benadering.

Ten einde die doel te bereik sal ek :

- Aksieverhale van adolessente met selfmoordgedrag aanhoor. Van die aksieverhale word later weer aan die orde gestel om interaksie tussen die literatuur en verhale te laat plaasvind.
 - Die verhaal van die literatuur duidelik aan die woord stel. Die verhaal van die literatuur sal hoofsaaklik handel oor adolessente asook selfmoord/selfmoordgedrag soos dit onder adolessente voorkom. Met die aanhoor van die verhaal van die literatuur en die verhale van adolessente kan daar hopelik by die leser 'n beter prentjie gevorm word rakende die sosiale, kulturele en ander faktore asook (dominante) verhale wat 'n bydraende rol speel in die totstandkoming van 'n doodgeloopte of verduisterde toekomsverhaal by die adolessent.
2. 'n Verdere doel van die studie is om 'n sinvolle terapeutiese benadering te ondersoek.
- Ten einde in die doel te slaag sal ek:
- Die narratiewe benadering duidelik omskryf.

- Gevallestudies aan die woord stel ten einde die proses⁶ van narratiewe terapie te verduidelik.

Ek sal dus nie die ekspert wees nie, ek sal slegs die verskillende verhale aan die woord stel, ten einde 'n beter begrip rondom adolessente selfmoord en selfmoordgedrag te verkry.

1.4 Navorsingsplasing

Die navorsing word binne die praktiese teologiese raamwerk en spesifiek binne die pastoraat gedoen. Die uitgangspunt is dat praktiese teologie in hierdie studie 'n selfstandige teologiese handelingswetenskap is "dus als het vakgebied binne die teologie waar het handelen van de pastor wordt geanalyseerd naar zijn verschillende theoretische en praktische aspecten, en wel in hun onderlinge wisselwerking en samenhang, in de context van de moderne sameleving" (Menken-Bekius 1998:14).

Om die praktiese teologie as handelingswetenskap te beskryf, beteken om die handeling van mense in konkrete situasies ernstig op te neem. Alle geloofshandeling in die kerk en in die breër samelewing word bestudeer (Pieterse 1993:1-4).

Praktiese teologie kies sy uitgangspunt in die ervaringswêreld van mense en die situasie van die kerk in die samelewing (Louw 1996:31). Louw sê verder dat praktiese teologie hom op verskeidenheid en differensiasie moet rig. Die kerk moet met openheid en variasie rekening hou en sal 'n verskeidenheid van gestaltes moet aanneem en met verskillende modelle moet werk. 'n

⁶ Met die proses van narratiewe terapie word spesifiek na Müller (1999), White (1991) en Freedman & Combs (1996) se terapeutiese prosesse verwys.

Hermeneutiese benadering het noodwendig 'n verskeidenheid interpretasiemodelle tot gevolg.

Pieterse (1991:1) sê die volgende oor dieselfde saak:

“...die praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat krities nadink oor die handeling van mense wat daarop gerig is dat God en Sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte kry. Die praktiese teologie het as objek die geloofshandeling van mense”.

Dingemans (1996:68) verwoord die praktiese teologie soos volg:

“...het gaat in de praktische theologie om ‘transformatie’ en ‘verbetering’ van de huidige praktijk – en zoms zelfs om ‘intervensie’ – op grond van de analyse van de situatie, de achterliggende motieven en de theologische visie van de geloofsgemeenschap. Het doel van alle praktische theologisch onderzoek – en dus ook de maatskapelijke en kerkelijke relevantie – is gelegen in het formulering van aanbevelingen voor een betere praktijk”.

Müller (1999:5) omskryf praktiese teologie soos volg:

“Die praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en vernuwe”.

Daar bestaan dus 'n interduktiewe wisselwerking tussen teorie en praktyk (Van Deventer 1997:4). Die een is nie belangriker as die ander een nie. Die teorie moet voortdurend aan die praktyk getoets word en die praktyk moet vanuit die teorie onder kritiek kom (Heitink 1993:146).

Ek sluit aan by Browning (1991:34) en Müller (1996:1) as hulle die tweedeling van teorie en praktyk asook die onderskeid tussen meta-, basis- en

praktykteorieë vermy en die prakties-teologiese wetenskaplike proses ten opsigte van praktiese wysheid definieer.

'n Geïntegreerde, sirkulêre model van heen en weer beweeg tussen praktyk en teorie. In Müller se woorde (1996:1), skemer ook by Heitink (1993:151) en Zeffass (1974) deur. Die vertrekpunt is 'n prakties-teologiese wysheid, wat na 'n waarde georiënteerde diskoers verwys en wat uit die sirkulêre wisselwerking tussen praktykervaring en kennis van bestaande teorieë bestaan (Müller 1996:1). Dis 'n teologiese integrasie van praktyk-teorie-praktyk benadering (Heitink 1993:151).

Die praktiese teologie wil die praxis as vertrekpunt neem, met voortdurende wisselwerking tussen teks en konteks, teorie en praxis in 'n sirkulêre proses. Die praktiese teologie maak die wisselwerking tussen evangelie en mense verstaanbaar (Pieterse 1991:8).

Die praktiese teologie moet die werklikheid waarin die gemeente van die Here bestaan, deeglik en vanuit 'n ekosistemiese perspektief en die geloofspraktyk as invalshoek verstaan. Dis 'n holistiese blik op die geheel waarin die totale omgang, verhoudinge, reaksies en optrede in woord en daad tussen mense binne 'n bepaalde konteks verstaan word. In 'n holistiese benadering hou alles met alles verband en dit wat klein is, kry sin en waarde, omdat dit 'n rol in die geheel vervul en dit wat groot is, nie sonder die klein kan bestaan nie. Dit is 'n vervlegte web waarin alles deel van alles is en interafhanklik funksioneer. Daar kan nie eensydig net op die individu of die groep of die gesin ensovoorts gefokus word, sonder om die holistiese perspektief te verreken nie (Fick 1999:11). Müller et al. (2001:79) praat van die belang daarvan om die aksie van die navorsing binne die raamwerk van die aksieveld en agtergrond te plaas.

Die studie word in 'n onderafdeling van praktiese teologie gedoen naamlik die pastoraat. Tieleman (1993:1-32) praat hier van 'n verskuiwing vanaf 'n kerugmatiese na 'n deelnemende en van 'n terapeutiese na 'n hermeneutiese pastoraat. Die woord hermeneutiek beteken: sê, uitleë, vertaal, aankondig, in die sin van interpreteer (Heitink 1993:175). Die hermeneutiese pastoraat wil die mens se lewensverhaal rekonstrueer en reeds hier is daar noue verband tussen die hermeneutiese en narratiewe benaderings. Müller gaan verder as hy nie net van 'n hermeneutiese pastoraat praat nie, maar van 'n eko-hermeneutiese pastoraat en later van narratiewe pastoraat. Müller (1999) en Gerkin (1986) vind baie nou aansluiting by mekaar, veral die hantering van praktiese teologie as "praktiese narratiewe teologie". Gerkin (1986:54) verduidelik dit soos volg: "Narrative practical theology is, therefore, an ongoing hermeneutical process within the immediate stories context of ministry. The intension of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that the future of that open the future of that story to creative possibilities". Gerkin (1986:59) praat ook van sy benadering as die narratiewe hermeneutiese teorie.

Voordat daar verder uitgebrei word vind ek dit noodsaaklik om kortliks die ontwikkeling van die pastoraat soos dit tans en ook binne die studie daarna uitsien, te beskryf. In die geesteswetenskappe en veral in die terapeutiese wêreld het daar in die afgelope dekades 'n wonderlike paradigma-skuif plaasgevind. Die ou individualistiese, analitiese, oorsaak-en-gevolg denke is vervang deur die sistemiese denke. Mense het begin agterkom dat die geheel groter is as die som van die dele. 'n Sisteem van mense het 'n eie persoonlikheid en word gedetermineer deur sy eie struktuur. Die geheel het 'n geneigdheid om somtyds anders te ontwikkel as wat voorspel is. Dit is sisteemdenke. Dit behels 'n verstaan van die prosesse, interaksies en verhoudinge tussen mense (Freedman & Combs 1996:4).

Ten spyte van hierdie paradigma-skuif het dit niks verander aan die pastor se posisie nie. Die pastor was steeds die magtige een met al die oplossings en “medisyne”. Waar daar voorheen ‘n regte diagnose gemaak sou word is daar nou met behulp van hipoteses gewerk. By die sisteemdenke was daar baie gemaak van “huiswerk en rituele” wat gedoen moes word. Steeds was die terapeut die een wat die ekspert was, omdat die sisteem van buite af waargeneem is en verandering is in die sisteem aangebring deur middel van slim skuiwe (Müller 1999:57).

Die sisteemdenke is genoem Kubermetika en daarmee is verwys na die terugvoerkringlope en die selfregulerende eienskappe van sisteme. Na die sisteemdenke het daar ‘n verdere sprong plaasgevind. Hierdie fase van ontwikkeling word die tweede orde kubermetika genoem. Hierdie benadering stel dit duidelik dat die pastor nooit objektief van buite af na ‘n sisteem kan kyk en dit analiseer nie. Die oomblik wat die pastor die sisteem begin waarneem, raak hy deel van die sisteem. In die nadenke oor hierdie sake het die klem verskuif van die waargenome sisteem na die waarneming van die sisteem. So word daar ontdek dat die proses van waarneming ‘n subjektiewe deelnemingsproses is. Wanneer ‘n terapeut of pastor ‘n adolessent in sy spreekkamer sien, het daar alreeds ‘n nuwe sisteem ontwikkel: die adolessent met die terapeut (Freedman & Combs 1996:6).

Binne die raamwerk van die Tweede Orde Kubermetika, word daar ook veel gemaak van Konstruktiewisme. Volgens die konstruktivistiese teorie is ons idees van die wêreld nie presiese replikas of prente van die werklike wêreld nie. Dit is eerder persepsies of konstruksies wat ons self ontwikkel het as gevolg van eie ervarings met die wêreld. Die werklikheid is hiervolgens nie ‘n objektiewe werklikheid nie, maar ‘n subjektiewe konstruksie. My werklikheid en die werklikheid van die adolessent is albei maaksels van onself en daarom verskil dit ook wesenlik van mekaar. Om hierdie rede is daar ook nie sisteme



nie. In die proses van waarneming, konstrueer ons die sisteme wat ons pas. Sisteme is nie gegewe werklikhede nie. Dit behels eerder 'n ekologie van idees (Müller 1999:58).

Hierdie insigte veroorsaak dat die terapeut nie objektief staan nie. As 'n persoon nie objektief en buite staan nie dan is daar ook nie meer dieselfde vrymoedigheid om na willekeur raad te gee en sisteme te probeer verander nie. Dit laat 'n mens nederig en kwesbaar. Die hermeneutiese proses is in hierdie opsig dan 'n hermeneutiese of verstaansproses. Dit word 'n avontuur, omdat die pastor net soveel as die adolessent blootgestel word in die verstaansproses. Dit is 'n proses waarvan die uiteinde onbekend is en daarom kan dit as 'n avontuur beskou word. In die hermeneutiese werkswyse val die klem op verstaan binne die konteks van die geheel, terwyl dit in die eko-hermeneutiese benadering val op die verstaan van die geheel en die ontdek van die betekenis van die geheel-konsep binne verskeie kontekste. Die hermeneutiese interpretasies bied wel perspektief op die geheel, want dit veronderstel verstaan binne die wyer ekosisteem. Die eko-hermeneutiese uitgangspunt, aan die ander kant gaan verder en vra vir die verstaan van die geheelkonsep. Dit veronderstel 'n tweede orde kubernetika (Müller 1996:14).

Die eko-hermeneutiese werkswyse plaas die pastoraat binne 'n sosiaal konstruksionistiese paradigma. Ek sluit aan by Müller (1999:15) wat sê dat pastoraat wat vanuit 'n eko-hermeneutiese paradigma gedoen word, uitmond in 'n pastoraat van betrokkenheid by die totale narratiewe werklikheid wat ter sprake is. In narratiewe pastoraat gaan dit om die ervaring van die geheel van die verhaal en die totale betrokkenheid daarby.

Hoewel die narratiewe benadering reeds aansluiting vind by die konstruktivisme, was dit eers die volgende golf, die sogenaamde Derde Orde Kubernetiek, of die sosiaal-konstruksionisme wat die verhalende aard van die

menslike lewe blootgelê het. Waar die konstruktiewe die subjektiewe beklemtoon het, word die sosiale proses waarvolgens kennis ontwikkel nou beklemtoon. Volgens hierdie teorie bestaan die werklikheid nie uit persepsies wat êrens in die sensuweestelsel setel nie, maar uit gedeelde konstruksie. In hierdie proses speel taal 'n sleutelrol. In hoofstuk 5 sal daar meer aandag aan die rol van die taal in die proses gegee word (Freedman & Combs 1996:16-18).

Müller (1999:59) stel dit soos volg: "Daar is in 'n sin nie individuele stories nie. Die storie van die self kan nie vertel word sonder die storie van die res van die self nie. Elkeen van ons stories is begrens, maar word ook verduidelik deur die groter storie waarbinne dit funksioneer". Hierdie insigte naamlik dat ons werklikhede op 'n sosiaal konstruksionistiese wyse opbou, het die pad oopgemaak vir die verhalende benadering.

In die volgende afdeling (Navorsingsmetodologie) sal meer aandag gegee word aan die narratiewe (binne die sosiaal-konstruksionisme) as keuse vir 'n navorsingsmodel, aangesien die pastoraat van narratiewe betrokkenheid as uitvloeisel van die eko-hermeneutiese paradigma in die lig van adolessente selfmoordgedrag bestudeer en aangespreek word.

1.5 Navorsingsmetodologie

Om pastoraal te werk binne die veld van narratiewe terapie beteken dat die navorsingsaanpak ook narratiewe van aard moet wees. Polkinghorne (1988:161) onderskei twee fokusareas van navorsing in die menswetenskappe aan die hand van die doelwitte van die onderskeie soorte navorsing. Aan die een kant onderskei hy 'n deskriptiewe benadering wat die narratiewe na vore bring waardeur mense sin aan hulle wêreld gee. Aan die

ander kant weer verklarende navorsing wat ten doel het om 'n narratiewe verslag te gee van hoekom 'n bepaalde situasie tot stand gekom het. "The narrative account that is constructed ties together and orders events so as to make apparent the way they caused the happening under investigation" (Polkinghorne 1988:161).

'n Narratiewe navorsingsaanpak deel baie met kwalitatiewe navorsing, maar wil verder gaan. Narratiewe terapie werk met twee groot uitgangspunte naamlik om eerstens ruimte te skep waarin stories gehoor kan word en tweedens om nuwe stories te ontwikkel (Freedman & Combs 1996; Bosman 2001). Die twee praktyke van storie-ontdekking en storie-ontwikkeling is 'n sinvolle wyse om navorsing te doen. Die stories van adolessente selfmoordgedrag en ervarings asook die verhale wat daartoe bygedra het, moet ten volle aangehoor word binne die grense wat deur die navorser daar gestel is, sonder dat die navorser enige vooropgestelde idees het. Die horison moet dus binne hierdie grense wat gestel is, verbreed word. Hierdie moet 'n sosiaal-konstruksionistiese proses bly.

Die verhale sal ook binne die navorsing ontwikkel om aan die einde van die navorsing 'n nuwe en hopelik beter storie rondom adolessente selfmoordgedrag te rekonstrueer. Hierdie proses is ook 'n gesamentlike poging tussen navorser, literatuur en gespreksgenote. Storie-ontdekking hou in om met so min as moontlik eie voorveronderstellings na verhale te luister. Dit is noodsaaklik vir navorsing wat die gespreksgenoot werklik ernstig wil benader. In hierdie proses word daar dikwels met oorsaak en gevolg gewerk, maar dan met die oorsaaklikheidsverbande wat deur die gespreksgenoot self gelê word (White 1995:26) en nie kategorieë wat uit die teoretiese konstruksies van die terapeut of navorser kom nie (Freedman & Combs 1996:43). Ons kan nie daarvan loskom dat storie ontdekking 'n sosiaal-

konstruksionistiese proses is waaraan navorser en gespreksgenoot saamwerk nie (Mishler 1986:64-65).

Storie ontwikkeling is daarop gerig dat 'n beter situasie tot stand kom, dit wil nie soos 'n hermeneutiese benadering net die geskiedenis beskryf nie. Hierdie stories wat ontwikkel het, moet grondslag neem in ander adolessente se lewens. Hierdie stories moet ook grondslag vind in predikante/pastors se terapie met adolessente. Dit moet 'n oop einde hê. Hierdie proses is ook 'n gesamentlike poging tussen navorser en gespreksgenote.

Die basiese bron van getuienis oor verhale vind die narratiewe navorser in onderhoude. Mishler (1986:66) toon aan dat dit normaalweg nie 'n probleem is om stories by gespreksgenote te hoor nie. Mense vertel eerder stories om hulself te verduidelik as om hulle antwoorde in die denkkategorieë van die navorser te giet. Baie keer word gespreksgenote se stories onderdruk ter wille van die navorser se vrae en kategorieë (Polkinghorne 1988:163). "Narratives are a recurrent and prominent feature of accounts offered in all types of interviews. If respondents are allowed to continue in their own way until they indicate that they have completed their answers, they are likely to relate stories" (Polkinghorne 1988:163). Dit sal 'n fout wees om te veronderstel dat die navorser en die gespreksgenoot vanself dieselfde betekenis heg aan dit wat gesê word. Die onderhoud is 'n proses waarin daar saam gesoek word na gedeelde betekenis. Dit geskied deur gesprekke en nie deur vraag-respons, vraag-respons nie. In die navorsingsgesprek is die navorser en gespreksgenoot op mekaar aangewese om betekenis te vind, betekenis word gegeneer in 'n sosiale konteks. Die verhaal wat in die navorsingsgesprek vertel word, is die produk van die totale situasie (Polkinghorne 1988:164).

Vrae wat deur Freedman en Combs (1996:40-41) gestel word kan baie nuttig gebruik word om te kontroleer of daar 'n voortdurende narratiewe aanslag is:

1. Is daar 'n beskrywing van meer as een werklikheid? Die vraag is of ek na adolessente selfmoord gaan kyk vanuit verskillende werklikhede en teoretiese benaderings en sal hierdie waarhede wat na vore kom in gesprek tree met mekaar?
2. Ek sal moet fyn luister na die maniere waarop die gespreksgenote se realiteit sosiaal gekonstrueer word. Watter invloede vanuit die sosiale omgewing veroorsaak dat die adolessent sê wat hy sê?
3. Watter taal word hier bevoordeel? Ek sal nie myself kan afdwing op die gespreksgenote nie, hulle sosiaal gekonstrueerde werklikheid sal moet spreek al pas dit nie heeltmal binne dit wat ek gedink het nie. Teen die moet dit 'n getroue weergawe van die gespreksgenoot se leefwêreld wees. Dit sal daarom onvanpas wees om as navorser met vooropgestelde idees na die gespreksgenoot te gaan.
4. Daar sal 'n sensitiwiteit moet wees rakende dominante verhale/meta narratiewe wat die gespreksgenoot se verhaal beperk of 'n onderdrukkende effek uitoefen.
5. In die luister na die verhale gaan dit meer oor die betekenis van die verhale as die feite. Ek moet heeltyd vir myself vra of ek op die regte pad is.
6. Die gespreksgenote bepaal self die rigting van die gesprek anders kan ek veroorsaak dat baie belangrike inligting nie na vore kom nie. Die vraag is wie bepaal die rigting?
7. Is ek as navorser transparant oor my eie opinies?

8. Funkzioneer ek vanuit 'n ekspertposisie of word daar saam met die gespreksgenote gesoek na die definiëring van die probleem en na nuwe stories?

As narratiewe terapeut is ek geposisioneer binne die sosiaal konstruksionistiese paradigma wat nie net implikasies het vir die wyse waarop 'n mens oor die waarheid dink nie, maar ook op die wyse waarop ware geldende navorsing gedoen word. Met narratiewe navorsing kan 'n mens nie met hipoteses werk nie. 'n Narratiewe navorser is iemand "...who do not pathologize or victimize their narrators" (Graham 2000:112). Tydens narratiewe navorsing gaan dit nie net oor my as navorser nie, ook nie net oor die situasie wat nagevors word nie. Dit is veel meer. Die doel van narratiewe navorsing is nie om noodwendig verandering te bewerkstellig nie, maar om na jou sogenaamde mede-navorsers se stories te luister en om ingetrek te word by die stories. Om strukturalisties te werk te gaan sou beteken dat ek as navorser 'n objektiewe standpunt inneem en alles van die kantlyn af waarneem en dan ook verandering van die buitekant af bewerkstellig. 'n Narratiewe navorser het subjektiewe integriteit in gedagte en strewe na deelnemende observasie (Müller et al. 2001:76).

As narratiewe terapeut is dit belangrik om met so min as moontlik vooropgestelde idees na verhale te luister. Binne narratiewe navorsing is die proses van gesprekvoering een waarin die navorser en die gespreksgenoot streef om by gedeelde betekenis te kom. In die proses van ko-konstruksie van betekenis is daar van sowel die navorser as die gespreksgenoot vrae en response. Daarom is dit nodig dat die navorser se vrae en belange by die navorsing so transparant moontlik moet wees. Narratiewe navorsing is ook betrokke in die ontwikkeling van nuwe verhale. Hierdie proses is 'n gesamentlike poging tussen die navorser en gespreksgenote.



Navorsing is deel van 'n voortgaande gesprek waarin die einde van een stuk navorsing die begin van die volgende is. Die uitkoms is geensins die van tydlose en vaste waarhede nie. Die uitkoms van sosiaal-konstruksionistiese navorsing is die stimulering van voortgaande gesprekke, eerder as tydlose en vaste waarhede (Bosman 2001).

Daar is twee benaderings wat pas binne die narratiewe werkswyse van hierdie studie. Dit is die benaderings van Browning (1991) en die van Müller et al. (2001). Albei benaderings word kortliks bespreek sodat die leser 'n begrip het vir die benaderings se narratiewe aanslag. Die benaderings sal egter nie slaafs nagevolg word in terme van die navorsing se hoofstukindeling nie, maar die bewegings sal in die navorsing na vore kom. Somtyds is dit moeilik om die verskillende bewegings van die benaderings van mekaar te skei aangesien hulle baie nou inmekaar vervleg is. Browning (1991) en Müller et al. (2001) is baie na aan mekaar en kan derhalwe saam funksioneer, indien nodig.

1.5.1 Uiteensetting van Browning (1991) se benadering

Praktiese teologie kom uit die praktyk en loop uit op die praktyk. Browning (1991:7) beskryf die verloop van praktiese teologisering as 'n proses "from practice to theory and back again". Dit begin met vrae of probleme wat gevorm is deur die sekulêre en godsdienstige praktyke waarin die teoloog staan en wat om verdere besinning vra (Browning 1991:6). Hierdie praktiese vrae loop uit op teoretiese besinning wat uiteindelik neerslag vind in 'n nuwe praktyk. Hierdie proses van praktyk na teorie na praktyk hou nooit op nie. Browning sê dat alle teologie in wese praktiese nadenke is omdat hy van mening is dat praktiese nadenke die sentrale wyse van menslike denke is en

dat alle teoretiese besinning uit die praktyk kom en ook weer gerig op die praktyk is (Browning 1991:8). In hierdie nadenke onderskei hy vier sub-bewegings in die teologie, naamlik 'n beskrywende, 'n historiese, 'n sistematiese en strategiese praktiese beweging (Browning 1991).

- **Beskrywend:**

Hierdie beweging poog om 'n analise te maak van die horison waarbinne die vraagstuk na vore kom. Dit vra na die horison van kulturele en godsdienstige betekenis wat die praktyk omring. Dit beskryf die huidige teorie belaaide praktyk waarbinne vrae na vore kom. Die vraag in die deskriptiewe beweging is na hoe ons die konkrete situasie waarbinne ons moet optree, verstaan. Browning gebruik die term dik beskrywings om aan te dui dat die deskriptiewe beweging moet poog om verskillende perspektiewe op die vraagstelling weer te gee. Hierdie verskillende perspektiewe kom uit verskillende wetenskaplike dissiplines en ook van verskillende mense met verskillende situasies en belewenisse van die saak (Browning 1991:47-55). Hierdie eerste beweging van Browning sluit aan by die aksie en aksieveld soos beskryf deur Müller et al. (2001:78-82).

- **Historiese beweging:**

Onder historiese beweging vra Browning (1991:49) watter betekenis het die normatiewe teks wat al deel van ons huidige geskiedenis is, vir ons praxis, wanneer dit so eerlik moontlik gekonfronteer word? Die historiese beweging hanteer al die vrae wat uit die breë beskrywing van die beskrywende beweging na vore kom.

- **Sistematiese beweging:**

Die sistematiese beweging is die versmelting van twee horisonne, naamlik die huidige praktyk en Christelike tradisie. Die sentrale temas wat uit die historiese beweging na vore kom, word in ooreenstemming met die Christelike tradisie gebring, wat kritiese dialoog tot gevolg het (Browning 1991:51). Hierdie beweging maak deel uit van die groter praktiese raamwerk van strategiese praktiese nadenke, in die sin dat dit die groot verhaale van die Christelike geloofstradisie in verband bring met die kontemporêre situasie en die vrae wat daaruit na vore kom. Die sistematiese beweging soek na 'n nuwe horison van betekenis wat in die taal van die huidige situasie verwoord is.

Die historiese en sistematiese bewegings hou verband met die ontwikkelingsdimensie van narratiewe navorsing (Müller et al. 2001:78-83). Hierdie saamgroepering van bewegings vind ook neerslag in 'n resente navorsingsvoorstel oor HIV/VIGS (Van Deventer 2001).

- **Strategiese beweging:**

Die strategiese beweging gee moontlikhede vir norme en praktyke vir verdere praxis. Browning (1991:55) gaan voort en sê dat daar basies vier vrae is wat in die strategiese beweging gevra word:

1. Hoe verstaan ons hierdie konkrete situasie waarin ons moet handel?
2. Wat behoort/moet die praxis in hierdie situasie wees? Of anders gevra wat sou 'n beter storie in hierdie situasie wees?
3. Hoe verdedig ons die norms van ons praxis in hierdie situasie krities?
4. Watter wyses, strategieë en retorieke moet ons in hierdie situasie gebruik?

Hierdie strategies-praktiese beweging val saam met die Klimaks en Einde van Müller et al. (2001:86-90) en derhalwe wil ek die benadering ook kortliks bespreek aangesien ek 'n keuse gemaak het vir die gebruik van laasgenoemde benadering.

1.5.2 Uiteensetting van Müller et al. (2001) se benadering

- **Aksie:**

Aksie is die aanhoor van verhale soos deur die adolessente vertel. Hier is geen interpretasie betrokke nie. Dit is die aanhoor van die suiwer verhaal. Vanuit die verhale vind daar verdere gesprekvoering plaas. Die aksieverhaal moet jou intrek sodat jy meer wil weet, dit moet jou nuuskierig maak. Hiermee word 'n belangrike aspek van die narratiewe navorsing aangeraak, naamlik dat die aksieverhaal eers op die tafel geplaas word en vanuit die aksieverhaal word verdere navorsing gedoen. Die aksieverhaal spreek die huidige aan. In die volgende hoofstuk word daar verskeie verhale neergeskryf om die leser van die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag bewus te maak. Narratiewe navorsing kan dus nie aangepak word sonder aksieverhale wat jou betrek nie.

Volgens 'n modernistiese benadering tot navorsing val die klem op die probleem en die korrekte formulering van die probleem. Binne 'n narratiewe benadering val die klem op die aksie en nie die probleem nie. Die narratiewe navorser het 'n dekonstruktiewe agenda. Hier moet elke moontlike verhaal ontgin word. Hier vind storie ontdekking plaas. Hier vind die beskrywing van die aksie plaas en deur te luister na die verhale is dit 'n poging om die aksie te verstaan. In hierdie studie word die aksie van selfmoord (gedrag) nagevors. Ek kan nie met vooropgestelde idees na die medenavorser (gespreksgenoot)

luister nie, aangesien daar 'n stuk verwondering vir die aksie verlore sal gaan. In aksie gaan dit oor die nou van die verhaal, die onmiddellike. Wanneer 'n adolessent met 'n mens praat oor sy gedrag wat drasties verander het, sal daar binne die onmiddellike, die nou, ook ander verhale/stories na vore kom, wat die nou sal aanvul (Müller et al. 2001:78-80).

Die nou is nooit vas nie en tree ook nie as 'n gegewe op nie. Die nou is 'n aktiewe dinamiese proses. Deurdat die aksie aangehoor word, word daar nuwe moontlikhede of verhale geskep vir 'n hoopvolle toekoms. "This 'now' must be described as the very first step of narrative research. In the first instance the researcher must try to see what is happening. A good empirical look at people and the action in which they are involved and serious effort to describe the 'now' of the action. Not the past, or what should be, but the 'now'" (Müller et al. 2001:80).

As narratiewe navorser is dit belangrik om 'n 'not knowing' posisie in te neem. Hierdie posisie wat die narratiewe navorser inneem help hom om aan die mede navorser (gespreksgenoot) vrae te vra wat hom nie in spesifieke rigtings sal indwing en daardeur sal manipuleer om by spesifieke hipoteses uit te kom nie. Hierdie posisie skep die ruimte dat die medenavorser die geleentheid het om sy verhaal te vertel soos wat hy dit in die elke dag se lewe beleef (Müller et al. 2001:80). Tydens die studie sal daar dus na die verhale geluister word van adolessente met selfmoordgedrag. As navorser sal ek vanuit 'n 'not knowing' posisie met hulle kommunikeer.

Onder aksie is daar egter 'n tweede vorm van aksie wat plaasvind naamlik die interaksie tussen navorser en die aksie wat nagevors word. Narratiewe navorsing behels dat daar 'n interaksie plaasvind tussen mense (gespreksgenote) en hulle aksies. Soos Browning (1991) se benadering is hierdie wyse van navorsing ook sosiaal-konstruksionisties in die sin dat die

navorser deel word van die aksie, daarom is dit vir my van belang om te vra wat my belang⁷ by die navorsing is.

Hoe ek hierdie aksie gaan benader is ook hier ter sprake. Dit is ook reeds behandel, asook die stel van grense vir die navorsing, anders sal die navorsing te groot en lomp wees. Aksie sal hoofsaaklik in hoofstuk een en twee afgehandel word.

- **Agtergrond**

Hierin gaan dit om die aksie of elke aksie teen 'n bepaalde agtergrond te sien en te verstaan. Hier gaan dit oor die ander verhale wat aanleiding gegee het tot die aksie (nou). Wat het in die adolessent se lewe gebeur dat hy nou wil selfmoord pleeg. Dit is belangrik dat daar volledig na die agtergrond geluister sal word aangesien dit sal help om die nou (aksie) beter te verstaan en perspektief te verkry.

Aksie en Agtergrond saam kan vergelyk word met Browning (1991) se beskrywende-, historiese- en sistematiese bewegings. "During this phase of the research process the 'now' of the story is set against the current socio-political and economic background in which the researchers and co-researchers are busy writing their own life stories" (Müller et al. 2001:83).

Die funksie van agtergrond is ook om die horison binne die grense te verbreed, om 'n holistiese agtergrond te skep eerder as 'n reduksionistiese een. Hier word al die stories saam gegooi om 'n "thick description" (Browning 1991) te kry, maar dit is ook meer as dit. Dit strek ook na die historiese en

⁷ My belang by die navorsing en hoe ek op die onderwerp besluit het is reeds bespreek. Die feit dat ek belang gevind het by die navorsing beteken nie dat ek nou reeds weet watter invloed die navorsing op my as navorser sal hê nie.

Christelike tradisie waarmee in gesprek gegaan moet word. Hierdie is 'n sosiaal-konstruksionistiese aksie waar almal se stories saam gegooi word.

In die lig van die aksie en aksieveld binne hoofstukke een en twee gaan ek voort om in hoofstuk drie en vier die aksie en aksieveld teen 'n breër agtergrond te plaas. In hoofstuk drie word die adolessent se verhaal vanuit die literatuur aangehoor en bespreek. Hier word verskeie aspekte van die adolessent aangespreek.

In die lig van die inligting in hoofstuk drie word die adolessent in hoofstuk vier teen 'n spesifieke agtergrond geplaas en bespreek. In hoofstuk vier word selfmoord en selfmoordgedrag soos dit by adolessente voorkom, bespreek. Verhale van adolessente met selfmoordgedrag word aangehoor, daar word na hulle onderskeie en verskillende verhale geluister om sodoende 'n dik beskrywing te kry oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag. Die verhaal van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag soos wat die literatuur dit verwoord sal ook op die tafel geplaas word om die beskrywing nog meer volledig te maak. Hoofstukke drie en vier bied die nodige agtergrond rakende die medenavorser (die adolessent) en dan spesifiek sy of haar verhaal oor selfmoord en selfmoordgedrag. In hoofstuk vyf sal daar vanuit die dik beskrywing wat ontstaan het as gevolg van die aanhoor van verskeie verhale, verdere ontwikkeling plaasvind om by die doelstellings van die studie uit te kom.

- **Ontwikkeling**

Nadat daar aandagtig geluister is moet ontwikkeling plaasvind. Omdat daar narratief gewerk word, is dit nie moontlik om presies te weet wat die uitkomst sal wees nie "...is very much like watching a Polaroid develop. You can't –

and in fact, you're not supposed to – know exactly what the picture is going to look like until it has finished developing” (Müller et al. 2001:84). Dit is soos wanneer 'n mens kos maak en verskeie soorte speserye ingooi: jy kan die smaak nie toets voordat jy dit nie proe nie. In narratiewe navorsing gaan dit nie net oor die aksie nie, maar oor die mense in aksie. Die gespreksgenote is deelnemers en nie net objekte nie. Tydens ontwikkeling is daar 'n afwagting soos voordat 'n swanger vrou geboorte skenk. Jy weet nie hoe daardie baba gaan lyk nie totdat dit gebore is.

Ontwikkeling kan skade ly, indien die vorige fases nie goed in ag geneem is nie; indien daar nie 'n dik genoeg beskrywing plaasgevind het nie. Die gevolg sal wees dat jy nie byvoorbeeld selfmoord vanuit die gespreksgenoot se persepsie sal kan sien nie. Tydens ontwikkeling moet daar nuwe groei en ontwikkeling plaasvind; daar moet nuwe verbande gelê word. Dit is belangrik dat daar nuwe en beter stories ontwikkel moet word. Vanuit die ontwikkeling sal die klimaks groei (Müller et al. 2001:85).

Hoofstuk vyf sal hoofsaaklik deel vorm van die ontwikkeling. In hierdie hoofstuk sal die beginsels van sosiaal konstruksionisme en die narratiewe benadering bespreek word. In hierdie hoofstuk sal daar interaksie plaasvind met die voorafgaande hoofstukke. Die verhale van adolessente wat aangehoor is, sal binne die benadering⁸ van narratiewe betrokkenheid en die dekonstruksie⁹ proses asook die benadering van Freedman & Combs (1996) hanteer word. In hierdie hoofstuk word die leser ingetrek in die pastorale gesprekvoering wat moet plaasvind met 'n adolessent met selfmoordgedrag. Die verloop en ontwikkeling van so gesprek sal bespreek word.

⁸ Hierdie is 'n model wat deur Müller (1996) ontwikkel is. Meer besonderhede oor die benadering kan gevind word in hoofstuk 5.

⁹ White (1991) se benadering tot terapie vind plaas deur eksternalisering van die probleem en daardeur kan herformulering van die probleem plaasvind. Die hele proses kan beskou word as dekonstruksie van die probleem. Vir meer besonderhede kan hoofstuk 5 geraadpleeg word.

- **Klimaks**

Kortliks is klimaks die verwondering oor die interaksies wat plaasgevind het, asook die verbande wat ontwikkel het en gelê is. “You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way” (Müller et al. 2001:86).

Die klimaks is nie iets wat baie vinnig ontwikkel nie, want as verstaan te vinnig plaasvind, word daar eindelijk glad nie verstaan nie. Navorsing het immers ‘n emansipatoriese doel, in die geval van adolessente selfmoordgedrag wil ‘n mens hê dat so iets glad nie meer plaasvind nie. Daar moet met die klimaks hierdie wonderlike openbaring by sowel die navorser as die gespreksgenoot (medenavorser) wees. Goeie navorsing weet nie wat die plot gaan wees nie, weet ook nie hoe die klimaks daarna gaan uitsien nie. Ek as navorser mag dalk ‘n voorlopige plot en klimaks sien, maar dit mag nie my medenavorser (adolessent) se eie insigte en persepsie oorskadu nie.

Hoofstuk ses vorm deel van die klimaks: dit is die eindresultaat van die interaksie tussen hoofstukke een tot vyf.

- **Einde**

“And then there is ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?” (Müller et al. 2001:89).

Hoe nader daar aan die einde van navorsing beweeg word is dit menslik om vrae te vra soos: het ek enige iets bereik? Was alles die moeite werd? By “ending” is dit nie net ‘n refleksie op die verskillende stories wat aangehoor is nie, dit behels veel meer. Daar kom nuwe insigte. Navorsing is ‘n

ontwikkende proses. Dit skep nuwe moontlikhede. Daarom het narratiewe navorsing nie 'n geslote einde het nie, maar 'n oop einde wat hopelik as stimulus kan dien vir 'n nuwe storie en nuwe navorsing (Müller et al. 2001:90).

1.6 Metodologiese keuse

Met die nodige agtergrondskennis van Browning (1991) en 'n goeie uiteensetting van Müller et al. (2001) se benaderings kan die studie op narratiewe wyse voortgaan. Soos uit die beskrywing van die twee benaderings agtergekam kan word, is daar by albei raakvlakke met betrekking op mekaar. In my studie kies ek hoofsaaklik vir Müller et al. (2001) se benadering. Daar sal wel waar nodig na Browning (1991) verwys word, omdat daar besliste raakvlakke is. Enige van die benaderings kan met groot vrug gebruik word. Dit was die natuurlike vloeï in Müller et al. (2001) se benadering wat my laat besluit het om hoofsaaklik die benadering te gebruik as riglyn vir hierdie navorsingstuk.

Die navorsing oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag is dus geskoei op die produk van Müller et al. (2001) se benadering. Die hoofstukindeling pas ook aan by Müller et al. (2001). Terwyl ek besig is met die eerste hoofstuk, is dit onmoontlik om te sê wat die klimaks en die einde van die studie sal wees. Die klimaks en oop einde mag dalk suksesvol wees, maar as narratiewe navorser moet ek eerlik wees en besef dat die klimaks en oop einde dalk nie aan my verwagtinge mag voldoen nie. Wat vir my belangrik is, is dat ek die adolessente se verhale aanhoor en dat ek daardeur 'n dik beskrywing kan gee om soedoende 'n nuwe en beter verhaal en begrip van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag daar te stel.

Hierdie navorsing kan beskryf word as 'n verkennende en beskrywende studie met benutting van gevallestudies, steeds sal daar na interne geldigheid gestreef word (Mouton en Marais 1988:51). Vir die verkenning, waarneming en beskrywing word 'n literatuurstudie, asook gevallestudies onderneem. Verder is die studie induktief, omdat ek deel word van die situasie of proses en dit derhalwe van binne uit beskryf.

1.7 Verheldering van enkele begrippe

1.7.1 Storie / Verhaal / Narratief

Narratief is sinoniem aan 'n storie. Sarbin (1986:3) stel dit soos volg: "A story is a symbolised account of actions of human beings that has a temporal dimension. The story has a beginning, middle, and an ending...The story is held together by recognisable patterns of events called plots. Central to the plot structure are human predicaments and attempted resolutions". Lester (1995:29) stel dit as volg: "A story, thus, is a narrative account that binds events and agents together in an intelligible pattern...there is no other way we can articulate the richness of intentional activity – that is, behaviour that is purposeful but not necessary". Wanneer daar in die studie na narratief verwys word is dit die konsep waarbinne 'n verhaal of storie homself afspeel. Daar sal later in die studie meer breedvoerig oor die onderwerp geskryf word. Binne die studie sal die begrippe, storie en verhaal afwisselend gebruik word. Vir die studie se doeleindes beteken die twee begrippe presies dieselfde.

1.7.2 Adollesent

Hierdie is inderdaad 'n unieke lewensfase van elke mens. Hier word slegs kortliks 'n samevatting van die begrip gegee. In hoofstuk 3 sal dit breedvoerig

uiteengesit word. Volgens oorlewing was daar eenmaal 'n Indiaan wat 'n eier van 'n arend se nes af gesteel het en dit tussen die eiers van 'n kalkoen geplaas het. Toe die eiers uitbroei, het die kalkoene om die nes saamgedrom en hulle verkyk aan die lelike afwyking tussen hulle. Die "afwyking" het maar so saam met die ander kalkoenkuikens grootgeword. Sy vlerke was anders as die van die kalkoene, maar niemand het hom geleer om dit te gebruik nie. Omdat hy niks anders geken het nie, het die arend soos die kalkoene op die grond rondgeskrop vir kos.

Eendag het 'n arend bokant hulle verbygevlieg. Hoe het die misplaaste arend nie gewens dat hy kon vlieg soos die pragtige voël daarbo nie! Die kalkoene het gelag en gesê: "Jy is 'n kalkoen en 'n kalkoen kan nie vlieg nie!" Maar die begeerte om te kan vlieg, het gegroei. Diep binne-in het hy geweet hy is besig om iets belangrik in sy lewe mis te loop en dit het hom miserabel laat voel. Hy is nooit soos die ander kalkoene gekies om op die spyskaart van 'n feesdag of belangrike geleentheid te verskyn nie. Hy het net aanhou leef met sy onvervulde droom om te kan vlieg (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:26).

Iets in hierdie verhaal is ook waar van adolessente van vandag. In plaas daarvan om hoog in die skoon bergwind rond te sweef, ploeter hulle dikwels doelloos in die stof rond. Ons sien dit in die stygende statistiek van tienerselfmoord, jeugmisdaad, tienerswangerskappe en vigs. Wat is dit wat die adolessente dink hulle ontbeer? Watter worsteling, onsekerheid en frustrasie ondervind hulle? Waarna soek hulle? Wat maak hulle opstandig?

Na aanleiding van bogenoemde paragraaf, is dit belangrik om te beseef dat die adolessent in 'n baie unieke lewensfase is. 'n Lewensfase wat nie altyd maklik is nie, 'n lewensfase wat nie noodwendig kummervry is nie, 'n lewensfase waarin baie vrae gevra word. Net soos die arendskuiken hierdie intense behoefte in hom gehad het om te vlieg en die gevoel begin kry het dat hy nie

tuishoort waar hy tans is nie, so wonder en worstel baie adolessente tydens die unieke lewensfase waarin hul hulself bevind. Dit is belangrik om in die studie ook terug te gaan om die verhaal van die ontwikkeling van die unieke lewensfase (adolessensie) aan te hoor en wat tydens die fase met 'n mens plaasvind. In die literatuur is daar vele omskrywings van die begrip adolessensie en in baie daarvan word die adolessent se problematiese oriëntering ten opsigte van sy ambivalente gesitueerdheid beklemtoon. Hy is nog kind nog grootmens. Hy moet hom stadig aan losmaak van sy kindwees en geleidelik na die volwasse wêreld met alles wat dit impliseer, beweeg.

Die woord adolessent is 'n samevoeging van *ad* wat beteken na iets toe en *olescere* wat beteken om te groei. Dit dui dus op 'n mens wat op reis is, wat op pad is die toekoms in. 'n Opvallende kenmerk van die adolessent is dat hy geleidelik gekonfronteer word met sy eie innerlike wêreld. Hy begin stadig aan sy innerlike ontdek. Hierdie ontdekking van 'n innerlike wêreld gaan gepaard met 'n verskeidenheid van affektiewe en sosiale veranderinge waardeur die kind se wêreldverhouding ook anders daaruit moet sien, omdat hy die wêreld anders belewe (Van Rensburg & Combrink 1980:4)

Dit is duidelik dat die nuwe ontdekking die adolessent affektief uit balans gooi en vandaar die kenmerkende wisseling in sy gemoedslewe. Daarom is dit dan ook dat daar diegene is wat opwelwinge belewe, ander wat onstuimig deur die lewensmuur bars, wat stokkiesdraai, hul skoolwerk verwaarloos, jeugmisdaad pleeg, ensovoorts. Verder is die adolessent die een oomblik opgewek en seker van homself en die volgende oomblik bedruk en onseker. Die een oomblik het hy nood aan sosiale samesyn en die volgende oomblik wil hy alleen wees. Sy gebrek aan selfvertroue word soms agter 'n masker verberg en hy kan baie aggressief optree. Hy is hipersensitief vir teregwysing en kritiek.

1.7.3 Selfmoord

Elke adolessent is besig om sy lewe na die beste van sy vermoë te leef, maar somtyds gebeur onvoorsiene dinge waaraan hy geen aandeel het nie. Ander kere maak die adolessent self foute. Dit veroorsaak spanning wat weer op nuut druk plaas op sy verhoudingslewe, ensovoorts. Wanneer na die verhale van adolessente geluister word, kom 'n mens agter dat die adolessent nie meer kans gesien het om sy verledeverhaal te herformuleer in 'n nuwe beter toekomsverhaal nie. Hy sien selfmoord op daardie stadium van die doodgeloopte lewensverhaal as die enigste opsie.

Die Engelse term *suicide* vind sy oorsprong in die Latynse begrippe *sui* (die eie, self) en *cidium*, afgelei van *caedere* (om te dood) (Meiring 1989:22). Die wesenlike betekenis van selfmoord is dus om jouself om die lewe te bring. Om 'n doelbewuste einde te maak aan jou reis deur die lewe. Weinberg (1970:397) omskryf selfmoord as volg "...the deliberate taking of one's life by self-inflicted injuries or by allowing oneself to be killed. It may be direct or indirect, calculated or impulsive, socially approved or disapproved. In all instances, the individual is the subject who kills and the object who is killed."

Selfmoord word oor die algemeen beskryf as die handeling om jouself om die lewe te bring; die neem van jou eie lewe. Jonker (1966:36) beweer dat selfmoord 'n doelbewuste en voorafbeplande handeling van 'n persoon is, om sy eie lewe te neem. Durkheim (1952:44) beweer dat die term selfmoord in die volgende gevalle gebruik kan word: "to all cases of death resulting directly or indirectly from a positive or negative act of the victim himself, which he knows will produce this result".

Die mees aanvaarbare sienings van selfmoord sluit egter by die van Labuschagne (1987:7) aan wat beweer dat die betekenis van die term

noodwendig gebaseer moet wees op die feit dat dit op die dood moet uitloop. Anders bestaan daar te veel verwarring as die dader se intensies ook nog in aanmerking geneem moet word. Veral die adolessent se intensies kan nie altyd maklik waargeneem of afgelei word nie. In die verband beweer Ackerman (1985:14) dat die intensie by 'n persoon wat 'n selfmoordhandeling uitvoer, dikwels nie is om homself te wil vernietig nie, maar dat die intensies eerder deur dieperliggende psigososiale motiewe soos haat, wraak, skuldgevoelens, vrees en belewinge van die eie waardeloosheid gekenmerk word.

Oosthuizen (1986:37) sou verkies om die begrip 'selfsederling' te gebruik eerder as selfmoord. Die agtervoegsel sederling dui op afstand doen, of ophef, of tot niet maak. Dit spruit uit die Latynse werkwoord "*cedere*", wat terugtree beteken. Selfsederling dui dus op die afstand doen van die self of die eie lewe.

In hierdie verhandeling word aangesluit by die meerderheidsiening oor selfmoord, naamlik dat dit 'n doelbewuste en voorafbeplande handeling van 'n persoon is om sy eie lewe te neem.

1.7.4 Selfmoordpoging

Selfmoord en selfmoordpoging is nie dieselfde verskynsel nie. Durkheim (1951:18) tref die volgende onderskeid: " Suicide is applied to all cases of death resulting directly or indirectly from a positive or negative act of the victim himself, which we all know will produce this result. An attempt is an act thus defined but falling short of actual death".

Talle mense wat selfmoordpogings aanwend, beplan nie altyd dat die dood noodwendig sal intree nie. Die poging tot selfmoord is dikwels net 'n noodroep

om menslike hulp. By sulke mense is daar 'n behoefte om raakgesien en gehelp te word. 'n Selfmoordpoging kan ook beskryf word as 'n bewustelik of onbewustelik gemotiveerde beplanning en optrede met die oog op selfvernietiging, maar waarin die poging misluk as gevolg van faktore buite die beheer van die persoon (de Jager 1993:15). Daar kan nie 'n besliste antwoord gegee word op die vraag of die persoon wat 'n poging tot selfmoord aangewend het, doelbewus sy lewe wou beëindig, en of hy moontlik deur so 'n poging slegs die aandag op homself wou vestig nie.

1.7.5 Selfmoordgedrag

Selfmoordgedrag kan gedefinieer word as "...threats of action or actions which, if carried out, may lead to serious self-injury or death" (Pfeffer 1981:154). Engelbrecht (1981:25) wys daarop dat selfmoordgedrag normaalweg geëvalueer word in terme van twee basiese gegewe, naamlik die voorneme om selfmoord te pleeg en die resultaat van die handeling. Selfmoordgedrag is dan 'n oorkoepelende term, vir onder meer al die voorafgaande nuanses. Dit manifesteer oor die hele spektrum, vanaf oppervlakkige selfmoordgedagtes tot werklike selfmoord.

1.7.6 Depressie

In die literatuur word depressie gedefinieer as die ervaring van gevoelens van neerslagtigheid, pessimisme of bedruktheid (Louw & Van Jaarsveld 1989:67; Van Ree & Goedhart 1989:27). Depressie kan ook gepaard gaan met gevoelens van hulpeloosheid, wanhoop en eensaamheid. Verder gaan depressie gepaard met 'n verlies van lewensvreugde, sosiale onttrekking, 'n verlaagde of ongunstige selfkonsep en 'n vermindering in konsentrasievermoë

(Louw & Van Jaarsveld 1989:168). Daar word beweer dat sulke gevoelens gewoonlik die gevolg van 'n verlies van die een of ander aard is (Louw & Van Jaarsveld 1989:167).

1.7.7 Selfmoordgeneigdheid

Selfmoordgeneigdheid word toegeskryf aan 'n persoon wat tekens toon wat daarop dui dat hy tot 'n selfmoorddaad kan oorgaan (Meiring 1989:30). Van hierdie tekens sluit byvoorbeeld die volgende in: 'n ernstige depressiewe houding, die koestering van selfmoordgedagtes en herhaalde selfmoorddreigemente.

1.7.8 Selfmoorddreigement

Weiner (1970:219) sê die volgende oor selfmoorddreigemente: “ Although threats of suicide refer to the individual's open acknowledgement of his intention to make a suicidal attempt, this threat as well as any actual attempt which may follow may be a gesture used for manipulative purposes, or it may indicate the person's serious intention to do away with himself”. Dit dui op 'n persoon wat te kenne gee dat hy dit oorweeg om selfmoord te pleeg. Hierdie dreigement kan op verskeie wyses openbaar gemaak word hetsy verbaal of deur daad.

HOOFSTUK 2

AKSIEVERHALE OOR ADOLESSENTE SELFMOORD EN SELFMOORDGEDRAG

2.1 Inleiding

Gebasseer op hoofstuk een waarin ek myself geposisioneer het ten opsigte van die navorsing, is dit noodsaaklik om by die aksieverhale van adolessente met selfmoordgedrag te begin. Hierdie is “rou verhale”, dit is die verhale van die nou, die onmiddellike. Dit is soos die adolessent dit beleef, die harde werklikheid. Hier is geen interpretasies van die terapeut of pastor se kant af nie. Net die adolessent se verhaal is aan die woord. Die doel van die verhale is om ‘n mens te betrek om meer uit te vind oor die verhaal asook om die aanleidende faktore tot die noodverhaal, te ondersoek. Hierdie aksieverhale sluit die probleem in, maar dit is ook meer. Dit gaan oor die nou van die verhaal. Volgens Lamott (1995:62) moet hierdie verhale ‘n mens so intrek dat jy graag meer wil weet.

In die hoofstuk word die verhale soos dit deur die adolessent vertel is, neergeskryf. In die daaropvolgende hoofstukke sal die storie-ontdekking en storie-ontwikkeling plaasvind vanuit die aksieverhale van hierdie en nog ander adolessente.

2.2 Daleen se verhaal

Daleen se ouers het haar na my toe gebring nadat sy herhaaldelik probeer selfmoord pleeg het. Daleen kon nie ophou praat toe sy eers begin nie. “Ek is moeg, ek wil nie meer nie, ek kan nie meer aangaan nie. Ek wil net my ore toedruk my oë toemaak en slaap. Ek wil so lank slaap dat ek nooit meer wakker word nie en indien ek wakker word moet dit by ‘n beter plek wees, ‘n plek waar daar rus en vrede is. Die Bybel sê mos dat daar in die hemel rus en vrede sal wees. Dit sal vir my wonderlik wees om daar uit te kom. As die kinders net wil ophou om my te spot, sal dit ook beter gaan, dan sal ek miskien kans sien om weer aan te gaan met die lewe. Ek het nie vriende nie. By die skool loop almal draaie om my, omdat hulle bang is hulle word as een van my vriende gesien. Ek het tog nie gevra vir die siekte nie. Die Here is eintlik baie onregverdig teenoor my. Ek sal hom eendag vra hoekom hy dit toegelaat het. As die mense my net ‘n kans wil gee, ek is so moeg ek soek net ‘n blaaskans. Wel dit lyk asof dit nie vir my beskore is nie, daarom wil ek maar my eie blaaskans skeep. Oom, ek is regtig moeg vir alles. Ek kan nie meer aangaan nie. Ek het al baie foute in my lewe gemaak en ek weet ‘n mens kan dit nie kansleer nie. Dit het gebeur. Hierdie siekte is nie my skuld nie. Ek dra ook nie meer die rugstut nie. Ek is sommer lus en verbrand die ding. Dit het my al die spot besorg.”

2.3 Gerda se verhaal

“Oom ek voel eintlik baie skaam om vandag hier te sit. Ek wou nie kom nie, maar my ma het my gedwing. Wel ek moet seker maar praat. Oom het seker by my ma gehoor dat dinge nie goed gaan in ons huis nie. My ma en pa baklei baie en ek moet alles in die huis doen. Ek kry nie tyd van my eie nie. Ek is nie die ma in die huis nie, ek is nog ‘n kind. Ek wil ook dinge doen wat ander

kinders doen. Ek wil ook saam met my vriende kuier. Ek wil beslis nie elke middag staan en kos maak nie. Ek het al verskeie kere vir my ma gesê dat dit nie my werk is om al die kos in die huis te maak nie. Ek het ook al vir haar gesê dat sy haar plig as ma moet begin nakom. Dit was toe dat sy vreeslik op my begin skree het, sy het my verskriklik sleg gesê en dit onder my aandag gebring dat sy my nooit wou gehad het nie. Wel ek het net genoeg gehad. Dis toe dat ek die swembadsuur neem en dit voor almal gaan drink het. Hulle dink mos nie veel van my nie, veral my ma. Ek wou haar wys dat ek uit haar lewe sal weggaan. Wel ek kan nie meer in daardie huis bly nie, iets sal moet verander, dit maak my dood om daar te bly”.

2.4 Erik se verhaal

Erik is 16 jaar oud, sy pa is agt maande gelede oorlede. Sy ma het aan my vertel dat Erik nie oor sy pa se dood kan kom nie, dat hy al verskeie kere gesê het dat hy saam met sy pa wil wees, want die lewe is nie lekker sonder sy pa nie. Erik en sy pa het 'n baie hegte verhouding gehad, hulle het gereeld saam gaan visvang en jag. Sy pa se dood was vir hom 'n groot skok. Niemand so na aan hom het nog gesterf nie. Hy was baie afhanklik van sy pa. Hy sien nie kans om die lewe aan te pak sonder sy pa nie, wie gaan nou vir hom al die raad en advies gee? Erik wou nie gehad het dat sy ma aan enige iets van sy pa moet raak nie, sy ma mag ook nie sy pa se klere weggepak het nie. Erik het die afgelope ses maande verskeie kere probeer selfmoord pleeg.

2.5 Susan se verhaal

Susan, 'n veertienjarige adolessent wie se selfmoordpoging misluk het – nou is sy blind en sy kan glad nie proe nie – het gedink dat niemand haar kan

verstaan nie. Vir die soveelste keer dink sy terug aan die spesifieke dag in die klas. Die onderwyseres het haar 'n vraag gevra oor punktuasie. Sy kon dit nie beantwoord nie en die onderwyseres het buite verhouding met haar geraas, totdat sy in trane uitgebars het voor almal. Dit was vir haar 'n vernedering, want "in st. 6 huil mens nie meer in die klas nie". Die volgende dag het sy toets geskryf en sy het 22% gekry. Dit het vir haar dieselfde gevoel as in st. 4 toe sy 'n hele paar vakke gedruip het. Dit wou sy nie oor hê nie: nie nog 'n jaar soos in st. 4 nie. Sy het ook waterpokkies gehad en moes gevolglik lank uit die skool wegbly. Toe 'n onderwyseres haar beskuldig het dat sy stokkiesgedraai het, sê sy: "Dit het vir my gevoel asof al die onderwysers op my gepik het. Ek het by my ma gaan kla en sy is hoof toe. Die volgende dag het die onderwysers hardop in die klas agter haar laat aansê: Ek is nie bang vir jul ma's nie. Die ergste was dat my maats my gelos het". Na hierdie insidente was Susan stil, teruggetrokke en eensaam. Sy het die middag na die hoofslaapkamer gestap, by die bed gekniel en die geweer vasgehou en die sneller effens getrek.

2.6 Anton se verhaal

Die bloedrooi Anton het vertel dat hy regtig moeg is vir die lewe. Hy sien glad nie meer kans om aan te gaan nie. Hy is nou al 17 jaar oud en hy sal van nou af self besluite neem. Volgens hom is daar in elk geval niemand wat meer vir hom omgee nie. Sy pa en ma is geskei toe hy 6 jaar oud was. Daar was tot op hede die een hofspraak op die ander oor hom. Pa het toesig en beheer oor Anton, terwyl ma dit wou gehad het. Anton was die speelbal tussen sy ma en pa. Anton sê dat hy soos 'n sokkerbal voel. Hy en sy pa kan al van kleintyd af nie oor die weg kom nie. Sy ma woon baie ver en hy sien haar miskien een keer per jaar. Sy pa en stiefma het nie baie geduld met hom nie. Sy stiefma kan hom nie verdra nie. Sy pa gee glad nie vir hom om nie. Hy los hom

gereeld naweke in die koshuis en sy verskoning is dat hy nie petrolgeld het om Anton by die koshuis te gaan haal nie. Anton se meisie het sopas met hom uitgemaak. Dit voel vir hom asof niemand meer daar is vir hom nie. Hy voel leeg en moeg. Hy het nie meer lus om aan te gaan met die lewe nie. Hy wil iemand aanrand dan sal hy dalk beter voel. (Anton is fisiek baie sterk). As sy pa hom nie naweke kom haal nie gaan hy na sy vriend se huis toe vir die naweek . Dit het al hoe meer begin gebeur. So baie keer dat hy al sy eie kamer het by sy vriend se huis het. Anton sê hy het gedink dat hy maar weer op sy eie kan aangaan en al sy emosies en probleme self uitsorteer soos voorheen, maar hierdie keer het hy nie die krag daarvoor nie. Hy het iemand nodig, daar is niemand belangrik in sy lewe nie. Dit voel asof niemand meer vir hom omgee nie. Nie eens sy meisie nie, omdat sy met hom uitgemaak het. Hy voel verlate. Alles voel so leeg en nutteloos.

2.7 Ann se verhaal

Ann is 'n 17-jarige meisie vir wie die lewe op 'n dag net te veel geword het. Sy het baie drome en ideale vir haarself gehad, maar daardie middag het daar iets in haar gebreek en sy het net swart voor haar gesien. Sy het niks gehoor nie. Alles was te laat. Ann het van die derde verdieping van 'n gebou afgespring omdat alles te veel geraak het. Na die gebeurtenis het ek en Ann 'n lang gesprek in die hospitaal gehad en daarna weer in my spreekkamer. "Oom ek weet dit was 'n baie dom ding om te doen. Dit was my eie keuse, niemand het my gedwing om dit te doen nie, ek het self besluit om te spring. Vandag is ek bitter jammer dat ek dit gedoen het. Ek sal nie weer dieselfde wees nie, my rug het baie seer gekry. Gideon maak my mal, dis seker tot 'n mate sy skuld. Hy is slap, in krisistye laat hy 'n mens in die steek. Vyf minute van plesier vir hom het my 'n ewigheid se verdriet besorg. Ek was swanger en hy gaan foeter met ander meisies rond, drink hom dronk en dan wil hy ewe

skielik niks meer met my te doen hê nie. Dit was toe dat alles net te veel geword het. My toekoms was nie meer soos wat ek gedink het dit sal wees nie. Daar is ook niemand met wie ek kon praat nie, ek wou praat maar met wie? Daar is so baie dinge wat in my kop draai. Die kind wat ek verloor het, ek wil graag met Gideon oor die kind praat, ek moet weet hoe hy daarvoor voel. Wat gaan almal van my dink as hulle hierdie dinge moet uitvind. Almal gaan vir my vra hoekom het ek nie eksamen geskryf nie. Ek sal al hierdie dinge moet uitsorteer.” Hierdie is slegs ’n verkorte weergawe van ons gesprek. In die volgende hoofstukke sal daar weer by die inligting en ander meer relevante inligting stilgestaan word.

Uit hierdie aksieverhale is dit duidelik dat selfmoord en selfmoordgedrag wel onder adolessente voorkom. Nie een se verhaal is dieselfde nie, elkeen se omstandighede verskil. Die rede hoekom daar vorige pogings was verskil van persoon tot persoon. Uit die paar verhale is dit duidelik dat daar baie pyn en hartseer binne ’n adolessent met ’n doodgeloopte lewensverhaal is.

Statistiek sal ook vir ’n mens die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag op die tafel kan plaas. Dit sal harde feite wees. Te midde van die feite bly die adolessent steeds net ’n nommer en word die verhaal nie aangehoor nie. Statistiek kan baie koud en klinies wees. Statistiek is gesiglose mense, mense sonder name en agtergrond. Verhale van adolessente met selfmoordgedrag gee ’n gesig aan die statistiek. Dit laat ’n mens met ander oë na sulke adolessente kyk. Die aanhoor van hulle verhale laat ’n mens vra na meer, na die ontdekking en ontwikkeling van beter alternatiewe vir die adolessent. Verhale betrek jou by die taalwêreld en die leefwêreld van die adolessent.

Hierdie was slegs enkele van die verhale wat my belangstelling begin prikkel het. Dit het my laat begin vra hoekom en waarom. Watter moontlike

agtergrondshverhale lê verskuil binne die aksieverhale van hierdie en ander adolessente met selfmoordgedrag? In die volgende hoofstuk word die aksieverhale verder ontgin deurdat daar deur middel van agtergrondshverhale vanuit die literatuur en gesprekke met adolessente verdere ondersoek ingestel word na adolessensie as unieke ontwikkelingsfase. Om die aksieverhale ernstig op te neem en verder te ontgin is om moontlikhede te skep vir 'n nuwe nou vir die toekoms. Wat verder in die navorsing opgeteken is, is 'n ontdekkingsreis waarop ek as navorser en my navorsingsgenote (adolessente) opgegaan het.

HOOFSTUK 3

AGTERGRONDVERHALE OOR DIE ADOLESSENT

“For all over the world a new age is struggling to be born, an age in which all children can grow up in families and all adolescents can have time to become individuals who are able to meet the demands of a full adult life. In this new age, in which adolescents need not be forced to become mothers and fathers and grow old before their time, we can set a new value on adolescence of the mind and spirit. In a society in which no one will be forced into a premature adulthood, many people will remain adolescents all their lives, following a vision that is not yet clear, puzzling over a theory that is not yet fully formulated, attempting to create in sound or in colour, in meditation or in prayer, in the laboratory or in the library, in the halls of government or in the councils of the nations something as yet unknown.”

(Forisha-Kovach 1983:14)

3.1 Inleiding

In hoofstuk twee is daar in kort stilgestaan by die aksieverhale van adolessente met selfmoordgedrag. Voortvloeiend hieruit word daar verder nagevors oor wie en wat 'n adolessent is. Dit is een van die vrae wat by my opgekom het tydens die aanhoor van die verskillende aksieverhale. In hierdie hoofstuk sal relevante literatuur hanteer word as agtergrondverhale oor die adolessent. Die doel van die hoofstuk is om 'n dikker beskrywing (Browning 1991:58) van die adolessent met selfmoordgedrag te kry en om

vas te stel of die lewensfase waarin die adolessent hom bevind nie dalk 'n bydraende faktor is in selfmoord en selfmoordgedrag nie. Die agtergrondverhaal wil die aksieverhaal teen die huidige dominante sosio- en kulturele verhale en diskoerse van die dag plaas, waarin hierdie adolessente sy lewensverhaal leef. Hoofstuk drie is dus 'n voortsetting van die ontdekkingsreis wat deur die aksieverhale in hoofstuk twee geaktiveer is.

Volgens oorlewering was daar eenmaal 'n Indiaan wat 'n eier uit 'n arend se nes gesteel het en dit tussen die eiers van 'n kalkoen geplaas het. Toe die eiers uitbroei, het die kalkoene om die nes saamgedrom en hulle verkyk aan die lelike afwyking tussen hulle. Die "afwyking" het saam met die ander kalkoenkuikens grootgeword. Sy vlerke was anders as die van die kalkoene, maar niemand het hom geleer om dit te gebruik nie. Omdat hy niks anders geken het nie, het die arend soos die kalkoene op die grond rondgeskrop vir kos. Eendag het 'n arend bokant hulle verbygevlieg. Hoe het die misplaaste arend nie gewens dat hy kon vlieg soos die pragtige voël daarbo nie! Die kalkoene het gelag en gesê: "Jy is 'n kalkoen en 'n kalkoen kan nie vlieg nie!" Maar die begeerte om te kan vlieg, het gegroei. Diep binne-in het hy geweet hy is besig om iets belangrik in sy lewe mis te loop en dit het hom miserabel laat voel. Hy is nooit soos die ander kalkoene gekies om op die spyskaart van 'n feesdag of belangrike geleentheid te verskyn nie. Hy het net aanhou leef met sy onvervulde droom om te kan vlieg (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:26).

lets in hierdie verhaal is ook waar van sommige adolessente se belewenis van hulself. In plaas daarvan om hoog in die skoon bergwind rond te sweef, ploeter hulle dikwels doelloos in die stof rond. Ons sien dit in die stygende statistiek van tienerselfmoord, jeugmisdad, tienerswangerskappe en vigs. Wat is dit wat die adolessente meen hulle ontbeer? Watter worsteling,

onsekerheid en frustrasie ondervind hulle? Waarna soek hulle? Wat maak hulle opstandig?

Na aanleiding van bogenoemde paragraaf is dit belangrik om te besef dat die adolessent in 'n baie unieke lewensfase is. 'n Lewensfase wat nie altyd maklik is nie, 'n lewensfase wat nie noodwendig kummervry is nie, 'n lewensfase waarin baie vrae gevra word. Net soos die arendskuiken hierdie intense behoefte in hom gehad het om te vlieg en die gevoel begin kry het dat hy nie tuis hoort waar hy tans is nie, so wonder en worstel baie adolessente tydens die unieke lewensfase waarin hul hulself bevind. Dit is belangrik om in die studie ook terug te gaan om die verhaal van die ontwikkeling van hierdie unieke lewensfase (adolessensie) aan te hoor en wat tydens die fase met 'n mens plaasvind.

Indien die aksieverhale van hoofstuk twee bestudeer word kan 'n mens agterkom dat hierdie adolessent beslis in 'n unieke fase is. Dit handel nie net oor die feite of die inligting nie, maar oor die ervaring van hierdie adolessente. Hulle ervaring van wat met hulle liggame, en op verskeie ander vlakke gebeur is somtyds vir hulle problematies. As deel van my ontdekkingsreis is dit belangrik om die fase te ondersoek.

Die konsep van adolessent is eerste volledig ontwikkel en algemeen bekend gemaak deur G. Stanley Hall se monumentale twee volume studie genaamd *Adolescence*, wat in 1904 gepubliseer is (Forisha-Kovach 1983:15). Daar is baie beskrywinge van die begrip 'adolessent' dat dit belangrik is om eerstens die oorspronklike betekenis en woordstam na te vors voordat daar vanuit 'n bepaalde perspektief na die begrip gekyk en dit omskrywe kan word.

Die begrip 'adolessensie' is afgelei van die Latynse woord "adolescere", waar die voorsetsel "ad" beteken "na", terwyl "olescere" beteken "om te groei". Die

begrip adolessensie beteken dan letterlik om na volwassenheid te groei of te ontwikkel (Van Rensburg & Landman 1986:4).

Vir beide die adolessent asook die ouers is die adolessente tydperk, een van opgewondenheid asook angstigheid, 'n tydperk van blydskap maar ook een van probleme, 'n geleentheid om meer te ontdek en 'n tydperk om te breek met die verlede en tog steeds die "kindergedrag" voort te sit. In kort is hierdie 'n verwarrende en soekende tydperk van 'n mens se lewe.

Gedurende hierdie tydperk vind daar verskeie veranderinge plaas. Die sigbaar opvallendste is die fisiese van die adolessent wat verander. Hormone begin meer aktief raak en die gevolg daarvan is dat die adolessent anders begin lyk. In aansluiting hierby beïnvloed die hormone en die verandering in fisiese voorkoms die adolessent se emosionele toestand en funksionering. Die adolessent raak bewus van nuwe gevoelens wat begin posvat. In kombinasie met die veranderende sosiale invloede soos onder andere groepsdruk en die invloed van die media, raak die adolessent gou betrokke in heteroseksuele verhoudings (Louw et al. 1998:388).

Hierdie fisiese, psigologiese en emosionele veranderinge word verder gekompliseer deurdat die adolessent ook kognitiewe veranderinge ondergaan. Die adolessent begin anders dink en redeneer. Vir eers was hy as jonger kind as gevolg van sy redenasievermoë in staat om waarskynlik te dink dat as hy 'n gelukkige gesinslewe het dan is dit dieselfde met al die ander kinders. Ander moontlike senario's word nie beredeneer nie, hoewel die adolessent die vermoë ontwikkel om hipoteties en abstrak te dink oor die realiteite van die lewe. Waar dit eers gegaan het oor "wat is" gaan dit nou ook oor "wat as". Die adolessent beredeneer alles in die hele wêreld vanuit "wat as" (Louw et al. 1998:388).

Vir beide psigologiese en sosiologiese redes word die klem van die adolessent se behoeftes en probleme homself of haarself. Die adolessent begin te vra wie sy is, wat gaan al hierdie veranderinge aan my doen? Wat gaan ek word? Is ek nog dieselfde persoon as wat ek dink ek is? Te midde van al hierdie vrae en onsekerheid asook druk van hulle ouers, groepsdruk en die invloed van die media, moet hierdie adolessent die reis voortsit na volwassenheid. Sy moet oor 'n paar jaar 'n selfversekerde, gedetermineerde, doelgerigte en volwassene in haar beroepslewe wees, anders is sy niks werd nie. Al hierdie druk wat sy in haar gedagtes dra, veroorsaak vir die 'sin soekende' adolessent baie probleme. Somtyds soveel dat dit nie meer die moeite werd is om te lewe nie aangesien sy nie weet of sy die mas van die samelewingsdruk gaan opkom nie. Dis dan wanneer alles te veel raak en die hoop op die toekoms bleek is dat adolessente hulle eie lewens neem. Selfmoord gee somtyds vir hulle 'n mate van sekerheid, want hulle doen iets doelgerig en is nie meer soekend nie.

3.2 Sienings van vroeë adolessensie as ontwikkelingstadium

3.2.1 Historiese verhaal oor die heersende siening van adolessensie

Tot en met 1700 het ons voorvaders slegs twee fases in die lewe van die mens erken naamlik, die kind en die volwassene. Alhoewel die fase van adolessensie nie erken was nie, is daar wel van die kenmerke wat vandag se adolessente identifiseer. Socrates, die Griekse filosoof het gekla dat die jongmense hom irriteer, dat hulle altyd teen hulle ouers is en dat hulle te veel eet. Aristoteles, wat Plato se student was het die volgende gesê oor die jongmense "...whatever they desire they are prone to do. Of the body desires the one they let govern them most is the sexual; here they lack self-control...they carry everything to far: they love to excess, they hate to excess -

and so in all else. They think they know everything...they are fond of their friends, intimates..." (Jaffe 1998:11-12).

Met die verloop van tyd het baie van die mense daarop begin aandring om nie die jongmense te vroeg bloot te stel aan die volwasse lewe nie en hulle eerder langer "suiwer" te hou van korrupsie en geweld. Dit het aanleiding gegee daartoe dat die kinders nie meer soos jong volwassenes behandel is nie. Daar is meer aandag aan die kind se opvoeding gegee. In die begin het kinders van verskeie ouderdomme dieselfde onderrig gekry, maar met die verloop van tyd is die ouderdomme geskei en dit het deels aanleiding gegee tot die erkenning van die adolessente fase (Jaffe 1998:12).

Dit was deels as gevolg van G. Stanley Hall se pionierswerk op hierdie terrein dat adolessente vandag wetenskaplik bestudeer word. "Hall depicted adolescence as an important and interesting period of life, but one rooted in storm and and stress" (Jaffe 1998:35). Vandag beskou ons adolessente as mense wat ontdekkend en eksperimenteel met die lewe omgaan in die proses om hulself te vind.

3.3 Huidige grense van adolessensie

Die voorafgaande historiese verhaal oor adolessente het gelei tot die heersende siening rakende die afgrensing van die adolessente fase. Ten spyte van die voorafgaande historiese verhaal heers daar steeds verskillende menings en opvattings oor wie en wat 'n adolessent is. 'n Enkelbeskrywing is dus 'n haas onbegonne taak. Ouers het adolessente al skertsend beskryf as:

- iemand wat hom honger slaap en wakker eet;
- 'n vreemde verskynsel met eienaardige idees oor musiek, haarstyle, kleredrag en die waarde van geld.

Ander meen adolessensie is 'n sonskynperiode of blomtydperk in 'n kind se lewe en die “tyd van die dromer”. Dit is 'n tyd van wonderlike ontdekkings en baie pret. Aan die anderkant is die adolessent egter onseker oor homself. Die volgende gedig van 'n adolessent, getitel “Om groot te word”, is 'n voorbeeld van 'n adolessent se selfsiening. In die eerste strofe skryf die dogter:

*Om groot te word
is so tussenin.
Grootmensdinge is nog ver
kinderdinge word min.*

Sy sluit so af

*Nou's ons tussenin,
vals noot,
want: ons word groot.
(Barnard: 1985:30)*

Die gedig beskryf 'n sekere aspek van die adolessente fase baie goed naamlik, om in die pylvak tussen kindwees en volwassenheid te beweeg. Die oorgang van afhanklikheid na onafhanklikheid geskied weliswaar nie sonder hindernisse nie.

Die aanvangsouderdome wat vir adolessensie as ontwikkelingstadium gegee word, wissel tussen 11 en 13 jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen 17 en 21 jaar aangedui word. Aangesien die ouderdomsgrense vir die afbakening van adolessensie wissel, is dit beter om die adolessente ontwikkelingstadium met verwysing na spesifieke fisiese en sielkundige ontwikkelingskenmerke asook sosio-kulturele norme te beskryf as bloot op

grond van kronologiese ouderdom. So beskou, kan gesê word dat adolessensie tydens puberteit 'n aanvang neem – dit wil sê wanneer die ontwikkeling van geslagsrypheid plaasvind (Louw et al. 1998:388). Die einde van adolessensie word deur minder opvallende eienskappe soos die volgende gekenmerk:

- **Sosiale rolle:** In sekere Westerse, tegnologies ontwikkelde en stedelike samelewings waar individualisme en onafhanklike gedrag beklemtoon word, eindig adolessensie wanneer die individu ekonomies onafhanklik funksioneer. Wanneer die persoon sekere volwasse rolle begin vervul (Louw 1998:388). Daar moet egter besef word dat hierdie baie kultuurgebonde is en nie noodwendig die norm nie.
- **Sielkundige eienskappe:** Volgens Louw et al. (1998:389) eindig adolessensie vanuit 'n sielkundige perspektief wanneer die persoon redelik seker van sy identiteit is, emosioneel onafhanklik van sy ouers is, 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel het en in staat is om volwasse vriendskaps- en liefdesverhoudings aan te knoop.
- **Wetlike bepalings:** In Suid Afrika eindig adolessensie wetlik op die ouderdom van 21 jaar, wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval en die persoon vir wetlike kontrakte verantwoordelik gehou kan word (Louw et al. 1998:389).

Wanneer daar na vandag se samelewing gekyk word, besef 'n mens dat die riglyne vir adolessensie nie meer so helder soos voorheen is nie. Puberteit begin veel vroeër en adolessente bly langer ekonomies afhanklik van hulle ouers as gevolg van verdere na-skoolse studies (Louw et al. 1998:389). Daarom dat daar steeds verskeie outeurs is wat neig om adolessensie met verwysing na drie fases te beskryf:

- Vroeë adolessensie, tussen ongeveer 11 en 14 jaar
- Middel adolessensie, tussen ongeveer 14 en 18 jaar
- Laat adolessensie, tussen ongeveer 18 en 21 jaar.

3.4 Ontwikkelingskenmerke van die adolessent

3.4.1 Inleiding

Adolessensie is 'n onderskeibare ontwikkelingstadium in die lewensloop van die mens en word onderskei deur fisieke en psigiese veranderings asook sekere gedragswyses en take wat meer oorheersend en tipies is van die stadium.

In die algemeen word die ontwikkeling van 'n persoon in 'n sekere stadium bepaal deur groei, ryping en leer wat in die persoon plaasvind gedurende 'n sekere tydvak. Die term groei verwys na fisieke en psigiese veranderings wat 'n toename in grootte, kompleksiteit en kwantiteit van die liggaamlike en geestelike attribute tot gevolg het. Die term ryping verwys weer na die ontplooiing van vooraf geprogrammeerde genetiese eienskappe en die potensiaal van die persoon, terwyl die term leer verwys na die psigiese veranderings wat plaasvind as gevolg van omgewingsinvloede (Erasmus 1991:118).

In elke lewensfase is daar dus ontwikkelingstake wat suksesvol afgehandel moet word ten einde geluk te veroorsaak. In die groei tot volwassenheid het die adolessent te doen met verskeie ontwikkelingstake. Thom (1990:396) beklemtoon die volgende ontwikkelingstake in die moderne Westerse samelewing, wat deur die adolessent bemeester moet word:

- Aanvaarding van liggaamlike voorkoms.
- Ontwikkeling van die manlike of vroulike geslagsrol.
- Aanknoop van heteroseksuele verhoudings.
- Ontwikkeling van sterk emosionele bande met die ander persoon.
- Voorbereiding vir die verantwoordelikhede binne die eie huwelik en gesin.

- Ontwikkeling van onafhanklikheid van die ouers en ander volwassenes.
- Ontwikkeling van 'n eie identiteit.
- Ontwikkeling van sosiaal-verantwoordelike gedrag.
- Aanvaarding van aanpassing binne sekere groepe.
- Ontwikkeling van intellektuele vaardighede.
- Beroepskeuse.
- Voorbereiding tot ekonomiese onafhanklikheid.
- Ontwikkeling van 'n eie waardestelsel wat verband hou met 'n realistiese, wetenskaplike wêreldbeskouing.
- Ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyn vir die lewe kan dien.
- Ontwikkeling van 'n eie lewensfilosofie.

Die suksesvolle voltooiing van die ontwikkelingstake het tot gevolg dat die individu ver genoeg sal wees met die lewe en sal ontwikkel tot 'n gelukkige volwassene.

Vervolgens word die kenmerke van ontwikkeling en faktore wat aanpassing by ontwikkelingsveranderinge beïnvloed, kortliks genoem alvorens die spesifieke ontwikkelingskenmerke van die adolessent bespreek word (Gerdes 1988).

- In hierdie fase neem liggaamlike en psigologiese funksionering en groei plaas. Later neem die tempo daarvan af.
- Die ontwikkeling van fisieke, emosionele, sosiale en intellektuele vaardighede en funksies geskied nie volgens dieselfde tempo nie. Fisieke groei is dikwels gedurende die puberteitsjare vinniger as emosionele ontwikkeling.
- Ontwikkeling vertoon gewoonlik 'n bestendige patroon van opeenvolging. Die een ontwikkelingsstadium volg gewoonlik op 'n ander ontwikkelingsstadium.

- Alhoewel daar 'n sekere patroon van opeenvolging tussen onderskeie ontwikkelingsstadia voorkom, is daar nie noodwendig kontinuïteit van gedrag van die een stadium na die ander stadium nie. Sekere persoonlikheidsstrekke vertoon groter kontinuïteit as ander oor verskillende stadia heen.
- 'n Verdere belangrike kenmerk van ontwikkeling is dat elke persoon op sy eie, unieke tempo ontwikkel en dat elke persoon oor unieke ontwikkelingsmoontlikhede beskik. Op hierdie terrein is dit baie gewaagd om met veralgemenings te werk en derhalwe moet daar met groot versigtigheid omgegaan word daarmee.

Die mate waartoe die adolessent hom kan aanpas by die ontwikkelingsveranderinge wat tydens adolessensie voorkom kan onder andere deur die volgende faktore beïnvloed word (Gerdes et al. 1988):

- Die tyd waarin die ontwikkeling voorkom en die mate van gereedheid vir die ontwikkeling kan die adolessent se aanpassing by ontwikkelingsveranderinge beïnvloed. Vroeë puberteit en laat puberteit kan byvoorbeeld 'n invloed uitoefen op die adolessent se siening van die veranderinge.
- Die adolessent se verwagtinge van hierdie ontwikkelingsstadium wat aan hom oorgedra word deur die gemeenskap of bepaal word deur sy eie toekomsverwagtinge, kan sy aanpassing positief of negatief beïnvloed.
- Ondersteuning van ander en die wete dat ander ook sodanige veranderinge ervaar, kan die adolessent help om sy liggaamsveranderinge te aanvaar.
- Die betrokke persoonlikheidsattribute soos kognitiewe rypheid, buigsaamheid, selfaanvaarding en selfagting het ook 'n invloed op die adolessent se aanpassing. 'n Innerlike gevoel van sekuriteit stel die adolessent in staat om uiterlike onsekerhede die hoof te bied.

3.4.2 Fisieke ontwikkeling van die adolessent

Die liggaamlike ontwikkeling tydens adolessensie kan as sentrale gebeure van hierdie ontwikkelings tydperk beskou word. Dit bepaal in 'n hoë mate die beginpunt van adolessensie en dit bly ook vir 'n hele aantal jare 'n sterk fokuspunt aangesien dit fisies waarneembare gevolge het.

Soos reeds voorheen vermeld moet in gedagte gehou word dat die groei van persoon tot persoon sal verskil. Die liggaamlike ontwikkeling en die wyse waarop dit geskied is hoofsaaklik geneties bepaal. Tog is daar verskeie eksterne faktore soos 'n gebalanseerde dieet, goeie mediese versorging en ander faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van die adolessent.

- **Lengte groei en gewigstoename**

Die vinnige groeiperiode wat so dikwels aan adolessensie toegeskryf word, neem sy aanvang reeds voor puberteit. Dogters begin hulle versnelde groei tussen 8,5 en 11,5 jaar met die hoogtepunt omstreeks 12,5 jaar en hulle bereik hulle volwasse lengte tussen 15 en 18 jaar. Die seuns se versnelde groei begin meestal tussen 10 en 15 jaar met die hoogtepunt op 14 jaar. Hulle bereik hulle volwasse lengte tussen 17 en 18 jaar. Dit is eindelijk deur die hele adolessensie dat die dogter die seun met sowat twee jaar vooruit is wat betref, verstandelik, liggaamlik, emosioneel en geestelik. Mettertyd haal die seuns die dogters in. Hierdie ongelykheid in die ontwikkeling het veral sosiale implikasies. Dit mag soms tot groot ongemak aanleiding gee wanneer die twee geslagte van dieselfde ouderdom met mekaar in aanraking kom, veral wanneer dit om uiterlik waarneembare verskille soos gewig en lengte gaan. In die tydperk van lengte groei word die verhouding tussen lengte en gewig mettertyd uitgebalanseer. Aanvanklik is daar dikwels 'n tydperk wanneer die

adolescent buite proporsie blyk te wees en werklik ook is. Sekere liggaamsdele soos die hande, voete, arms en bene groei vinniger as die lyf sodat die adolescent die voorkoms en lompheid van 'n vulletjie mag vertoon. Alhoewel die verskillende liggaamsdele teen verskillende tempo's groei, word die algemene liggaamsverandering bepaal deur die tyd van geslagsrypheid (Erasmus 1991:123).

Hierdie is vir die adolescent 'n moeilike tydperk. Sy liggaamsbeeld is vir hom totaal onaanvaarbaar. Sy spierbeheer is soms onvoldoende, sodat hy teen alles stamp. As gevolg hiervan is hulle baie selfbewus en dikwels 'n teiken van ander se spot. Gelukkig gaan hierdie tydperk verby en sy lyf groei dienoreenkomstig en neem volwasse proporsies aan. Die skouers word breër, die meisies se heupe verbreed en spiere ontwikkel. Ook die kop en veral die gesig se finale vorming vind nou plaas, sodat die adolescent teen die sewentiende tot negentiende jaar uiteindelik weet hoe sy uiterlike volwasse persoon daarna uitsien (Boshoff 1976:23).

- **Seksuele ontwikkeling**

Geslagtelike rywording is so 'n sentrale kenmerk van adolessensie dat dit vir baie mense feitlik sinoniem blyk te wees. Biologies gesproke word adolessensie dan ook ingelui met die aanvang van die puberteit of geslagtelike rywording veral vanaf daardie oomblik, wanneer die adolescent emosioneel op hierdie veranderinge begin reageer. As gevolg van 'n ingewikkelde proses van hormoonafskeidings begin die geslagsorgane tot geslagsrypheid ontwikkel en word ook die uiterlike geslagskenmerke mettertyd sigbaar (Boshoff 1976:24).

Hierdie ontwikkeling vind plaas tydens die vroeë adolessensie en, afhangende van die voorbereiding wat die adolessent ontvang het ten opsigte van hierdie verandering, ervaar hy dit of as 'n natuurlike gebeure, self een waarna uitgesien word, of as 'n skokkende gebeure wat moeilik verwerk word. Dit bly in elk geval vir die adolessent 'n groot aanpassing om sy vertroude kinderliggaam te verloor en met 'n nuwe, steeds veranderende liggaam te moet saamleef (Boshoff 1976:25).

Teen die einde van puberteit is daar ook 'n verandering in stemhoogte by beide, seun en dogter, as gevolg van die vergroting van die larinks en die stembande. Geslagtelike rypheid is voltooi, wanneer die seun die eerste saadstorting ervaar en naamlik gewoonlik in die vorm van onwillekeurige nagtelike saadstortings van tyd tot tyd. By die dogter is die eerste maandstonde die aanduiding van geslagtelike rypheid. Hierdie het tot gevolg dat hulle die lewe meer as ooit van tevore of ooit daarna liggaamlik beleef (Boshoff 1976:26).

- **Aanpassingsprobleme wat kan ontstaan as gevolg van die fisieke ontwikkeling van die adolessent**

Die veelvuldige en ingrypende veranderings wat die adolessent ondergaan kan daartoe bydra dat adolessensie nie noodwendig 'n aangename tyd vir die jeugdige is nie. Die vinnig opeenvolgende veranderings staan sterk in kontras met die stabiele kinderjare. Met puberteit word die kind gekonfronteer met 'n liggaam wat anders as vroeër is en wat by tye vol skete, pyne en onbekende seksuele behoeftes is. Die meisie ervaar dikwels ongemak voor en tydens menstruasie en haar doen en late word nou ingeperk deur haar liggaam - iets waaraan sy nie gewoond is nie. Beide seuns en dogters raak al hoe meer bewus van hulle voorkoms en die opvattinge van die gemeenskap rakende

hierdie aspekte word baie belangrik. Aanvaarding deur veral die teenoorgestelde geslag is 'n relatiewe nuwe behoefte en hulle weet nie altyd hoe om dit te hanteer nie. Dit is dus duidelik dat hierdie fisieke veranderinge, veral in die beginjare, wel aanleiding gee tot gevoelens van onsekerheid, onbeholpenheid, onbekwaamheid, skaamte, ontevredenheid, skuldgevoelens en gepaardgaande fisieke ongemak (Erasmus 1991:127).

- **Die effek van vroeë teenoor laat liggaamlike rypwording**

Volgens Louw (1998:397) is dit so dat die ouderdom waarop adolessente liggaamlike rypheid bereik, beïnvloed hul psigiese ontwikkeling, veral wanneer rypwording nie op die gemiddelde ouderdom plaasvind nie, maar buitengewoon vroeg of laat in adolessensie. Adolessente wat vroeg ryp is, is gewoonlik langer en swaarder en ontwikkel primêre en sekondêre geslagskenmerke baie vroeër as ander lede van hulle portuurgroep. Adolessente wat laat ryp word, is weer kleiner en ligter en ontwikkel primêre en sekondêre geslagskenmerke baie later as hulle portuurgroep. Die uitwerking wat vroeë en laat rypwording op die adolessent het, hou verband met veral twee faktore:

- **Liggaamlike aantreklikheid:** Liggaamlike aantreklikheid verskil van kulture, maar speel 'n baie belangrike rol.
- **Die norme van die portuurgroep:** Adolessente se liggaamsbeeld hou in 'n groot mate verband met hulle selfagting en hul ervaring van die manier waarop ander mense hulle waarneem.

Seuns wat vroeg ryp word openbaar oor die algemeen die volgende kenmerke volgens (Louw et al. 1998:397):

- Hulle tree beheersd op, is vaardig, selfversekerd, saaklik en nugter.
- Hulle openbaar sosiaal toereikende gedrag.

- Hulle is in staat om vir hulleself te lag.
- Hulle het 'n beter liggaamsbeeld en toon groter selfagting as seuns wat laat ryp word.
- Hulle aanvaar dikwels leiersrolle.
- Hulle vaar dikwels goed in sport.

Hierteenoor openbaar seuns wat buitengewoon laat liggaamlike rypheid bereik, die volgende kenmerke:

- Hulle word as minder aantreklik, minder gebalanseerd en meer gespanne en angstig beskou in vergelyking met seuns wat vroeg ryp word.
- Hulle presteer akademies swakker as seuns wat vroeg ryp word.
- Hulle toon meer aandagsoekende gedrag as hulle portuurgroep.
- Hulle toon minder behoefte om leiding te neem.

Waar die vroeë rypwording in die geheel in 'n groter mate tot die seun se voordeel en laat rypwording tot sy nadeel strek, strek laat rypwording by meisies in 'n groter mate tot hulle voordeel as vroegrypheid. Die verskille van vroeg en laat rypheid by meisies is nie so prominent as by seuns nie. Meisies wat laat rypword is oor die algemeen diegene wat beskou word as meer aantreklik, energiek en gesellig. 'n Meisie wat vroeg ryp word, is dikwels meer aantreklik vir seuns, maar sy is nie noodwendig emosioneel reg vir 'n verhouding nie (Louw et al. 1998:400).

3.4.3 Sosiale en Interpersoonlike ontwikkeling

Volgens Van Niekerk en Van der Spuy (1998:64) kry 'n adolessent se verhouding met ander om hom nuwe betekenis in hierdie fase. Nadat die vroeë adolessent 'n kort tydperk van vereensaming deurgegaan het waarin hy

sy eie persoonlikheid ontdek het, rig hy nou sy aandag op die buitewêreld. Hy begeer dat ander

- hom moet aanvaar;
- aan hom erkenning moet gee;
- 'n goeie indruk van hom moet hê;
- sy doen en late moet goedkeur; hom veilig moet laat voel.

Die vroeë adolessent is baie afhanklik van sy gesinslede vir die bevrediging van sy sosiale behoeftes. Hoe ouer hy word, hoe verder skuif sy sosiale horison. Sy portuurgroep¹⁰ se mening word alles oorheersend. In hierdie tydperk word hy 'n regte kuddedier. Hy doen feitlik enige iets om hulle goedkeuring weg te dra omdat hy graag een van die groep wil wees. Hy pas hom aan by die groep se standaarde met betrekking tot kleredrag, taalgebruik, gedragskodes en smake. Hy probeer gewoonlik sy ouers oor die korrektheid van sy optrede oortuig met argumente soos:

- “Almal maak so!”
- “Almal trek so aan!”
- “Almal bly so laat uit!”

Portuurgroepdruk kan of opbouend, of afbrekend wees. Die adolessent begin ook toenemend aan groepaktiwiteite deelneem en leer. Die meeste adolessente het ook in die een of ander stadium 'n held. Dit kan enige iemand wees. 'n Held is gewoonlik iemand met wie hy hom vereenselwig en van wie hy soveel hou dat hy ook so wil wees. Hy is vir die adolessent 'n sosiale en self emosionele “kruk” in die lewe. Hy kyk op na hom en boots sy doen en late na. 'n Held met twyfelagtige waardes kan egter 'n baie nadelige uitwerking op die tiener se persoonlikheidsvorming hê (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:65).

¹⁰ Daar kan meer gelees word oor die invloed van die portuurgroep op die adolessent by 3.4.13.

Alhoewel hy weg beweeg van sy ouers is daar tog 'n soeke na stabiliteit in sy omgewing. Sonder die nodige leiding en stabiliteit word gevoelens van woede, angs en onsekerheid beleef (Collins 1988:171). Die jongmens het 'n behoefte om deel te wees van 'n gesin waarin liefde, aanvaarding en sorg vir mekaar ervaar word. Dit is van groot waarde vir die adolessent om gelei te word om in sinvolle verhoudings met ander te tree. Om in verhouding met iemand te staan, vra onderskeidingsvermoë tussen 'n persoon en die probleme wat die persoon ervaar. Dit gaan om 'n onvoorwaardelike aanvaarding (Louw et al. 1984:139).

Die omgewing waarin die adolessent grootword, het ook 'n groot invloed op sy persoonlikheidsvorming en sosiale ontwikkeling. Die norme, beperkings, waardes en gedragskodes van die gemeenskap waarvan hy deel is, stuur sy lewe in 'n bepaalde rigting. Die ouerhuis, skool, kerk, portuurgroep en ander instellings waarvan hy of sy ouers lid is, speel elkeen op 'n besondere manier 'n rol in sy persoonlikheidsvorming. Botsende waardes in die verskillende groepe is vir die adolessent baie verwarrend en lei tot onsekerheid (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:65).

3.4.4 Selfkonsep / Identiteitsvorming

Die verhaal van Alta illustreer die kragtige invloed wat 'n selfkonsep (identiteit) op 'n adolessent se lewe kan hê. Sy het een middag by die voordeur geklop. Sy het oorkant my in die spreekkamer gaan sit. Sy wou nie meer lewe nie. Die prentjie wat sy van haarself geskilder het was met die donkerste kleure denkbaar. Omdat sy haar daarvoor geskaam het, wou sy dit tot niet maak deur dit weg te gooi.



Haar treurige verhaal het begin toe sy ses jaar oud was en haar ouers van mekaar wou skei. Sy het gemeen die egskeiding was haar skuld, want hoekom anders sou hulle so oor haar baklei? Later het sy besluit dat dit is omdat hulle haar eintlik nie liefhet nie. As hulle regtig vir haar lief was, sou hulle immers ter wille van haar bymekaar gebly het. Sy was 'n skaam kind en wou nie dat haar maats iets van haar huislike omstandighede te wete kom nie. Later het sy uitgevind dat die geheim wat sy en haar pa gedeel het, eintlik baie verkeerd en groot sonde was. Sy kon met niemand daaroor praat nie, want sy wou tog nie hê hulle moet weet dat sy eintlik "sleg" is en haar reinheid verloor het nie. Sy het seuns gehaat sonder om te weet hoekom. Watter oulike seun sou in elk geval na haar wou kyk? Die seuns het gelukkig ook nie veel in haar belanggestel nie, want sy was nie juis mooi nie. Buitendien was sy van plan om 'n oujongnoui te word. Haar skoolprestasie was ook maar so-so. Miskien was dit omdat sy nie goed kon konsentreer nie. Haar punte was ondergemiddeld en sy het geglo dat sy dom was en nêrens in die lewe suksesvol sou kon wees nie.

Daardie middag het ek in my gesprek met haar besef dat 'n mens se siening van jouself baie belangrik is en dat jou selfkonsep of identiteit gevorm word deur verskeie faktore. Alta het nadat ons 'n paar keer in gesprek was haar siening oor haarself, die manier hoe sy na haarself kyk begin verander. Dit het oorgespoel na al haar ander lewensterreine toe.

In die omgangstaal word daar dikwels na die selfkonsep as selfbeeld of identiteit verwys. Selfkonsep is nie 'n enkelbegrip nie, maar die somtotaal van die adolessent se siening van verskillende aspekte van hom of haar, asook die ervaring van ander mense se sienings. Dit kan duidelik gesien word in Alta se verhaal waar sy sekere aspekte baie negatief gesien en beleef het. Sy het al die negatiewe aspekte assimileer en dit deel van haar lewe (identiteit/selfkonsep) gemaak en dit het 'n allesoorheersende invloed op haar

gedrag gehad. Tot so mate dat sy 'n einde aan haar lewe wou maak. 'n Selfkonsep word veral gevorm deur die adolessent se selfkennis en hoe hy of sy dit dan beleef en uitleef.

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van hom- of haarself as onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing. Hoewel identiteitsvorming reeds in die babajare begin en tot aan die einde van die lewensiklus voortduur, is adolessensie die tydperk in die lewensiklus waartydens die grootste mate van identiteitsontwikkeling plaasvind en wel as gevolg van ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Hierdie ontwikkelings bring veranderinge mee wat jong adolessente se sekerheid oor wie hulle is ernstig bedreig. Die vorming van 'n adolessent se identiteit is 'n universele verskynsel, maar die spesifieke wyse waarop die identiteit gevestig word, verskil van kultuur tot kultuur (Louw 1998:430).

Nel (1998:101) verkies die begrip identiteitsvinding bo identiteitsvorming en beskou dit as 'n ontwikkelingstaak van hoë prioriteit. Die begrip identiteit word deeglik deur Erikson bespreek en in hierdie gedeelte word aangesluit by sy standpunte. Erikson (1980:109) beskryf identiteit as 'n individu se uniekheid met betrekking tot unieke waardes, bewerkstellig deur 'n unieke geskiedenis en mense. Identiteit is die een wees met jouself en tog ook die deel van 'n essensiële karakter met ander.

Wanneer 'n adolessent onseker oor sy of haar identiteit is, veroorsaak dit baie innerlike spanning, in so 'n mate dat dit tot selfmoord kan lei. Gedurende adolessensie word waardes, verbintenisse en verhoudings sentraal tot identiteitsvorming beskou, veral in die lig daarvan dat die goedkeuring van belangrike persone in die adolessent se lewe gedurende hierdie fase hoog geag word (Fowler 1987:65). Die adolessent is primêr besig om sy rolle te

konsolideer. Soms is hy morbied en ander kere ernstig of behep met sy persepsies oor wat ander van hom dink vergeleke met sy ware self of sy opinie oor homself (Erikson 1980:94).


Alle kenmerke van 'n persoon se identiteit sentreer rondom die bewuste waarneming van wie en wat hy is. Adolessensie is voorts die belangrikste tydperk vir die ontwikkeling van 'n identiteit, veral aangesien 'n verskeidenheid van veranderinge in en om die persoon in hierdie tyd plaasvind (Thom 1990:460).

Daar is ernstige faktore wat Thom (1990:464) uitlig wat 'n invloed uitoefen op die identiteitsvorming van die adolessent.

- Kognitiewe ontwikkeling
- Seksualiteit
- Geslagsverskille
- Ouers
- Samelewing en kultuur

Hoewel adolessensie beskou word as 'n tydperk van identiteitskrisis, begin en eindig die vorming van identiteit nie met adolessensie nie. Dit is 'n lewenslange ontwikkelingsproses. Identiteitsvorming strek sover terug as tydens die suigelingfase wanneer die kind reeds as baba reageer op dit wat die ouers doen, byvoorbeeld deur 'n glimlag (Erikson 1980:122).

Skematiese voorstelling van die totstandkoming van 'n selfkonsep soos deur Van Niekerk en Van der Spuy (1998:94)



In die tienergroepe word baie aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep, want dit beïnvloed die tiener se

- gedrag;
- persoonlikheidsontwikkeling;
- ideale vir homself;
- verhoudings met ander;
- reaksie op wat met hom gebeur;
- verhouding met die Here.

Die Bybel verwys ook na 'n selfkonsep:

3.4.5 Kognitiewe ontwikkeling

In teenstelling met die liggaamlike veranderinge wat opvallend en universeel plaasvind, is kognitiewe veranderinge minder opvallend en toon adolessente groter verskeidenheid. Waar fisieke ontwikkeling tydens adolessensie tot liggaamlike en seksuele volwassenheid lei, het kognitiewe veranderinge tydens adolessensie weer tot gevolg dat die kind se konkrete denkvermoë verander in 'n omvattende meer volwasse vermoë om byvoorbeeld te analiseer en logies te redeneer oor sowel konkrete as abstrakte begrippe (Louw et al. 1998:418).

Die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent vind aan die een kant kwantitatief plaas, deurdat hy intellektuele take nou vinniger en makliker kan bemeester. Aan die ander kant ontwikkel hy kwalitatief in die sin dat daar verandering ten opsigte van die aard van die denkprosesse en die kognitiewe struktuur is. Hierdie ontwikkeling vind aanvullend tot mekaar en geïntegreerd plaas. Adolessensie is die tydperk waarin die kind begin dink oor die werklike en die abstrakte. Vrae word gevra oor religieuse kwessies soos die bestaan van God, terwyl hy ook nadink oor wetenskaplike onderwerpe. Hierdie vrae word gekoppel aan dit wat op daardie oomblik in die wêreld aan die gang is. Hy ondersoek voorts die uniekheid van sy kenmerke en gevoelens (Thom 1990:418).

3.4.6 Geloofsontwikkeling

Geloof is nie noodwendig gelykwaardig aan godsdienste nie. Geloof kan wel 'n godsdienstige inhoud bevat. Geloof is 'n universele eienskap van die mens en word beskou as die wyse waarop die mens homself in verhouding met ander mense beskryf teen die agtergrond van gedeelde menings en belangstellings. Geloof kry 'n godsdienstige inhoud indien die mens homself in verhouding tot God beskryf (Fowler 1981:4, 14). Wat belangrik is, is die wyse waarop geloof funksioneer in die lewe van die mens. Dit gee daartoe aanleiding dat die mens daarna soek om God se wil te ontdek en te verstaan.

Geloof is 'n individuele en persoonlike saak, maar ontstaan en word gevoed deur 'n gemeenskap. Dit bestaan uit gemeenskaplike ervarings en word oorgelewer en lewendig gehou in viering, prediking, gebed en verskillende soorte aktiwiteite. Hierdie gemeenskap kan die klein gemeenskap van die gesin behels of die groter gemeenskap van die skool en die gemeente. Tussen die ouderdom van elf tot dertien vind 'n verandering in die wyse van

denke asook waardestelsels plaas. Dit is die ouderdom waartydens abstrakte denke ontwikkel word en manipulerings van konsepte kan plaasvind. Godsdienst is van spesifieke waarde tydens die adolessentiejare, veral in die formulering van ideale en gedragstandaarde (Fowler 1981:153). Die adolessent worstel met die vraag na die sin van die lewe en daarom is geloof en dit wat geloof behels, vir hom 'n belangrike saak (Louw et al. 1984:127).

Die dominante vorm wat geloof inneem, word vasgestel deur die spesifieke lewensfase waarin die persoon hom bevind. Gedurende die adolessentiefase word die adolessent meer bewus van die self en van die ander rondom hom. Dit verduidelik waarom hy 'n vraag vra soos: "Wie is ek in verhouding tot die ander?" Hierdie worsteling beïnvloed die adolessent se reaksie op geloof, aangesien daar ook gevra word "Wie is ek in verhouding tot God?" (Aden 1992:28-29). Die adolessent het in sy soeke na betekenis duidelike riglyne nodig om hom gedurende hierdie fase van sy lewe te begelei. Dit is juis die fase waartydens die individu sy godsdienstige houdings herformuleer (Davis 1986:273). In die reformatoriese tradisie is daar 'n noue korrelasie tussen die ontwikkeling van die geloof en die vorming van 'n identiteit. Die kinders word begelei in 'n proses om kinders te word wat hulle reeds in Christus is. Wie die kind is en waartoe hy begelei word is hy reeds deur die handeling van God in Christus en deur die Heilige Gees. Die uitdaging lê daarin om die kind bewus te maak van 'n gegewe identiteit waaraan hy nie hoef te twyfel nie (Nel 1998:149).

In die naïwiteit van die kind aanvaar hy inhoudelik die godsdienst van belangrike volwassenes in sy lewe. Sy toekomstige geloofsontwikkeling word bepaal deur die patrone van geloofsverbintenisse wat hierdie volwassenes openbaar. Selfs die adolessent leef nie sy geloof uit sonder om deur sy konteks beïnvloed te word nie. Hy begin wegbeweeg van sy kinderlike geloof

wat gebaseer is op helde in die Bybel. Vrae begin sentreer rondom moreel etiese vraagstukke (Rowatt 1989:32).

Geloof- en waardesisteme word geëvalueer sodat dit op 'n sinvolle wyse in sy lewe geïnternaliseer kan word. Hy wil graag 'n kongruensie tussen gedrag en geloof hê (Fowler 1981:172). Daar is 'n noue korrelasie tussen die godsdienstige en die morele ontwikkeling van die adolessent. Vir die adolessent is dit noodsaaklik om eie geïnternaliseerde morele kodes te ontwikkel vanuit wat geleer is by die ouers, ander volwassenes asook die portuurgroep (De Jong van Arkel 1989:106-108). Die jongmens is op soek en is besig met die vorming van 'n eie geloofsidentiteit. Vertroue speel ten opsigte hiervan 'n saakmakende rol en daarom is dit te verstane dat godsdienste en waardes eweneens 'n belangrike rol speel, sodat hy dit kan word waartoe hy in staat is (Louw et al. 1984:131).

Die fase van geloofsontwikkeling by die adolessent word die sinteties konvensionele geloof genoem. Hierdie fase impliseer die vorming van 'n eie identiteit asook die vorming van 'n eie persoonlike geloof. Die beleweniswêreld van die adolessent verbreed na buite die gesin. 'n Verskeidenheid faktore vereis sy aandag te wete die gesin, skool, werk, vriendekring, organisasies en moontlik godsdienste. Geloof moet 'n koherente oriëntasie bied vir die meer komplekse en diverse betrokkenheid. Geloof moet 'n basis skep vir die waardes en inligting wat na die adolessent se kant toe kom asook vir sy identiteit en lewensuitkyk (Fowler 1981:172-173).

Louw (1997:21) gaan uit van die veronderstelling dat die opvatting en wyses waarop God voorgestel word, beslissend is vir groei in die geloof en die groei na volwassenheid. Dit impliseer dat in die geval van wanvoorstelling, God nie ervaar word as geloofsbron om die adolessent by te staan in verskillende krisisse nie. Adolessensie is die tydperk waartydens die identiteit gevestig

word, terwyl belangrike vrae ten opsigte van die persoonlike betekenis van die geloof gevra word. Dit is verder die tydperk waar bekering die meeste plaasvind.

Rowatt (1989:23) waarsku teen twee gevare in die pastoraat aan die adolessent in krisis. Eerstens moet die pastor daarteen waak om die kind te dwing in 'n verhouding tot God. Dit kan gebeur dat die kind 'n gevoel van woede en opstand teen God ontwikkel omdat hy daartoe geforseer word om 'n keuse uit te oefen. Die adolessent en die pastor kan in so geval geen vordering maak nie. Tweedens moet die pastor op subtiele manier probeer vasstel wat die verhouding tussen die adolessent en God is.

Die adolessent beleef dikwels dat daar nie iemand is om mee te identifiseer ten opsigte van sy geloofslawe nie. Gevolglik ontstaan 'n geloofskrisis wat saamhang met 'n vertrouenskrisis. Die grootste hulpmiddel vir die groei na geloofsvolwassenheid word gevind in ouers en kerkmense wie se lewe gekenmerk word deur konsekwentheid en kongruensie (Müller 1990:126).

3.4.7 Die invloed van Post modernisme op die geloofsonwikkeling van die adolessent

In die oorgaan van die modernisme na die post modernisme val die klem meer op die affektiewe. Hierdie klemverskuiwing hou die volgende implikasies in:

- Die konsep ten opsigte van God word beïnvloed. God word beskou as 'n vriend en metgesel en nie bloot as die Skeppergod nie.
- Die lojaliteit teenoor die Kerk word geraak.
- Die Woord staan nie noodwendig sentraal nie, maar wel die affektiewe.

Die post modernistiese siening hou die gevaar in dat daar 'n eensydige beklemtoning ten opsigte van die gevoel en ervaring plaasvind. Dit gebeur noodwendig dat die oorgangsfase van die modernisme na die post modernisme ook vir die gesinslewe bepaalde veranderinge en probleme inhou. Vir die gesin met kinders kan dit daarop neerkom dat die ouers vasgevang is in 'n modernistiese denkpatroon, terwyl die kinders opgroei in 'n post modernistiese leefwyse en denkklimaat. Dit het tot gevolg dat die ouers van mening is dat die kinders alle waardes oorboord gooi, terwyl die kinders van mening is dat ouers aan rigiede lewenspatrone en die lewe eensydig beoordeel (Müller 1996:57).

3.4.8 Geslagsrolidentifikasie by die adolessent

Vroeë adolessensie is 'n tydperk waar beide seuns en dogters verhoogde druk deur die ouers ervaar ten einde te konformeer tot hulle (die ouers se) eie geslagsrolverwagtinge (Updegraff et al. 1996:74). Die voorkoms van die rebellie is hoog in huise waar of die vader of die moeder dominant is, matig waar gelyke gesag is en laag waar die een ouer slegs 'n effense meerdere outoriteit openbaar. In gevalle waar ekstreme verskille ten opsigte van gesag voorkom ontstaan onsekerheid by die adolessent. In sulke gevalle kan interaksie tussen die ouers en die kind nie voldoende plaasvind nie (Balswick & Balswick 1991:143-144).

'n Belangrike taak vir die ouers en die adolessent is die hantering van seksualiteit. Wanneer ouers hulle eie seksualiteit gemaklik hanteer en die huis 'n plek is waar inligting in hierdie verband verskaf word, is die gesin meer ontvanklik vir die verhoogde seksualiteit van die adolessent. Die gesin bied dan 'n raamwerk waarbinne gevoelens ten opsigte van hierdie nuwe belangrike aspek van die adolessent se lewe, uitgedruk word. Wanneer die

groeïende seksualiteit geïgnoreer of ontken word, gee dit aanleiding tot 'n negatiewe selfbeeld ten opsigte van seksualiteit. Ouers en kinders van dieselfde geslag ervaar konflik en verwarring wanneer die ouers hulle kinders as volwassenes begin sien. Wanneer die dogter opgroeï tot 'n vrou, kan die ouer dit moeilik vind om op 'n gesonde wyse met die dogter te identifiseer. Dit is belangrik dat die vader met die seun sal identifiseer, nie slegs as sy kind nie, maar ook as 'n volwasse man (Preto & Travis 1985:27).

3.4.9 Streshantering by die adolessent

Uit al die voorafgaande inligting kan daar nie 'n ander afleiding gemaak word as dat adolessensie 'n uiters stresvolle tydperk is nie. Die voortdurende stryd tussen afhanklikheid en onafhanklikheid laat 'n gevoel van onsekerheid by die adolessent en sy gesin ontstaan. Stres is eie aan die moderne tyd en deel van elke mens se daaglikse bestaan. Groter eise word aan almal gestel terwyl egskeidings, geweld, poletiek, selfmoord, gesinsmoord, drankmisbruik en kindermishandeling daaglik toeneem. Die lewenspas is vinnig en versnel steeds. Druk om te presteer, te kompeteer en uit te blink op elke lewensterrein neem ook steeds toe. Die volgepakte dagprogramme van adolessente oortref steeds die van die topbestuur van ons land. Vir adolessente word dit al hoe moeiliker om voor te bly of selfs net by te bly! Ook op geestelike gebied kom die adolessent al hoe meer voor moeiliker keuses en besluite te staan. Wat eers maklik en voor die hand liggend was, is nou nie meer so eenvoudig nie. Verder moet versoekings wat vroeër deur pa en ma teengestaan is, nou op eie krag bestry word. Die eise en verwagtinge van die portuurgroep speel ook 'n rol.

Gebeure word as stresvol ervaar indien dit gekoppel is aan 'n negatiewe uitkoms, 'n sosiale herrangskikking noodsaak en as ongemaklik beleef word.

Die ervaring van bepaalde situasies hang ten nouste saam met die persoonlike karaktereienskappe van die individu. Individue verskil van mekaar ten opsigte van die wyses waarop gebeure ervaar en waargeneem word. Die uitwerking van chroniese, akute en stresvolle gebeure hang af van die interaksie tussen die karaktereienskappe van die stressor en die individu. Die gevolg hiervan is dat elke individu op sy eie unieke manier stres sal hanteer. Wanneer verwys word na die hantering van stres, word daar onderskei tussen die benadering tot stres en die vermyding van stres. Vermydingstrategieë behels die kognitiewe pogings om stres te ontken. Sodoende word gepoog om weg te kom van die probleem en word die situasie nie gekonfronteer of hanteer nie (Ebata 1991:1100).

Wanneer die adolessent gekonfronteer word met 'n probleem, word 'n verskeidenheid hanteringstrategieë aangewend. Die adolessent kan begin om op ander aspekte buite die huis wat beter sekuriteit aan hom bied te konsentreer. Deur hierdie fokusverskuiwing beskerm die adolessent homself teen die spanning en die chaos in die huis (Keshet & Mirkin 1985:276).

3.4.10 Veranderende waardes, moraal en godsdienstige gevoelens

Louw et al. (1984:128-129) beskou adolessensie as 'n fase van ontwikkeling en verandering: "Die adolessent moet dus ontwikkel tot 'n intaktheid waarin daar skakeling ontstaan tussen alle aspekte van die self (gedagtes, gevoelens, motiewe, ideale, drome, keuses, gedrag) en die sosiale omgewing". Dit is dus duidelik dat adolessensie 'n fase van ontwikkeling is waarin die jongmens homself van tradisionele bindinge en vanselfsprekenhede moet losmaak. Dit is 'n fase van kritiese sifting en toetsing waardeur bestaande waardes, opvattinge en verhoudinge radikaal

verander en bevraagteken word met die oog op 'n inisiëring van nuwe lewenspatrone (Louw et al. 1984:129).

Die adolessent bevraagteken die bestaande norme. Omtrent alles word bevraagteken. Die groep waarin hy hom bevind is nie van veel hulp nie aangesien hulle dieselfde vrae vra en ook alles bevraagteken. Die geestelike vrae wat gevra word lei hom nie altyd weer terug na die tradisionele kerk nie. Hy wend hom tot 'n bepaalde musiek, veral indien die kerk nie bevredigend aandag aan sy behoeftes gee nie (Davis 1986:269). Soos wat die fase gekenmerk word deur vrae en kommer oor sekere sake by die adolessent, is dit ook die geval met geloofsake. Dit wil voorkom asof daar by die adolessent in 'n groot mate antagonisme is teenoor sy geloofslawe en dat hy belangeloos is wanneer dit kom by aspekte van skuld en dit wat reg en verkeerd is (Davis 1986:268-269).

Die basis van geloof is vertroue. Hierdie vertroue behels enersyds 'n vertroue in die lewe en andersyds 'n vertroue in God. Kinders leer by ouers hoe om 'n basisvertroue te ontwikkel. Aangesien die kind omring word deur liefde en aandag, leer hy om vertroue te kry in die wêreld waarin hy leef. Die teendeel is ook waar, naamlik dat indien kinders in hulle heug 'n gebrek aan hierdie warmte gehad het, dit vir hulle moeilik is om later basisvertroue aan te leer. (Dingemans 1991:123). Indien hierdie vertroue ontbreek, gee dit aanleiding tot probleme en wantroue in die lewe. Adolessente bespreek dan nie meer hulle probleme met hulle ouers nie en dis waarom ouers hulle verbasing uitspreek na hulle kind se selfmoord.



3.4.11 Differensiasie van die ouers

Adolessensie is 'n belangrike oorgangstydperk in die ontwikkeling van die kind. Dit is die tyd waarin elkeen 'n nuwe blywende definisie vorm van wie en wat hy as persoon is. Adolessensie word beskou as die jare van fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele transformasie. Die kind groei uit sy kinderjare tot die soort mens wat hy gaan word (Richards 1972:94). Hierdie fase is die tydperk van huisverlating; nie omdat die kind die huis fisies verlaat nie, maar omdat hy in 'n groot mate van sy ouers differensieer. Daar ontstaan konflik in die adolessent self, aangesien sy gevoelens varieer tussen gevoelens van kohesie en differensiasie. Dit is noodsaaklik dat daar 'n gesonde balans sal wees tussen hierdie verskillende gevoelens van kohesie en differensiasie.

Vir die identiteit van die adolessent is dit belangrik om verskillende verhoudings te toets om sodoende te leer hoe om in verskillende verhoudings op te tree. Ander gesinslede sal die adolessent afsydig beleef omdat hy algaande na buite betrokke raak. Hierdie oorgang van kindwees na adolessensie kan deur die gesin as 'n verlies van 'n kind ervaar word. Ouers voel verwerp en meen dat hulle nie meer nodig is nie. Baie keer skep dit onnodige spanning in die gesin, dit sal dus nie vreemd wees dat ouers hulle ouerskap bevraagteken en deur 'n depressiewe tyd gaan nie (Preto & Travis 1985:28). Die proses van differensiasie is 'n tydperk van herdefiniëring van verhoudings in die gesin. Die adolessent distansieer sielkundig van die gesinseenheid en toets sy eie identiteit afsonderlik en in onderskeiding van die ouers. Die invloed van die differensiasieproses sal in 'n groot mate bepaal word deur die gesinskohesie. Kohesie word beskou as die emosionele binding wat onderling tussen gesinslede bestaan. Vir die ouers is dit belangrik om van hierdie identiteitsvormings- en differensiasieprosesse kennis te dra ten einde

die adolessent met verdraagsaamheid te hanteer en groter begrip te verkry en te toon vir die onverdraagsaamheid van die kind (Erikson 1980:98).

In die verhouding met die ouers is een van die hooftake juis differensiasie. Differensiasie is die proses van losmaking van die ouers. Die adolessent het die sielkundige taak om 'n eie persoon te word, waarin hy sy eie houdings en geloof vorm. Differensiasie kom regdeur die lewe voor. Gedurende adolessensie is dit belangrik dat differensiasie reg sal plaasvind, aangesien dit een van die belangrikste tydperke is waarin dit gebeur. In die onbetrokke gesin vind die adolessent 'n gebrek aan diepte ten opsigte van binding met die ouers. In die vervlegte gesin is dit weer vir die adolessent moeilik om weg te breek van die ouers en 'n eie identiteit te vorm. Die gevolg hiervan is dat die onderskeie lede van die gesin so nou aan mekaar verbonde is, dat hulle nie van mekaar losgemaak kan word nie. Elkeen sukkel om 'n onderskeid te tref tussen die eie self en die self van die ander. Rebelle is dikwels die enigste manier om los te kom van hierdie naby verhoudings. Sommige adolessente slaag nooit daarin om uit hulle naby verhoudings uit te breek nie en kan nie eie afsonderlike gesinne en huishoudings handhaaf nie. In sulke gevalle kom wedersydse inmenging in die onderskeie huishoudings voor (Balswick & Balswick 1991:145).

Dit is duidelik dat die impak van adolessensie oor geslagte heen ervaar word. Soos wat die ouers en die kinders vasgevang is in die take van hierdie fase, kan onopgeloste konflik tussen ouers en hulle ouers opnuut na vore tree (Preto & Travis 1985:24). Nie alle adolessente is toegerus om hierdie veranderingstyd te hanteer nie. Veral kinders wat misluk het in die bemeestering van vroeëre uitdagings in hulle kinderlewe (soos vordering op skool, aanvaarding deur hulle vriende en die sluit van vriendskapsbande), sal nie in staat wees om die eise van adolessensie te hanteer nie (Masten

1991:225). So lei hierdie en ander faktore tot selfmoordgedrag onder die adolessent

3.4.12 Die lewensfase van die gesin met adolessente

Die voorafgaande ontwikkeling van die adolessent is vervleg met die ontwikkeling van die gesinsverhaal. Ten opsigte van die lewensiklusteorie is adolessensie 'n tydperk van identiteitsvorming wat die basiese take van skeiding en individualisering insluit (Carter & McGoldtick 1989:15). In die bestudering van die adolessent is dit noodsaaklik om sy konteks in ag te neem. Dit sou feitlik onmoontlik wees om effektief met die adolessent in 'n krisis te werk sonder dat daar gekyk word na die ontwikkelingsfase van die gesin waarin die adolessent hom tans bevind. Hierdie kennis word verkry deur kennis te neem van die lewensfase waarin die gesin hulle bevind.

Die adolessente fase van die lewensiklus strek van die begin van adolessensie van die eerste adolessent af tot en met die volwassenheid van die laaste adolessent in die gesin. Vir sommige gesinne is hierdie verandering die grootste verandering in die gesin sedert die geboorte van die eerste kind (Preto & Travis 1985:23).

Volgens Carter en McGoldrick (1989:3) gaan die gesin deur ses verskillende lewensfases. Tydens elkeen van die fases kan veranderinge en aanpassings onderskei word.

- Huisverlaat: Enkel jong volwassenes
- Die samevoeging van families deur die huwelik: Die nuwe egpaar
- Gesinne met jong kinders
- Gesinne met adolessente
- Kinders verlaat die huis

- Gesinne in die later lewe

Adolessensie is die tydperk in die gesin waartydens elkeen in die gesin strukturele skuiwe maak. Rolle met betrekking tot ten minste drie geslagte verander. Die feit dat die adolessent meer outonomie en onafhanklikheid verkies, lei daartoe dat verskuiwings in verhoudings oor geslagte heen plaasvind. Waar die eise deur die adolessent gestel word, gebeur dit dikwels dat daar onopgeloste konflik tussen hom en sy ouers ontstaan asook tussen die ouers onderling (Preto & Travis 1985:255). Die tydperk van adolessensie gaan gewoonlik gepaard met die middeljare van die ouers. Wanneer die gesin gevolglik die verskillende krisisse gelyktydig beleef, kan daar spanning ontstaan. Beide ouers en kinders gaan deur ontwikkelingspanning, wat die potensiaal vir konflik geweldig verhoog (Balswick & Balswick 1991:133). Tydens die fase van ontwikkeling besef baie volwassenes dat baie van hulle ideale bloot drome sal bly en dat slegs 'n beperkte tyd oor is om ideale te laat realiseer. Situasies wat oor jare heen ervaar is, word nou 'n groot frustrasie.

Soos wat die gesinsisteem deur die verskillende lewensfases beweeg, ontwikkel nuwe metodes van sorg en stresshantering, veral ten opsigte van die eise van die buitewêreld. Elke gesin behoort die eie uniekheid en individualiteit te ontdek en metodes van gepaste krisishantering te ondersoek (Koman & Stechler 1985:7).

Aangesien daar onderlinge verhoudings binne die gesin bestaan, is die gesin veronderstel om 'n oop, eerder as geslote sisteem te wees. 'n Geslote sisteem het ondeurdringbare grense, wat geen interaksie met die omgewing toelaat nie. 'n Oop sisteem ruil voortdurend energie en/of informasie uit. 'n Balans tussen die openheid en die afstand na buite is juis vir die gesin met adolessente noodsaaklik, veral aangesien dit spesifiek die tyd is wat beweging na buite gereeld plaasvind (Koman & Stechler 1985:6). Gesinne

met adolessente gaan daartoe oor om nuwe grense vas te stel, wat meer deurdringbaar raak. Die adolessent open 'n totaal nuwe era van waardes vir die gesin deurdat verskillende vriende en nuwe idees huis toe gebring word. Dit is noodsaaklik dat grense nie rigied moet wees nie, maar dat die adolessent vryheid sal ervaar om rond te beweeg en dinge waartoe hy in staat is alleen te doen. Hy moet egter die vrymoedigheid neem om afhanklik te wees in tye wanneer hy nie alleen kan optree nie (Carter & McGoldrick 1989:18).

3.4.13 Portuurgroepverhoudings

Net soos vervleg met gesinsverhoudinge is die ontwikkeling van die adolessent vervleg met ander verhale van sy portuurgroep. Adolessente het 'n baie groot behoefte om 'te behoort'. Dit is nie vreemd dat hulle sosiale ontwikkeling gekenmerk word deur 'n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by die portuurgroep nie. Hierdie interaksie met die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die adolessent se psigososiale ontwikkeling. Die portuurgroep bied nie net bevrediging vir die adolessent se emosionele behoeftes nie, maar dien ook as belangrike bron van inligting en dit skep terselfdertyd geleentheid vir sosialisering. Die adolessente portuurgroep kan in baie gevalle beskou word as 'n aparte kultuur wat die oorgang van die kinderfase na volwassenheid vergemaklik (Louw 1998:454).

Alle adolessente word nie deur die portuurgroep aanvaar nie. Sommiges word weens persoonlikheidstrekke beter aanvaar as andere. Diegene wat verdraagsaam, simpatiek, vrolik, buigsaam, lewenslustig en entoesiasties is, is meer geneig om aanvaar te word. Ander kenmerke wat bydra tot aanvaarding is aantreklikheid, humorsin, selfvertroue, ensovoorts.

Adolescente wat geen selfvertroue het nie, teruggetrokke, senuweeagtig, skaam en selfgesentreerd is, asook diegene wat nie op ander se behoeftes let nie, taktloos en sarkasties is en aggressiewe gedrag toon, word gewoonlik nie deur die groep aanvaar nie. Die meeste adolessente beoordeel hulle waarde gemeet aan ander se reaksies en is afhanklik van die portuur se goedkeuring, ondersteuning en aanvaarding vir gesonde sielkundige ontwikkeling (Louw et al. 1998:457).

Ongewilde adolessente is dikwels emosioneel ontwrig, behep met hulself en toon 'n negatiewe selfkonsep. Wanneer die groep hulle verwerp, neem hulle sosiale isolasie toe en hulle selfvertroue verminder verder. 'n Onvermoë om portuurverhoudings aan te knoop, kan ook bydra tot skolastiese en gedragsprobleme. Daar is egter ook adolessente wat nie noodwendig deel van die portuurgroep wil wees nie, omdat hulle belangstellings anders as die van die groep is en hulle in so mate reeds seker van hul identiteit en doelwitte is, dat hulle nie 'n behoefte aan groepsteun en kommunikasie het nie. Dikwels verskaf slegs een goeie vriend of vriendin die nodige kameraadskap en ondersteuning (Louw et al. 1998:157).

- Konformiteit

'n Kenmerk van adolessente portuurgroepverhoudings is die toename in konformiteit. Konformiteit verwys na die neiging om toe te gee aan sosiale druk. Dit is in werklikheid 'n komplekse proses wat deur die adolessent se ouderdom, spesifieke behoefte en die situasie beïnvloed word. Jong adolessente is meer geneig om te konformeer omdat hulle baie sensitief is vir goedkeuring van die portuurgroep en sal dus enige iets doen om die groep se goedkeuring te geniet. Nie genoegsame selfvertroue en onafhanklikheid is ook 'n rede om te konformeer, in hierdie opsig kan die portuurgroep in

onsekere situasies riglyne bied. Konformering met die portuurgroep bied die adolessent 'n mate van sekuriteit in sy strewe na outonomie. Waar 'n sekere mate van konformering vir adolessente 'n voordeel inhou kan 'n oormaat daarvan negatiewe resultate oplewer. Druk van die portuurgroep is nie die enigste rede wat veroorsaak dat adolessente negatiewe gedrag toon nie; dit is eerder 'n komplekse interaksie wat ook faktore soos persoonlikheidstrekke, gesinsagtergrond, opvoedkundige status, kultuur en sosio-ekonomiese faktore insluit (Louw et al. 1998:459).

- Vriendskapsverhoudinge

Vriendskappe is vir adolessente baie belangrik, dit verskil ietwat van die vriendskappe in hulle kinderjare. Tydens adolessensie ontwikkel hulle 'n groter behoefte aan intimiteit en selfopenbaring. Dit beteken dat adolessente hulle vriendskappe al hoe meer baseer op emosionele gehegtheid, betroubaarheid, begrip en opregte belangstelling in mekaar, terwyl hulle ook gevoelens en gedagtes met mekaar deel. Die hegte vriendskappe help adolessente om stressors van adolessensie, die skool en veranderende interaksiepatrone te hanteer. Hekte vriendskappe help ook met selfkonsepontwikkeling. Selfopenbaring en eerlike kommunikasie tussen hegte vriende skep ook geleenthede vir adolessente om nie net hulself te leer ken nie, maar ook om sensitief te wees teenoor ander. Hierdie vaardighede speel 'n rol in hulle identiteitsontwikkeling en ontwikkeling van empatie (Louw et al. 1998:460).

- Romantiese verhoudings

Hierdie is een van die groot gebeurtenisse in die adolessent se lewe. Romantiese verhoudings in adolessente jare het voordele en nadele. Dit wil voorkom of ernstige of vaste verhoudings op te vroeë ouderdom adolessente se interaksies met dieselfde geslag beperk, wat sodoende ook hulle sosiale ontwikkeling kan benadeel. Terselfdertyd word hulle blootstelling aan heteroseksuele interaksies ook beperk, daardeur leer hulle nie 'n verskeidenheid van persone van die teenoorgestelde geslag ken nie. Aan die ander kant kan vaste verhoudings aan die adolessent 'n gevoel van sekuriteit verskaf. Dit bied ook geleenthede om openheid, eerlike terugvoering en die oplos van konflikte te oefen – eienskappe wat belangrike voorvereistes vir die huwelik is (Louw et al. 1998:462).

3.4.14 Adolessente se doodskonsep

“Ek het hierdie beeld van baie klein duiweltjies wat in swart geklee is voor my gehad. Gewoonlik het ek bykans elke nag wakker gelê en oor hulle gedink. Ek het as klein dogtertjie verskeie nagmerries gehad, veral oor monsters en vuur. Ek het al hoe meer begin dink oor die hel en wat moontlik daar aangaan. Soos wat ek ouer geword het, het ek by myself gedink dat al hierdie dinge nie moontlik is nie, dis te kinderlik. Ek het later begin dink dat die hel soos 'n graf is waarin jy wakker word en niemand kan jou red of hoor nie. Hemel was weer vir my soos baie mooi groen vlaktes met baie blomme en mooi bome waar 'n mens die ander mense se stemme kan hoor.”

- Gesprek met Ansie -

Volgens Kastenbaum (1986:13) is dit in die adolessente fase waar 'n mens vir die eerste keer 'n kykie kry van wat die wêreld moontlik mag wees. Daarin is

natuurlik 'n paradoks geleë, in die sin dat die adolessent ook begin agterkom wat die wêreld ook nie mag wees nie. Met al die ontwikkelinge wat die adolessent deurgaans begin die konsep van lewe en dood 'n realiteit word.

Ten einde by die adolessent se konsep van die dood uit te kom is dit nodig om te kyk na die adolessent se ontwikkeling oor die konsep van die lewe. Labuschagne (1987:129) verwys na Piaget se beskrywing van hoe die kind deur vier fases gaan om tot die begrip van lewe te kom. Die eerste fase het betrekking op die vier tot sesjarige kind wat alles wat beweeg of beweeg kan word as lewendig beskou. In fase twee sien die ses en sewejarige kind alleenlik nog die dinge wat beweeglik is, as lewendig aan. In die derde fase sien die agt tot tienjarige kind weer net die dinge wat vanself kan beweeg as lewendig aan en die vierde fase verteenwoordig die elfjarige en ouer kind, wat die lewendige dinge tot die dierelewe beperk, maar soms tog plante daarby insluit.

Elke kind het 'n bepaalde begrip van die lewe en wat dit is om te lewe. Daarteenoor het die adolessent 'n bepaalde konsep van die dood, naamlik die gebrek aan lewe. Die konsep wat 'n adolessent van die dood het, word beïnvloed deur die samelewing, bepaalde omstandighede waarin hy hom bevind, asook die kultuur. Die adolessent se persoonlike norm- en waardesisteem is ook baie belangrik. Bepaalde faktore wat in die moderne tyd die konsep van die dood sterk beïnvloed en daarmee saam direk tot die toename in selfmoord bydra, naamlik:

- Die verminderde eerbied vir die lewe self
- Die vryheid van die adolessent om oor sy eie lewe te besluit
- Die samelewing se aanvaarding van selfmoord as 'n uitweg uit die lewensprobleme

- Die nugter wyse waarop mense hul selfmoord beplan, veral by die sogenaamde rasonale selfdoding waar 'n persoon byvoorbeeld aan 'n ongeneeslik siekte ly.

Konseptontwikkeling is 'n langdurige proses. Dit is baie subjektief van aard en 'n jongmens kan 'n konsep werklik eers vorm, insien of begryp wanneer hy reeds abstrak kan dink. Vir konsepvorming is dit ook nodig dat die adolessent reeds verhoudinge kan begryp, byvoorbeeld die verhouding tussen oorsaak en gevolg of die verhouding tussen ondervindinge en vorige ondervindinge. Hy moet ook onderlinge betekenis kan onderskei en moet ook rede kan insien. Konsepvorming behels dus induktiewe, deduktiewe en kreatiewe denke (de Jager 1993:70).

Ouers probeer die kind van jongs af beskerm teen die dood en alles wat daarmee gepaard gaan. Selfs wanneer die kind se troeteldier dood gaan, help hulle nie die kind altyd om die hartseer wat daarmee gepaardgaan te verwerk nie. Die meeste ouers vervang die troeteldier so spoedig moontlik met 'n ander een, miskien nog een wat baie dieselfde lyk as die afgestorwe een. Sommige ouers vandag hou hulle kinders weg van begrafnisse en selfs mense wat ernstig siek is. Verder word gesprekke oor die afgestorwene vermy, met die gevolg dat die kind homself na binne keer, sy gevoelens opkrop en sy intense hartseer alleen ervaar en moet verwerk (de Jager 1993:71).

Sommige adolessente en kinders sien die dood as hierdie wonderlike gebeurtenis, soos uitgebeeld deur die televisie, in die teaters, in boeke en tydskrifte. In baie gevalle romantiseer die adolessente die dood en die effek wat dit op die geliefdes wat agterbly sal hê. Somtyds word die dood as 'n rustige slaap beskou wat alles beter sal maak. Somtyds word die dood gesien as 'n manier om iemand te straf of om mense oor te haal om hulle liefde vir

hulle te wys. Somtyds is die adolessent onder die indruk dat hy na die dood teenwoordig sal wees om die voordeel te trek uit die straf wat hy die persoon wil laat verduur (Shamoo & Patros 1990:24-25).

Dit is nie buitengewoon vir adolessente om groot satisfaksie te kry uit fantasië oor die dood nie. Sommige adolessente sien die dood as 'n manier om herenig te word met 'n afgestorwe geliefde. Dit word ook gesien as 'n manier om hulle liefde uit te druk teenoor 'n geliefde wat gesterf het of iemand waarvoor hulle baie lief was, maar wat hom verwerp het. Dit wil voorkom asof slegs 'n klein persentasie van dertien tot sestienjarige adolessente die dood as 'n totale finaliteit sien. Wanneer adolessente gepreokkupeer word deur denke en fantasië oor die dood gee dit vir hulle 'n gevoel van mag en van in beheer wees. Sommige voel dat hulle selfs krag oor die dood het "...they feel they can control when and where it wil happen. By choosing, through suicide, when and where they will die, they achieve a sense of immortality." (Shamoo & Patros 1990:25). Adolessente sien ook die dood as 'n uitkoms uit 'n situasie van magteloosheid en hulpeloosheid, dit kan in so groot mate wees dat die gevoel om vry te wees hulle laat selfmoord pleeg.

Vroeër jare het die meeste mense in hulle huise gesterf terwyl die familie, jonk en oud teenwoordig was. In daardie tyd was kinders en adolessente bekend met die dood, daardie ervaringe het daartoe bygedra dat hulle die dood gesien het as 'n normale deel van die lewe. Met die vordering van mediese tegnologie het die meeste mense in hospitale gesterf en leef mense ook langer, die gevolg is dat weinig kinders en adolessente dood beleef. Meeste adolessente was nooit teenwoordig wanneer iemand sterf nie en dit maak dit moeilik om openlik oor die dood te praat (Shamoo & Patros 1990:25).

Meeste adolessente dink aan die dood as iets wat ver in die toekoms is en alhoewel die dood finaal is is dit te ver om enigsins bekommerd daaroor te

wees. Adollesente is te vasgevang in die hede, hulle is te besig om te leef vir die hede. Hulle is meer bekommerd oor die kwaliteit van die lewe wat hulle leef as hoe lank hulle gaan leef. Op hierdie stadium van hulle lewe is hulle besig om onafhanklik te raak en daarom is daar nie tyd om oor die dood te dink nie, tensy dit met iemand na aan hulle gebeur. Self dan dink hulle oppervlakkig oor die dood. Dit is nie buitengewoon vir 'n adollesent om 'n dag nadat een van sy vriende verongeluk het, self ook te jaag nie; of wanneer een van sy vriende aan 'n oordosis dwelms dood is, steeds voort te gaan om dwelms te gebruik nie. Dit is asof hulle die dood vermy deur die gevoel van ewige lewe, alhoewel hulle bewus is van die realiteit van die dood. Adollesente sien die dood as iets wat met ander gebeur, hulle betrokkenheid by die hede maak hulle verlede en toekoms onbelangrik. Om adollesensie se konsep van die dood vanuit die hoek te beskou kan 'n mens nie anders as om te besef dat daar geweldige druk op 'n adollesent moet wees wanneer hy sy eie lewe neem nie. Want hy verplaas dit wat ver was binne die hede en dit word die dominante (Shamoo & Patros 1990:26).

- Dood as 'n keuse

Kinders en adollesente gebruik die dood as instrument om te vlug uit 'n onuithoudbare situasie. Adollesente wat selfmoordgedrag toon het minder innerlike krag ten tye van stres en hulle vind dit problematies om hulle ongemak en probleme te verbaliseer en te kommunikeer. Adollesente en veral in die vroeë fase van adollesensie beleef intense gevoelens van woede, hartseer en hulpeloosheid (Shamoo & Patros 1990:26). Baie keer sien adollesente die dood as enigste uitweg aangesien hulle weinig lewenservaring het en ook nie veel tegnieke om probleme op te los nie. In latere jare soos wat lewenservaring opgedoen word en stres beter hanteer kan word, word die moontlikheid om selfmoord te pleeg minder, aangesien

daar vanuit die bron van die verlede geput kan word ten einde 'n beter hede en toekoms daar te stel.

- Dood in verhouding met verlies

Wanneer die dood misverstaan word, kan dit veroorsaak dat enige tipe verlies as rede vir selfmoord gesien word. Dit hoef nie net die verlies van 'n ouer te wees nie, dit kan ook die verlies van 'n vriend, troeteldier, status of selfbeeld wees. Vir adolessente is dit baie belangrik wat ander van hulle dink veral die eie portuurgroep, daarom sal die verlies van selfrespek as gevolg van 'n swak rapport genoeg rede wees om sy eie lewe te neem. Verlies kan ook ervaar word wanneer hulle voel dat hulle in die steek gelaat is deur iemand op wie hulle hulle vertrouwe geplaas het. Adolessente ervaar verwerping baie intens en daarom kan dit as verlies beskou word. Wat ookal die verlies, die resultaat is 'n baie sterk gevoel van hulpeloosheid en dood lyk vir hulle na die enigste uitweg (Shamoo & Patros 1990:27).

- Doodsbegeerte

“Ek weet ek sou waarskynlik nie hemel toe gaan nie, maar dit sou net wonderlik wees om alleen te wees, weg van alles af. Die dood was vir my 'n oplossing, ek sou weg wees van al die spanning en tranes. Dit sou die einde wees aan al my moeilikheid. Dit sal 'n rustige slaap wees”

- Gesprek met Karin -

Vir die adolessent is dood baie keer wat dit nie is nie. Karin het 'n begeerte gehad om dood te wees, om weg te kom van al die hartseer en tranes. Dit sou nie regtig saak maak waarheen sy gaan nie, hemel of hel toe nie. Sy wou net

wegkom van alles. Sy wou net “lekker slaap”. Dit was Karin se intense begeerte om weg te kom en al uitweg wat sy kon vind was selfmoord, die dood. Dis so asof daar ’n simbiose is tussen lewe en dood. As ek nie meer die begeerte het om te leef nie, dan raak die dood al hoe aantrekliker en begeerliker. Om ’n doodsbegeerte te hê, beteken nie dat Karin nie bang is vir die dood nie. Haar omstandighede is net so ondraaglik dat sy nie meer omgee nie. Die dood is vryheid. Na my verdere gesprek met Karin het ek agtergekom dat daar tog vrees rakende die dood by haar teenwoordig is, maar die begeerte om weg te kom van die probleme was groter as die vrees vir die dood.

3.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ’n verkennende ondersoek gedoen van die unieke lewensfase en die besondere kenmerke van die adolessent. Hierdie hoofstuk het bevestig dat die tydperk van adolessensie ’n kritieke fase is; ’n fase waarin die adolessent besig is om sy lewensverhaal te skryf. Verskillende verhale dra by tot die vorming van die self: die persoon. Die verhale is nie altyd opbouend nie, veral soos in die gevalle van Alta en Ansie. Somtyds veroorsaak die verskillende verhale baie spanning en lei dit tot ’n verduisterde toekomsverhaal of ’n misvorming van die selfkonsep. Die adolessent moet sy lewensreis voortsit, ten spyte van negatiewe aspekte in sy milieu.

In hoofstuk vier word die agtergrondverhaal verder uitgebrei, met spesifieke verwysing na die adolessent wie se lewensverhaal intens pynlik is en was. In soerge mate dat daar reeds selfmoordpogings was en steeds selfmoordgedrag voorkom.

HOOFSTUK 4

AGTERGRONDVERHALE OOR SELFMOORD ONDER ADOLESENTE

“LIFE”

Life never seems to give you a break even when you don't need one it still doesn't give it to you.

I sometimes wonder what would happen if you could just freeze life, get off and start it up again; I don't think any one would notice I'm gone. (suicide)

Life is such a big word and has an even bigger meaning even I don't understand. Life seems ever changing like the seasons or even more like the world, you never know where you stand or where you are supposed to be.

Death means a lot, you don't really notice how big a role it plays in your life till you meet it face to face.

Sometimes I wonder if there is life after death, I would like to believe it but I don't.

It is hard to live with life, but you should just take it as it comes to you. When you die, you die and I don't believe that you come back.

Life is strange, and if you make a mistake you can't take it back. What's done is done, you can say you are sorry but you can never take it back.

Don't make the same mistakes again.

- Daleen -

Daleen se ouers het my geskaker nadat Daleen herhaaldelik probeer selfmoord pleeg het. Hierdie was 'n skets wat sy geskryf het om haar gevoelens uit te druk. Hierdie stuk projekteer enkele gedagtes oor die adolessent soos in hoofstuk 3, genoem.

Daleen het die skets geskryf toe sy 16 jaar oud was. Sy was toe 'n adolessent en die tekens daarvan is baie duidelik. Die neigings tot selfmoord is ook duidelik te sien vanuit die gedig. In hoofstuk drie is daar geskryf dat die adolessent se ontwikkeling vir hom of haar baie belangrik is, enige misvorming in die adolessent se fisiese ontwikkeling veroorsaak baie spanning. Daleen het aan "skoliose" gely, dit is 'n siekte wat die rug aantast. Sy moes van kinderdae af 'n rugstut dra. Sy kon nie die rugstut wegsteek nie en die kinders het haar baie daarvoor gespot. In die hoërskool het die kinders haar ook gespot en sy het geen seunsvriende gehad nie. Sy was baie alleen. In my gesprek met haar was dit die rede hoekom sy geskryf het "Life never seems to give you a break...". Sy kon nooit wegkom van die gespot af nie. Dit het daartoe gelei dat sy verskeie selfmoordpogings gehad het.

Soos in hoofstuk drie gestateer is, het die adolessent 'n bepaalde persepsie van lewe en dood. Daleen sou bitter graag die lewe wou vries en as't ware weer van voor af *begin* "...if you could just freeze life, get off and start it up again...". Dit is haar diepste begeerte om uit haar huidige omstandighede te ontsnap. Dit het vir haar gevoel asof niemand vir haar omgee nie, daarom dat sy sê "I don't think anyone would notice I'm gone (suicide)..." Die lewe het eenvoudig ondraaglik geraak en daar is getuienis uit die skets dat sy as adolessent wel nagedink het oor die dood. Dit is duidelik te sien dat sy weet alles eindig hier op aarde as jy dood is. Jy kan nie weer terugkom nie. Daar is ook by haar skuldgevoel rakende die vorige selfmoordpogings "...you can say you are sorry but you can never take it back." Daleen is maar een voorbeeld van duisende adolessente wat om die een of ander rede te veel druk ervaar,

nie meer hoop het nie en dan hulle eie lewens neem, net om uit die omstandighede te ontsnap.

Vanuit die vorige hoofstuk wat gehandel het oor adolessente, grens ek in hierdie hoofstuk die agtergrondverhaal af tot selfmoord en selfmoordgedrag onder adolessente. Verhale en sketse soos die van Daleen sal onder die soeklig kom. Daar sal ook in die hoofstuk teoretiese agtergrondverhale en geskiedkundige verhale oor selfmoord en adolessente selfmoord ondersoek word.

4.1 INLEIDING

Selfmoord is as verskynsel al van die vroegste tye bekend, maar sedert Durkheim sy klassieke beskouing van “Le Suicide” in 1897 gepubliseer het, het belangstelling in die bestudering van selfmoord as verskynsel sterk begin posvat by baie wetenskaplikes en navorsers soos sielkundiges, psigiaters, sosioloë, maatskaplike werkers, medici, terapeute en selfs versekeringsmaatskappye (De Jager 1993:27). Selfmoord is oor die algemeen angswekkend en moeilik verklaarbaar. Die voorkoms van selfmoord is egter nie meer so ongewoon soos vroeër nie, self onder adolessente het die syfer angswekkend gestyg.

Selfmoord kan beskou word as een van die ingewikkeldste en onherroeplikste vorms van persoonlike tragedie. Vir die agtergeblewenes is daar altyd die onopgeloste en oorblufte vraag: “Waarom het hy dit gedoen?”. Die meeste studies kan slegs die moontlike redes vir selfmoord aandui. Die soeke na ‘n verklaring van hierdie eienaardige teenstrydigheid wat aan die een kant aandrang om lewe te bewaar insluit en aan die ander kant die impuls om dit te vernietig, het by baie navorsers aanleiding daartoe gegee om selfmoord as

een van die mees omstrede vorms van persoonlike disorganisasie te bestempel.

Rousseau het teen 1770 geglo dat die toename in selfmoord die resultaat is van die toenemende kompleksiteit van die samelewing (Wekstein 1979:22). Hy het verder ook daarop gewys dat primitiewe bevolkings op 'n eenvoudige manier bestaan sonder dat daar juis 'n behoefte by die individu ontstaan om homself/haarself te verenig met die dood. Dit spruit alles voort uit Rousseau se oortuiging van die inherente goedheid van die mens en sy oortuiging dat dit net omgewingsfaktore is wat vir die mens se negatiewe optredes verantwoordelik is. Sy redenasie aangaande selfmoord is nie noodwendig geldig nie. Daar is baie primitiewe volke waarin selfmoord wel voorgekom het. Van die ou Oosterse beskawings het selfmoord trouens aanvaar en selfs die ou tradisie onderhou, soos "suttee" (seremoniële selfmoord van Brahmaanse weduwees in Indië en Sjina) en "hara-kiri" (die gedwonge oopsny van die buik onder Brahmane en Boeddhiste in Japan) (Dublin 1963:99).

Ek wil aansluit by dit wat Rousseau gesê het, dat omgewingsfaktore en die groter sosiale- en kulturele verhale van die gemeenskap en volk 'n beslissende invloed het op die funksionering van die mens. Daarom is dit belangrik dat wanneer daar na die adolessent wat selfmoord wil pleeg gekyk word, soveel moontlik agtergrondverhale ingewin moet word, ten einde perspektief op die situasie te kry. In die hoofstuk sal daar by verskeie agtergrondverhale stilgestaan word.

4.2 Die herkoms van die begrip selfmoord en verskillende sieninge daaroor

Alhoewel selfmoord as verskynsel so oud soos die geskiedenis van die mens self is, is die term selfmoord (suicide) maar eers sedert die sewentiende eeu na Christus vir die daad gebruik. Die engelse woord "suicide" vind sy etimologiese oorsprong in die moderne Latyn wat heenwys na die begrippe "sui" (self) en "caedere" (doodmaak). Die begrip "suicide" beteken dus, soos die Afrikaanse begrip weergee, om jouself dood te maak. Die begrip "suicide" is volgens die Oxford Dictionary (Farberow 1975) eers in 1651 vir die eerste keer in Engels gebruik. In 1644 het Donne die begrip "biathanatos" gebruik (bio = grieks vir lewe; thanatos = grieks vir die doodsdrang) (Labuschagne 1987:17).

Volgens Labuschagne (1987:17) blyk dit uit geskrifte van ou historiese volke dat die term selfmoord nooit by hulle gebruik is nie. Volgens Rosen (1975:4) is daar in die Nuwe Testament net een voorbeeld van selfmoord aangeteken, die van Judas Iskariot en daar word bloot gesê dat hy homself gaan ophang het.

4.2.1 Historiese verhale van teorieë en perspektiewe op selfmoord

Deur 'n die verloop van die geskiedenis is daar bewyse van die verskynsel van selfmoord en die gebruike rondom selfmoord. Alhoewel daar deur die eeue heen in sommige samelewings wetlike sanksies bestaan het teen 'n persoon wat wou selfmoord pleeg, val dit tog ook onmiddellik op dat daar in die verlede uiteenlopende sieninge van en houdings ten opsigte van selfmoord en selfmoordpogings onder verskillende volke, nasies, godsdienste en kulture was (de Jager 1993:53 ; Hyde 1986:34).



Die siening van 'n volk of samelewing oor selfmoord word meestal bepaal deur die godsdienstige oortuigings van so 'n volk of samelewing of deur die maatskaplike, kulturele en morele waardes wat deur hulle daar gestel word. Anders gestel, dit was die groter gekonstrueerde verhale wat binne 'n betrokke samelewing of volk oorheers het. Om die verskynsel van selfmoord en selfmoordgedrag onder adolessente en volwassenes te bestudeer het aanleiding tot verskeie benaderinge gegee. Vervolgens word daar kortliks aandag aan elkeen van hierdie benadering gegee. Elkeen bestudeer die unieke verskynsel vanuit 'n spesifieke hoek.

4.2.2 Literêre verhale oor selfmoord as verskynsel

Om 'n beter begrip van selfmoord as verskynsel te kry, word in die literêre en dokumentêre benadering na die dagboeke en die optekening van die adolessente wat selfmoord gepleeg of beplan het, gekyk. Daar word veral 'n studie gemaak van hoe hulle hul gevoelens en belewinge daaromtrent weergee (de Jager 1993:35).

4.2.3 'n Filosofiese en Teologiese benadering tot selfmoord

Daar was bepaalde filosowe uit die klassieke tydperk wat die een of ander oor selfmoord geskryf het, onder meer Pythagoras, Plato, Aristoteles en Socrates. Wittgenstein het selfmoord gebruik as die toetssteen vir die begin van kennis en toelaatbare aksies of dade (de Jager 1993:35).

Teoreties gesproke verbied nog die Ou Testament nog die Nuwe Testament selfmoord direk. Histories gereken, het die marteling van die vroeë Christene die kerkmense bang gemaak en het hulle selfmoord gesien as sonde. In die

vierde eeu n.C. het Augustinus beweer dat selfmoord 'n oortreding van die sesde gebod is nl. "Jy mag nie moord pleeg nie". In 693 nC. het die raad van Toledo bepaal dat die individu wat 'n selfmoordpoging aanwend, uit die kerk en die gemeenskap geban moet word. Ook Thomas van Aquinas (1225-1274) het geoordeel dat selfmoord 'n sonde is, want dit neem die krag wat God oor die mens se lewe en dood het, weg (de Jager 1993:36).

4.2.4 'n Demografiese benadering tot selfmoord

In 'n demografiese benadering gaan dit hoofsaaklik oor selfmoordstatistieke. In sommige studies wat gemaak word is statistiek belangrik om sodoende sekere punte of hipoteses te bewys. In 'n narratiewe studie gaan dit meer oor die verhaal van die adolessent as die statistiek. Daar kan hoogstens kennis geneem word van die statistiek en ander inligting.

4.2.5 'n Sosio-kulturele benadering tot selfmoord

In die sosio-kulturele benadering tot selfmoord staan veral twee faktore uit, naamlik: dat elke mens gebore is en ontwikkel binne 'n sosio-kulturele matriks en dat die selfmoorddaad verskillende betekenis kan hê.

4.2.6 Durkheim se sosiologiese benadering

Die begin van kontemporêre denke oor selfmoord kan verseker teruggevoer word na Emile Durkheim. Durkheim is gebore in 1858 in 'n klein dorpie in die ooste van Frankryk. Durkheim was 'n uitstekende student. Dit is belangrik om te besef dat Durkheim oor selfmoord gedink en geredeneer het vanuit 'n

sosiologiese perspektief. Hy het nie baie belangstelling getoon om vas te stel wat die rede vir selfmoord by die individu is nie, hy het hom eerder toegespits om selfmoord in terme van groepe en die gemeenskap as geheel na te vors. Vir hom was die volgende siening van belang "...the suicides committed in a given society during a given period of time are taken as a whole, it appears that this total is not simply a sum of independent units, a collective total, but is itself a new fact ...with its own unity...and own nature" (Robbins 1998:35).

Durkheim het sekere hipoteses en bewyse uit statistiek gehad wat sy denke rondom selfmoord beïnvloed het. Volgens hom het selfmoord meer voorgekom onder gemeenskappe waar sosiale integrasie besig was om te verval of verval het. Volgens hom sal die selfmoordsyfer minder wees in gemeenskappe waar die kohesie tussen mense hoër is. "So we reach the general conclusion: suicide varies inversely with the degree of integration of the social groups of which the individual forms part." Hierdie het Durkheim van toepassing gemaak op die verskeie geloofsgemeenskappe, politieke gemeenskappe asook die huislike (Robbins 1998:36).

Durkheim het geglo dat selfmoord onder die Katolieke minder is as onder die Protestante. Of 'n mens saam stem met dit wat Durkheim geglo het of nie, dit was sy standpunt in die laat negentiende eeu. Tot 'n mate maak dit sin dat selfmoord 'n rol speel in gemeenskappe waar sosiale integrasie en kohesie nie so hoog is nie. Durkheim het ook sterk klem gelê op die invloed van die ekonomie op die gemeenskap en die invloed daarvan op die selfmoordsyfer binne die betrokke gemeenskap. (Robbins 1998:35).

Durkheim se sosiologiese benadering (mate van integrasie in die samelewing) tot selfmoord is ook op adolessente toegepas. Egoïstiese selfmoord is te vinde wanneer daar 'n tekort is aan tradisies, waardesisteme, algemeen aanvaarde norme en 'n lae vlak van integrasie in die samelewing of

gemeenskap. Hierdie adolessente voel verwyderd van die samelewing en voel dat hulle, hul probleme alleen moet hanteer. In kontras hiermee is daar die gemeenskap wat die adolessent opneem en as't ware versmoor. Dit is 'n gemeenskap waar daar 'n hoë vlak van sosiale integrasie is. In hierdie gemeenskappe kom altruïstiese selfmoord voor. Adolessente eindig hulle lewe omdat dit voordelig is vir die gemeenskap of as gevolg van eise wat daar deur die gemeenskap gestel is (Robbins 1998:35).

Verder het Durkheim bevind dat in gemeenskappe waarin sosiale instellings sodanig verander het of so vinnig afgebreek is, dat mense verward voel oor hulle posisie en oor hulle doelstellings in die lewe, selfmoord aanwesig is. Hierdie drastiese veranderinge veroorsaak baie onrus. In so geval klassifiseer Durkheim dit as anomiese selfmoord. Durkheim het ook beweer dat fatalistiese selfmoord sal voorkom waar onbuigbare sosiale bande en strukture individue se persoonlike doelwitte kortwiek (Durkheim 1951:219).

4.2.7 Psigoanalitiese teorie

Sigmund Freud was een van die eerste persone in die moderne era om 'n belangrike bydra te lewer tot die studie van die menslike persoonlikheid.

Freud het die volgende gesê en daardeur word baie van dit wat hy oor selfmoord gesê het saamgevat: "For analysis has explained the enigma of suicide in the following way: probably no one finds the mental energy required to kill himself unless, in the first place, he is doing this at the same time killing an object with whom he has identified himself, and in the second place, is turning against himself a death-wish which had been directed against someone else. Nor need the regular discovery of these unconscious death wishes in those who have attempted suicide surprise us as strange...since the

unconscious of all human beings is full enough of such death-wishes, even against those we love” (Robbins 1998:40).

Vanuit die bogenoemde aanhaling van Freud kan die volgende afgelei word. Ten eerste dat iemand wat selfmoord wil pleeg waarskynlik baie kwaad is vir iemand anders, ten tweede dat hierdie kwade gevoelens geïnternaliseer kan word en uiteindelik lei tot destruktiewe gedrag ten opsigte van homself en laastens dat mense hierdie dinge dink op 'n onderbewuste vlak, hulle is dus nie bewus daarvan nie (Robbins 1998:40). Dus in kort word woede geïnternaliseer en vorm dit dan deel van die onderbewuste wat uiteindelik baie skadelik is.

Vanuit 'n psigoanalitiese perspektief verskaf adolessente wat selfmoord wil pleeg 'n eksterne rede vir hulle gedrag. Intern word selfmoord gesien as 'n wyse om die verlies van liefde en ondersteuning te hanteer. Vanuit die psigoanalitiese model is adolessente dus 'n hoë risiko vir selfmoord omdat hulle op 'n baie kwesbare stadium van hulle lewe is. Onvoldoende ego-ontwikkeling mag daartoe lei dat die adolessent selfmoord gedrag begin toon. Ander sieninge vanuit die psigologie sê dat adolessente selfmoordgedrag die resultaat is van onvoldoende kwaliteite wat teenwoordig is vir die hantering van stres. Binne die raamwerk word daar gesoek na gemeenskaplike karaktereenskappe by die adolessente met selfmoordgedrag. (Hollinger & Offer 1981: 303).

4.2.8 Sosiaal Psigologiese teorieë

Sosiaal Psigologiese benaderings beklemtoon die identifisering van situasie faktore (bv. gesinsfaktore, omgewings veranderinge, sosiale faktore, kindermishandeling, verhoudings probleme, ensovoorts) wat in verhouding staan met adolessente selfmoordgedrag. Hier word slegs na twee sosiaal

psigologiese benaderinge verwys, naamlik die sosiale leerteorie en die gesinsisteem teorie .

4.2.9 Sosiale leerteorie

'n Voorbeeld hiervan is as 'n ander gesinslid selfmoord pleeg dan sal die adolessent miskien tot die gevolgtrekking kom dat selfmoord 'n aanvaarbare manier is om van lewensprobleme te ontvlug. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat adolessente eerder patologiese gedrag aanleer as om hanteringsmeganismes aan te leer (Henry 1998:42).

4.2.10 Gesinsisteem teorie

Eerder as om selfmoordgedrag te beskou as 'n resultaat van iets individueel (hulpeloosheid, depressie) word dit hier beskou as 'n simptome van gesinsdisfunksie. "Adolescents who attempt suicide may unwillingly be helping their families avoid painful issues, such as acceptance of a family member's leaving home, or diverting attention from family conflicts...suicidal adolescents become the focal point of their families, leaving other family problems intact" (Henry 1998:42). Indien so adolessent sou herstel is die moontlikheid daar dat 'n ander lid in die gesin simptome sal ontwikkel wat dan die middelpunt van die gesin se belange vorm. Om dus 'n gesin sistemiese benadering te volg beteken om verandering binne die gesinsisteem as geheel te bring eerder as om net op die simptome van die adolessent te fokus.

4.2.11 Baumeister se ontvlugtingsteorie

Schneidman sê dat selfmoord te doen het met die beëindiging van onuithoudbare pyn by 'n persoon. Die motivering is om te vlug van akute stres. Roy Baumeister, 'n sielkundige sê: "Although stipulating that the escape motivation does not cover all cases of suicide...he considered that a major cause of self-destructive behaviour was the desire to escape from aversive emotional states and high self-awareness" (Henry 1998:43).

Baumeister se teorie of model sluit ses hoofstappe in naamlik (Henry 1998:43):

- Die adolessent ervaar 'n gebeurtenis wat baie teleurstellend is, ver onder verwagting. Waarskynlik was dit te hoë doelwitte wat gestel is wat die teleurstelling veroorsaak het.
- Wanneer die gebeure geïnterpreteer word, word die skuld op hom as adolessent geplaas. Dit is amper asof die gebeure geïnternaliseer word.
- Intussen begin die adolessent skuldgevoelens ontwikkel omdat die hoë standaard wat daar gestel is nie bereik kan word nie. Hy begin voel dat hy nie goed genoeg is nie.
- Depressie en ander negatiewe emosies begin sy lewe oorneem.
- Die adolessent probeer om uit hierdie ongelukkige emosionele toestand te ontvlug deur homself kognitief af te breek. "Baumeister speaks of cognitive deconstruction as less meaningful, less integrative forms of thought and awareness" (Henry 1998:43). Die adolessent sal 'n algehele doodse leegheid voel en totaal passief begin raak.
- In hierdie afgebreekte toestand is die kans hoog dat die adolessent sal oorgaan tot selfmoord. Die adolessent word gekenmerk as irrasioneel, passief en waarskynlik depressief. Hy kan nie meer logies

dink nie en kan ook nie meer aan oplossings vir probleme dink nie. Daar moet dan 'n uitweg of ontvlugting gevind word uit hierdie pynlike toestand. In die meeste gevalle is selfmoord die oplossing.

4.2.12 Biologiese teorie

Daar is ook biologiese faktore wat bydra tot adolessente selfmoord, daarom dat daar ook so 'n benadering of teorie is. "Suicidal behaviors have biological foundations, such as psychiatric disorders, the biological transmission of suicidal precursors, biochemical changes which make adolescents more vulnerable to affective disorders, and whether they had a difficult birth or if their mothers were ill during pregnancy" (Henry 1998:64). Die verhouding tussen fisiese siekte en selfmoord val ook binne die benadering.

4.2.13 Ekosistemiese benadering

In kontras met ander teorieë is die ekosistemiese benadering 'n multidissiplinêre benadering. Onder die benadering word die adolessent byvoorbeeld gesien as 'n individu, maar ook iemand wat deel uitmaak van 'n gesinsisteem en ander sub sisteme, asook ander sisteme soos die skool, kerk, ensovoorts wat 'n invloed op hom uitoefen. "Adolescent suicidal behaviors may be viewed as the result of difficulties that arise in the 'interplay of biological, psychological, social and cultural forces at work in transforming an child into a adult" (Henry 1998:66). Die ekosistemiese benadering werk dus nie net met spesifieke faktore nie, maar neem die hele spektrum, al die sisteme wat 'n invloed op die adolessent kan hê, in ag.

4.2.14 Konklusie

Adolesente jare behels ook kammervrye en wonderlike tye: skool, sport, vriende, lekker lag en vrolik wees. Dit is die ideale prentjie maar, dit is nie altyd die geval nie. In hedendaagse omstandighede is dit moeilik om 'n adolessent te wees. Eerstens is jy nog besig om jouself te vind en tweedens word jy nie kwytskel van die wêreld met sy probleme nie. Hierdie is benaderings tot adolessente selfmoord of net selfmoord in die algemeen, want almal het nie adolessente as teikengroep beskou nie. Dit is steeds oop vir nuwe benaderings soos wat die wetenskap en navorsing ontwikkel. Dit was belangrik vir die studie om kortliks die verskillende benaderings aan die woord te stel en dan teselfde tyd te bevestig dat in die studie meer op die narratiewe benadering wat binne die sosiaal konstruksionistiese paradigma funksioneer, gekonsentreer sal word. Vir my as navorser is dit belangrik om alle "verhale" op die tafel te plaas. Om soveel moontlik "verhale" aan die woord te stel "...no single theory is very helpful in explaining why one person resorts to suicide and another does not...each person has a different combination of reasons...loneliness, hate, hopelessness...and these feelings, along with others, probably exist in an endless variety of combinations...the suicidal crisis appears to come most often when the victim feels no hope for the future" (Hyde 1986:33). Alhoewel daar baie teorieë oor selfmoord is wat 'n bydrae wil lewer om selfmoord te voorkom, wil dit lyk asof selfmoord eerder 'n vrees vir die lewe met sy probleme is, as vir die dood.

Die narratiewe benadering vra vir onbevange luister na die adolessent se verhaal. Wanneer die adolessent dus sy verhaal vertel kan die verskillende verlede-verhale wat na vore kom vanuit een of verskeie van die benaderinge kom. Daar kan verhale wees wat betrekking het op die biologiese, die gesin of samelewing.



4.3 Ander sienswyses en standpunte oor selfmoord

As vorm van menslike gedrag is selfmoord sekerlik so oud soos die mens self. Selfmoord word reeds vir duisende jare beoefen deur primitiewe gemeenskappe. Die verskynsel van selfmoord is deur die eeue heen met 'n wye verskeidenheid van emosies aanvaar of verstoot. Emosies van totale verwerping tot aanvaarding binne omstandighede tot 'n algemene kulturele praktyk. Hierdie is maar net 'n paar van die emosies rakende selfmoord. Dit kan ook beskou word as dominante verhale van hulle tyd binne die perspektief van selfmoord. Die dominante verhaal het elke afsonderlike individu se eie verhaal beïnvloed. Daar was nie destyds aantekeninge gemaak van jong mense of soos hedendaags, adolessente wat wou selfmoord pleeg nie, maar vanuit die inligting wat hier volg kan 'n duidelike prentjie gevorm word van die algemeen aanvaarbare praktyke en sienings rondom die kwessie van selfmoord.

4.3.1 Antieke Egipte

Van die vroegste aangetekende inligting oor selfmoord is bevind dat daar in die gemeenskap uiteenlopende standpunte was. Een antieke Egiptiese dokument wat in 2000 voor Christus geskryf is het 'n aantekening bevat oor 'n man met selfmoordgedrag. Latere literatuur vanuit die antieke Egiptiese literatuur verwys na 'n man wat kla oor die stand van die samelewing "...Death and suicide are common, and the rivers are filled with corpses". Selfmoord was algemeen onder veroordeelde kriminele in Egipte en die geskiedenis wys daarop dat daar geen wet was wat verbied het dat iemand sy lewe kon neem nie. Die bekendste Egiptiese selfmoordgeval was die van Cleopatra, wat volgens legendes haar eie lewe met die gif van 'n giftige slang geneem het (Hyde 1986:36-37).

4.3.2 Antieke Krygers

Baie mense in die verre dele van die wêreld het destyds geglo dat om op 'n wrede manier te sterf of om selfmoord te pleeg 'n paspoort is na 'n beter lewe in 'n ander wêreld. Omdat hierdie mense oor die algemeen nie lank geleef het nie, vanweë verskeie siektes en beserings, waarvoor daar nie voldoende mediese behandeling was nie, het hulle baie keer die kans aangegryp om hul eie lewens te neem as paspoort tot 'n beter lewe en wêreld. Antieke Germaanse stamme is bekend daarvoor dat hulle geen vrees gehad het om selfmoord te pleeg nie, omdat daar 'n beter toekoms na die dood op hulle gewag het. "...Valhalla , the paradise of the Vikings, was the hall of those who died by violence. There, a feast of the heroes was presided over by the god Odin, and only those who died violently could take part". Daar word gesê dat Odin self gesterf het in 'n rituele selfmoord. Later is baie diere en mans tot sy eer in bome opgehang (Hyde 1986:37).

4.3.3 Primitiewe gemeenskap

Sommige Afrika stamme het die gewoonte gehad dat indien hul stam se koning doodgaan sommige van die krygers en slawe selfmoord pleeg. Hulle het geglo dat indien hulle op die wyse sterf, hulle saam met hom in die paradys sal wees (Hyde 1986:37).

Soos wat selfmoord in sommige stamme algemeen bekend was, was daar stamme waar selfmoord glad nie voorgekom het nie. Dit was om die waarheid te sê totaal onbekend onder hulle. In sommige van die stamme was die individu nie die belangrikste nie, die "gesondheid van die massa" was belangriker as die van die individu. In die gemeenskappe was daar min stres verwante selfmoorde, aangesien hulle geglo het dat die lewe beheer word

deur goeie en slegte geeste. Vandag is goeie geeste in beheer en môre weer slegte geeste en op die wyse was daar altyd hoop by die mense (Hyde 1986:38).

By sommige van die stamme was daar die geloof dat die gees van 'n dooie persoon die oortreder sal vernietig. In sommige gevalle vereis die wet dat die oortreder ook selfmoord pleeg, byvoorbeeld in 'n geval waar hy 'n ander stamlid doodgemaak het (Hyde 1986:38).

4.3.4 Grieke en Romeine

Die Griekse en Romeinse siening ten opsigte van selfmoord het van tyd en plek verskil. Op een stadium sou daar geregtelik toestemming verleen word vir selfmoord en daar sou sover gegaan word as om die gif aan die persoon te gee wat tot sy dood sou lei. Dit het meestal plaasgevind in gevalle waar daar geweldige fisieke en geestelike leiding betrokke was. In ander gevalle sal 'n magistraat 'n persoon met selfmoord veroordeel. Dit was destyds algemeen dat iemand wat selfmoord gepleeg het buite die stad se grense begrawe word. Die persoon se hande en liggaam was apart begrawe (Hyde 1986:39).

Een van die bekendste gevalle van selfmoord is die van Socrates, die Griekse filosoof en onderwyser van Plato. Hy is deur die staat gedwing om te sterf. Daar is gerugte wat die rondte doen dat hy oor die algemeen teen selfmoord was, behalwe in ekstreme gevalle van hartseer en armoede. Daar was 'n sterk steungroep wat geglo het dat selfmoord 'n natuurlike oplossing was vir onuithoudbare lewensomstandighede. In Rome is selfmoord beskou vanuit 'n ekonomiese oogpunt, veral waar dit soldate en slawe raak. Soldate is beskou as 'n bate vir die staat en as 'n soldaat selfmoord pleeg verswak die mag van die weermag. Slawe was vir hulle base 'n belegging en hulle is ook aan rykes

verkoop met die waarborg dat hulle fisiek en geestelik in 'n puik toestand is. Daar was ook geen kriminele neigings nie. Indien 'n slaaf binne ses maande vandat hy aan een van die rykes verkoop is, selfmoord pleeg mog hy omgeruil word vir 'n nuwe slaaf teen geen koste nie. Selfmoord in Rome was meestal tot eer van die land of wanneer dit as aanvaarbaar beskou was. Romeinse here het hul lewens met groot bravade en trots geneem eerder as om skande te verduur. Mense het destyds nie die dood gevrees soos wat vandag die geval is nie. Met die einde van die Romeinse heerskappy het sieninge rakende selfmoord ook verander (Hyde 1986:39-40).

4.3.5 Jode

Selfmoord het selde in die Bybelse tydperk onder die Jode voorgekom. Die Joodse fundamentaliste het geglo dat alles aan God behoort en dat jy daarom nie jou liggaam mag skade aandoen nie. In die Ou Testament is daar sprake van vyf keer waar mense selfmoord gepleeg het. Al hierdie gevalle het teen die agtergrond van oorlog of opstand of vyandskap plaasgevind.

- In Rigters 16:28-31 word beskryf hoe Simson sy eie lewe geneem het.
- Saul en sy wapendraer het volgens 1 Sameul 31:1-5 in hulle swaarde geval en gesterf voordat hulle deur die vyand gedood kon word.
- In 2 Sameul 17:23 word vertel hoe Agitofel homself opgehang het omdat sy raad nie gevolg is nie.
- Toe koning Simri bemerk dat sy vyande die stad inneem, het hy na sy paleis gevlug en die paleis met homself daarin aan die brand gestee (1 Konings 16:28).
- Abimelek het homself nie doodgemaak nie, maar sy wapendraer beveel om hom dood te steek omdat hy nie die vernedering kon verwerk dat 'n vrou hom met 'n meulsteen dodelik gewond het nie (Rigters 9:52-54).

- In die Nuwe Testament word van net een melding gemaak, naamlik die dood van Judas Iskariot (Mattheus 27:5).

Daar was sekerlik meer selfmoorde as net die ses gedurende die Bybelse tye. Die skrywers van die verskillende Bybelboeke het waarskynlik net die gevalle wat van belang was vermeld (Wekstein 1979:24). Self in al hierdie gevalle word daar net na die daad verwys, nêrens word dit goedgekeur of afgekeur nie. Daar was ook klaarblyklik geen skending van die lyke van diegene wat selfmoord gepleeg het nie. Daar was ook geen sanksies teen die agtergeblewenes nie (Wekstein 1979:24).

Dat daar relatief min selfmoordgevalle in Israel voorgekom het, moet seker aan die besondere verhouding tussen die Joodse volk en hulle God toegeskryf word. Hulle het geglo dat God die Almagtige alles geskep het en dat dit goed is (Hyde 1986:40). Die godsdienstige verhaal wat destyds algemeen aanvaar was het hulle daarvan weerhou om selfmoord te pleeg.

Daar het tussen 200 en 500 na Christus 'n verskuiwing in die Joodse siening van selfmoord gekom (Farberow 1975:4). Deesdae word dit deur die Jode as 'n sonde gesien en dit word sterk veroordeel (Dublin 1963:106). Daar was gevalle waar daar massaselfmoord onder die Jode plaasgevind het, soos in die geval op die bergvesting Masada in 73 na Christus waar 960 Joodse selote na 'n drie-jaar-lange beleëring onder leiding van Eleazer Ben Jair besluit het om hulself om die lewe te bring, eerder as om in die hande van die vyande te val (Rosen 1975:5 & Hyde 1986:41).

Dublin (1963:106) beweer dat daar ongeveer sedert die vyfde eeu na Christus 'n gebruik ontstaan het onder die Jode om die selfmoordenaar sonder 'n tradisionele seremonie en ook eers na sonder te begrawe. Tog wys hy daarop dat die selfmoordenaar se familie vertroos en gesteun moet word.

4.3.6 Christene en Bybelse perspektief

Daar is redes waarom 'n Bybelse perspektief belangrik is vir die verstaan van selfmoord en selfmoordgedrag. Die Bybel was gebruik om religieuse dogma daar te stel. Vanaf Augustinus se tyd (4 vC.) het die kerk die besluit geneem dat selfmoord sonde is, ten tye is dit as onvergeefbaar beskou. Die Bybel het die samelewing in so mate beïnvloed dat selfmoord nie net beskou was as 'n sonde nie, maar ook as 'n kriminele daad. Baie van die wette rakende selfmoord wat binne die Westerse samelewing funksioneer, het hulle ontstaan vanuit die Bybel en die kerk. Hierdie morele beskouinge rakende selfmoord het veroorsaak dat baie mense groot skuldgevoelens ontwikkel as hulle selfmoordgedagtes het, of as iemand naby aan hulle selfmoord gepleeg het (Clemons 1990:41).

Uit verskillende Bybeltekste kom 'n mens deurentyd agter dat daar mense wat selfmoord gepleeg het. Daar is ook tekste wat deur die kerk en andere gebruik is om selfmoord te veroordeel. Daar is tekste wat nie spesifiek na selfmoord verwys nie, maar wat slegs gebruik is om te sê dat selfmoord verkeerd is. Die Bybel hom nêrens direk uit teen die daad nie.

Daar is 'n aantal direkte bewyse van selfmoord en selfmoordgedrag in die Bybel:

- Saul en sy wapendraer (1 Sam. 31:4-6, 8-13)

Saul was sekerlik een van die prominentste figure in die Ou Testament wat selfmoord gepleeg het. Sy lewe kom tot 'n tragiese einde wanneer drie van sy seuns sterf, hy al sy manskappe verloor en hy self erg gewond is en besliste gevangenskap en marteling hom in die gesig staar. In 'n paar kort verse in 1 Sameul 31 eindig die outeur die verhaal van Saul.

- Agitofel (1Sam. 17:23)

Agitofel het gesien dat sy raad nie gevolg word nie. Hy het sy donkie opgesaal en na sy tuisdorp gegaan, sy sake gereël en hom daarna opgehang.

- Simri (1 Konings 16:15-20)

Simri se tydperk as koning was baie kort. As gevolg van dinge uit sy verlede wat hy verkeerd gedoen het, het omstandighede teen hom gedraai en te veel vir hom geraak en hy het die paleis op hom afgebrand.

- Simson (Rigters 16:28-31)

Simson was ook een van die bekende figure wat sy eie lewe geneem het. Simson het op die einde met sy laaste daad die volk Israel gered van die Fillistyne.

- Abimelek (Rigters 9:52-54)

Die dood sou waarskynlik binnekort ingetree het, maar die skande sou volgens hom te groot wees as die mense hoor dat hy deur 'n vrou doodgemaak is, daarom dat hy sy wapendraer vra om hom met die swaard dood te steek.

- Jona

Jona word nie normaalweg gesien as iemand wat sy eie lewe probeer neem het nie, maar net soos Abimelek was dit ook sy voorneme dat iemand anders sy lewe moes neem of dat hy in die diep see gegooi kan word om te sterf “...vat my en gooi my in die see...” (Jona 1:12).

- Judas (Matteus 27:3-5)

Hierdie is die enigste direkte vertelling van selfmoord in die Nuwe Testament. 'n Ander vertelling van Judas se selfmoord is Handeling 1:15-19.

- Tronkbewaarder (Handeling 16:25-34)

Die tronkbewaarder wou homself doodmaak omdat hy gedink het al die gevangenes het ontsnap.

- Indirekte tekste

Hierdie is teksgedeeltes wat oor die jare aangewend is om selfmoord te veroordeel alhoewel die tekste nie spesifiek verwys na selfmoord nie. Hierdie is die tekste wat die kerk deur die eeue aangewend het om bepaalde persepsies by mense te skep.

Daar is die tekste wat daarop wys dat die lewe 'n geskenk van God is wat nie weggeneem mag word nie.



- Een van die tekste is Eksodus 20:13 "...jy mag nie moord pleeg nie". Augustinus en andere na hom het die teks gebruik en selfmoord daarby gevoeg.
- Deuteronomium 30:19 word daar ook nie direk na selfmoord verwys nie, maar die keuse vir lewe word baie duidelik uitgespel. "...Kies die lewe...".
- Thomas Aquinas het Deuteronomium 32:39 gebruik selfmoord te veroordeel. In die teks word dit duidelik uitgestip wie in beheer van lewe en dood is. "...Ek maak dood en Ek gee lewe...".
- Job 1:21 word ook aangewend om te sê dat selfmoord verkeerd is. "...Die Here het gegee en die Here het geneem...".

Ander tekste uit die Bybel en veral die Nuwe Testament is:

- 1 Korintiërs 6:19: "...Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?..."
- Efesiërs 5:29: "...want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie..."

Daar is nog vele ander tekste wat gebruik is en steeds gebruik word om selfmoord te veroordeel. Dit is egter maklik om selfmoord af te skiet en te sê dat dit verkeerd is. Dit is 'n ander saak om self in die situasie te wees, om self oorspoel te word deur negatiewe emosies en omstandighede, dan is die situasie so nie eenvoudig om net deur een woord afgemaak te word nie.

Selfmoord het ook onder die eerste Christene voorgekom. Hier kan veral na die vroeë Christen vervolging verwys word. Daar was diegene wat die hand aan die eie lewe geslaan het om marteling vry te spring (Rosen 1975:9). Daar was ook diegene wat die marteldood bewustelik gesoek het om Christus daardeur te verheerlik, byvoorbeeld na aanleiding van 'n brief wat Ignatius van Antiogië aan die Christengemeente in Rome geskryf het: "I beseech you suffer meant to be eaten by the beasts (leeus) that I may be found pure bread

for Christ". Hoewel die vroeë Christene selfmoord onder die heidene versmaad het, was selfmoord rondom die marteldood klaarblyklik aanvaarbaar (Rosen 1975:9). 'n Ander vorm van selfmoord wat aanvaarbaar was, was die selfmoord van 'n maagd om haar reinheid te bewaar (Farberow 1975:7).

Gedurende die tweede tot vyfde eeu na Christus het die Christelike kerk algaande al meer sy afkeur aan selfmoord begin toon. By die Konsilie van Braga (563 n.C.) is amptelik besluit om selfmoord as sonde te veroordeel. Die kerk en die staat het in die eeue daarna en tot gedurende die Middeleeue mekaar aangevul ten opsigte van strawwe vir selfmoord. Die staat het die selfmoordenaar se eiendom gekonfiskeer (Farberow 1975:6) en die kerk het geweier om die persoon 'n tradisionele kerkbegrafnis te gee (Rosen 1975:12).

In al die jare tussen die vierde en die dertiende eeu, toe die Katolieke kerk heerskappy gevoer het was selfmoord amper onbekend, maar met die tydperk wat as hervorming en renaissance bekend staan, het daar skeuring in die Rooms Katolieke kerk gekom (Farberow 1975:6). Die Rooms Katolieke en die Protestantse kerke het verskillende standpunte oor verskeie sake ingeneem, onder andere ook in hul houding ten opsigte van selfmoord. Die Protestante lê groter klem as die Katolieke op die vryheid van die individu, maar ook op sy verantwoordelikheid teenoor sy Skepper (Farberow 1975:6).

Farberow (1975:171) bevind dat daar 'n kleiner getal selfmoorde plaasvind in lande waar die Rooms Katolieke geloof oorheersend is. Die siening van Dublin (1963:79) gee 'n moontlike verklaring hiervoor. Volgens hom is die Katolieke en Joodse geloof 'n integrale deel van die samelewing en dit is nie bloot 'n kliniese geloof nie. Volgens hom het die biegestelsel van die Rooms Katolieke ook 'n groot invloed op die dalende syfer van selfmoord.

Vanaf die negentiende eeu het die houvas van die Christelike kerke op hul lidmate begin afneem en is selfmoord algaande al hoe minder as 'n sonde gereken. Die eise van die kapitalistiese stelsel het onder andere daartoe bygedra dat die gesag van die kerk afgeneem het.

4.3.7 Boedhisme

Die aanhang van die Boedhisme is veral in die Ooste in lande soos Japan, Indië, en Sjina te vind en daar is nie soveel bekend oor die Boedhiste se houding ten opsigte van selfmoord nie (Labuschagne 1987:28). Fundamenteel gesien, verkondig die Boedhiste die verlating of verskuiwing van die siel uit die liggaam as die einddoel van die lewe. Die einddoel is "...so that the soul might occupy itself only with supersensual realities" (Farberow 1975:3). Die gewillige aflê van die lewe is dan gesien as die hoogste offer wat 'n mens kan bring – dit het dus selfmoord tot 'n heilige daad verhef. Veral in Japan, met die tradisionele "*seppuka*" en "*hara-kiri*", was selfmoord baie algemeen en bestaan dit tot vandag toe nog (Farberow 1975:3).

4.3.8 Moslems

Die Moslems het volgens Dublin (1963:100) selfmoord nog altyd baie sterk veroordeel. Een van hulle kardinale leerstellings is dat die mens aan Allah se goddelike wil onderwerp moet wees, hoe dit ookal tot uitdrukking kom. Wat die lewe aan jou uitdeel moet jy aanvaar en berusting daarby vind in 'n gees van blymoedigheid. Die Moslems is tradisioneel stryd lustige mense en om militêre redes is hulle ook sterk gekant teen selfmoord, want hulle beskou elke soldaat as baie waardevol in enige oorlog (Labuschagne 1987:29).



4.3.9 Huidige benaderings of houdings ten opsigte van selfmoord en selfmoordpogings

Daar het aan die einde van die negentiende eeu 'n moderne wyse van bestudering van selfmoord ontstaan, as gevolg van die werke van Durkheim en Freud sodat die klem verskuif het vanaf die daad, na die persoon self (Labuschagne 1987:32). Schmidtke en Hafner (1989:300) beweer, dat soos die houdings van mense oor selfmoord gedurende die afgelope paar dekades merkwaardig verander het. Tog wil dit voorkom of daar deesdae meer aanvaardende houdings ten opsigte van selfmoord voorkom as vroeër en dat bepaalde kulturele invloede dalk deels vir die verandering verantwoordelik kan wees. Dit geld spesifiek vir die toenemende hoeveelheid van selfmoordpogings en opsetlike selfvernietigende gedrag, veral onder die adolessente (Schmidtke & Hafner 1989:313).

Daar moet aanvaar word dat alle navorsing, alle behandeling en alle insette vir die voorkoming van selfmoord, binne 'n kulturele milieu plaasvind. Almal wat by adolessente selfmoord betrokke is – die adolessent wat die poging oorleef het, die gesin en breër familie, persone by hulpentrums, asook die professionele medici, besig is om belangrike karaktereienskappe te deel. Hulle funksioneer almal binne 'n samelewing waarbinne bepaalde norme en waardes bestaan en ook waarin selfmoord 'n spesifieke boodskap uitdra (Kalish 1974:79). Aansluitend by bogenoemde beweer Bagley en Ramsay (1989:79) dat die publieke houdings ten opsigte van selfmoord 'n belangrike deel van die waardeklimate binne die samelewing uitmaak. Diekstra (1989:79) beweer dat die toenemende getal selfmoordgevalle onder adolessente hoofsaaklik aan twee hoof faktore toegeskryf kan word, naamlik:

- Die toenemende hoeveelheid stres, gekombineer met

- 'n toenemende aanvaarding van selfmoord as ontvlugting uit 'n onuithoudbare stresvolle situasie.

Verder is daar 'n redelike variasie in die algemene publiek se houding ten opsigte van selfmoord. Dit hang baie af van 'n verskeidenheid faktore, wat van land tot land verskil. Die faktore is onder meer godsdiens, ouderdom, geslag, professie en sosiale klas. Die veelheid van faktore dra daartoe by dat daar deesdae 'n minder negatiewe houding ten opsigte van selfmoord bestaan (Scmidtke & Hafner 1989:131-314).

Boldt (1983:40) beweer dat dit moontlik is dat die adolessent van vandag 'n meer aanvaardende houding ten opsigte van selfmoord openbaar as vroeër jare omdat hulle meer tyd voor die televisie deurbring en meer met selfmoord gekonfronteer word as vorige generasies. Huidige televisieprogramme bevat baie meer beskrywings en verwysings na selfmoord wat dus veroorsaak dat dit gemakliker aanvaar word. Met herhalende blootstelling aan selfmoord gaan die geheimsinnigheid en die bedreiging daarvan algaande verlore. Baie adolessente sien selfmoord, net soos dwelms, as 'n manier om uit 'n onaangename realiteit te ontsnap. Daar is ook baie adolessente wat beweer dat hulle sal terugkeer uit die dood na 'n voltrekte selfmoord, net soos hulle weer terugkeer uit 'n dwelm episode (Allen 1987:275).

4.4 Tipes selfmoord

Soos wat daar verskeie oorsaaklike en aanleidende oorsake vir selfmoord is, so is daar ook verskillende tipes selfmoord. Die vernaamste soorte selfmoord volgens Victoroff (1983:6-7) is die volgende:



4.4.1 Intensionele Selfmoord

Hierdie is selfmoord wat volg op 'n doelbewuste beplanning van die adolessent om homself om die lewe te bring. Dit is dikwels suksesvol. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is waar 'n adolessent hom doelbewus vergas.

4.4.2 Sub-intensionele Selfmoord

Hierdie is ook 'n doelbewuste selfmoordpoging. Die voorbereidingspoging word egter verskuil en dit word as 'n ongeluk voorgestel, byvoorbeeld 'n motorongeluk.

4.4.3 Nie-intensionele Selfmoord

Dit kan die beste verklaar word deur die term "ongeluk". Hier is daar geen doelbewuste poging van die kant van die persoon om selfmoord te pleeg nie. Die persoon het nie bedoel om homself dood te maak nie, maar dit het tog gebeur, byvoorbeeld in die geval van 'n persoon wat met 'n hangvlieër verongeluk.

4.4.4 Para-Selfmoord

By para-selfmoord word selfmoord net nageboots en is daar geen verwagting om te sterf nie. Dit mag spelenderwys gebeur of dit mag selfs 'n poging wees om ander mense te manipuleer. Die gevaar verbonde aan hierdie tipe selfmoordpoging, is dat 'n "ongeluk" soms plaasvind en die persoon dan wel sterf.



4.4.5 “Eutanasie” (Genadedood)

Hier word onderskei tussen aktiewe en passiewe genadedood as vorm van selfmoord. Dit vind plaas deur onthouding, dit wil sê wanneer dit wat ‘n persoon aan die lewe hou op versoek van die persoon self, weggeneem word. Dit kan in die vorm wees van ‘n hart-longmasjien of lewensbelangrike medikasie.

4.4.6 Chroniese Selfmoord

Dit behels ‘n selfvernietigende optrede deur ‘n persoon self oor ‘n tydperk wat daartoe bydra dat so ‘n persoon se gesondheid daaronder lei. Byvoorbeeld oormatige rook of dwelmgewoontes.

4.4.7 Gekoppelde Selfmoord

Dit vind plaas wanneer die persoon selfmoord pleeg direk nadat hy ‘n ander persoon vermoor het.

4.4.8 Paradoksale Selfmoordgedrag

Dikwels word by kinders en adolessente in die selfmoordpoging, die behoefte aan die voortdurende beskerming en hulp deur die moeder uitgedruk. In so geval is die selfmoordpoging eindelik ‘n hulpkreet.



Meer as negentig jaar gelede het die bekende Emile Durkheim (1951:219) die verhouding tussen die samelewing en selfmoord bestudeer en hy het tot sekere gevolgtrekkings gekom wat vandag nog net so in die hedendaagse samelewing geldig is. Durkheim het verskillende tipes selfmoord geanaliseer wat uit verskillende sosiale omstandighede ontstaan. Hy het selfmoord in drie tipes gegroepeer en 'n spesiale term gebruik om elkeen te beskryf. Hy onderskei tussen altruïstiese-, egoïstiese- en anomiese selfmoord.

4.4.9 Altruïstiese Selfmoord

Volgens Durkheim (1951:219) kom die tipe selfmoord slegs voor binne baie hegte samelewingsverbande. Hier onderskei Durkheim drie verskillende tipes naamlik:

4.4.9.1 Verpligte altruïstiese selfmoord

Hierdie verskynsel kom selgs by groepe voor wat baie heg saamleef. Dit word van die individu verwag om selfmoord te pleeg en daarom pleeg hy selfmoord in belang van die groep. Dit is 'n verskynsel wat veral onder die primitiewe volke voorkom. Daar word van die persone verwag om selfmoord te pleeg, aangesien hulle 'n las vir die groep raak en hulle dood daarom in belang van die groep is.

4.4.9.2 Opsionele altruïstiese selfmoord

Hierdie kom ooreen met die van verpligte altruïstiese selfmoord, maar hierdie kom in groepe voor wat nie so geheg is aan mekaar nie. Die keuse van selfmoord berus dus by 'n persoon self.

4.4.9.3 Akute altruïstiese selfmoord

Wanneer 'n persoon voel dat hy nie meer deel is van 'n gemeenskap en nie sy rol binne die groep kan vervul nie, kan dit aanleiding gee tot die selfmoord.

4.4.10 Egoïstiese selfmoord

Dit kom voor wanneer daar nie 'n hegte groepsverband is nie. Wanneer die verhouding met die naaste vertroebel is, is die verhouding met die eie bestaan ook vertroebel.

4.4.11 Anomiese Selfmoord

Ekonomiese krisisse het 'n definitiewe uitwerking op die voorkoms van selfmoord. Wanneer die sosiale orde versteur word, styg die selfmoordsyfer. Die mens ervaar 'n gevoel van intense onsekerheid.

Durkheim gebruik in hierdie verband die begrip "anemies" om 'n hele samelewing te beskryf waarin sosiale instellings sodanig verander het of so vinnig afgebreek is, dat mense verward voel oor hulle posisies en oor hul doelstellings in die lewe. Durkheim sou die huidige samelewing waarskynlik

as so 'n afwykende samelewing beskryf het – 'n samelewing waarin drastiese veranderinge baie onrus veroorsaak. Omdat die veranderinge veral 'n impak op die jongmense het, beleef die samelewing toenemende syfers van selfmoord en selfmoordpogings onder die jongmense (Durkheim 1951:219).

4.5 Mites oor selfmoord

Deur die jare is daar 'n aantal wanopvattinge en mites wat onder mense ontstaan het aangaande adolessente selfmoord. Sosiaal gekonstrueerde stories wat nie die waarheid is nie, is deur die gemeenskap aanvaar as die waarheid. Hierdie verkeerde sosiaal gekonstrueerde stories of mites moet aangespreek word. Die volgende is nie noodwendig al die mites (sosiaal gekonstrueerde stories) nie, maar sal alreeds enkele wanopvattinge rakende adolessente selfmoord en selfmoordgedrag uitskakel.

- *Wanneer 'n persoon van selfmoord praat sal hy nie tot die daad oorgaan nie.*

Dit is baie moeilik vir enige ouer om te glo dat sy kind homself of haarself wil doodmaak. Die vraag is hoe weet 'n mens of hulle dit regtig bedoel. Dit is baie moeilik om te weet daarom is dit noodsaaklik om te vra. 'n Mens kan eerder 'n dom vraag vra as om die potensiaal daar te laat dat jou kind selfmoord pleeg. Gewoonlik word daar deur die adolessent sogenaamde seine uitgestuur na wie ookal, indien die persoon dit nie hoor of agterkom nie, is die moontlikheid daar (Shamoo & Patros 1990:30).

- *Mense met selfmoordgedrag wil beslis sterf.*

Adolescente met selfmoordgedrag het gemengde gevoelens oor die dood. Hulle wil lewe maar, om te lewe is te pynvol. Hulle wil sterf maar, hulle is bang vir die dood. Meeste selfmoordgevalle vind plaas in die huis of waar daar iemand is wat hulle sal kan help. In baie van die gevalle vra adolessente om hulp na 'n selfmoordpoging bv. As hulle 'n pille¹¹ gedrink het sal hulle kla van baie maagpyn (Shamoo & Patros 1990:30).

Gerda het na 'n woordewisseling met haar ma besluit om selfmoord te pleeg. Terwyl almal in die huis was het sy na die kombuis toe gestorm en gesê sy gaan nou selfmoord pleeg. Sy het die swembadsuur uit die kas geneem, dit in 'n glas gegooi en voor almal in die sitkamer gaan staan en dit begin drink. Almal het tot haar redding gehaas en haar dadelik hospitaal toe geneem. Nadat Gerda uit die hospitaal ontslaan is, het haar ma 'n afspraak vir Gerda by my gemaak. Na verskeie gesprekke met Gerda was dit duidelik dat die selfmoordvoorval 'n geïsoleerde insident was, dat sy nie regtig wou sterf nie. Sy was eintlik baie bang vir die dood. Sy wou net haar ma terugkry. Sy het ook later aan my erken dat sy die suur voor almal gedrink het sodat hulle haar sou red en sodoende kon sy meer aandag kry. Indien Gerda werklik wou selfmoord pleeg en regtig wou sterf sou sy dit nie op die wyse voor almal wat tot haar redding kon kom gedoen het nie. Hierdie was 'n tipiese voorbeeld om die mite verkeerd te bewys. Mense met selfmoordgedrag wil nie altyd sterf nie. Baie keer is dit 'n hulpkreet.

Die feit van die saak is dat daar 'n ambivalensie is rakende die dood. Die adolessent wil die pyn beëindig, maar daar is steeds die wens dat daar iemand sal wees wat die pyn kan wegneem sodat daar aangegaan kan word met die lewe (Shamoo & Patros 1990:39).

- *Mense met selfmoordgedrag moet maar net na die positiewe kant van die lewe kyk dan sal hulle beter voel.*

Hierdie is 'n baie simplistiese antwoord en wat dit eintlik vir die adolessent sê is dat die mense nie regtig sy probleme verstaan nie. Adolessente het nie die nodige lewenservaring om te beseef dat daar tog iets beters in die lewe is nie. Hulle het nie die nodige kognitiewe vermoëns om sake soos volwassenes uit te redeneer nie. Om vir iemand wat depressief is te sê dat dit môre beter sal gaan, is om hom net meer geïsoleerd te laat voel. Op hierdie stadium sal die adolessent miskien kan dink aan die goeie dinge in die lewe maar, hy sal dit nie noodwendig glo nie (Shamoo & Patros 1990:31).

Die feit is dat hierdie adolessente dit moeilik vind om aan die positiewe kant van die lewe te dink. Om vir hom te sê dat daar 'n positiewe kant is, sal dalk net vir hom die boodskap deurgee dat hy gefaal het omdat daar nie so element tans in sy lewe is nie.

- *Mense wat selfmoordpogings aanwend soek net aandag.*

Baie ouers dink dat adolessente hierdeur slegs aandag soek. Almal wil aandag hê, maar vir die adolessent wat depressief, geïsoleerd en hulpeloos is, word selfmoord 'n realiteit. Daar is waarskynlik by vorige geleenthede 'n uitroep om hulp gedoen, maar niemand het dit raakgesien nie (Shamoo & Patros 1990:32).

'n Mens moet onthou dat adolessente wat probeer selfmoord pleeg intense emosionele pyn verduur en nie net opsoek na aandag is nie. Ja, hulle soek aandag in die sin dat iemand hulle moet help om van die intens emosionele pyn ontslae te raak.

¹¹ Kyk na die gevallestudie van Betsie in hoofstuk 5.



- *Wanneer iemand wat depressief was tekens van beterskap toon beteken dit nie dat die krisis oor is nie.*

Statistiek het bewys dat baie selfmoorde plaasvind binne maande nadat daar beterskap was. Die rede vir beterskap kon wees dat die adolessent besluit het om voort te gaan met die selfmoord. Wanneer die besluit geneem is voel die persoon gewoonlik beter in die sin dat hy weet watter rigting sy lewe gaan. Dis belangrik om dus te besef dat selfmoord steeds 'n opsie kan wees wanneer iemand ewe skielik beterskap toon (Shamoo & Patros 1990:33).

- *Om oor selfmoord te praat plaas gedagtes in mense se koppe.*

Baie ouers is bang om die tema van selfmoord aan te spreek omdat hulle dink dat dit die moontlikheid sal skep dat een van hulle kinders dit sal oorweeg. Om daaroor te praat sal dalk vir die adolessent wys dat sy ouers wel omgee (Shamoo & Patros 1990:34).

- *Adolessente weet nie om hulself dood te maak nie, hulle is ook nie sterk genoeg nie.*

Dit is baie naïef van ouers om te dink dat adolessente se persepsie van die dood is, dat dit nie finaal is nie. Verder wys statistiek daarop dat adolessente presies weet hoe om hulle eie lewens te neem (Shamoo & Patros 1990:35). Die oggend vroeg het my foon gelui. Dit was 'n vrou wat huilend vir my gesê het dat ek na hulle huis toe moet kom. Andries was 15 jaar oud, die enigste seun van 'n egpaar wat op 'n plot boer. Andries het homself in sy pa se skuur opgehang. Hy het tou om die hoë balke vasgemaak en hom daarmee opgehang. Niemand het iets vermoed nie. In Andries se kamer was geen

selfmoordnota nie. Die hartseer verhaal van Andries is 'n bewys dat adolessente weet hoe om selfmoord te pleeg indien hulle regtig wil.

- *Adolessente wat selfmoord pleeg is geestelik siek.*

Sommige adolessente toon tekens van geestelike afwykings, maar die meeste pleeg selfmoord as gevolg van onuithoudbare stres en verskeie ander faktore (Shamoo & Patros 1990:35).

- *Adolessensie is 'n kommervrye stadium, met geen probleme.*

Adolessensie is 'n baie moeilike stadium, die adolessent is nie meer 'n kind nie en ook nog nie 'n volwassene nie, maar probleme waarmee volwassenes te doen het, het betrekking op vandag se adolessente (Shamoo & Patros 1990:37). As daar na al die gevallestudies in hierdie studiestuk gekyk word, sal 'n mens agterkom dat adolessensie nie so kommervrye tyd is as wat 'n mens dink nie.

- *Die neiging tot selfmoord is aangebore.*

Selfmoord word meestal veroorsaak deur omstandighede wat te ondraaglik raak vir die adolessent.

- *Selfmoord is die vloek of verwensing van die armes en die siekte of kwaal van die rykes.*

Selfmoord ken nie ras of status nie. Dit kan met enige iemand gebeur.

4.6 Waarskuwingstekens wat met adolessente selfmoord en selfmoordpogings verband hou

In meeste gevalle is selfmoord nie sommer net iets wat op die ingewing van die oomblik gebeur nie, daar is gewoonlik 'n reeks gebeure wat dit vooraf gaan. Daar is besliste tekens wat voorkom, nie al die tekens is altyd by almal sigbaar nie. Deur sy persoonsbeeld kommunikeer die adolessent 'n bepaalde beeld van selfmoord. Hy speel byvoorbeeld "language games" in gesprekke met mense. Sy lyftaal kommunikeer byvoorbeeld baie spanning en 'n hartseer wat iewers teenwoordig is. Hy kommunikeer 'n houding van wat help dit om aan te gaan.

Die adolessent staan elke dag in relasie met ander mense en instansies, naamlik die ouers, die maats, die skool en die samelewing. Dit is van uiterste belang dat die adolessent realistiese betekenis moet gee aan hierdie verhoudinge, anders kan hy veelvoudige probleme ondervind. Die adolessent kan 'n onrealistiese positiewe selfkonsep vorm en hom sodoende afsluit van die werklikheid. Baie adolessente dra 'n oortuiging in hulle rond dat hulle sleg is, anders sou die dinge wat met hulle gebeur nie met hulle gebeur nie.

Volgens Partick (1982:46) behels 'n persoonsbeeld die beskrywing van 'n persoon se ervaringswêreld, ervaringsbesit, betekenis, gevoelens, gedagtes, wilslewe, waarderealiserings en gedrag. Dit dui op die wêreldverhouding soos die persoon dit met die verloop van tyd stig. Identifikasie is baie belangrik vir die adolessent aangesien hy die identifikasiefiguur as 'n verlengstuk van homself sien. Afhanklikheid is 'n ander faktor wat nie buite rekening gelaat moet word nie.

Die daad om homself te vernietig gaan by die adolessent saam met gevoelens van eensaamheid. Voordat daar opgegee word, kom daar meestal

onttrekking uit die samelewing voor en die adolessent dwaal rond tussen die mense rondom hom wat hy wil verlaat.

'n Selfmoordrespons is 'n aanpassing by 'n verpletterende krisis. Dit behels altyd 'n desperate poging. Tyd is een van die belangrikste faktore. Die meeste adolessente wat selfmoord pleeg, kan beskryf word as stil, gehoorsaam en sosiaal geïsoleerd en wat soms baie aandag aan studies gee, maar tog hul buie het. Die adolessent het gewoonlik normaal ontwikkel, maar staar 'n dramatiese verlies in die gesig. Dit kan die verlies wees van 'n geliefde of van sy selfagting en sodoende kan hy tekens van gedisorieëerdheid en verwardheid openbaar (Peck 1985:118).

So 'n adolessent raak al hoe minder na buite betrokke en verloor sodoende kontak met homself en weet nie meer wie hy is nie. Dit kan dus 'n negatiewe selfkonsep tot gevolg hê. Die selfbeeld van veral die adolessent is belangrik, daarby 'n kombinasie van kinderlike impulsiwiteit en 'n traumatiese of stresvolle voorval of gebeurtenisse, kan dodelik wees. Sulke adolessente ondervind oorweldigende en verpletterende skaamheid, skuldgevoelens en vernedering wat hulle ego's kan vernietig (Rickgarn 1987:129).

Die ouderdom en ervaring van die adolessent, bepaal dikwels die metode van selfmoord of beïnvloed dit minstens, asook die boodskap wat oorgedra gaan word. Gevoelens van hulpeloosheid en sonder hoop wees, lei na depressie en dan kom die derde been, naamlik waardeloosheid by en dit gee aanleiding tot selfvernietigende gedrag.

Van die waarskuwingstekens waarna opgelet kan word is die volgende:

- Gedragsverandering: Die adolessent sal anders as normaal begin optree, daar sal 'n verandering in houding wees en die adolessent sal homself onttrek van ander.



- **Skoolwerk:** Daar sal 'n besliste verskil in die kwaliteit van skoolwerk gesien word. Daar sal nie meer belangstelling in skoolwerk wees nie.
- **'n Keuse van ander vriende:** Ou vriende word verruil vir nuwe vriende wat gewoonlik nie by die adolessent pas nie. Hierdie nuwe vriende word glad nie aan die ouers voorgestel nie, gewoonlik sal die ouers ook nie die nuwe vriende goedkeur nie.
- **Droomwêreld:** Dit is asof die adolessent in 'n ander wêreld leef waar daar nie veel realiteit ter sprake is nie. Dit is asof die droomwêreld hom stuk vir stuk insluk en ontnem of wegneem uit sy huidige wêreld.
- **Eetgewoontes:** Dit verander, die adolessent sal nooit meer aan tafel saam met ander wil eet nie of sal eenvoudig nooit honger wees nie.
- **Verandering in slaapgewoontes:** Die adolessent sal glad nie meer slaap nie, as gevolg van probleme waarmee geworstel word of die ander kant van depressie kom na vore en hy wil net slaap. Baie slaap is ook 'n reaksie op stres.
- **Praatjies oor selfmoord:** Dit is baie belangrik om 'n adolessent met 'n mate van erns op te neem wanneer daar selfmoordpraatjies is. Dit is dalk die eerste teken van 'n adolessent wat nie sy diepste innerlike pyn anders kan verwoord nie. Baie keer is hulle te skaam om vir hulp te vra, dan is dit die enigste manier waarop daar om hulp geroep word.
- **Geskrewe tekens:** Die adolessent mag oefen om selfmoordnotas te skryf.
- **Weggee van besittings:** Wanneer die adolessent sy gunsteling besittings begin weggee of net besittings voor die voet weggee moet daar vrae begin ontstaan.
- **Vorige selfmoordpogings:** Wanneer 'n adolessent reeds 'n vorige onsuksesvolle selfmoordpoging gehad het is dit makliker die tweede keer. Hulle is somtyds meer gedetermineerd om 'n sukses van die tweede een te maak. Indien so adolessent enige van bogenoemde

tekens of ander tekens begin toon sal dit baie ernstiger beskou moet word.

- Lewe na die dood: Indien die adolessent baie gepreokkupeer raak met die lewe na die dood.
- Sêgoed: Uitdrukkings soos “jy sal beter af wees sonder my” of “ek kan dit nie langer verduur nie” word somtyds gebruik om die ander daarop te wys dat omstandighede onuithoudbaar geraak het.
- Depressie
- Die adolessent openbaar ‘n houding van hulpeloosheid en lae selfbeeld wat na vore kom in uitlatings soos “ek is nie goed genoeg vir enige iets nie” of “niemand gee om vir my nie”.

4.7 Faktore wat aanleiding gee tot selfmoord en selfmoordgedrag by adolessente

Met die oog op effektiewe voorkoming van selfmoordhandelinge by adolessente word vervolgens aandag gegee aan die faktore wat skynbaar die belangrikste oorsaaklike rol speel. Aangesien oorsaaklike faktore moeilik ondersoek kan word by adolessente wat selfmoord gepleeg het, is bestaande navorsing hoofsaaklik gerig op selfmoordpogings, en is etiologiese verskille tussen selfmoord en selfmoordpogings of gedrag nog nie duidelik aangetoon nie. In hierdie bespreking word derhalwe na die etiologie van beide vorme van selfmoordhandelinge verwys.

Die fundamentele vraag bly waarom sekere adolessente onder bepaalde omstandighede selfmoord pleeg terwyl ander met soortgelyke ervaringe dit nie doen nie. Daar moet in gedagte gehou word dat elke adolessent wat selfmoord pleeg, of ‘n selfmoordpoging aanwend deur ‘n unieke kombinasie en wisselwerking van faktore beïnvloed word wat nie elk ‘n ewe sterk invloed

uitoefen nie. By die behandeling van oorsaaklike faktore word 'n holistiese benadering gevolg waarin alle predisponerende sowel as presipiterende faktore wat moontlik 'n rol kan speel, bespreek. Faktore wat by volwassenes 'n rol speel, kan nie sonder meer net so op adolessente van toepassing gemaak kan word nie. Dit vereis 'n eiesoortige benadering.

Hierdie is slegs enkele aspekte wat 'n bydraende rol speel in die adolessent se verduisterde of doodgeloopte toekomsverhaal. Hierdie oorsake en gevolge vorm gewoonlik deel van die noodstorie en wanneer die verledeverhaal vertel word.

4.7.1 Adolessensie as kritieke ontwikkelingsfase¹²

Vroeër is daar verwys na die gevallestudie van Daleen¹³ wat as kind en adolessent aan skoliose gelei het. Sy is 'n tipiese voorbeeld van 'n adolessent wat as gevolg van 'n siekte in haar ontwikkelingsfase, begin selfmoordneigings toon het. Die "gebrekkige ontwikkeling" het veroorsaak dat sy baie skaam en teruggetrokke was en dat sy 'n baie swak selfbeeld ontwikkel het. Emosioneel was dit vir haar 'n baie moeilike periode.

Alhoewel adolessensie dikwels beskou word as 'n ontwikkelingsfase wat gekenmerk word deur besondere lewenskrag en 'n sterk gerigtheid op vreugde en genot in die lewe met relatief min probleme, is daar sekere faktore wat eie aan die wese van adolessensie is en die adolessent kwesbaar maak vir selfmoordhandelinge (Malherbe 1990:19).

Adolessensie word gekenmerk deur kritieke ontwikkelinge op ingrypende veranderinge en ontwikkelingstake op fisieke, emosionele, kognitiewe,

¹² Hoofstuk 3 gee 'n breedvoerige uiteensetting van die ontwikkeling van die adolessent.

¹³ Kyk gevallestudie aan die begin van hoofstuk 4.

moreel-sedelike, godsdienstige en sosiale terrein. Daarom gaan adolessensie dikwels gepaard met spanning, onsekerheid en emosionele labiliteit, wat meebring dat daar faktore in die ontwikkelingsfase ingebed lê wat 'n meewerkende rol in selfmoordgedrag kan speel. Ten einde adolessente selfmoordgedrag volledig te verstaan, is dit belangrik om na die ontwikkeling van 'n adolessent te kyk (Ackerman 1988:15).

Daar vind verskeie veranderinge gedurende hierdie tydperk plaas. Die mees sigbare is die fisiese voorkoms van die adolessent wat verander. Hormone begin meer aktief raak en die gevolg daarvan is dat die adolessent anders begin lyk. In aansluiting hierby beïnvloed die hormone en die verandering in fisiese voorkoms die adolessent se emosionele toestand en funksionering. Die adolessent raak gou bewus van nuwe gevoelens wat begin posvat. In kombinasie met die veranderende sosiale invloede soos onder andere groepsdruk en die invloed van die media, raak die adolessent gou betrokke in heteroseksuele verhoudings (Ackerman 1988:15).

Hierdie fisiese, psigologiese en emosionele veranderinge word verder gekompliseer deurdat die adolessent ook kognitiewe veranderinge ondergaan. Die adolessent begin anders dink en redeneer. Vir eers was hy as jonger kind as gevolg van sy redenasievermoë in staat om waarskynlik te dink dat as hy 'n gelukkige gesinslewe het en ervaar, dan is dit dieselfde met al die ander kinders. Ander moontlike senarios word nie beredeneer nie, hoewel die adolessent die vermoë ontwikkel om hipoteties en abstrak te dink oor die realiteite van die lewe. Waar dit eers gegaan het oor "wat is" gaan dit nou ook oor "wat as". Die adolessent beredeneer alles in die hele wêreld vanuit "wat as" (Ackerman 1988:16).

Vir beide psigologiese en sosiologiese redes word die hoofklem van die adolessent se behoeftes en probleme homself of haarself. Die adolessent

begin te vra wie hy/sy is, wat gaan al hierdie veranderinge aan my doen? Wat gaan ek word? Is ek nog dieselfde persoon as wat ek dink ek is? Te midde van al hierdie vrae en onsekerheid asook druk van hul ouers, groepsdruk asook die invloed van die media, moet hierdie adolessente die pad stap na volwassenheid. Hulle moet oor 'n paar jaar selfversekerde, gedetermineerde en doelgerigte volwassenes wees wat suksesvol in die beroepslewe moet wees anders is hulle niks werd nie (Robbins 1998:47).

Al hierdie druk wat in hul gedagtes rond spook veroorsaak vir die 'sin soekende' adolessent baie probleme. Somtyds so erg dat dit nie meer die moeite werd is om te lewe nie, aangesien hy/sy nie weet of hulle die mas van samelewingsdruk gaan opkom nie. Dis dan wanneer alles te veel raak en die hoop op die toekoms verbleek, dat adolessente hulle eie lewens neem. Somtyds gee dit 'n mate van sekeriteit want hulle doen iets doelgerigs en is dus nie soekend nie (Robbins 1998:47).

Die fisieke ontwikkelingsaspekte van die adolessent is belangrik. Die liggaam verander en ontwikkel en die meisies word meer vroulik en die seuns meer manlik. Normaalweg besit die adolessent die energie om te eksperimenteer, te eksploreer en vaardighede te bemeester. Dit is belangrik dat die ouers aan die adolessent steun moet bied op sy pad na volwasse wording, anders kan die verandering wat by die adolessent plaasvind vir hom te veel word, wat dan aanleiding kan gee tot selfmoordgedrag. 'n Belangrike komponent is die geslagsrypwording. Wat van belang is, is dat die fisieke ontwikkeling van die kind in die tydperk voor adolessensie redelik onbewustelik plaasvind en as vanselfsprekend beleef word. Gedurende adolessensie raak die adolessent terdeë bewus van sy veranderende liggaam en beleef sy liggaam as vreemd; sy verhouding met sy maats en met volwassenes is ook anders en in sy verhoudinge tot dinge is daar ook 'n ander uitkyk (Robbins 1998:47).

Seksuele volwassewording, gepaardgaande met heteroseksuele en homoseksuele impulse, ontwikkel gedurende dieselfde tyd terwyl die behoefte aan losmaking van die ouers en individuasie meer uitgesproke word. Die adolessent ondervind 'n nuwe bewuswording van die self en hy het dus die behoefte om sy waardes te herevalueer. Dit laat dus geen twyfel dat die adolessent sy seksuele gevoelens baie intens beleef nie, maar terselfdertyd is daar bepaalde norme wat hom verbied om blatant uiting daaraan te gee. Sodoende ontstaan daar maklik skuldgevoelens oor die seksuele impulse, wat nog verder vererger word deur die portuurgroepdruk. Die adolessent kan maklik verward raak en dit kan weer tot depressie en selfs selfmoordgedagtes aanleiding gee (Wodarski & Harris 1987:478).

Die dualisme wat by die adolessent bestaan tussen die behoefte om verder onafhanklik van die ouers groot te word en 'n huiwering om die volwasse wêreld met al sy onsekerhede te betree en tweedens die eksploratiewe wil wat nog nie deur die lewenservaring getemper is nie, is 'n groot realiteit by meeste adolessente. Die spesifieke werking van die twee faktore (dualisme en voortvarendheid) wat tot 'n mate by alle tieners voorkom, dra daartoe by dat adolessensie eindelijk 'n risikotydperk vir selfmoord kan word as die kind daartoe neig (Robbins 1998:48).

'n Ander aspek van belang by die adolessente fase is die affektiewe lewe waar dit onder meer handel oor die adolessent se selfkonsep, sy geborgenheid, hoe hy sy liggaam beleef en die mate waartoe hy al in staat is om problematiese situasies te kan hanteer. Depressie is 'n belangrike deel van die affektiewe lewe van die adolessent wat selfmoordgeneigd is.

Daar is verskeie gebeurtenisse en aangeleenthede wat die adolessent uiters kwesbaar maak. As die selfbeeld nog nie duidelik gevestig is nie, kan dit nog maklik nadelig beïnvloed word deur allerlei faktore. Baie van die adolessent

se probleme word gedeeltelik veroorsaak deur onsekerhede in die huidige tydsgewrig. Dit is belangrik om daarop te let dat daar by adolessente normaalweg depressiewe gevoelens is, maar dat dit hedendaags versterk kan word deur die onsekerheid van die huidige lewe-in-meervoud.

Die adolessent stig ook talle betekenisvolle verhoudinge gedurende die fase, onder andere die verhouding met sy ouers, sy portuurgroep, homself, met objekte en idees en met God. Hy ervaar ook nuwe kennis en sy affektiewe lewe word beïnvloed deur sy fisieke verandering en dit kan sy gemoedslewe opvallend laat verander – van die een ekstatiese oomblik tot onsekerheid en terneergedruktheid. Dit moet voorkom word, want so 'n terneergedrukte adolessent wat 'n introvert is en nie maklik verhoudings stig nie, kan selfmoordgedagtes koester.

Die adolessent wil dus sy eie identiteit stig en sodoende evalueer hy homself ten opsigte van wat sy ouers en maats en ander belangrikes in sy lewe van hom sê of van hom verwag. Aangesien die adolessent so baie onsekerheid beleef, kan hy dit ook beleef as, “niemand verstaan my nie” (Robbins 1998:49).

Tabachnick (Wodarski & Harris 1987:478) beweer dat gedurende die individualisasieproses ontwikkel die moontlikheid om dinge te hanteer. 'n Kroniese onvermoë om dinge te hanteer, is 'n groot aanduider vir selfmoordpogings. Aansluitend kan ook die afleiding gemaak word dat 'n verdraaide of lae selfbeeld die adolessent affekteer in sy strewe na die toekoms, asook in sy omgewing. Hierdie probleme veroorsaak dikwels verwerping wat in selfmoordgedrag kan omsit. In die situasies waar identiteitsprobleme aanwesig is, is die adolessent oorafhanklik van gesinsverhoudings vir bevestiging van sy identiteit is.

'n Ander aspek van die adolessentefase is die kognitiewe lewe. Die adolessent wat nou abstrak kan begin dink, vra kritiese vrae en aanvaar nie meer alles so gelate soos voorheen nie. Wanneer die adolessent nou 'n probleem ervaar, moet hy met iemand daarvoor kan praat, anders sal hy na binne keer en selfmoordgedagtes kan ontstaan as hy voel dat dit 'n onoplosbare probleem is. Kognitiewe ontwikkeling en die omgewing waarin die adolessent realistiese terugvoering moet kry, is noodsaaklik vir die losmakingsproses wat die adolessent moet deurgaen. Daar word van hedendaagse adolessente verwag om meer selfstandig as vroeër te dink en om belangrike besluite vir homself te neem. Die verwagting word gestel omdat die wêreld, deur die media, baie kleiner geword het en daarom is daar baie meer betekenis wat die adolessent aan die wêreld moet gee. Die hedendaagse Westerse kulture maak ook nie altyd voldoende voorsiening om adolessente te leer om pyn, dood, siekte, beserings en ongeregtigheid te verduur nie. In die hedendaagse samelewing is dit ook opvallend hoeveel minder spontane, warm, opregte vriendskappe daar gesluit word. Dit is juis hierdie soort vriendskappe waaraan die adolessent sterk behoefte het – warm, hegte bande (Wodarski & Harris 1987:478).

Die sosialisering van die adolessent word veral beïnvloed deur die gesin, die skool en die portuurgroep by die skool. Wanneer die adolessent by een van hierdie samelewingsverbande isolasie of verwerping ervaar, kan dit selfmoordpogings meebring. Van groot belang is dus dat die adolessent binne die gesin stewige relasies sal bou wat as fondament kan dien. Die ouers moet die kind hier aanvaar vir wie en wat hy is en daar behoort 'n baie goeie vertrouensverhouding te bestaan, sodat die adolessent voel die ouer gee om en dat hy 'n unieke persoon is. Naas die belangrike gesinsrelasies, is die portuurgroep die mense met wie dit die belangrikste is om 'n goeie, standvastige verhouding te stig. Hy moet voel dat hy deel van daardie groep is en met hulle kan identifiseer. Die adolessent besef ook nou sy

moontlikhede, want hy kan dit aan sy maats se prestasies meet. Wanneer die adolessent nou “as een van die groep” gereken word, beleef hy gelykwaardigheid wat baie belangrik is vir selfaktualisering. 'n Adolessent sal selfs eerder 'n bynaam aanvaar en verduur as om deur die groep verwerp te word (Van den Aardweg & Van den Aardweg 1993:13).

Die adolessent wil sosiaal aanvaar word. Hy wil nie net 'n speelmaat of bendelid wees nie, maar as 'n persoon op 'n meer permanente basis as vriend aanvaar word. Die maatsgroep is in hierdie fase gewoonlik kleiner as vroeër en dit sluit lede van die teenoorgestelde geslag in. Hierdie groep is ook dikwels fisiek minder aktief en kan vir tydperke net sit en gesels. Die ondersteuning van die portuurgroep is belangrik en daarom is dit noodsaaklik dat die adolessent self weet wat die gevaartekens van depressie en selfmoordgedrag is en hoe om daarop te reageer, want 'n verkeerde reaksie op 'n “roep om hulp” van die selfmoordgeneigde adolessent, kan moontlik net veroorsaak dat hy oorgaan tot die daad (Labuschagne 1987:79).

Die adolessent is baie gevoelig veral vir die afwysing, goedkeuring en kommentaar van sy maats en heg baie meer waarde daaraan as wat hy aan die terugvoering van die volwassenes heg. Sodoende help die terugvoering die adolessent hom in sy soeke na 'n eie identiteit. Nou kan hy binne sy portuurgroep "oefen" hoe hy as persoon kan en moet optree. Die adolessent kan nou ook besef dat almal uniek is en daarom neem hy in sy normatiewe lewe ook deurgaans unieke eie besluite (Labuschagne 1987:79).

Die selfbeeld en die effek van ouderdom, geslag en ras is verskillend. Selfvernietigende gedrag, veral onder die jongmense wat nie in staat is om hulle sosiale milieu te kontroleer nie, kan verteenwoordigend wees van 'n alternatief in 'n situasie wat onuithoudbaar is. Wanneer die aspirasievlak hoog is, maar aanhoudende mislukking voorkom, ontstaan negatiewe gevoelens



van “dat ek self niks beteken nie” – ’n situasie wat gelukkig vir die meeste mense verbygaan. Of daar nou selfvernietigende gedrag voorkom, hang af van die mens se definisie van die situasie en die hoop wat daar by hom bestaan vir die toekoms (Labuschagne 1987:79).

4.8 Psigies-Geestelike faktore wat selfmoord en selfmoordpogings by adolessente kan beïnvloed

Volgens Pretorius (1984:129) kan die psigiese lewe van die adolessent versteur raak as hy beleef dat hy die een of ander situasie soos byvoorbeeld hulpeloosheid, die dood van ’n naasbestaande, ’n liggaamlike gebrek of tekortkoming, of mislukking op skool nie kan verwerk nie. Die adolessent kan egter ook self verantwoordelik vir sy probleme wees sodat die kommunikasie ontoereikend tot vergestaltung kom.

Wanneer die adolessent dus die een of ander situasie nie kan hanteer nie, byvoorbeeld die dood van ’n naasbestaande, kan dit gebeur dat die adolessent hom met daardie persoon wil verenig. Dit is dan dat selfmoord as opsie oorweeg word en daardie gedagtes in die adolessent se lewe baie sterk funksioneer. Baie selfmoorde vind plaas omdat adolessente nie oor genoegsame innerlike krag beskik om ’n bepaalde krisis te hanteer nie. As iemand na aan hulle sterf, voel hulle dikwels dat hulle hul stut in die lewe verloor het en nie meer kans sien om met die lewe voort te gaan nie.

Erik is 16 jaar oud, sy pa is agt maande gelede oorlede. Sy ma het aan my vertel dat Erik nie oor sy pa se dood kan kom nie, dat hy al verskeie kere gesê het dat hy saam met sy pa wil wees, want die lewe is nie lekker sonder sy pa nie. Erik en sy pa het ’n baie hegte verhouding gehad, hulle het gereeld saam gaan visvang en jag. Sy pa se dood was vir hom ’n groot skok. Niemand so na aan hom het nog gesterf nie. Hy was baie afhanklik van sy pa. Hy sien nie



kans om die lewe aan te pak sonder sy pa nie; wie gaan nou vir hom al die raad en advies gee? Erik wou nie gehad het dat sy ma aan enige iets van sy pa moet raak nie; sy ma mag ook nie sy pa se klere weggepak het nie. Erik het onverwerkte rou in homself. In sy toekomsverhaal was sy pa altyd teenwoordig. Met die afsterwe van sy pa was sy toekomsverhaal verduister en sou daar 'n nuwe verhaal geherkonstrueer moes word. Erik het nie kans gesien daarvoor nie, daarom dat hy eerder homself met sy pa wou verenig.

Behalwe vir dinge wat rondom die adolessent gebeur, is die adolessent ook tot 'n mate in stryd met homself. Die normale adolessent wil graag self iemand wees. Hy wil homself aktualiseer en sy volle potensiaal verwerklik. Erik het gevoel dat hy nie sy volle potensiaal sal kan bereik sonder sy pa se hulp nie. Skrywers soos Seidemann (1967) en Pretorius (1984: 152-160) onderskei twee verskynsels by die adolessent om hom te aktualiseer, naamlik stryd en soeke.

4.8.1 Die stryd om selfbevestiging

Adolessente is in stryd met dit wat hy tans is en dit wat die groter gemeenskap van 'n adolessent verwag. Hy is dus in stryd met die groter sosiale en kulturele verhale van die samelewing van sy dag. Dit is belangrik dat hy homself binne die groter verhaal sal vind.

Hierdie stryd kan die volgende vorme aanneem:

- *Stryd om posisie in die samelewing*

Aan die een kant word van hom verwag om sy plek te ken, maar aan die ander kant moet hy homself handhaaf; aan die een kant word van hom

verwag om godsdienstig en sober te lewe en aan die ander kant kom hy met soveel immorele optrede in aanraking. Kragtens sy jongmenswees is hy dikwels nog idealisties, maar hy leef in 'n wêreld waar ander mense sinies teenoor die lewe is (de Jager 1993:158).

Die adolessent voel somtyds dat hy in die pad is en word veral deur die ouer generasie as 'n lastige passiewe massa beskou. Hieruit ontstaan dan 'n strewe tot selfbevestiging. Dit ontaard uiteindelik in 'n stryd tussen die ouer en jonger generasies. Verder het die adolessent ook 'n stryd om sy posisie in die samelewing te probeer vestig, aangesien daar 'n probleem van oorbevolking en woningsnood asook werkloosheid ontstaan (de Jager 1993:158). Sy toenemende selfstandigheid, verantwoordelikheid en groeiende insig in die wêreld om hom bring hom nou in botsing met die feit dat hy as't ware onselfstandig en onderdanig gehou word (Van Niekerk & Van der Spuy 1998: 27).

- *Stryd teen die instelling van die volwassenes*

Adolessente stig hulle eie groeperinge, organisasies en instellinge uit protes teen die instelling van die volwassenes wat (volgens die jeug) dikwels in hulle doelstellinge misluk (byvoorbeeld binne die gesin of skool of kerk). Binne die jeugdige gemeenskapsvorm word eie groepsnorme en –waardes gehandhaaf. Die adolessent vind hier dikwels die geborgenheid en erkenning wat hy nie tuis of by die skool vind nie (Seidmann 1967:96-100).

- *Stryd teen die oorgeorganiseerde, verouderde lewe*

Adolesente is dikwels in stryd teen die lewe wat baie kompleks en oorgeorganiseerd is. Die adolessent voel te vasgevang in so lewe. Adolesente is dikwels in opstand teen sosiale instellinge soos die skool en die kerk wat sy jongmenslewe “organiseer” asof dit niks anders as ‘n passiewe voorwerp is nie. Die oordrewe georganiseerdheid laat die adolessent dikwels vasgevang voel. Opvoeding van die “goeie ou tyd” help tieners ook nie om die probleme van die moderne vertegniseerde wêreld te hanteer nie (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:27).

- *Stryd teen die leuenagtige lewe*

Adolesente het ‘n probleem met van die lewens wat volwassenes lei. Wat voorgeskryf word, word dikwels nie uitgeleef nie. Hulle raak verontwaardig deur die wanverhouding tussen die moraal wat die volwassenes verkondig en die kultus van skyn wat hulle prakties lewe. Indien die adolessent nie hierdie stryd in die lewe te bowe kom nie, kan sy lewe en toekomspektief moontlik heeltemal negatief beïnvloed word (Seidmann 1967:140).

4.8.2 Die soeke van die jeug

Binne die stryd teen die sosiale en kulturele verhale is daar ‘n soeke by die adolessent teenwoordig. Die doel van die soeke is om homself en sy posisie binne die groter verhaal van die gemeenskap te vind. Die stryd in die soeke kan lei tot selfmoord en selfmoordgedrag wanneer sy eie verhaal te veel bots met die van die groter gemeenskap. Indien daar nie harmonie bewerkstellig kan word nie.



- *Die soeke na sin*

Die adolessent soek na sin en waarheid in die lewe (groter samelewingsverhaal) en hierdie sin moet in kommunikasie met die medemens ontdek word. Dreyfus (1972:2) sluit hierby aan: "Youth wants meaning through intimacy with other people". Aansluitend hierby verkeer talle adolessente in 'n vakuum en belewe sinsnood. Frankl (1968:107) stel dit is as volg "...they lack the awareness of a meaning worth living for. They are haunted by the experience of their inner emptiness, a void within themselves; they are caught in that situation which I have called the existential vacuum".

Hierdie eksistensiële vakuum is steeds vandag 'n tendens. Die adolessent weet nie hoe om sin in die lewe te kry nie en gaan saam met die stroom en doen wat ander sê hy moet doen. Die adolessent in so vakuum is verveeld en dit lei tot doelloosheid en 'n inhoudlose bestaanswyse. Die adolessent doen ander dinge om te ontvlug van hierdie bestaanswyse, hy ontvlug deur dwelm- en alkoholmisbruik, jeugmisdad en verset. Hierdie ontvlugtings intensifiseer eerder hierdie gevoel van sinloosheid, as wat dit verligting bring. Dit kan in die uiterste geval selfs tot selfmoord lei (de Jager 1993:161).

- *Soeke na intimiteit*

Volgens Pretorius (1984:154) beleef die adolessent 'n honger na medemenslikheid. Die adolessent is op soek na intense, intieme kommunikasie, omdat hierdie intimiteit geborgenheid beteken. Ook gee dit die geleentheid vir die adolessent om sin te ontdek. Dit voel vir die adolessent asof daar iemand is wat iets vir hom beteken en dat daar aan sy basiese sosiale nood as adolessent voldoen word. Gepaardgaande daarmee is die soeke na, maar terselfdertyd ook 'n vrees ten opsigte van intimiteit. Menigte

adolescent se opstand is in wese 'n soeke en hunkering na 'n verhouding waarin intimiteit heers. Hierdie intimiteit word allereers by die ouers gesoek. Daarom het dit baie keer dramatiese gevolge as ouers afwesig is in adolessente se lewe. Dit beteken dat die intimiteit op 'n ander plek gevind moet word, want die leemte moet gevul word. Hierdie vereensaming wat kan ontstaan omdat die adolescent se behoefte na intimiteit nie bevredig word nie kan daartoe lei dat so 'n kind selfmoordneigings begin toon (de Jager 1993:163).

- *Soeke na identiteit*

Die soeke van die adolescent na identiteit, vind plaas waar hy homself in kommunikasie met sy medemens bevind. Verskeie faktore soos verandering in die gesin, die skool of die samelewing kan die identiteitsverwerwingsessensies soos kommunikasie en die selfbeeld teëwerk en tot 'n identiteitskrisis by die adolescent lei, wat beteken dat hy in eensaamheid en isolasie verval, sy lewe as sinloos ervaar en moontlik op grond daarvan selfmoordgedagtes begin koester (Pretorius 1984:157).

- *Soeke na bewussynsverruiming*

Die adolescent wil ook sy belewingsveld of bewussyn verruim en daarom behels dit nog 'n soeke van die adolescent. Die belangstelling en soeke sluit in dwelmiddelgebruik, ondergrondse politieke bedrywighede, transendentale meditasie of ongeoorloofde seksualiteit (Pretorius 1984:157). As die adolescent voel dat hy vasgevang is in die web van bogenoemde, in so mate dat hy glad nie daarvan kan los kom nie, kan dit lei tot selfmoord.

- *Soeke na verandering*

Afgesien van die verruiming van die belewingsveld soek die adolessent ook na verandering. Aangesien die adolessent se materiële behoeftes dikwels bevredig is binne die samelewing, strewende hy na hoër doelstellings van maatskaplike verandering en is hy dan gerig op eksperimentering en op 'n soeke na 'n nuwe lewenstyl en 'n nuwe identiteit (Pretorius 1984:158). As die adolessent oormatig gefrustreerd voel oor die starheid en sterielheid van die samelewing kan hy moontlik rebelleer of selfs selfmoord oorweeg.

- *Soeke na godsdienstbeleving*

Baie adolessente soek ook na die egtheid en waarheid van godsdienstbeoefening en na moraliteit. Soms verwerp hulle die tradisionele godsdienst, omdat dit vir hulle nie sin maak nie. Hulle soek antwoorde vir die hier en nou aangesien hulle probleme het met die hier en nou. Indien hierdie godsdienst vir die adolessent geen antwoorde bied nie, kan dit kulmineer in selfmoordgedrag (Pretorius 1984: 161).

- *Soeke na selfkonsep*

Die adolessent se soeke na selfkonsep is belangrik, aangesien 'n goeie selfbeeld die hom kan help om antwoorde op die vrae te vind. Volgens Burns (1982:1) bestaan selfkonsep uit twee aspekte, naamlik 'n selfbeeld en selfevaluering. Die selfkonsep kan aan die hand van die volgende geïllustreer word:

- Selfbeeld – “ek glo ek is dom”

- Evaluering – “ek evalueer myself en sien myself in ‘n negatiewe lig, as gevolg van my domheid”
- Respons/Optrede – “of ek onttrek myself, of ek probeer om goed te doen in ‘n toets om vir my domheid te vergoed”.

Wanneer die identiteit vaag is, is dit moeilik om dit te evalueer. Dit is dikwels die geval by die selfmoordenaar, soos uit die volgende voorbeeld van McGuire (1982:15) blyk waar hy ‘n jeugdige aanhaal wat verklaar: “Nobody wants me around here. I’m going to kill myself”. As die selfkonsep so laag daal soos in die voorbeeld, bly daar min innerlike motivering oor om voor te lewe. De Jager (1993: 167) haal Very (1977:5) aan wat beweer dat selfaktualisering uit drie dimensies bestaan, naamlik betekenisgewing, betrokkenheid en beleving. Verder word dit as volg opgesom:

- Die selfaktualiseerder moet kan verstaan en betekenis gee en hom toenemend oriënteer.
- Hy is baie betrokke by ‘n taak buite homself.
- Hy belewe sy sinvolle aktiwiteite intens.

Die “wil word” wat onderliggend is aan die adolessent se psigies-geestelike lewe en wat so noodsaaklik vir betekenisgewende, betrokke en belevende selfaktualisering is, ontbreek by die potensiële selfmoordenaar. Alle motivering om ‘n doel na te jaag, ontbreek. As die psigies-geestelike vitaliteit om te wil lewe ontbreek is selfmoord ‘n moontlikheid.

4.9 Gesinsverhoudingsmatige faktore wat selfmoord en selfmoordneigings beïnvloed

Uit die voorafgaande het dit geblyk dat die psigies geestelike lewe van die adolessent versteur kan wees wanneer hy die een of ander situasie in sy lewe

nie kan verwerk nie, soos byvoorbeeld die dood van 'n naasbestaande. In baie van die situasies gaan dit primêr om die menseverhoudings waarin die adolessent hom bevind, daarom is dit ook belangrik om die verhoudingsmatige belewinge van die adolessent te evalueer.

In die volgende paragrawe val die klem op die verhoudinge wat die adolessent het eerder as oor die adolessent as persoonlikheid.

4.9.1 Die Gesin

Van al die intermenslike situasies waarin die mens hom ooit bevind, beïnvloed die gesinsituasies hom die diepste en die blywendste. Indien daar geen patologie binne hierdie verhouding is nie, ontwikkel die adolessent 'n wete van wat reg en verkeerd is en kry die adolessent die nodige aandag en ondersteuning sodat hy nooit van die pad sal afdwaal nie.

Die adolessent beleef die intimiteit en geborgenheid van die gesin as 'n "onsheid" en 'n veilige skuiling teen die grootheid en die vreemdheid van die omringende wêreld waarin hy soos 'n vreemdeling voel. Dit is juis daardie intieme, begrensde, beskermende ruimte wat die moeder vir haar gesin kan stig, waarna die adolessent so hunker. Daardeur voel hy spesiaal (de Jager 1993:169).

Die veiligheidsbeleving is gegrond in die liefde wat die adolessent ontvang. Die aanvaarding en liefde van die ouer is uiters betekenisvol vir die ontwikkeling van emosionele sekuriteit en 'n gesonde persoonlikheidsontwikkeling vir die adolessent. Die adolessent het behoefte aan 'n liefdevolle, versorgende geregtigheid van die ouers wat op 'n tasbare en waarneembare wyse tot uitdrukking kom (de Jager 1993:170).

Die bogenoemde sluit sterk aan by die basiese behoefte hiërargie soos deur Maslow (McCall 1980:11-12) onderskei. Dit behels 'n piramidale struktuur van behoeftes, waar die volgende (hoër) behoefte gegrond is op die vroeëre (meer basiese) behoeftes. Maslow onderskei:

- Selfaktualiseringsbehoefte – hoogste behoeftes
- “Esteem” behoeftes – ek behoeftes
- Beloningsbehoefte
- Veiligheidsbehoefte
- Fisiese behoeftes – mees basiese behoeftes

Ouers moenie 'n superbeeld aan die adolessent voorhou nie. Die adolessent moet geleer word om sy behoeftes met ander mense, veral sy portuurgroep, maar ook met sy ouers, broers en susters, te deel. As die adolessent sy behoeftes met gesinsgenote deel, bind dit so gesin aan mekaar. Hierdie gesinsbande kan die adolessent staande hou. In 'n liefdelose wêreld moet die ouers nooit nalaat om hul kinders in liefde te “oefen” nie. Dit is met menswees gegee om in liefde te wil funksioneer. Ouers moet aan hul adolessente kind wys dat hulle hom lief het. Die adolessent moet dit as't ware verstandelik en emosioneel ervaar. Selfs straf en tug moet in liefde geskied, dan is dit tot stigting en vorming (Van der Walt 1991:10).

Gesinsverhoudinge verloop nie altyd optimaal nie. Enkele wanverhoudings word vervolgens aan die orde gestel.

4.9.1.1 Verhoudingsversteuringe

- *Affektiewe verwaarlosing*

Die begrip “affek” dui op die menslike gestemdheid, disposisie of stukrag. Dit is ‘n kontinue, gevoelsmatige gestemdheid van ‘n mens ten opsigte van die wêreld, dinge en andere wat ontstaan deurdat die persoon aangespreek en ontroer word (de Jager 1993:171).

Die adolessent kan affektief verwaarloos word in die sin dat daar of ‘n tekort of ‘n oormaat aan liefde voorkom. Liefdeloosheid kom voor wanneer die ouers die adolessent verwerp en die adolessent dan soekend is na liefde en aanvaarding. Die adolessent wil veilig voel by sy ouers. Deport, (Wodarski & Harris 1987:478) beweer dat ouerlike verwerping en liefdesontrekking, aanleiding kan gee tot wat hy ‘n “verwerpingshipotese” noem, waar die adolessent die verwerping verinnerlik. Dit kan later ‘n faktor in die adolessent se selfmoordpogings wees.

- *Oormatige gevoelsbande*

Die teenoorgestelde is ook waar dat adolessente wat te veel liefde ervaar, egosentries raak. So ‘n adolessent se lewenswêreld draai net om homself en sy sosiale integrasie is patologies van aard. Dit is belangrik dat so adolessent in liefde aanvaar moet word, maar nie in liefde versmoor moet word nie. Die oormatige gevoelsbande kom veral dikwels tussen ‘n ouer en adolessent van die teenoorgestelde geslag voor – die sogenaamde Eudipus-verhouding. Moeder spin dikwels ‘n liefdes “kokon” om haar seun waar die vader as identifikasiefiguur afwesig is of waar die adolessente seun gevoelsmatig nie naby aan die vader leef nie. Dit kan gebeur dat so ‘n adolessente seun meer verfynd as sy maats voorkom en deur ander adolessente as ‘n “moederseuntjie” gespot of selfs verstoot word. So adolessent kan voel dat hy as individu misluk het en dat die enigste uitweg vir hom is om ‘n einde aan sy

lewe te maak. Hy kan egter ook selfmoord pleeg om te “bewys” dat hy nie so inisiatiefloos is as wat sy portuur voorgee nie (de Jager 1993:174).

- *’n Verwerpingsverhouding*

Daar is verskeie redes waarom ouers hulle kinders (adolessente) nie kan of wil aanvaar nie. Die kind is moontlik die teenoorgestelde geslag van wat die ouer(s) graag sou wou gehad het. Die kind was dalk ’n ongewenste baba. Die kind (adolessent) kan dalk ’n aangename kind, gestremd, of baie sieklik wees. Hy kan ook ’n kind uit ’n tweede huwelik wees. So kind kan verwerp voel omdat die ouer(s) wat aan hom lewe geskenk het hom nie wil aanvaar nie. Wie anders sal hom dan aanvaar. So ’n adolessent voel dat daar nie meer plek in die lewe is vir hom nie, daar is ook nie meer sin daarin om voor te gaan met die lewe nie. Al hierdie faktore gee aanleiding tot selfmoordgedrag en uiteindelik lei dit tot die uitvoering van die daad (Brouwers 1989:198).

- *Tweeslagtige gevoelsverhouding tussen ouer en kind*

Die potensiële selfmoordenaar kan ook onsekerheid beleef wanneer sy ouers soms liefdevol en soms haatig teenoor hom optree. Hierdie gedrag van die ouers laat die adolessent onseker voel. Dit versteur sy lokus van kontrole en maak hom impulsief. Hy beleef moontlik angs en afhangende van hoe die situasie op hom inwerk, mag die adolessent dalk rebelleer, dalk berus of dalk impulsief selfmoord pleeg omdat dit te ondraaglik geword het (de Jager 1993:177).

- *Mededinging tussen broers en susters*

Dit is nie net die gevoelens van ouers teenoor die adolessent wat bepalend inwerk nie, maar ook die mededinging tussen broers en susters wat kan veroorsaak dat die adolessent magteloos, verworpe en minderwaardig voel. Broers en susters ding saam mee om die guns van hulle ouers. Die mededinging kan veroorsaak dat die adolessent se psigiese ontplooiing skadelik is. Ouers neig soms om hulle kinders met mekaar te vergelyk en die kind wat onguns wek mag ervaar dat die ouers hom nie genoeg erkenning gee en onseker voel oor sy plek in die gesin. Gevoelens van afguns en verslaentheid of selfs selfmoordgedagtes kan as gevolg hiervan geïnisieer word (Pretorius 1984:140).

- *Disharmoniese huweliksverhoudings*

'n Disharmoniese huweliksverhouding tussen 'n adolessent se ouers maak hom verward, aangesien hy dikwels in die huwelikskonflik van sy ouers betrokke raak. Dikwels beleef so adolessent skuld, vrees en 'n gewetenswroeging teenoor die ouer teen wie hy kant kies. Op 'n stadium kan die adolessent besluit om homself te onttrek uit die konflik. Die moontlikheid bestaan dat hy begin dink dat die konflik sy skuld is en dat dit hoofsaaklik om hom sentreer, daarom bestaan die waarskynlikheid dat die adolessent eerder sy eie lewe wil neem (Pretorius 1984:141).

4.9.1.2 Besondere gesinsituasies as moontlike aanleiding vir selfmoordgedrag

- *Gesinsonvolledigheid / Ouerverlies*

Menige adolessente voel dat hulle nie rigting in die lewe het nie. Dit kan wees omdat die gesin onvolledig is weens egskeiding of die dood van 'n ouer. 'n Hoë persentasie adolessente met selfmoordgedrag kom uit onvolledige gesinne wat ontstaan as gevolg van dood, egskeiding en permanente skeiding. Gesinsonvolledigheid kan nie noodwendig aanvaar word as 'n faktor vir selfmoordgedrag nie, maar aspekte soos die aard van die skeiding, 'n individuele adolessent se belewenis van die skeiding, sy eie stabiliteit, sy verhouding met sy ouers en die gesinstabiliteit is van deurslaggewende belang (Malherbe 1990:20).

Ouerverlies hou verskeie moontlike implikasies vir die adolessent in soos onder andere die gebrek aan psigologiese steun van beide ouers, gebrekkige geslagsidentifikasie, ongemak en skaamte oor huislike omstandighede, gedwonge vroeë aanvaarding van verantwoordelikheid waarvoor hy nie gereed is nie en oor idealisering van die oorlede ouer. Ouerverlies en gepaardgaande deprivasie kan lei tot depressiewe reaksies wat dikwels met selfmoordgedrag verband hou (Malherbe 1990:20).

Die verlies van 'n ouer word dikwels as verwerping en waardelosing ervaar en impliseer verder 'n gebrek aan primêre identifikasiefigure (Tishler et al. 1981:86). Die adolessent se aanpassingsvermoë na sodanige verliese hang onder andere af van die aard van die verlies, sy ontwikkelings stadium en die mate waarin die res van die gesin as sisteem psigologiese steun bied (McAnarey 1979:765). Die voorkoms van selfmoordgedrag is relatief laag in

gemeenskappe waar hegte gesinsverbande gehandhaaf word. Hedendaagse veranderinge in die tradisionele kerngesin, byvoorbeeld die toename in egskeiding, eenouergesinne en werkende moeders, kan juis bydra tot swakker gesinskommunikasie en vervreemding van die gesin (Ackerman 1988:15). Diekstra (1985:39) wys daarop dat egskeiding 'n sterk aanduiding van die vlak van sosiale integrasie, vervreemding en skeidingservaringe in 'n gemeenskap gee en dat dit sterk verband hou met die voorkoms van selfmoord. Uit navorsing blyk dit dat slegs 20% van adolessente wat selfmoordpogings aangewend en ernstige tekens van selfmoordgedrag getoon het, hulle in volledige gesinne (waar beide biologiese oues saam in die gesin woon) bevind het (Ackerman 1988:15). Daar moet in gedagte gehou word dat dit nie slegs gaan oor die vorm van verlies nie, maar oor die kwaliteit van lewe wat deur die adolessente ervaar word asook die verlies aan liefde, intimiteit, spontaniteit en nabyheid.

- *Rolomkering*

Rolomkering speel ook 'n rol by adolessente selfmoordgedrag. Dit behels die omkering van die tradisionele gedragswyses tussen ouer en kind. Dit beteken dat die kind die normale funksies en verantwoordelikhede van die ouer, byvoorbeeld die versorging, ondersteuning en leiding, moet oorneem. Dit word gewoonlik deur die ouer geïnisieer. Die kind neem dus die leiding terwyl die ouer meer afhanklik optree. Dit ontnem die kind van die geleentheid tot normale emosionele en sosiale ontwikkeling. Sy identiteitsverwerwing is versteur omdat hy 'n volwassene se rol moet vervul. Dit kom veral voor by enkelouergesinne waar die dogter die rol van die moeder moet vervul. So kan die kind se afhanklikheidsbehoefes met die ouer bots en dit kan tot selfmoord lei (Ackerman 1985:82).

- *Depressie by ouers*

Aangesien depressie die mees algemene oorsaak van selfmoord is, is daar al deur navorsing aangetoon dat waar die moeder depressief is, sy minder gevoelsmatig met die adolessent omgaan, minder betrokke is en minder kommunikeer. So beweer Pfeffer (1986:132) dat studies oor selfmoordgeneigtheid onder kinders *“show a high rate of psychological comparentment among children of parents with affective disorder”*. Alhoewel daar nie ‘n bepaalde aanwysbare verband tussen depressiewe ouers en selfmoord onder adolessent bestaan nie, wil dit voorkom of die adolessente beslis hoër risikogevalle is (Pfeffer 1986:135).

4.10 Selfmoord en Presipiterende faktore

4.10.1 Skolastiese probleme wat tot selfmoord en selfmoordpogings onder adolessente kan lei.

Susan, ‘n veertienjarige adolessent wie se selfmoordpoging misluk het: nou is sy blind en het haar smaaksintuig verloor. Sy het gedink dat niemand haar verstaan nie. Vir die soveelste keer dink sy terug aan die spesifieke dag in die klas. Die onderwyseres het haar ‘n vraag oor punktuasie gevra. Sy kon dit nie beantwoord nie en die onderwyseres het buite verhouding met haar geraas, totdat sy voor almal in trane uitgebars het. Dit was vir haar ‘n vernedering, want “in st. 6 huil mens nie meer in die klas nie”. Die volgende dag het sy toets geskryf en sy het 22% behaal. Dit het vir haar dieselfde gevoel soos in st. 4 toe sy ‘n hele paar vakke gedruip het. Dit wou sy nie oor hê nie: nie nog ‘n jaar soos in st. 4 nie. Sy het ook waterpokkies gehad en moes gevolglik lank van die skool af wegbly. Toe ‘n onderwyseres haar beskuldig dat sy stokkies draai, sê sy daarvoor: “Dit het vir my gevoel asof al die onderwysers

op my gepik het. Ek het by my ma gaan kla en sy is hoof toe. Die volgende dag het die onderwysers my hardop in die klas agter haar laat aansê: 'Ek is nie bang vir jul ma's nie'. Die ergste was dat my maats my boonop alles ook gelos het". Na hierdie insidente was Susan stil, teruggetrokke en eensaam. Sy het die middag na die hoofslaapkamer gestap, by die bed gekniel en die geweer vasgehou en die sneller effens getrek. Die verhaal van Susan is maar een van baie adolessente wat as gevolg van skolastiese omstandighede selfmoord gepleeg het of wou pleeg.

Samelewingsdruk wat deur die snelle ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie teweeggebring word veroorsaak dat die skool, as samelewinginstituut, die besondere taak om kinders so te probeer opvoed en toerus dat hulle in die veeleisende samelewing kan oorleef. Dit plaas geweldige druk op die adolessente om te bewys dat hulle sal kan oorleef. Dit kom daarop neer dat daar verwag word dat elke kind op akademiese gebied moet presteer. Jaarliks word die vereistes hoër, want tien jaar gelede het kinders met ses onderskeidings in matriek maklik studiebeurse gekry en was so 'n kind se pad vorentoe eenvoudiger. Vandag is daar kinders wat selfs nege onderskeidings in matriek kry. Die kind met ses onderskeidings se pad is nie noodwendig oper vorentoe nie. Druk raak op verskeie terreine groter. Toenemende druk veroorsaak hoë stresvlakke by kinders. 'n Kind wat uitermatige spanning beleef as gevolg van onvoldoende akademiese of sportprestasies, begin dikwels negatief en destruktief optree om die frustrasies te verwerk. Selfmoord kan waarskynlik 'n opsie wees.

Schlebusch (1986:166) wys daarop dat akademiese probleme, asook probleme met onderwysers, met 'n insidensie van 22,2% die tweede grootste algemene oorsaak van tienerselfmoord was, naas ouer-kindprobleme.

Die adolessent moet bewys dat hy kan oorleef al word hierdie druk gelyktydig al meer op hom uitgeoefen. Daar word waarskynlik te veel waarde aan prestasie geheg. Dit is begryplik dat die adolessent die indruk kry dat indien hy beter presteer hy meer liefde waardig is. Skoolhoofde pleit dat die onderwysers vir die ouers 'n beter aanduiding moet gee van waartoe hul kinders in staat is. Omdat party ouers self nooit groot hoogtes in hulle lewe bereik het nie, verwag hulle dikwels dat hulle kinders die gemis in hul lewe moet vergoed deur uit te styg (de Jager 1993:87).

Bloomberg (Brand 1988:29) beweer ook dat hoërskoolkinders en jong studente hulle juis in die selfmoordfase bevind en dat te veel eise en te hoë verwagtinge, 'n neerslagtige kind wat reeds selfmoordneigings het, tot selfmoord kan dryf as hy/sy wel druipe of net swak presteer.

Sporadies is daar koerantberigte wat die tragiese verhale vertel van een of ander adolessent vir wie alles net te veel geraak het. Skolastiese probleme alleen is nie 'n enkel oorsaak vir selfmoord nie. Dit is 'n baie belangrike faktor aangesien 'n groot deel van 'n adolessent se lewe rondom die skool en dit wat daar gebeur sentreer.

4.10.2 Sub-Kulturele faktore

Die jongmense van vandag leef in 'n samelewing waar daar baie ernstiger sosiale probleme voorkom as vroeër en waar daar baie meer druk op hulle uitgeoefen word. Die moderne samelewing is in baie opsigte meer problematies as vroeëre tradisionele samelewings. Pretorius (1984:146) beweer "Wie die jeug het, het die toekoms". Socrates (469-399 vC) het reeds beweer: "Die jeug van vandag hou van luuksheid. Hulle het slegte maniere,

minagting vir gesag, geen eerbied vir ouers nie en praat liewers as wat hulle werk” (Pretorius 1984:147).

4.10.2.1 Massamedia

In die massamedia word geen koste of moeite ontsien nie. Volgens Hafner en Schmidtke (Pfeffer 1989:137) bestaan daar ‘n wesentlike vraag of die toename in selfmoord onder adolessente, sedert die jare sestig in geïndustrialiseerde lande soos die VSA, Kanada, Duitsland en Switserland, nie iets te doen het met die uitbreiding van die massamedia nie. Adolessente moet allerlei aanslae op hul gesins- en godsdienstige lewe, geslag en norme die hoof bied. Alkohol-, dwelm- en seksmisbruik word dikwels in tydskrifte en films voorgehou as ontvlugtingsmiddels. Vrye liefde, huweliksontrou en egskeiding en selfs selfmoord en moord word deur die massamedia voorgehou as verskynsels wat vry en algemeen in die samelewing voorkom. Die gevolge daarvan word dikwels vir die adolessent verbloem. Daar word byvoorbeeld selde gewys hoe mense lyk wat aan vigs sterf of misvormde babas wat gebore word omdat die ma dwelms gebruik het. Die massamedia bied dikwels kitsoplossings vir alles. Dis ‘n wêreld waarin jou drome en ideale bewaarheid kan word. Daar is reeds verskeie navorsingsprojekte aangepak oor die invloed van televisiedekking en tydskrifte asook koerante op die toename in selfmoorde. Uit verskeie oorde is dit bevestig dat daar wel in die weke na sulke media dekking ‘n toename in selfmoordgevalle is (Pfeffer 1989:124). Daar is in die lig van die voorafgaande vraag vier samehangende veranderlikes wat die invloed van massamedia op die adolessent kan bepaal:

- Daar is wel plek om tegniese middele te gebruik, maar die invloed moet telkens in konteks en in terme van sosiale verhoudings beoordeel word.

- Die rolmodel wat aan die adolessente voorgehou word om deur hulle aanvaar te word, moet in terme van geslag, ouderdom, intellektuele peil, sosiale klas en bevolkingsgroep verteenwoordigend en met verantwoordelikheid aangebied word.
- Die mate waarin die adolessent met die kommunikeerder kan identifiseer, moet in ag geneem word.
- Die adolessent se vorige opvoedkundige, kulturele en sosiale verwysingsraamwerk is belangrik en durf nie geïgnoreer word nie, omdat die adolessent die model kies wat vir hom oplossings bied vir sy probleme.

Dit is veral die invloed van die televisie wat oorweldigend negatief kan wees, omdat alledaagse kommunikasie in die gesin deesdae al hoe meer deur televisiegesprekke vervang word.

4.10.2.2 Seksualiteit

Die massamedia kan 'n bepaalde oppervlakkige en betowerende beeld van seksualiteit aan die adolessent kommunikeer, maar elke adolessent moet ten opsigte van sy eie seksualiteit die werklikheid van sy eie liggaam en eie gevoelens hanteer. Die manier waarop die adolessent sy seksualiteit ervaar (ongemak, skuld) is nie net psigies nie, maar is ook onderhewig aan die opvatting van opvoeder, leeftydgenote en die samelewing (de Jager 1994:213).

Ontoereikende kommunikasie, gebrek aan liefde en warmte, ontmensliking, isolasie en vervreemding kan bydra om van jeugdige seksualiteit 'n dringende en aktuele saak te maak. Die adolessent ontdek vinnig dat seksualiteit wat ontgaan is van werklike menslike kommunikasie, nie bevredig nie en dat dit

gou vervelig word. So adolessent ontdek sy eie eensaamheid wat op sy beurt weer aanleiding kan gee tot selfmoordgedagtes (de Jager 1994:213).

4.10.2.3 Massifikasie

Wanneer 'n adolessent se individualiteit in die algemeenheid van die massa verlore raak, voel hy mettertyd dat hy maar net nog een van die massa is. Wanneer die wêreld die adolessent bedreig, moet hy weet watter verdedingsmeganismes om te gebruik. Die adolessent wil weet of hy 'n spesifieke bydrae kan lewer en waar hy in die samelewing inpas. Die gemassifiseerde adolessent het 'n gebrek aan verantwoordelikheid, selfstandigheid en sekerheid. Hy het dikwels minderwaardigheidsgevoelens en is vereensaam na mate hy voel dat hy in die massa verdwyn. So 'n adolessent glo dan ook dat die wêreld moontlik beter af is sonder hom. As die adolessent nie antwoorde op sy sinsvrae kry nie, kan hy nutteloos en soos 'n mislukking voel en dit gee dikwels aanleiding tot selfmoordgedagtes en selfs die voltrekking van die daad (Meiring 1989:47).

4.10.2.4 Klimatologie

Dit is ook nodig om aandag te skenk aan moontlike klimatologiese faktore wat 'n rol by selfmoord kan speel. Oor baie jare heen is daar bespiegel dat klimatologiese faktore die psige van die mens beïnvloed en dat dit, onder meer, dan ook 'n verband sou kon hou met selfmoord. Daar bestaan tans wyd uiteenlopende navorsingsresultate oor die aangeleentheid. Verskeie ondersoeke bevind wel dat daar in sekere seisoene 'n toename in selfmoordgevalle is (Meiring 1989:48). Dit is egter baie gewaagd om so met statistiek om te gaan. Vanuit 'n narratiewe oogpunt sal 'n adolessent te enige

tyd selfmoord pleeg. Hy sal nie wag vir 'n sekere tyd van die jaar nie. Indien omstandighede te ondraaglik raak, sal hy nie dink aan watter tyd van die jaar dit is nie.

4.10.2.5 Verhouding met die teenoorgestelde geslag

Rina (17) en Johan (18) was vir byna twee jaar 'n paartjie. Hierdie verhouding was albei se eerste ernstige verhouding. Albei was dol verlief op mekaar. Albei van hulle het uit gebroke huise gekom waar daar nie baie liefde was nie. Rina se pa was 'n dwelmverslaafde. Een aand het hy en Rina stry gekry. Dit het so erg gegaan dat hy eers vir Rina geskiet het en daarna homself. Vir Johan was die nuus 'n groot skok. Hy kon nie daarvoor kom nie en twee weke later het Johan probeer selfmoord pleeg. Dit was nie suksesvol nie. Nadat hy uit die hospitaal gekom het, het dit uit sy gesprek met my agter geblyk dat , daar geen liefde by die huis was nie en nou het hy ook sy enigste liefde in sy lewe verloor. Wat was dan die doel daarvan om verder te lewe?

'n Eerste liefdesverhouding is vir menige tiener die simbool van sy begrip van liefde (Louw 1991:9). In sommige gevalle bied die liefde vir so adolessent daardie aanvaarding en warmte wat hy nooit in sy gesin geken het nie, soos in die geval van Johan. Ander adolessente is weer in hulself kwesbaar, al ontvang hulle genoeg liefde tuis. Die selfmoordenaar kan baie keer nie die krisissituasie hanteer wanneer 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag verbreek word nie, aangesien so 'n eerste liefde dikwels alles in hierdie tiener se lewe is. Wanneer so 'n belangrike steungewende persoon uit die adolessent se lewe verdwyn, stort hierdie tiener se lewe ineen en dan word selfmoord as opsie oorweeg. Hy/sy onttrek hom/haar dikwels uit die samelewing. 'n Enkele gebeurtenis of persoon is nogtans selde verantwoordelik vir die adolessent se selfmoordneigings. Die meeste

selfmoorde onder adolessente is die kumulatiewe van bekommernisse wat mettertyd te ingewikkeld raak om op te los. Hierby kan gevoeg word: druipe van 'n eksamen, die vrees vir die ouers se reaksie asook die vrees vir verwerping deur maats (Seaman 1983:23).

4.10.2.6 Ekonomiese omstandighede

Vir die blanke adolessente was daar voorheen 'n redelik beskermende ekonomie waarin hulle tot 'n mate maklik werk in Suid-Afrika kon bekom. Deesdae gaan dit hoofsaaklik om vraag en aanbod, ongeag ras, taal en kultuur. Huidiglik in die nuwe Suid-Afrika geniet agtergeblewenes voordeel tydens indiensneming. Hierdie tendens breek blanke adolessente se moraal af en skep 'n donker prentjie vir die toekoms.

4.10.2.7 Politieke omstandighede

Die politieke toestand in die land bepaal in 'n groot mate die toekoms van die adolessent. In die oorgangsfase van die nuwe Suid-Afrika is dit vir die adolessent baie moeilik aangesien dinge nie verloop het soos voorspel is nie. Dinge sien nou anders daaruit as wat dit in die ouer broer of suster se geval was. Daar is nou nuwe, moeiliker uitdagings wat vir die adolessent voorlê. Interkulturele samewerking is noodsaaklik. Indien die land se omstandighede vir die adolessent onaanvaarbaar raak, kan dit tot selfmoordgedagtes lei.

4.11 Depressie

De Villiers (1983:2) noem depressie of bedruktheid die siekte van ons tyd en daarmee dui hy op 'n emosioneel-liggaamlike ongesteldheid wat veral getalsgewys vinnig toeneem. Tog was die hervormer Martin Luther al goed bekend met depressie. "Anfechtungen" was sy omskrywing vir aanvalle van depressie en hy het dit beskryf as: "... 'n gevoel van groot donkerte en twyfel, 'n smart wat 'n mens nie kan beskryf nie en wat jou sonder rede beetpak, geweldige twyfel aan alles (God, vrou, vriend, kind, koning), verwardheid, wanhoop, tranes en gesug, paniek en angs" (De Villiers 1983:2).

Die woord depressie dui etimologies op enigiets wat afwaartse druk uitoefen of laag-liggend is. (Latyn: *de* - onder, *premo* - druk). Ander terme wat daarmee verband hou is: bedruk, swarmoedig, neerslagtig, wanhopig, minderwaardig, droefgeestig, moedeloos, doelloos en hopeloos. Die ou Grieke het veral vermoed dat depressie 'n liggaamlike oorsprong het en dit aan swart gal (melancholie) toegeskryf. So het Hipokrates in die vierde eeu voor Christus van melancholie as een van die vier ernstigste vorme van geestesversteuring gepraat. Hy het die woord "melanchole" gebruik om die stemming te beskryf. Swartgallig is inderdaad in Afrikaans 'n baie beskrywende woord. Hierdie swartgallige steuring deursuur 'n mens se hele eksistensie (Poinsett 1986:25).

Durkheim (1952:109) het in die vorige eeu al daarop gewys dat "suicide very often results from extreme depression". Depressie word deur Ishisaka (1987:43) as 'n affektiewe stoornis beskou "a disorder of affect, or mood or feeling. It is so widespread that it is sometimes called the common cold of the mental disorders". Verder beweer hy dat depressie 'n definitiewe "down or valley" is. Depressiewe persone blameer hulself dan vir alles wat verkeerd gaan in hulle lewe. Hulle voel weggelaat uit die groter samelewing.

Depressiewe adolessente praat en beweeg stadig, aangesien hulle beide hul fisieke en emosionele energie verloor het. Wanneer adolessente baie depressief is, is hulle selfbeeld gewoonlik baie laag en gevoelens van sonder hoop wees en van hulpeloosheid kom algemeen voor. Hulle onttrek hulle ook van ander mense rondom hulle.

Depressie kan aansluitend ook beskryf word as 'n toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, terneergedruktheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereiktheid, onsekerheid, pessimisme aangaande die toekoms, asook 'n verskyningsbeeld van sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteit (Gouws 1997:50).

As depressie in die vorm van 'n driehoek voorgestel sou word, sal die drie punte daarvan sekerlik bestaan uit hulpeloosheid, sonder hoop wees en waardeloosheid (Barnard 1988:5). Depressie is nie bloot net wat die Engelse "feeling blue" noem nie. "Feeling blue" kan sekerlik deel daarvan wees. Depressie behels egter meer as net dit. Die meeste algemene simptome, buiten die gedagtes aan selfmoord, is allerlei klagtes van die depressiewe persoon oor 'n slaappatroon wat ontwrig is, swak eetgewoontes ensovoorts.

Sommige navorsers beskou depressie soos wat dit by die adolessent voorkom, as sinoniem met die van die volwassene (Clarizio 1989:35 & 53). Carlson en Kashani (1988:1225), aanhangers van die lineêre benadering, noem 'n aantal simptome wat by depressiewe persone in enige ouderdomsgroep manifesteer, naamlik 'n depressiewe bui, verminderde konsentrasievermoë, slaapversteurings en selfmoordgedagtes.

Ander navorsers is weer van mening dat depressie by die adolessent tog anders manifesteer as by die volwassene of by die jong kind. Meer voorskoolse kinders en volwassenes toon byvoorbeeld simptome soos

uitputting, swak eetlus en opgewondenheid as ouer kinders en adolessente. Dit is natuurlik moontlik dat die ouderdom en ontwikkeling sommige van die manifestasies van depressie verander en sekere aanduidings en simptome meer of minder prominent maak (Carlson & Kashani 1988:1225).

Depressie by die adolessent kan ook om ander redes (oorsaaklike faktore) ontstaan, en soms op ander wyses (simptome) by die adolessent as by die volwassene manifesteer.

Die volgende redes is in die literatuur opgespoor om aan te toon dat depressie, soos dit by die adolessent voorkom, nie sonder meer as sinoniem met die van die volwassene beskou kan word nie.

McCoy (1982:26-29) noem die volgende verskille met betrekking tot depressie by die volwassene en die adolessent.

- Die adolessent probeer dikwels by wyse van “*acting out*” –gedrag die boodskap oordra dat hy hulp nodig het. Die rede hiervoor is dat hy kognitief nie daartoe in staat is om sy gevoelens verbaal mee te deel nie. Om die rede probeer hy deur middel van sy optrede, byvoorbeeld seksuele losbandigheid, dwelmmisbruik, swak skoolprestasie, skoolversuim, anorexia nervosa, selfmoordpogings, leerprobleme of enige ander wangedrag kommunikeer hoe hy voel (Mondimore 1990:114-115).
- Die adolessent ervaar dikwels gevoelens van ambivalensie ten opsigte van sy afhanklikheidsbehoefte versus sy toenemende behoefte aan onafhanklikheid. Dit is dalk vir hom vernederend om te erken dat hy hulp nodig het, aangesien hy dit kan beleef as regressie na sy kinderjare.
- Die adolessent worstel met persoonlike probleme, byvoorbeeld met maats, wat tydens hierdie fase vir hom van uiterste belang is. Hy het



ook te kampe met sy behoefte aan onafhanklikheid, sy gevoelens van verlies oor sy verlore kinderjare en die meegaande verandering in sy verhouding met sy ouers. Sy gevoelens van onafhanklikheid wat strydig is met die realiteit wek gevoelens van hopeloosheid. Hierdie gevoelens verdiep geleidelik van 'n gevoel van ligte neerslagtigheid tot 'n gevoel van totale hulpeloosheid, wanhoop en eensaamheid (Louw & van Jaarsveld 1989:168).

Ander moontlike oorsake van depressie by adolessente is vroeë verwerping, aanneming, gesinspanning, stiefouers, baie verhuisings, swak kommunikasie, 'n behoefte aan liefde, alleenlopend wees, leerprobleme, lae selfbeeld ensovoorts. (Louw et al. 1989:168).

Adolessente wat depressie ervaar kan ook oorweldigende skuldgevoelens ervaar. Nogtans mag die adolessent 'n bewustelik goeie beeld voorhou om 'n goeie indruk te skep. Die adolessent mag ook probleme hê om sy gevoelens aan homself te erken. So 'n adolessent onttrek hom dikwels sosiaal en het gevolglik 'n swak verhouding met sy maats. Dit hou weer die gevaar van abnormale sosialisering in. Die belangstelling in enige aktiwiteit verswak gewoonlik en konsentrasieprobleme ontstaan, en dus gaan skoolprestasie gewoonlik agteruit (Van Zyl 1985:39).

Die adolessent wat as gevolg van depressie selfmoordgedrag openbaar en dan probeer om selfmoord te pleeg, vertoon soms merkbare en unieke gedrag waarna fyn opgelet moet word. Hierdie adolessente voel alleen en ingesluit deur ongelukkigheid. Hulle weet nie hoe om na ander uit te reik en sodoende verligting te soek van die angs wat hulle omring nie. Wanneer die depressie self onhanteerbaar raak, sien sommige adolessente die dood as die enigste uitweg. Dit is dus van kardinale belang om soveel moontlik met die adolessent wat depressief is, te kommunikeer, anders kan sy depressie tot sy dood lei.

Verder moet die aandag gevestig word op die feit dat adolessente wat depressief begin raak, se gedrag heeltemal kan omswaai vanaf die van 'n aangename, goed gemanierde persoon tot 'n wilde ongeskikte persoon (Klagsbrun 1985:43).

Shamoo en Patros (1990:48) gee 'n uiteensetting van faktore waarvoor daar opgelet kan word.

- Verlies van belangstelling

Die depressiewe adolessent het geen behae in alledaagse aktiwiteite wat vroeër genotvol was nie. Hy verloor belangstelling en motivering ten opsigte van alles.

- Eetversteurings

Die depressiewe adolessent is dikwels geneig om of te veel of te min te eet. Dit gaan gepaard met die toename of afname in gewig.

- Slaapversteurings

Die adolessent se normale slaappatroon is versteur. Hy het of 'n geweldige behoefte aan slaap of glad nie. Hy voel moeg en rusteloos en sien op na die nuwe dag se aktiwiteite. Gedurende die dag is daar tekens van moegheid. 'n Persoon wat uitermatig baie slaap is iemand wat uit sy situasie probeer ontsnap.

- 'n Verlies van energie

Sekere adolessente wat voorheen aktief was toon nou tekens van lusteloosheid en moegheid. Soms verbaliseer hulle ook hierdie gevoelens deur te kla dat hulle moeg en verveeld is.

- Selfblaming

Soos vroeër gestel, blameer die depressiewe adolessent homself dikwels vir alles wat verkeerd gaan, selfs al hou dit nie verband met sy eie optrede nie. Die persoon kraak homself gedurig af, is krities teenoor sy gedrag en teenoor homself. Hierdie tipe optrede weerspieël 'n negatiewe selfkonsep.

- Gevoelens van hulpeloosheid en hopeloosheid

Hierdie gevoelens is reeds bespreek. Dit veroorsaak dat die adolessent glad nie kan funksioneer nie.

- Onvermoë om te konsentreer en aandag te gee

Die depressiewe adolessent se konsentrasievermoë is dikwels swak, en dit blyk uit die wyse waarop hy daaglikse take verrig en uit die daling van skoolpunte. Dit wil voorkom asof hy op niks kan konsentreer nie, want sy gedagtes word voortdurend onderbreek deur vrese en bekommernisse.


- **Morbiede gedagtes**

Waar die adolessent nie normaalweg behep is met die dood nie, is die depressiewe adolessent wel.

4.12 Samevatting en skets

Ten spyte van voorafgaande faktore wat aanleiding gee tot selfmoordgedrag onder adolessente, is dit belangrik om 'n holistiese perspektief te handhaaf. Om dus van 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief uit te gaan en met 'n wyer hoek te kyk is baie belangrik. Dit is belangrik om 'n totaliteitsperspektief te handhaaf ten einde voldoende voorsiening te maak vir die feit dat selfmoordhandelinge voortspruit uit 'n komplekse kombinasie van meewerkende faktore en dat die oënskynlike oorsaak dikwels bloot as presipiterende faktor figureer teen die agtergrond van verskeie moontlike onderliggende predisponderende faktore wat in komplekse interaksie tot mekaar staan. Wekstein beklemtoon die multidimensionele aard van selfmoordhandelinge in die volgende woorde "...the total human being and the impact of society must be taken into consideration." (Wekstein 1979:15-16). Wanneer die adolessent met jou praat is dit baie belangrik om al die verhale in sy of haar lewe aan te hoor, beginnende by die noodverhaal. Dit is belangrik om so dik as moontlik beskrywing rondom die noodverhaal en verledeverhaal te kry. Dit sal baie onverantwoordelik wees om sommer net oorsaak- en gevolgafleidings te maak. Uit meeste van die gevalle waarmee ek persoonlik gewerk het was daar verskeie faktore in die adolessent se lewe teenwoordig wat alles meegewerk het tot die selfmoordgedrag.

Op grond hiervan kan die meegaande skets help om die kompleksiteit van die saak beter uit te lig (Ackerman 1988:19).



Figuur 1: 'n Samevattende etiologiese perspektief

Die adolessent met selfmoordgedrag is iemand wat op soek is na sin en betekenis van sy lewe en in die lewe. Die lewe van die adolessent het sin as hy betekenis vind binne die breër betekenisgeheel. Die bevordering van 'n egte soeke na sin is deel van die pastoraat. Die pastor is nie die een wat die sin gee nie en dit ook nie vind nie. Dit is immers onmoontlik, want vanuit 'n narratiewe perspektief is die pastor nie die ekspert nie. Wat in die pastorale

proses moet gebeur is dat die egte soeke na sin gefasiliteer moet word (Müller 1996:14).

In die hoofstuk 5 word die verhaal oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag voortgesit. In hoofstuk 3 en 4 is daar voldoende aandag geskenk aan die aksie en agtergrond. Hoofstuk 5 voer die proses 'n stap verder deurdat die verhaal verder ontwikkel. In die hoofstuk is die literatuur en verhale in gesprek met mekaar. Hierdie hoofstuk sal wees soos wanneer 'n mens kos voorberei en jy het al die nodige bestandele ingegooi, maar jy weet nog nie hoe dit gaan proe nie, omdat dit eers 'n rukkie op die stoof moet prut. Hoofstuk 5 is dus die prutfase. Vanuit die ontwikkeling wat plaasvind, word daar ook gekyk na 'n moontlike sinvolle terapeutiese benadering om met die adolessente te werk.

HOOFSTUK 5

DIE NAVORSINGSVERHAAL ONTWIKKEL VERDER

In hierdie hoofstuk kom die ontwikkeling van die adolessente selfmoordverhaal verder onder die soeklig. In die vorige hoofstukke is voldoende agtergrondverhale oor adolessente asook selfmoord en selfmoordgedrag aangehoor. Nou word 'n sinvolle terapeutiese benadering ondersoek.

Uit hoofstuk 3 en 4 se agtergrondverhale kom 'n mens agter dat selfmoord en selfmoordgedrag onder adolessente groter kompleksiteit as wat verwag is behels. Die adolessentefase is uniek as gevolg van ontwikkeling en verandering wat in die tiener plaasvind. Tesame met druk uit die samelewing en deur portuurgroepe skryf dit is 'n resep vir selfmoord. In die adolessent wat selfmoord pleeg se gemoed is daar dus 'n komplekse wisselwerking van verskillende aspekte en verhale. Die ervaring en gevolglike kulminering en interpretasie van hierdie negatiewe aspekte is soms te veel vir die adolessent.

Daleen is 'n voorbeeld van 'n adolessent vir wie die liggaamlike ontwikkeling wat tydens hierdie fase plaasgevind het en problematies geraak het. Die feit dat haar rug vinnig en skeef gegroei het, het haar nie net in 'n fisieke nie, maar ook 'n sosiale krisis gedompel. Sy kon nie so aktief wees soos die gemiddelde adolessent nie en haar voorkoms (die rugstut) het veroorsaak dat sy nie aanvaarbaar was vir haar portuurgroep nie. Dit het veroorsaak dat sy haar eie liggaam verwerp het en al hoe meer depressief geraak het.

Seksuele ontwikkeling is vir die adolessent 'n traumatiese gebeurtenis afhange van sy/haar emosionele samestelling. Dit is nie iets wat verbygaan sonder dat hulle tot 'n sekere mate daarmee eksperimenteer nie. Ann en Gideon se seksuele eksperimentering het skeefgeloop die dag toe sy uitvind dat sy swanger is. Vir beide Ann en Gideon was dit 'n baie groot skok. Ann sê dat Gideon se vyf minute van plesier haar 'n leeftyd van hartseer besorg het. Vir Ann was dit meer as net die seksuele eksperiment wat skeefgeloop het. Haar lewensdroom om universiteit toe te gaan was in skerwe, die verwagting wat die familie van haar gehad het, kon sy nou nie meer nakom nie. Hierdie agtergrondverhale en een enkele konfliktsinsident met Gideon het veroorsaak dat sy haar hele lewe as 'n mislukking gesien het. Sy het daarna probeer om haar lewe te neem. Weereens is dit duidelik dat selfmoord en selfmoordgedrag 'n wisselwerking is van verskeie gebeure en interaksies wat op mekaar inwerk.

Baie van die situasies waarin adolessente hulself bevind kan hulle nie goed hanteer nie, omdat hulle nog nie die nodige lewenservaring van 'n volwassene het nie. Die meeste van die adolessente is besig om hulself los te maak van hulle ouers en hul vriende en portuurgroep word op hierdie stadium die belangrikste. Wanneer die adolessent probleme kry is die verhouding met sy ouers somtyds so vertroebel dat hy glad nie die vrymoedigheid het om hulle raad en advies te vra nie. Sy vriende het ook nie altyd die nodige ervaring om hom by te staan nie. Hierdie veroorsaak gewoonlik by die adolessent 'n situasie van hooploosheid en hierdie toestand maak selfmoord die enigste oplossing is.

Omdat ek met die narratiewe metafoor vanuit die sosiaal-konstruksionisme werk kom 'n mens agter hoe verskillende lewens- en agtergrondverhale asook die groter dominante sosiale- en kulturele verhaal van die gemeenskap die adolessent beïnvloed. In bykans al die adolessent met wie ek 'n gesprek

gevoer het was hierdie aspek ter sprake. Adolessent is onder geweldige druk om in te pas en deel te wees van die in-groep. Dit is vir hulle baie uiters belangrik aangesien hulle nog nie hul eie identiteit ten volle ontwikkel het nie.

Die narratiewe benadering binne die sosiaal-konstruksionisme kan 'n rol speel om adolescent op terapeutiese terrein te assiseer. Die narratiewe benadering help 'n mens om wyer na die probleem te kyk, om dus nie eng om te gaan met die adolescent nie en ook nie ondeurgronde antwoorde te gee nie. Die terapeut stel belang in die verskillende verhale van die adolescent, maar veral ook in die ervaringe wat opgesluit is in die verhale wat vertel word. Net soos wat verskillende aspekte saam 'n rol speel in adolescent selfmoord, net so is verskillende verhale van die adolescent nodig om 'n beter begrip te kry van waarom hy selfmoord wou pleeg. Agtergrondverhale gee vir 'n mens 'n genoegsame dik beskrywing van die probleem, maar dit los steeds nie die probleem op nie. Die uitdaging lê daarin om 'n sinvolle terapeutiese gesprek met die adolescent te voer. Ten einde by 'n sinvolle terapeutiese benadering uit te kom is die agtergrondverhale van hoofstuk 3 en 4 baie belangrik. Met die agtergrondverhale in gedagte kan daar nou ondersoek ingestel word na 'n sinvolle terapeutiese benadering. Vervolgens word daar kortliks stilgestaan by die begrip "sosiaal-konstruksionisme" asook die "narratief as metafoor".

5.1 Die narratiewe metafoer en sosiaal-konstruksionisme

White en Epston (1990) het hulle denke volgens twee metafore georganiseer: die narratiewe en die sosiaal-konstruksionisme. Freedman & Combs (1996:1) sê hieroor die volgende: "Using the narrative metaphor leads us to think about people's lives as stories and to work with them to experience their life stories in ways that are meaningful and fulfilling. Using the metaphor of social construction leads us to consider the ways in which every person's social

interpersonal reality has been constructed through interaction with other human beings and human institutions and to focus on the influence of people's lives" Binne die kader van die narratief en die sosiaal-konstruksionisme is die adolessent se verhaal van kardinale belang, daarom dat ek saam met Freedman en Combs stem. 'n Adolessent se lewe bestaan uit verskillende verhale, sommige van die verhale is verduister en maak nie sin nie, daarom is dit belangrik om na al hulle verhale te luister. Binne die verhale is hulle ervaringe en emosies vasgevang. Die adolessent moet begelei word om hierdie verhale weer op 'n sinvolle wyse in te skakel in hulle lewens. Baie van die verhale is versluier deur die groter verhale van die gemeenskap. Van die verhale is somtyds in botsing met mekaar.

Die narratiewe metafoor is nie 'n verdere evolusie van die sisteemteorie nie, dit is 'n totaal ander taal en paradigma. Al ons kennis van die wêreld word in verskillende vorme van "mental maps" gedra, "mental maps" van eksterne en objektiewe realiteit. Hierdie verskillende kaarte lei tot verskillende interpretasies van die werklikheid. Geen kaart verteenwoordig elke stukkie detail van die gebied wat deur die kaart voorgestel word nie en gebeure wat nie in die kaart te vinde is nie, bestaan nie in die kaart van die betekeniswêreld nie (Freedman & Combs 1996:15).

White het die gedagte verder gevoer en gesien dat 'n storie 'n kaart is wat oor tydvlakke strek (verlede, hede en toekoms). Wanneer die strekking in terme van die narratief gevolg word, probeer 'n mens nie meer om probleme op te los nie, maar lê die belangstelling daarin dat "...to bring forth and thicken stories that did not sustain problems". White werk baie met unieke uitkomstes, dit is volgens hom 'n baie belangrike deel van die terapeutiese proses om by die adolessent 'n nuwe toekomsverhaal te help skep. Indien adolessente hierdie alternatiewe stories begin uitleef behels die resultaat veel meer as net om die probleem op te gelos het. Binne die konteks van nuwe stories begin

mense om opnuut te leef en is daar nuwe moontlikhede vir verhoudings ensovoorts. (Freedman & Combs 1996:16).

Die breë raamwerk waarbinne die narratief pas; die sosiaal-konstruksionisme word deur Freedman & Combs (1996:16) soos volg uiteengesit: "...let us say here that its main premise is that the beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labour, and other like that make up our social realities that are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation tot generation and day to day. That is, societies construct the "lenses" through which their members interpret the world". Die werklikheid wat elkeen van ons as vanselfsprekend aanvaar, is die werklikheid wat ons gemeenskap ons van ons geboorte af mee gevoed het. Hierdie persepsies voorsien ons van gewoontes, woorde, ervarings en geloof waarmee ons lewens opgebou word. In die geval van 'n adolessent met selfmoordgedrag, mag dit wees dat die groter kulturele storie 'n baie groot effek op sy eie storie het, miskien in die sin dat hy voel hy is 'n mislukking as gevolg van sekere foute wat hy begaan het binne die groter sosiale en kulturele verhaal waarin hy homself bevind. "We think about how cultural stories are influencing the way they interpret their daily experience and how their daily actions are influencing the stories that circulate in society" (Freedman & Combs 1996:17).

Marie (18) het by my om hulp aangeklop omdat sy nie meer kans gesien het om te lewe nie. Sy was ooglopend verwaarloos en het nie meer na haar voorkoms gekyk nie. Marie was drie maande swanger met haar vriend Herman (18) se baba. Dit het geweldig baie spanning by haar en in hulle gesin veroorsaak. Sy is tans in matriek en wat nog meer druk op haar plaas is die feit dat sy uit 'n baie welgestelde en bekende gesin in die gemeenskap kom. Die skande van 'n buite-egtelike kind het vir haar te veel geraak. Daar was baie druk van haar ouers af om 'n aborsie te ondergaan. 'n Buite-egtelike

kind was vir haar ouers sosiaal onaanvaarbaar binne die kringe waarin hulle beweeg. Die groter kulturele verhaal van die gemeenskap, dat indien jy voor jou huwelik swanger raak, jy 'n "slegte meisie" is en jy vir altyd gebrandmerk word. Dit het net te veel vir Marie geraak. Sy het nie die nodige ondersteuning van haar ouers gekry nie, omdat hul sosiale status belangriker as hulle kind was. Herman kon haar nie ondersteun nie, omdat Marie se ouers hom verbied het om haar te sien. Marie het alleen en eensaam gevoel. Sy wou die baba nie laat aborteer nie en dit was vir haar aanvaarbaarder om 'n einde aan haar eie lewe te maak.

Die verhaal van Marie is tipies van 'n adolessent wat die druk van die groter sosiaal gekonstrueerde, aanvaarbare lewensverhale en optrede ervaar het. Haar eie verhaal het in botsing gekom met die verhaal van die groter gemeenskap. Die waardesisteem van die gemeenskap het nie plek gemaak vir mense soos sy nie. Haar ouers se gekonstrueerde werklikheid was in botsing met dit wat sy gedoen het of wou hê. Hierdie verhaal en nog ander verhale uit Marie se verlede het veroorsaak dat sy selfmoordgedrag begin toon het.

Dieselfde geld in die lewe van Ann. Ann kom uit 'n welgestelde familie waar almal bekende mense is. In die familie is vooraanstaande en statusbewuste mense soos die burgermeester van 'n groot stad, 'n regter ensovoorts. Vir die familie was dit belangrik om die beeld en skyn voor te hou. Die gemeenskapstandaarde moes ten alle koste gehandhaaf word. Ann se pa het later 'n drankprobleem ontwikkel en selfmoord gepleeg. Dit was natuurlik 'n groot terugslag vir die familie en dit het hul beeld skade berokken. Jare later word hierdie beeld steeds in stand gehou deur haar oma en oupa. Die beeld word as't ware afgedwing op almal, want die gemeenskap hou hulle steeds dop. Hierdie druk om die skyn te bewaar was vir Ann baie moeilik, want Gideon het ook nie in die milieu ingepas nie, alhoewel sy vir hom baie lief

was. In my gesprek met Ann was dit een van die faktore wat 'n rol gespeel het in haar selfmoordpoging. Sy kon nie meer haar eie menswees uitleef nie. Toe sy beseft dat sy swanger is was die las eenvoudig te groot want die skande sou vernederend wees.

Dis nie net die gemeenskap wat lense en grense konstrueer nie, maar ook gesinne en groter families. Die lense plaas onnodige druk op individue, in so mate dat hulle selfmoord pleeg indien hulle nie inpas in die gekonstrueerde lens van die samelewing, gesin of familie nie. Adollesente is baie sensitief vir hierdie groter sosiaal gekonstrueerde verhaal van die samelewing omdat hulle strewe na aanvaarding en nog nie genoegsaam ontwikkel het om te weet wie hulle is nie. Indien hulle dus nie inpas binne die groter verhaal nie, dan voel hulle soos mislukkings.

Om die narratiewe benadering binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma te plaas beteken:

- Die beleefde wêreld word nie meer gesien in terme van inligting of informasie of patrone nie, maar eerder in terme van stories. Dit beteken dat ek nie net belangstel in die inligting (statistiek) oor adollesente wat wil selfmoord pleeg en die faktore wat daartoe aanleiding gegee het nie. Ek sal nie net hierdie inligting op 'n feitelike basis wil hoor nie. Wat nou van belang is, is die adollesent se storie. Die hede-storie: die ervaringe van die hede.
- Eerder as om aan sisteme te dink en daarna te soek word daar gekyk na die kultuur en die gemeenskap.
- Die adollesent is nie hierdie stukkende masjien wat voor 'n mens sit en wat reggemaak moet word nie, ook nie 'n ingewikkelde ekosisteem wat tot in elke detail ondersoek en verbande getrek word nie. "When we treat people with this kind of 'objectivity' we regard them as objects, thus inviting them into a relationship in which they are passive,

powerless recipients of our knowledge and expertise” (Freedman & Combs 1996:21).

- Indien daar op narratiewe wyse gewerk word is dit belangrik om aan die adolessent die regte vrae te vra om die kennis en ervaringe wat in die adolessent se verhaal vervleg is na vore te bring. As terapeut is ‘n mens in gesprek met die adolessent om saam ‘n nuwe realiteit te konstrueer. “ We now work to help people notice the influence of restrictive cultural stories in their lives and to expand and enrich their own life narratives” (Freedman & Combs 1996:18).

Die boustene van die narratiewe vereis dat daar anders met die adolessent omgegaan moet word. Ander prioriteite geld. Wat van belang is, is die ervaringe van die adolessent wat in verhale omskep is. Die narratiewe vereis ‘n bepaalde begrip en benadering tot die werklikheid. Kortliks, daar word met groter sensitiwiteit met die verhale van adolessente omgegaan en onontginde moontlikhede word ondersoek. As terapeut raak jy in die leefwêreld en verhale van die adolessent.

Dit is baie belangrik om konsekwent van ‘n narratiewe benadering en nie van ‘n narratiewe metode te praat nie. Dit gaan hier om ‘n verstaan (epistemologie) van en ‘n benadering tot die werklikheid. Dit is geensins ‘n metode wat wil voorgee dat dit ‘n maklike oplossing bied nie. Die narratiewe benadering nie met die pretensie van kragdadige moontlikhede nie. In die benadering is daar juis ‘n sensitiwiteit vir onontginde moontlikhede. Die voor-die-handliggende oplossings is geen oplossing nie. As dit so was, het individue nie kom hulp soek nie. Mense spreek juis ‘n terapeut of ‘n pastor omdat die voor-die-handliggende oplossings nie werk nie. Die narratiewe terapeut is dus uiters versigtig om vanselfsprekende oplossings te bied.

Wanneer daar van 'n narratiewe benadering gepraat word, kan 'n mens nie anders as om by taal¹⁴ stil te staan nie. Wanneer die adolessent sy verhaal vertel, gebruik hy taal om betekenis aan sy ervaringe te gee. Deur middel van taal maak ons interpretasies van ons ervaringe. Wanneer die adolessent interpretasies van sy ervaringe maak as gevolg van verbande wat gelê word, ontstaan stories omdat dit binne 'n sekere tydraam geplaas word. Ervaringe is rou en betekeloos totdat ons woorde en begrippe gebruik om daaraan betekenis te gee. Deur taal herskep die adolessent die gebeurtenisse van die verlede in bruikbare ervaringe. Hoe beter die adolessent die gebeure in taal kan uitdruk hoe beter is die interpretasie en hoe meer bruikbaar is die verhaal. Deur taal op 'n sekere manier in terapie te gebruik, vind herformulering plaas (Müller 1999:9).

Dit is deur middel van taal dat 'n gemeenskap sy siening van die werklikheid konstrueer. Die enigste wêreld vir die postmodernisme wat die mens kan ken, is die wêreld wat in taal as 'n interaktiewe proses meegedeel word (Freedman & Combs 1996:28). Elke keer as iemand praat word 'n werklikheid voortgebring. Enige verandering wat plaasvind – of dit nou 'n verandering van gevoel, selfbeeld of 'n verhouding is – is 'n verandering in taal.

Die adolessent se woorde, taal en betekenis vertolk wat in sy/haar lewe gebeur. Die pastor moet dus in die eerste instansie 'n eerbiedige luisteraar wees, wat nie te gou "begryp" nie. Hoe gouer begrip plaasvind, hoe kleiner is die kans vir werklike dialoog en hoe groter is die moontlikheid tot misverstand (Müller 1999:11). Wanneer die pastor na die adolessent se verhaal luister met die doel om gevolgtrekkings en interpretasies te maak, dan is dit tipies modernisties. Hierdie benadering mis die hele punt van terapie omdat die pastor glad nie in die adolessent se verhaal ingetrek word nie. Daar word nie

¹⁴ Taal sluit alle tekens van kommunikasie in.

goed genoeg na die adolessent se storie¹⁵ geluister nie. Freedman & Combs (1996:31) stel hierdie probleem as volg: "...traditional therapists believe that there are 'essences' in the human experience that must be captured in some kind of narrative and offered to clients in place of their old, illusory narratives...postmodern therapists do not believe in 'essences'. Knowledge, being socially arrived at, changes and renews itself in each moment of interaction. There are no prior meanings hidden in stories or texts."

Anderson & Goolishian (1988:379) beklemtoon dat die sisteme waarmee ons as terapeute werk, die narratiewe is wat voortspruit uit terapeutiese gesprekke. Die gesprekke wat terapeute en adolessente (gespreksgenote) het, kan as narratiewe beskou word.

Die gesprek vloei spontaan, eerder as volgens 'n bepaalde agenda. Die gesprek is die outeur, nie die terapeut nie. Alle stories is tydens so 'n gesprek belangrik: die kulturele en kontekstuele stories, sowel as die adolessent se verhaal. Die adolessent lewe deur stories en woon in die groot kultuurstorie van die lewe. " Within a social constructionist worldview, it is important to attend to cultural and contextual stories, as well as to individual people's stories. Stories inform life. They hold us together and keep us apart. We inhabit the great stories of our culture. We live through stories. We are lived by the stories of our race and place" (Freedman & Combs 1996:31-32). Die gedagte van 'n dominante narratief wat die manier van doen, glo en optrede binne 'n bepaalde kultuur bepaal, word aanvaar (Mair 1988:127), soos in die geval van Marie (18) wat swanger was. Freedman & Combs (1996:32) sê: "Whatever culture we belong to, its narratives have influenced us relatively meaningless". Mense is geneig om die dominante narratief van kultuur maklik

¹⁵ "In striving to make sense of life, persons face the task of arranging their experiences of events across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them...This account can be referred to as a story or self narrative." (Freedman & Combs 1996:30)

te internaliseer. Dominante narratiewe verblind die mens vir die moontlikhede wat ander narratiewe mag bied.

In enige lewensverhaal is daar altyd gebeure wat nie in storienvorm oorvertel word nie. As 'n bepaalde adolessent se lewensstorie vol hartseer gebeure en onaangename ervarings is, kan so 'n lewensstorie verander word deur “unstoried events” (Freedman & Combs 1996:32) op te diep, of nuwe betekenis uit bestaande stories te konstrueer. “So narrative therapy is about the retelling and reliving of stories” (Freedman & Combs 1996:33). Stories het wel eindes, maar stories is nooit klaar vertel nie.

Dit is egter nie genoeg dat die adolessent net sy storie sal vertel en saam met die terapeut by 'n nuwe beter storie uitkom nie. Die nuwe storie moet ook buite die vier mure van die spreekkamer geleef en ervaar word. “...we are not dealing with culture as text but rather with culture as the performance of text...and with the reperformance and retellings...Stories become transformative only in their performance” (Freedman & Combs 1996:33). Daarom is dit baie belangrik om na elke adolessent se eie storie te luister en hoe die dominante storie van die kultuur en samelewing 'n invloed op sy eie lewensverhaal het. Daar moet in ag geneem word dat nie een adolessent dieselfde is nie daarom mag geensins veralgemeen word nie. Die nuwe verhaal wat ontwikkel word moet spesifiek vanuit elke individuele adolessent se eie unieke lewensverhaal ontwikkel word.

Nog 'n belangrike bousteen van die narratiewe benadering binne die sosiaal konstruksionistiese paradigma berus daarop dat daar nie iets soos objektiewe werklikhede is nie. Net ervarings kan geïnterpreteer word. Daar is baie moontlikhede hoe 'n gegewe interpretasie geïnterpreteer kan word, maar geen interpretasie is werklik waar nie. Dieselfde feite word deur verskillende mense verskillend geïnterpreteer. 'n Modernistiese siening is meer geneig om

opinies te veralgemeen en metodes te werk om universele toepaslike interpretasies te maak. Vanuit die narratief word met diversiteit gewerk, daar kan nie algemeen geldende afleidings op die adolessent afgedruk word nie. Die spesifieke adolessent wat om hulp aanklop se 'self', word soos ander konstrue deur sosiale interaksie binne 'n sekere kulturele konteks gevorm. "Selves are socially constructed through language and maintained in narrative. We think of a self not as a thing inside an individual, but as a process or activity that occurs in the space between time" (Freedman & Combs 1996:34).

In verskillende kontekste kan verskeie selwe na vore kom en nie een self is belangriker of meer waar as die ander self nie. "...people are continually constituting each other's 'selves'...there are many possible stories about myself, your-self, and other people's selves" (Freedman & Combs 1996:35).

Dit is so dat binne 'n bepaalde kultuur en gemeenskap daar byvoorbeeld van adolessente verwag word om op bepaalde wyses op te tree, om dus 'n sekere self na vore te bring, omdat dit sosiaal aanvaarbaar is en verwag word van die gemeenskap. Die adolessent voel baie keer dat sy nie dan leef volgens haar ware self nie omdat sy hierdie front moet voorhou, 'n "preferred self". Wanneer daar binne die terapeutiese konteks met so adolessent gesprek gevoer word is dit belangrik om dan verskeie ervarings van die self oor te vertel en om dan te hoor watter van die selwe verkies hulle binne watter kontekste "...to assist them in living out narratives that support the growth and development of these 'preferred selves'" (Freedman & Combs 1996:35).

5.2 Narratief en Identiteit

Na aanleiding van die self en verskillende selwe wil ek graag meer uitbrei oor die narratief en identiteit van 'n mens. Adolessente konstrueer hul identiteit

vanuit stories, bewustelike sowel as verwagte stories. Wanneer iemand homself voorstel word dit gedoen in die vorm van 'n storie. Adolessente vertel dan gewoonlik hulle eie interpretasie van wat met hulle gebeur het, al is dit in kernvorm. Historiese gegewens plus die interpretasie word die persoonlike storie. Daar is 'n natuurlike integrasie tussen 'n gevoel van identiteit en die persoonlike narratief.

Elke adolessent het 'n kernstorie rondom die basiese konsepte van die lewe, soos geld, seks, dissipline, werk ens. vanuit die kernverhaal word daar telkens weer in bepaalde nuwe situasies verhale gekonstrueer. 'n Verhaal van nood of krisis wat vertel word is nooit 'n geïsoleerde storie nie. Met al die adolessente wat ek gesprek gevoer het was dit duidelik dat verskeie verhale of gedeeltes van verhale bydraend was tot die noodverhaal wat vertel word. "Our sense of self, our identity, is built piece by piece as we form our experiences into our ongoing core narratives" (Lester 1995:30).

Wanneer die adolessent iets uit sy verlede vertel, is dit 'n poging om sy toekoms te konstrueer. Deur verhale word die lewe gekonstrueer. Die verhale wat in ons geheue gestoor is, of dit nou oorvertel word of nie, is die raamwerke wat die adolessent help om sin te maak uit die lewe. Verhale is dus veel meer as net beskrywings. Wanneer die adolessent verhale vertel gee hy dus vorm aan sy lewe en organiseer hy se lewe. Binne die verhale ontdek die adolessent nie net sy identiteit nie, maar bou hy ook voort daarop.

'n Kind begin reeds van geboorte af ervaringe stoor en na mate die kind ouer word en begin praat kan die ervaringe geverbaliseer word. Taal is belangrik aangesien daardeur 'n storie gevorm word. Taal is die medium waardeur nuwe inligting omskep word in 'n storie. Nie alles wat ervaar word, word verwerk en vorm deel van die kernstorie nie. Daar word wel nuwe inligting in ons kernstorie gestoor, dit laat die moontlikheid vir verandering in die

kernstorie. Soos wat die kernstorie verander, word 'n mens se identiteit verder gevorm.

Binne elke adolessent se verhaal is daar spanning tussen dit wat in die verlede ervaar word enersyds en die verlede en die toekoms andersyds. Verhale vorm die kern van menswees. Müller (1999:5) wys daarop dat onderskeid gemaak moet word tussen blote rou ervarings en geïnterpreteerde ervarings. Hy wys daarop dat 'n adolessent niks kan doen met ervarings alleen nie. Dit word eers bruikbaar as dit in verhale omskep word. Ervaringe uit die verlede word geneem, in 'n storie herkonstrueer en dit word dan 'n riglyn vir die onbekende toekoms wat voorlê.

In die narratiewe benadering is dit belangrik om aanvanklik nie “die waarheid” te ontdek nie, maar om eerder die adolessent voor jou se eie waarheid te deurgrond. Die adolessent se storie is nie so seer van belang nie, maar eerder sy/haar persoonlike ervaring en oorvertel van die storie. Die ervaring is nie gelokaliseer tot 'n plek of tyd in die verlede nie. Wanneer die adolessent dit vertel, word dit weer 'n nuwe ervaring. Die verhaal wat die adolessent nou vertel word volkome deur hom beleef as sy eie en eg (Müller 1999:8).

Die vraag oor wie iemand is, kan beantwoord word deur te verwys na die persoon se volledige storie. 'n Mens ken eers 'n ander mens wanneer jy sy volle verhaal gehoor het en die kern daarvan geïdentifiseer het. Die kernverhaal kommunikeer jou persoonlike waardes, jou doel en jou persoonlike karaktertrekke. Dit laat ons toe om 'n identiteit te verbeeld. Jy vorm 'n eie storie oor daardie persoon. Narratief is die struktuur waardeur jy, jou ervaring van ander en jouself konstrueer. “Reveling our stories, likewise, is the only effective way to communicate our sense of self to another person” (Lester 1995:30).

Identiteit word dus nie net gevorm vanuit stories uit die verlede nie. "From our memories develops a life story that provides the context for a sense of personal identity in the present...future stories make a significant contribution to the fabric of our core narratives, the tapestry from which our ultimate identity is woven. We are not only self, we are becoming a self, and we give shape to the not-yet-conscious self through the future stories we create" (Lester 1995:36).

As Christene het ons 'n verdere identiteit naamlik 'n Christelike identiteit. Dit sluit sowel die toekomspektief in. As Christelike gemeenskap staan ons identiteit ook midde in 'n onvoltooide narratief. "...yet unfinished narrative...on the expectation of a future in which God's promise in the past will be consummated in a new and unexpected ways" (Lester 1995:40).

5.3 Narratief en Tydelikheid

Die narratief dra by tot die verstaan van die menslike tydelikheid (verlede, hede en toekoms). Sekerlik een van die mees volledige werke op die gebied is gedoen deur Paul Ricoeur. Hy erken die fundamentele belang van die verbinding tussen narratief en tydelikheid. "What is ultimately at stake in the case of the structural identity of the narrative function as well as in that of every narrative work, is the temporal character of human experience. The world unfolded by every narrative work is always a temporal world." (Lester 1995:32)

Menslike aktiwiteit is dus altyd tydelik en so is die menslike bewussyn 'n voortgaande stroom van reaksies op die wêreld rondom ons. Theodore Sarbin verwys na die tydelike dimensie van die narratief as hy 'n storie as volg definieer: "...a symbolized account of actions of human beings that has a temporal dimension." Stories moet die tydsgleuf waarin dit val ernstig opneem.

Stephen Crites verbind ook die proses van narratiewe strukturering met die menslike bewustheid van tyd. Die voortgaande prosessering van ons ervaringe in stories, wat bekend is as self-narratiewe gee kontinuïteit aan die tydelike natuur van hierdie gebeure. Goeie stories bevat al drie dimensies van tyd, deur 'n begin, middel en einde te hê of anders gestel 'n verlede, hede en toekoms (Lester 1995:32).

Die struktuur van menslike identiteit sluit dus al drie dimensies van tyd in. Die menslike kernstorie sluit gebeure van die verlede sowel as toekomsverwagtinge in.

5.3.1 Narratief en die verlede

'n Mens¹⁶ se verlede is die fondament van jou hede, dus is die verledestorie baie belangrik. Crites sê: "...the self comes into existence only to the extent that it can be re-collected out of the past." 'n Mens se selfpersepsie het nie sy oorsprong uit niks of vanuit menslike verbeelding nie, dit het sy wortels in jou verlede (Lester 1995:33).

Wat is dit wat 'n mens se identiteit in so mate kontinuïteit gee, dat hy kan sê dit is "ek"? Ons verledestorie, geskep deur gebeure wat ons onthou, voorsien ons van die nodige grond om 'n "geïntegreerde self" te hê. Crites sê: "Memory gives us access to past occurrences that are collected and organized into a narrative. A story-like narrative...from our memories develops a life story that provides the context for a sense of personal identity in the present." (Lester 1995: 33).

5.3.2 Narratief en die hede

Die hede staan sentraal in die narratief want dit bepaal die hoek of perspektief waaruit ons die verlede haal om dit binne 'n geheelvorm te plaas. "The present is the point from which an 'I' is remembering, assessing, and organizing a history. This essential process of establishing and claiming a personal identity both influences by, core narratives." (Lester 1995:34).

'n Mens se interpretasie van enige huidige ondervinding word aansienlik geaffekteer deur die bestaande narratief. Jou kernstorie is bepalend van hoe enige nuwe inligting en ondervinding geïnterpreteer gaan word. Wat in die hede van 'n mens se lewe gebeur kan 'n effek hê op hoe 'n mens sy verlede herwin. Ann het byvoorbeeld aan my vertel dat die dag toe sy selfmoord probeer pleeg het, daar baie negatiewe gedagtes in haar gedagtes opgekóm het. Voordat sy gesprink het, was haar gedagtes oorspoel deur al die negatiewe stories uit haar verlede. Die feit dat Gideon haar in die hede sleg behandel het het veroorsaak dat al die negatiewe verhale weer na vore gekóm het. Dit was asof die negatiewe hede 'n skakelaar was vir die negatiewe verlede. Lester (1995:35) stel dit as volg: "...the I who narrates our story about the Me who is the central figure in the narrative may at any time restructure the narrative on the basis of a current experience. New information can lead to a new frame of reference and interpretation of past events."

Mense is dus interpreterende wesens en ons is gedurig besig om ons huidige situasies te interpreteer soos wat ons dit beleef, maar dit sluit ook ons toekomsverwagtinge in.

¹⁶ Wanneer daar van mens gepraat word, word ook verwys na die adolessent

5.3.3 Narratief en die toekoms

Elke adolessent se lewensverhaal bestaan nie net uit 'n verlede en 'n hede nie, maar 'n mens droom drome en het ook doelwitte wat bereik wil word, daarom is 'n mens ook 'n toekoms mens met 'n toekomsverhaal. Dus bestaan die menslike drama verby die hede. Enige goeie storie noop die hoorder om die vraag te vra: wat gebeur volgende? Die kernstorie word dus ook 'n toekoms-kernstorie.

Die hede is nie 'n statiese punt nie, maar leen hom gedurig tot die onbekende toekoms wat bekend staan as die toekomsverhaal. Die toekoms kan gesien word as 'n scenario van afwagting. Ons selftransenderende bewussyn gee vorm aan ons verledestorie, integreer dit met ons huidige konteks en gee ons die geleentheid om 'n toekomsstorie te ontwikkel. Hierdie projeksies loop hand aan hand met ons verlede en hedestories om sodoende slegs een lewens- of kernnarratief te ontwikkel wat dus uit al drie dimensies van tyd bestaan (Lester 1995:35).

'n Mens neem inligting uit jou verlede en hede en plaas dit binne 'n raamwerk vir die toekoms en daarvandaan word verwagtinge en doelwitte vir die toekoms geskep. Ons toekomsstories lewer 'n groot bydra tot die "tekstuur" van die kernstorie. Jy is nie net jouself nie, maar jy word nog meer jouself deurdat jy vorm gee aan die nog nie bewuste self deur die toekomsverhaal wat jy konstrueer. Jou identiteit word nie net beïnvloed deur die verlede wat jy bymekaar gemaak het nie, maar ook deur die toekoms in dit wat jy projekteer. "We can not separate who we have been and who we are now from who we imagine we are becoming" (Lester 1995:36).

5.4 Die pastor en die narratief

Binne die narratiewe pastoraat is die posisie wat die pastor tydens gesprekvoering met die adolessent inneem baie belangrik. Die pastor kan geensins vanuit 'n posisie van die beteweter funksioneer nie. Hoe kan die pastor so 'n posisie inneem as hy nog nie die volledige verhaal gehoor het nie? Self al het hy reeds die volledige verhaal aangehoor, regverdig dit geensins dat hy as die ekspert kan optree nie. Daar kan nie vrae gevra word waarop spesifieke antwoorde verwag word nie, daar moet eerder beweeg word na die “not yet known...however, a not knowing position is not an ‘I don't know anything’ position...we hope therapy is a process in which people experience choice rather than ‘settled certainties’ with the regard to the realities that they inhabit” (Freedman & Combs 1996:44). Die pastor moet nuuskierig wees en bly.

Dit is baie maklik vir die pastor om algemeen geldende waarhede rakende die adolessent wat wil selfmoord pleeg op die adolessent af te druk. Die pastor moet ingestel wees om gelyke en vrye kommunikasie te bewerkstellig. Al die stories van die adolessent moet in die pastorale gesprekke aangehoor word. “...goal of therapy is to participate in a conversation that continually loosens up, rather than constricts and closes down” (Freedman & Combs 1996:44). Die pastor se storie moet ook aangehoor word omdat hy homself nooit kan losmaak van sy eie verhaal nie. Hier kan dus geensins van objektiwiteit gepraat word nie. Die verhaal van die adolessent wat aangehoor word, word medebepaal deur die pastor se eie storie. “daarom moet die pastor bewus wees van sy/haar eie verhaal en van die feit dat hy/sy in die gespreksituasie 'n medeskrywer of medeverteller is aan 'n storie waarvan een van die bronne die eie verwysingsraamwerk (storie) is” (Müller 1999:13). Sy eie insig in die lewe speel 'n rol.



Dit is noodsaaklik dat die pastor onbevange sal luister na die adolessent se verhaal. Dit vereis nie net 'n neutrale luister na die adolessent se verhaal nie, maar 'n gewilligheid tot betrokkenheid by die adolessent se verhaal. Dit kan nie gebeur as daar nie 'n doelbewuste empatiese inbeweeg in die adolessent se lewe is nie. Empatie hier, is meer as om met begrip te luister. Dit is ook nie net die tegniek wat deur die ander gesê word, te reflekteer nie. Dit is om te identifiseer met die adolessent en toegelaat te word om daarin ingetrek te word. Dit is betrokkenheid by die adolessent. Sonder hierdie soort empatie is daar nie sprake van werklike ontmoeting nie (Müller 1999:32; Freedman & Combs 1996:45).

Müller (1999:68) stel die dinamiek tussen die pastor en die gespreksgenoot baie mooi deur die beeld van 'n spinnekop en 'n vlieg wat elkeen deelneem aan die skepping van 'n nuwe verhaal te gebruik. Hulle is tegelyk ook net toeskouers van iets wat tot stand kom en wat hulle nie bewerkstellig nie, maar waarvan hulle tog op 'n misterieuse wyse deel is. Wanneer daar na lang gesprekke, 'n nuwe verhaal in die terapeutiese situasie tot stand kom, is dit 'n kunswerk. Die deelnemers is verwonderd en verbaas by die besef dat hulle in 'n groter en onverklaarbare gebeurtenis ingetrek is.

5.5 Pastoraat en Kuns

Müller (1999:67) sê dat die pastoraat en die voer van 'n pastorale gesprek meer 'n kuns is as 'n wetenskap. Volgens hom behoort dit minder diagnosties maar wel meer kreatief te wees. Dit ontwerp nie strategieë nie, dit skep verwagting. Hierdie benadering beantwoord nie noodwendig die adolessent se vrae nie. Op kreatiewe wyse word daar saam met die adolessent gewerk om soedoende gesamentlike nuwe verhale en insigte te verkry. Die pastor moet die adolessent slegs lei om self op sy eie kreatiewe wyse sy antwoorde

te ontdek. Dit beteken dat die pastor eenkant moet staan en toekyk hoedat dinge vanself gebeur. Die verhalende pastor is iemand wat die kuns aangeleer het om te wag vir die verhaal om self op sy eie tyd te ontplooi. Die verhale vir die pastor is baie belangrik. Dit is soos wanneer 'n kunswerk voltooi is en die kunstenaar terug staan en besef dat hy nie alleen gevef het nie, maar dat die kwas as't ware self die prent gevef het. Aan die ander kant moet ook gesê word dat 'n kunstenaar nie kan skep sonder om metodes en tegnieke te bemeester nie. Dit op sigself is nie genoeg nie. 'n Kunstenaar is meer as iemand wat die tegnieke goed kan toepas. Die skilder moet weet hoe om die kwas te hanteer. So is dit met die pastorale terapeut. Metode en tegniek moet geïntegreer word tot 'n eenheid. Die ideaal is dat die terapeutiese situasie net sal gebeur, maar dit gebeur nie altyd tensy die pastor vaardig en bekwaam is nie (Müller 1999:69).

Enigeen kan mense stories laat vertel, maar dit maak nie noodwendig van so 'n persoon 'n verhalende terapeut nie. Die verhaal moet so aangewend word dat dit lei tot verandering en vernuwing. In wat hierna volg sal daar sprake wees van metodes en tegnieke, maar die verhalende benadering is nie primêr metode georiënteerd nie. Hierdie is nie die volmaakte resep nie. Die pastor moet steeds kreatiwiteit inisieer. Dit is soos wanneer jy 'n kaart nodig het om 'n onbekende gebied te deurreis. So lê hierdie metode en tegnieke binne die verhalende benadering. 'n Kunstenaar kan nie skep as hy nie weet hoe om 'n kwas te hanteer nie (Müller 1999:69).

5.6 Verskeie terapeutiese narratiewe benaderings tot die adolessent met selfmoordgedrag

Binne die narratiewe benadering verkies ek as navorser om die benaderings van Müller (1999), White (1991) en geïntegreerd daarby Freedman & Combs

(1996) te gebruik om die narratiewe terapeutiese proses binne die sosiaal-konstruksionisme aan die orde te stel.

In narratiewe pastoraat is die gesprekke wat die pastor en die adolessent voer eerder gesprekvoering as wat dit die geval is in ander vorme van gesprek. Dit is 'n natuurlike vorm van kommunikasie waarin stories uitgeruil word. Dit is nie tegniek georiënteerde gesprekke waar elke volgende vraag met presiesheid uitgemeet word nie. Die "tool" is bloot gespreksvrae, want daar moet 'n geselskap aan die gang kom; gebaseer op die verhale wat ter sprake is. Die kreatiwiteit van die pastor is dus van groot belang. Die ideaal is dat die pastor die verhale op sy eie unieke wyse integreer in die skepping van verhale. Alles hang ten slotte af van die kreatiwiteit en die nie-wetende posisie van die pastor (Müller 1999:73).

Wanneer verhale ter sprake kom, word daar met die geheue gewerk. Die stories soos hulle herroep word, is die stories wat 'n kragtige uitwerking het. Dit vorm die identiteit en daarom is dit waarmee die pastor werk en nie met dit wat in die onderbewuste of onbewuste versteek lê nie. Dit is nogtans moontlik om die metodes wat bespreek gaan word op 'n nie-verhalende, strukturalistiese wyse aan te wend. In die narratiewe pastoraat word die verhaal nie net gesien as 'n manier om informasie vry te stel nie, maar inderdaad as 'n manier om "tot verhaal te kom". Daarom word die adolessent gelei om sy verhale op so wyse te vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie plaasvind. Nuwe verhale moet gekonstrueer word aan die hand waarvan 'n nuwe toekoms verbeeld kan word (Müller 1999:74).

In die model van Müller word daar nie gewerk met veranderingstegnieke nie, maar word daar uitgegaan van die standpunt dat 'n storie wat 'n vloei het van die verlede deur na die toekoms, die nodige veranderingspotensiaal bevat.

Die bewegings waarvan daar ter sprake is in Müller se benadering is nie te vergelyk met stappe of fases nie. Hierdie is 'n dans-model en nie 'n strategiese model nie. Dit is dus nie 'n model vol van tegnieke en metodes wat streng toegepas moet word ten einde die gewenste resultate te ontvang nie. Daar is wel logika om te beweeg van een na vyf, maar niks keer die pastor om hom anders te lei nie. Die klem val eerder op die sirkulariteit as op die linêre voortgang. Die metafoor van dans is rigtinggewend. Dit begin êrens en eindig êrens, maar andersins is dit vry en vra vir 'n kreatiewe aanpak (Müller 1999:74).

Müller (1996:98) gebruik twee begrippe om die pastorale gespreksituasie te rig, naamlik agenda en prosedure. Die agenda lê meer op die oppervlakte en gee 'n aanduiding hoe die gespreksproses vorder. Die prosedures lê onder die oppervlakte en word nie met die adolessent bespreek nie, want dit is die "gereedskap" van die terapeut.

Die agendagedeelte laat die terapeut toe om vyf groot beweging uit te voer.

1. Die noodverhaal: Hier word die adolessent gehelp om die storie van die nood so uitvoerig moontlik te vertel.
2. Die verledeverhaal: Die noodstorie het ook 'n geskiedenis. Dit moet vertel word. Die gesin van oorsprong is gewoonlik 'n belangrike deel van hierdie verledeverhaal.
3. Die verduisterde toekomsverhaal: Hierdie stap behels om saam met die adolessent die toekomsstorie binne-in hierdie verledestorie te ontdek. Die verhale wat uit die verlede vertel word kan "vertaal" word in 'n verduisterde toekomsverhaal en met 'n bietjie kreatiwiteit

fasiliteer die terapeut 'n situasie waarin hierdie toekomsverhaal in die verledeverhaal ontdek word.

4. Die geherinterpreteerde verledeverhaal: Die verledeverhaal moet herinterpreteer word. Dit behels die proses van “reframing”. Dit is hier waar die terapeut die adolessent uitnoui om nuwe stories op dieselfde raamwerk van feite te konstrueer. Deur ander temas in plaas van probleemversadigde temas te suggereer, nooi ons mense uit om te begin skep aan nuwe verhale oor die verlede.

5. Die verbeelde toekomsverhaal: Die herinterpretasie van die verlede word vanself 'n uitnodiging om 'n beter toekoms te verbeel. Wanneer die adolessent gevra word om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels, neem hierdie toekomsverhale op 'n natuurlike wyse vorm aan.

Die prosedures van Müller (1996:100) sluit 'n aantal tegnieke en metodes, wat by enige van die agendapunte kan aanpas, in. Hierdie is die manier waarop die kunstenaar sy verfkwas hanteer. Van hierdie tegnieke en metodes is:

- Die sirkulêre verhaal
- Die kronologiese verhaal
- Die grafiese verhaal
- Die ekosistemiese verhaal
- Die geëksternaliseerde verhaal
- Die geloofsverhaal
- Die hipotetiese verhaal
- Verantwoordelikheid vir die verhaal
- Die rituele verhaal

Dit is belangrik om in ag te neem dat soos met ander narratiewe terapeutiese benaderings, gespreksvrae hier ook baie belangrik is. Soos gesien by White (1991) en Freedman & Combs (1996) speel vrae 'n belangrike rol om die adolessent te begelei in die ontwikkeling van 'n alternatiewe storie of dan soos Müller dit sien, 'n verbeelde toekomsverhaal. Vervolgens word daar voortgegaan om die verloop van die terapeutiese proses te verduidelik.

5.6.1 Die noodverhaal

Jare se betrokkenheid by skole, het my te doen laat kry met baie adolessente wat wil selfmoord pleeg. Een so geval was die van Anton. Anton is tans 'n graad 12-leerling en voltooi hierdie jaar sy matriek. Anton se koshuisvoog het my versoek om 'n gesprek met Anton te voer, omdat hy nie meer sy samewerking wou gee nie en baie aggressief was.

Elke adolessent wat ek in my spreekkamer by die skool gespreek het se verhaal en behoefte was uniek. Elkeen wat vir hulp kom aanklop het se noodverhaal was vir hom of haar een van die moeilikste dinge om oor te vertel. Baie van die kinders het nie meer kans gesien om aan te gaan nie; ander het al verskeie selfmoordpogings aangewend en steeds nie genoeg moed gehad om die volle noodverhaal te vertel nie. Anton het voor my gesit. Hy was bloedrooi van woede. Hy het nie meer geweet watter kant toe nie. Hy het reeds alles in die lewe probeer en niks wou regkom nie. Hy het alles so anders voorgestel. Hy het verwag dat sy lewe makliker sou wees, veral op sy jeugdige ouderdom. Vir Anton het alles op daardie spesifieke dag net te veel geraak. Al die jare se moedeloosheid het ewe skielik oor die rand gestort. Anton het nie meer oplossings vir sy probleme gehad nie.

Adolesseente kom sit meestal voor 'n mens met 'n probleemversadigde verhaal. Hulle is as't ware verblind deur die nood waarmee hulle worstel. Dit is asof die verledeverhaal en die toekomsverhaal in duie gestort het. Daar is nie meer sin in voortbestaan nie. Daar is nie meer hoop nie. Adolesseente wat nood beleef, ervaar 'n mengsel van gevoelens, maar dit word gewoonlik oorheers deur gevoelens van verwardheid, domheid en hopeloosheid (Müller 1999:76).

Wanneer Anton voor my kom sit het om sy noodverhaal te vertel was ek as pastor nie gereed om dadelik die probleem op te los nie. Dit was belangrik dat Anton eers sy verhaal so goed as moontlik vertel. Die noodverhaal is die huidige interpretasie van die verhale in sy lewe en dit is baie belangrik om goed na die verhaal te luister en nie te vinnig voort te beweeg nie. Daar moet met die nodige respek en ontsag na die verhaal geluister word. "When we meet people for the first time, we want to understand the meaning of their stories for them. This means turning our backs on expert filters...instead we try to put ourselves in the shoes of the people we work with and understand, from their perspective, in their language, what has led them to seek our assistance...we try to listen for what we don't know" (Freedman & Combs 1996:44).

Uit bogenoemde aanhaling is dit baie duidelik dat die pastor reeds vanuit die staanspoor 'n posisie van nie weet, inneem. Die pastor kan nie met vooropgestelde idees na die adolessent luister nie, dit sal meer skade berokken en die resultaat is dat die adolessent se verhaal nie gehoor sal word nie. Daar is reeds vroeër in die studie na die posisie van die pastor binne die narratief verwys.

Volgens Müller (1999:77) is die waarom-vrae wat gevra word nie nou die belangrikste nie. Gewoonlik vra adolessente waarom moet dit met my gebeur.



Die waarom vrae is die vrae waarop hulself nie antwoorde kon vind nie. Dit gaan nie in die aanhoor van die noodverhaal om die interpretasies van wat gebeur het nie, maar om wat gebeur het. Dit kom neer op die onderskeid wat Keeney en Ross (1985) tref tussen die semantiese en politieke rame. Met rame word iets soos brilrame bedoel waardeur daar na 'n situasie gekyk word. Elke storie bevat beide semantiese en politieke aspekte. Die gevolg is dat daar na elke storie gekyk kan word deur 'n semantiese of 'n politieke raam. Die semantiese funksioneer op die betekenisvlak; dit wil sê die waarom-vraag. Die politieke het te doen met die wat-vraag. Dit gaan hier oor die logiese verloop van gebeure, hoe die een ding by die ander inpas. Watter kronologie was daar in die geheue en wie het wat gedoen? Die pastor moet dus nie te gou met "storymaking" begin nie, daar moet eers aandag gegee word aan "storytelling".

Om die situasie beter toe te lig gebruik Müller (1996:108) 'n metafoor van 'n visserman se kraaines. Die visserman is moedeloos met sy vislyn wat 'n onhanteerbare koekerasie gevorm het. Al wat hy kan doen is om te probeer pluk aan die los ente. Net so, sit daar 'n raadop adolessent voor die pastor. Die manier waarop hulle, hul storie vertel, is eintlik hul manier om aan die los ente van hulle probleem te pluk en te kyk of daar tog sin gemaak kan word uit alles. Die punt waarby hulle begin, lei kennelik nie tot die ontrafeling van die probleem nie en daarom het hulle hulp opgesoek. Die terapeut mag nie die probleem wat hulle stel ignoreer of onderskat nie. Hy moet met dieselfde probleem werk, maar sal dit waarskynlik nodig vind om aan een van die ander draadjies of los ente te begin trek (tegniek van herformulering). As hy/sy vernuftig is en aan die regte ent begin trek, kan dit lei tot die ontrafeling van die hele kraaines.

Wanneer mooi na die storie van die adolessent geluister word, kan daar by die semantiese of die politieke verwysingsraamwerk aansluiting gevind word. Deur by een raam aan te sluit, maar tegelyk ook doelbewus oor te gaan na die

volgende raam, kan die terapeut daarin slaag om aan die ander betekenisvolle "drade" van die kraaines te trek en sodoende informasie vry te stel wat tot ontrafeling kan lei.

Keith & Whitaker (1988:440) beskryf die noodstorie baie goed: "The family's past and future experience collapse into the present". Hierdie "collapse into the present" bring gevoelens van intimiteit, oopheid, verwardheid en domheid na vore. Dit word verwoord as die nood of die probleem waarmee die gesin sit. Dit is wat bedoel word met die noodstorie en die pastor se eerste taak is om hierby aansluiting te vind en toe te sien dat, met die hulp van watter tegniek (gespreksvrae, genogram ens.) ookal, hierdie noodstorie so goed as moontlik verwoord word.

Vir beide White (1991) en Freedman & Combs (1996) is die noodverhaal of die aanvanklike verhaal waarmee die adolessent om hulp kom seek ook baie belangrik. Wat belangrik is, is dat die terapeut soos by Müller (1999) gewillig sal wees om te luister, om net eers die noodverhaal aan te hoor. Nadat die noodverhaal aangehoor is, kan daar begin word met gespreksvrae om meer duidelikheid te kry oor die noodverhaal.

White (1991) werk met die beginsel van dekonstruksie, wat onderverdeel is in bepaalde bewegings, Freedman & Combs (1996) begin met die aanhoor van die verhaal en die "opening space for new stories".

Dekonstruksie word baie keer as een eng tegniek beskou, maar na deeglike ondersoek kan gesien word dat dekonstruksie, slegs as 'n oorkoepelende term gebruik word om 'n aantal prosesse te beskryf naamlik om die probleem te ondersoek en te analiseer, unieke uitkomst daer te stel en 'n alternatiewe storie te skep deur middel van die "re-authoring" proses. Ander (Lester, White, Epston,

Parry) sien ook dekonstruksie as deel van die "re authoring" proses en nie net die analisering van die probleem nie.

Wanneer die adolessent sy probleem vertel, geskied dit in narratiewe vorm. White beskou die probleem as die "problem-saturated description" van sy lewe. Laasgenoemde beskrywing is dus in der waarheid die dominante storie van sy lewe (kemstorie) waarmee die adolessent waarskynlik 'n probleem het (White 1988: 29).

Toe Anton voor my kom sit het en sy noodverhaal vertel het, was dit volgens White die "problem-saturated description" van sy lewe. Dit was beslis sy huidige dominante storie, want dit het sy lewe oorheers. Dit was die interpretasie van verskeie verhale vanuit sy verlede asook 'n verduisterde toekomsverhaal. Hierdie noodverhaal het ervaringe bevat. Die oorvertel daarvan was dus 'n interpretasie van die gebeure.

'n Ontevrede Anton het vertel dat hy sat is vir die lewe. Hy sien glad nie meer kans om aan te gaan nie. Hy is nou al 17 jaar oud en hy sal van nou af self besluite neem. Volgens hom was daar in elk geval niemand wat meer vir hom omgee het nie. Sy pa en ma is geskei toe hy 6 jaar oud was. Daar was tot op datum die een hofsaak na die ander oor hom. Pa het toesig en beheer oor Anton terwyl Ma dit wou gehad het. Anton was die speelbal tussen sy ma en pa. Anton sê dat hy soos 'n sokkerbal voel. Hy en sy pa kon van kleintyd af nie oor die weg kom nie. Sy ma woon baie ver en hy sien haar miskien een keer per jaar. Sy pa en stiefma het nie baie geduld met hom nie. Sy stiefma kan hom nie verdra nie. Sy pa gee glad nie vir hom om nie. Hy los hom gereeld naweke in die koshuis met die verskoning dat hy nie petrolgeld het nie. Anton se meisie het so pas met hom uitgemaak. Dit voel vir hom asof niemand meer daar is vir hom nie. Hy voel leeg en moeg. Hy het nie meer lus om aan te gaan met die lewe nie. Hy wil iemand aanrand dat hy beter kan

voel. (Anton is fisiek baie sterk). As sy pa hom nie naweke kom haal nie, gaan hy gewoonlik na sy vriend se huis. Dit het so gereeld begin gebeur dat hy al sy eie kamer by sy vriend se huis het.

Anton sê hy het oorweeg om weer op sy eie sy emosies en probleme uit te sorteer, maar hy het skielik besef dat hy nie die krag daarvoor het nie. Hy weet hy het iemand nodig, want daar is niemand belangrik in sy lewe oor nie. Dit voel asof niemand meer vir hom omgee nie. Boonop alles het sy meisie hom ook verlaat. Hy was verlore en die lewe en toekoms het kaal en doelloos voor hom uitgestrek. Alles voel so leeg en nutteloos.

Anton het 'n deurmekaar gesprek gevoer en los feite opmekaar gestapel. Hy het nie regtig geweet waar om te begin en eindig nie. Dit was vir my as pastor belangrik om hom eerstens te help. Ek moes self sukkel om by die politiek van die verhaal uit te kom. Dit was belangrik om deeglike agtergrond te kry oor sy huidige noodstorie. As pastor was dit onvanpas om op hierdie stadium reeds raad te gee. Die verhaal was nog baie onvolledig.

Die mens kan gesien word as 'n tydelike wese en Lester (1995:4) stel dit duidelik: "Past, present and future are for the human mind and heart the three dimensions or directions into which the human sense of time extends and which in their togetherness constitute the present moment." Dit is daarom baie belangrik om die verlede en verduisterde toekomsverhaal van Anton te hoor.

Anton se noodverhaal was dat hy sy meisie verloor het en dat hy nou niemand se ondersteuning meer oor gehad het nie. Hy sien sy ma baie min en hy kom nie met sy pa en stiefma oor die weg nie. Die noodverhaal het 'n geskiedenis wat aangehoor moet word. Dit is belangrik om dit aan te hoor ten einde by unieke uitkomstige en alternatiewe verhale uit te kom.

5.6.2 Die verledeverhaal

Müller (1999:79) stel dit baie duidelik dat die verledeverhaal aangehoor moet word, want die herinneringe aan die verlede en die gevolglike interpretasie van die verlede verskaf die materiaal waarmee die toekomsstorie gebou word. Die noodverhaal van Anton was in der waarheid ook 'n verledeverhaal, want hy het kortliks met die vertel van die noodverhaal verwys na verskeie verledeverhale wat bygedra het tot die huidige noodverhaal. Die feit dat sy meisie hom gelos het en sy ma ver is en sy pa hom nie gereeld by die koshuis kom haal nie, vorm alles deel van die verledeverhaal, maar dit is terselfdertyd geïntegreerd is sy noodverhaal. Die verledeverhaal werp lig op die noodverhaal. Dit is logies dat wanneer die pastor met 'n adolessent wat probeer selfmoord pleeg het, of wat selfmoordgedrag het, praat, hy agterkom dat die verskillende verlede- en agtergrondverhale uit die adolessent se lewe lig werp op sy gedrag. In my gesprek met Ann het verskeie verhale na vore gekom soos onder andere haar wisselvallige verhouding met Gideon, die feit dat sy swanger was en die druk van die groter kulturele verhaal van die familie waarin sy opgegroeï het. Daleen se verledeverhaal was hoofsaaklik haar ontwikkeling as adolessent wat skeefgeloop het en haar onvermoë om aanvaar te word deur haar portuurgroep wat sy baie negatief ervaar het. Al hierdie verledeverhale vorm saam 'n komplekse integrasie wat kan lei tot selfmoordgedrag in die onmiddellike (hede). Die verledeverhale en interpretasies van die verledeverhale raak te veel om te verwerk en dit gee aanleiding tot selfmoord. Dit is vir die pastor baie belangrik om die verledeverhale sinvol te benut, want dit is ervaringe wat verwoord is en omskep is in verhale. Dit is baie belangrik vir die oopsluit van 'n nuwe toekomsverhaal vir die adolessent.

Mens hoef nie alles te onthou nie, maar die ontkenning het tot gevolg dat daar nie materiale of boustof beskikbaar kom vir die konstruering van 'n toekomsstorie nie (Müller 1996:115). 'n Verlede wat nie beskikbaar is nie, is

boustof wat ontbreek met die oog op die konstruksie van 'n toekomsverhaal. Wanneer die verlede as so pynlik ervaar word dat dit onmoontlik is om daaroor te praat, funksioneer dit as ontbrekende boustof vir die toekomsverhaal. Die terapeutiese situasie behoort die sekuriteit te verskaf waarbinne die adolessent so 'n verledestorie kan vertel. Al besef die tiener dit nie, word daar deur die vertel van die (pynlike) verlede, "stene" gevorm vir die konstruksie van die toekoms. Dit is dus belangrik om 'n dik beskrywing te kry want dan is daar beter boustof vir die toekoms. 'n Dikker beskrywing van die verlede voorsien die potensiaal dat daar meer verhale is waarin potensiële unieke uitkomstes verberg is.

Deur jou storie te vertel, struktureer jy jou werklikheid. Natuurlik word die verledestorie ook beïnvloed deur die antisipasie van die toekomsstorie. Dit was in Ann se geval baie duidelik. Die groter kulturele verhaal van die familie het van haar verwag om te gaan studeer. Die hele toekomsprentjie is in oomblike verduister toe sy uitvind dat sy swanger is met Gideon se kind. Ewe skielik was die moontlikheid van universiteit toe gaan nie meer so duidelik nie. 'n Mens se werklikheidservaring word gestruktureer deurdat die persepsies van die verlede en van die toekoms op 'n manier met mekaar in verband gebring word.

Die konteks van die verledestorie bepaal jou optrede hier en nou. Alleen as ek die verlede kan onthou en oorvertel, kan daar 'n nuwe, beter konstruksie plaasvind met die oog op die toekoms. "Sonder om die opdiep van die verlede die absolute sleutel te maak tot verandering, moet beklemtoon word dat 'n grondige terapeutiese proses nie werklik op dreef kan kom sonder 'n deeglike omgaan met die verledestorie nie. In die narratiewe benadering gaan dit eerder oor die "re-live" van die verlede in die hede, as wat dit gaan oor die "re-call" van 'n gestorwe verlede. Dit beteken dat geheue as 'n konserwatiewe sisteem benader word en nie soseer as 'n herwinningsstelsel nie" (Müller 1996:112).

Andrea (16) se ma het vir haar 'n afspraak by my gemaak. Andrea se noodstorie (problem saturated description) was dat alles vir haar die afgelope twee jaar te veel begin raak het. Sy het nie meer lus gehad om te lewe nie. Haar belangstelling in skoolwerk het getaan en , op het sy nie meer presteer nie. Sy het nie meer sosialiseer nie. Sy het bang geraak as daar mense rondom haar is.

Dit was belangrik om die noodverhaal verder te ontgin deur verskeie gespreksvrae. Wat belangrik is, is dat 'n ervaring uit een van die verledeverhale 'n baie groot impak het op haar optrede en belewenis van haarself en sekere omstandighede. Hoe verder die gesprek gevorder het, hoe duideliker het dit geword dat die volgende verhaal en ervaringe rondom die verhaal 'n baie groot impak op haar hede het. Andrea was gemolesteer toe sy in die laerskool was. Sy was baie klein en het nie regtig geweet wat een van die skool se tuinwerkers met haar gedoen het nie. Op daardie stadium het sy net baie groot geskrik. Met die verloop van tyd het hulle geslagsvoorligting in die skool gekry. Dit was daar in die klas dat dit gevoel het asof haar hele wêreld in duie stort. Sy het ewe skielik skaam gekry, Sy was kwaad en verward. Dit het vir haar gevoel asof almal weet wat met haar gebeur het, alhoewel niemand daarvan geweet het nie. Van daardie dag af het Andrea se lewe verander, niks was meer dieselfde nie. Haar ervaring van die situasie het haar gedrag begin beïnvloed. Andrea het al hoe minder saam met haar maats begin speel omdat sy bang was hulle sou dalk uitvind. Hierdie ervaringe het haar lewe lank by haar gebly en haar gedrag beïnvloed. Verskeie kere het sy 'n einde aan haar lewe probeer maak, maar dit was nie geslaagd nie.

Een verledeverhaal se persepsies en ervaringe het amper 'n adolessent se lewe verwoes. Sy het nie meer kans gesien om aan te gaan nie, daar was volgens haar nie meer 'n toekoms nie. Watter seun sal in haar belangstel as hy hoor wat met haar gebeur het, wie sal haar vriendinne wees as almal moet

weet? Die gedagte om dalk alleen oud te word was vir haar te veel. In haar toekomsverhaal was daar die behoefte dat daar iemand sou wees wat vir haar lief sou word. Hierdie drome is deur haar verlede vertroebel.

Daar kan nie “storymaking” plaasvind sonder dat die verlede eers getrou weergegee is nie. Dit gaan hier om meer as net die aanhoor van Anton, Ann en Andrea se verledeverhaal, dit gaan hier om saam met Anton, Ann en Andrea ’n toekomsstorie te konstrueer wat uit die herinnering van die verlede spruit.

Müller (1999:81) het ’n aantal voorstelle wat gebruik kan word om die verledeverhaal as boumateriaal in die terapeutiese proses te gebruik. Hier volg ’n aantal metodes. As pastor en terapeut het ek van die metodes gebruik om Anton se verlede verhaal as boumateriaal aan te wend.

- ’n Verhaal uit jou kinderdae

Let wel hierdie is nie ’n verhaal van jou kinderdae nie, maar uit jou kinderdae. Die adolessent moet ’n verhaal vertel uit sy kinderdae. Hierdie verhale word baie keer om een of ander insident wat ’n krisis in die adolessent se lewe was en wat ook ’n positiewe of negatiewe afloop gehad het gebou. Gewoonlik word gevra dat die verhaal karakters van hulle gesin van oorsprong moet bevat. Hulle kan kies of hulle die storie wil opskryf en dan voorlees en of hulle dit wil oorvertel.

- Grafiese voorstellings

Hierdie metodes kan baie nuttig wees in die ontvouing van die verledeverhaal. Müller (1999:83) behandel die volgende onder hierdie afdeling.

- Die genogram

Volgens Müller (1999:83) is 'n genogram 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder. Dit is ontwikkel deur Murray Bowen en sy volgelinge, en is 'n uiters bruikbare metode om transgeneratiewe patrone wat herhaal, bloot te lê. Die genogram opsigself is dikwels 'n emosionele ontlasting.

- Die lewenslyn

Hierdie is 'n baie eenvoudige, maar effektiewe manier om gespreksgenote te begelei tot die vertel van hulle verhale. Hierdie is nie met Anton hanteer nie, daarom vind ek dit onnodig om dit te bespreek. Vir verdere verwysing kan u kyk in Müller (1999:88-89).

- Die ekokaart

Hierdie is veral nuttig wanneer daar met 'n gesin gewerk word. Vir verdere inligting kan u gaan kyk in Müller (1999:91-93).

5.6.3 Die verduisterde toekomsverhaal

Lester (1995:20) sê dat ons maklik onbewus is van die groot hoeveelheid tyd wat ons spandeer aan die uitwerk van die toekoms. Werklike hermeneutiese vrae oor die toekoms word gevra daar waar jy aan die einde van jou pad gekom het, wanneer jy nie meer weet hoe nou vorentoe nie, wanneer jou toekomspektief verduister geraak het. Terwyl ons lewe ongedeerd voortgaan, word ons nie lastig geval met die vraag na die sin van alles nie, maar wanneer die pad geblokkeer lyk, kan jy die vrae nie meer ontwyk nie (Müller 1996:115).

So gesien is die versteurde toekomspektief die primêre motivering vir betekenisvolle verandering. Mense beland by terapeute omdat hulle nie perspektief het nie en moeg is om teen die "rug" voor hulle vas te kyk. As hulle gehelp kan word om weer 'n keer die pad voor hulle te sien, sal hulle hele ervaring van die hede verander.

Deur die verledepersepsies te herformuleer en herstruktureer, kan 'n toekomsbeeld voorsien word wat helderder is en wat die basis vorm vir die verandering in die hede. Vir 'n toekomsstorie wat kan werk, is dit nodig dat daar 'n balans moet wees tussen stabiliteit en verandering. Daar moet genoeg van die ou storie wees wat voortgesit word, maar daar moet ook genoeg wees wat nuut is sodat dit 'n krag tot nuwe homeostase kan wees (Müller 1996:116).

Die toekomsverhaal funksioneer nie eksplisiet nie, maar implisiet. Die verledeverhaal kan vertel word want dit het al vorm aangeneem in mense se interpretasies. Die toekomsverhaal lê nog soos 'n embryo in die baarmoeder van die verlede. Om die toekomsverhaal te hanteer is dus nie so maklik soos die verledeverhaal nie, dit vra baie meer vernuf. Die roumateriaal van die toekomsstorie moet uitgesnuffel word uit die rommel van die verledeverhaal.



Dit wat Anton gedroom het oor die toekoms het duidelik nie gerealiseer nie. Sy visie het nie waar geword nie, daarom dat hy in die hede angs beleef. Daar is nie 'n konstante deurvloei van die verlede na die hede en na die toekoms nie. Anton het gedink dat hy soos ander kinders gelukkig sal wees. Hy sou 'n ma en pa hê wat vir hom sorg en hom lief het. Hy sou iemand by hom kon hê wat hom raad sou gee, wat sou gaan kyk as hy rugby speel. Dit het nie gerealiseer nie. Hy was alleen. Dit het gevoel niemand gee meer vir hom om nie. Alles loop skeef. Hy het baie bang geword vir die onbekende toekoms, waar hy sy probleme alleen moes hanteer. Hy kon nie eers die huidige probleme oorkom nie, aangesien hy nog nie oor die nodige hanteringsmeganismes beskik het nie. 'n Verhaal wat Anton vertel het was dat hy en sy pa gereeld saam gaan fietsry het. Hy en sy pa het ook gereeld aan die motor gewerk. Hoe vuil hulle altyd was en dan het sy pa hom gehelp om hom mooi skoon te was as hulle klaar was met die motor. Hy kon vir sy pa enige iets vra en hy het 'n antwoord kry. Anton voel dat daar nie meer dieselfde sekuriteit is nie.

Waarom het Anton hierdie verhaal vertel? Hy beleef op die oomblik dat sy pa hom verwerp, dat sy pa baie meer aandag aan sy stiefma en haar kinders gee as wat hy aan hom gee. Dit wat hy gedink het hy in die toekoms sou ontvang naamlik, sekuriteit, is nie meer moontlik nie. Sy verhaal sal moet verander. Anton se toekomsverhaal is 'n verduisterde toekomsverhaal. Dit bied geensins vir hom hoop en motivering om aan te gaan nie. Dit voel vir hom asof almal hom ewe skielik verwerp. Hy begin die fout by homself soek. Anton kon 'n ruk lank op sy eie aangaan, maar sy lewenspad het al hoe meer geblokkeer geraak. Die verlies van sy meisie het hom breekpunt laat bereik en sy totale toekomsbeeld is verpletter. Die boustene van die verlede was het verbrokkel en sy toekomsverhaal het dus verduister. Sy boustene is volgens hom onvoldoende. Hierdie versteurde toekomspektief is die ideale motiveringsgrond vir betekenisvolle verandering. Toe Anton besef hoe sy stene tans lyk, het hy



verstaan dat daar 'n drastiese verandering sal moet intree anders wou hy sy eie lewe neem.

Volgens Müller (1999:96) sal die terapeut wat anders praat, oor wat die huidige verhaal te sê het oor die adolessent se toekomsverhaal, verligting bring. So kan daar saam met die adolessent 'n nuwe toekomsstorie gekonstrueer word. Dit is belangrik om te beseef dat 'n toekomsstorie, beter as die huidige, kan alleen verbeel(d) word as daar eers 'n bewustheid gegroei het oor die vasgelooptheid van die toekomsverhaal.

5.6.4 Herformulering van die verledeverhaal

Nie een van die bewegings binne die pastorale proses kan waterdig van mekaar geskei word nie. Dit oorvleuel mekaar en dit is baie keer 'n heen-en-weer beweeg tussen die verlede en toekoms en tussen die prosesse. Net so kan 'n mens nie sê dat adolessente selfmoord en selfmoordgedrag plaasvind as gevolg van een oorsaak nie, maar dit is 'n verskeidenheid van verledeverhale wat in die hede as traumaties of hoe ook al verstaan word. 'n Komplekse integrasie en interpretasie van die verhale veroorsaak selfmoordgedrag. Herformulering behels die heen en weer beweeg tussen al die verhale van die verlede na die toekoms en andersom.

Wanneer 'n adolessent sy verhaal vertel, is dit nooit net 'n aanmekaarryg van 'n aantal "objektiewe" feite nie. Hierdie verhale is beleefde en deurleefde verhale. Dit is verhale waarin ervaringe en emosies vasgevang is. Met die vertel van die verhale word die ervaringe en emosies geverbaliseer. Dit is dieselfde as om ervaringe te interpreteer. Elke keer as ons doen, nadink, oordeel en ervaar, is ons besig om te interpreteer.

Om die interpretasie-vermoëns te verbeter en te verfyn is om meer mens te word. En dit is presies die doel van praktiese teologie en by name van die pastorale sorg. Dit is ook die doel van pastorale gesinsterapie. Deur die adolessent te begelei op die weg na interpretasie, om wat met hulle gebeur het, wat tans nog besig is om met hulle te gebeur en wat moontlik nog kan gebeur, in 'n sinvolle storie te interpreteer, is om hulle te help om op 'n hoër vlak van menslikheid te beweeg. Om die verhaal te vertel is vir die adolessent om homself te begin verstaan en om as terapeut 'n beter begrip van die adolessent se lewe te kry. (Müller 1996:117).

Elke mens is voortdurend besig om sy of haar kroniek te interpreteer en dus stories (geskiedenis) op te bou. Verandering in die hede en die toekoms kan alleen plaasvind indien daardie stories van die verlede geherinterpreteer word sodat dit die basis vir verandering kan vorm (Müller 1999:98). Dit sal van beide Anton, Ann en Andrea asook alle ander adolessente met selfmoordgedrag verwag word om hulle verhale uit die verlede wat deel vorm of wat aanleiding gee tot hulle huidige noodverhaal te herformuleer. Deur die nood- en verledeverhaal te herformuleer word daar 'n beter toekoms geskep. Daar is by almal van hulle ervarings teenwoordig wat die uitleef van hulle huidige lewensverhaal verduister.

Om te herformuleer is om persepsies te hervorm, om die kognitiewe "maps" waarvolgens 'n mens gebeurtenisse interpreteer, te verander. Dit is beslis nie 'n maklike proses nie. Binne herformulering is dekonstruktiewe luister baie noodsaaklik. "We call the special kind of listening required for accepting and understanding people's stories without reifying or intensifying the powerless, painful, and pathological aspects of those stories deconstructive listening....we seek to open space for aspects of people's life narratives that haven't been storied" (Freedman & Combs 1996:46).

'n Ander metode wat vir herformulering uiters waardevol is, is die eksternalisering van die probleem. Eksternalisering is die metode wat deur Michael White (1989) ontwikkel is en wat ten nouste aansluit by die narratiewe benadering tot terapie. 'n Ander naam vir die proses van eksternalisering is dekonstruksie, dit is baie belangrik in die narratiewe proses.

5.6.4.1 Ontstaan van dekonstruksie vanuit die filosofie

Om tekste te lees, sowel as te analiseer, het mense oor die eeue heen gefassineer. Reeds in die Nuwe Testamentiese tydvak is tekste van die sogenaamde Ou Testament reeds geanaliseer. Mense, veral filosowe het hul hoofsaaklik besig gehou met die ontleding van tekste.

Die begrip dekonstruksie het dan ook sy bestaan vanuit 'n filosofiese konteks. Die dekonstruksieproses behels die analisering van tekste. Om te kyk wat lê agter die teks: dit wat nie noodwendig eksplisiet in die teks na vore kom nie. Derrida is die filosoof wat die begrip dekonstruksie ontwikkel het. Dit is moeilik om sy dekonstruksieproses in 'n hoofstuk vas te pen. Ander filosowe het sy dekonstruksie proses geanaliseer ten einde agter die kap van die dekonstruksie proses in te kom. Derrida self het nie veel oor sy dekonstruksie proses geskryf nie. Sy metode, as mens dit 'n metode kan noem, het na vore gekom binne sy ontleding van ander filosowe se tekste.

Derrida definieer dekonstruksie meer in terme van wat dit nie is nie as wat dit wel is. Dekonstruksie is nie a) metafisika soos beskou deur die Westerse tradisie nie; b) argeologie soos deur Foucauld; c) tekstuele psigo-analise soos deur Freud; d) filosofie of epistemologie soos deur Plato en Sokrates; e) teorie/logika/wetenskap van tekstualiteit soos deur Barthes; en laastens f) hermeneutiek soos deur Gadamer nie (Harvey 1986:23). Derrida sê wel die

volgende oor dekonstruksie: "I insist that deconstruction is not neutral. It intervenes" (Harvey 1986:24).

Soos wat dekonstruksie na die teks beweeg het dit sekere doelwitte en intensies in gedagte. Die dekonstruksieproses lyk dus op die oog af na voorbereiding vir iets anders. "Deconstruction is much more subtle, since what the writer seems to command is only one level of that which he does not. Thus metaphysical control of textuality is an implicit process and not generally one wielded by the writer." (Harvey 1986:27). Dit is hierdie beherende sisteem wat dekonstruksie probeer oopvlek, en tweedens dekonstrueer. "We seem to have a level of unconscious textual production in occurrence here and one that deconstruction aims to reveal. Indeed deconstruction searches for 'symptoms' of this underlying level in order to locate and track it...the act of deconstruction, once the track is made, can never be undone and makes a difference that remains unforgettable..."(Harvey 1986:28).

Die prosedure om bogenoemde te bereik noem Derrida "Castration and Mimesis". In algemene terme beteken dit die dubbel lees van 'n teks. "On the one hand, the text analyzed is to be borrowed from, to be reproduced as if deconstruction were merely a doubling commentary. But on the other hand, in this process certain spaces are made in the text, certain questions are asked, certain re-markes are produced, a certain track is left in the original text which leaves it not dissimilar from its state prior to deconstruction, but nonetheless, not the same" (Harvey 1986:29). Derrida sê dat sekere terme of strukture binne die teks, moet hanteer word as simptome of tekens wat gevolg moet word ten einde by die onderliggende dele van die teks uit te kom. Die "onsienbare teks" wat tot 'n mate beheer het oor die sigbare teks sal dan na vore tree. "What we read is a result, an effect, and what we must seek is how the text as such, as given, came and comes to be constituted as such" (Harvey 1986:32).

Tydens dekonstruksie word die interne struktuur van die teks as simptoom bevraagteken. "This can only mean to treat it as a sign - indeed a sign in the classical sense-for something else. It is now a signifying structure but not in the sense of having a referent elsewhere...what Derrida seeks is that which allows for the text to be produced as such: the law of the relation between what the writer commands and what he does not command of the patterns of language that he uses. Thus the relation of given text to its other side must have a certain consistency. It is this that deconstruction hopes to uncover and indeed requires in order to work at all" (Harvey 1986:32). Dekonstruksie is meer 'n tekstuele oefening as 'n teorie, alhoewel dit ten doel het en probeer om 'n teorie te wees.

Die vraag ontstaan by 'n mens of dekonstruksie nie maar net 'n versteekte vorm van kritiek is nie. "Critique as method is thus concerned with a deduction of the 'actual' to that which is necessarily presupposed therein and which makes the actual possible" (Harvey 1986:4). Die probleem is dat die feitlike (actual) erfaar kan word, die kondisies van sy moontlikheid kan nooit 'n ervaring word of wees nie. "Deconstruction is also concerned with the conditions of the possibility of that which is taken to be actual and, in particular, with that which is taken to be given as self-sufficient" (Harvey 1986:4).

Albei het dus ten doel om dit wat agter die teks lê na vore te bring. In die dekonstruksie proses van M. White word ook gepoog om die kernstorie te analiseer deur vraagstelling en sodoende 'n alternatiewe storie, wat nog altyd daar was na vore te bring. Die onderliggende (verborge) stories word na die oppervlak gebring.

In 'n sekere sin is daar tog 'n verskil in die proses van dekonstruksie en die van kritiek. Kritiek is nie noodwendig positief nie terwyl dekonstruksie 'n meer positiewe konnotasie binne die terapeutiese veld het. Dekonstruksie strek verder

as kritiek. Dekonstruksie sluit ook in, terwyl dit nie noodwendig die geval met kritiek is nie. "...at least for a moment consider deconstruction as critique of critique, therein not undermining critique...but rather showing precisely its conditions of possibility which...lie necessarily outside that system" (Harvey 1986:6).

McCarthy beskryf Derrida se dekonstruksie as volg:

"Derrida's deconstruction is generally taken to be a skeptical enterprise, a preception nurtured, no doubt, by his characterizations of it. To deconstruct, he has told us, is to `desediment', `destabalize', `uproot' and `overturn' inherited concepts and schemes, `to turn them against their own presuppositions', to loosen, undo, decompose and dismantle them....deconstruction seem here to be necessarily complementary to practices of constructing and reconstructing the ideals, norms, principles, laws, and institutions we live by." (McCarthy 1991:107).

Om na dekonstruksie binne sy filosofiese konteks terug te keer word dit gesien in die lig van "textual reading". Hiermee word bedoel dat dekonstruksie die analisering van die teks is, dit wil dus na vore bring wat werklik in die teks staan, wat die teks bedoel en in watter konteks die teks is. Dit is egter nie waar dit eindig nie, dit vergelyk ook tekste met mekaar in terme van die konteks, die teks self asook die subteks. "It means that deconstruction accounts for how a text's explicit formulations undermine its implicit or non-explicit aspects. It brings out what the text excludes by showing what it includes. It highlights what remains indecidable and what operates as an indecidable in the text itself." (Silverman 1989:4).

In die literêre kritiek word die term net soos in die filosofie gebruik om die proses aan te dui wat gepaard gaan met die analisering van die teks in verskeie dele. "When literature under review is fiction, then the deconstruction process

examines the ways in which plot, character, time, situation and authorial perspective articulate building a story” (Silverman 1989:4).

Wanneer die literatuur feitelik voorgelê word, word die narratief se basis ondersoek om te sien of dit self geldend is. Daardeur word sy basis in realiteit en sy waarheid van interpretasies eers getoets.

Dekonstruksie self het egter veel verder gestrek as die filosofiese veld/gebied. Alhoewel dit eerstens ontwikkel is in die filosofiese veld vir die filosofiese veld het dit sy vleuels gesprei na die kunste, die literatuur, die film kritici, die psigo-analise, die pedagogiese en sosiale teorieë sowel as die pastoraat en teologie.

5.6.4.2 Dekonstruksie en pastoraat: algemeen beskou

"Effective pastoral care and counseling includes reclaiming, revising, rehabilitation, and reframing dysfunctional future stories" (Lester 1995:127).

Al hierdie aspekte (tegnieke) kan beskou word as deel van die dekonstruksie proses.

Wanneer met 'n adolessent gewerk word wat 'n disfunsionele (verduisterde) toekomsstorie het, moet die disfunsionele storie ontleed en ondersoek word, sodat 'n nuwe storie geskep kan word. Let wel dit is nie die afbreek van die disfunsionele toekomsstorie nie. As dit die geval sou wees, dan is dekonstruksie niks anders as 'n reduksionistiese proses nie. Dit is dekonstruksie beslis nie. Crites (1971:1089) beskryf dit as volg: "It therefore becomes evident that a conversion or a social revolution that actually transforms consciousness requires a traumatic change in a person's story. The stories within which a person has awakened to consciousness must be undermined, and in the

identification of her or his personal story through a new story both the drama of her or his experience and his or her style of action must be reorientated".

Die vraag kan ook gevra word na die genre van menslike stories en of dit feite of fiksie is. Die antwoord op bogenoemde vraag kan beantwoord word deur te kyk na die inhoud en die vorm van 'n mens se toekomsstories. Watter "materiaal" word geprojekteer? Sommige van die geprojekteerde inhoud is gebaseer op feitelike data van die adolessent se verlede. Die feitelike data kan ook insluit wat huidiglik besig is om met die persoon te gebeur. Die inhoud is saamgestelde materiaal/feite van die verlede en/of dit wat huidiglik geprojekteer word in die toekoms.

Addisionele strukture vanuit die denke naamlik die verbeelding dra by tot die fiksie wat by die verhaal gevoeg word. Die fiksie sluit ook die interpretasie van die kliënt in oor dit wat besig is om met hom te gebeur. Hierdie is slegs 'n hermeneutiese toepassing van die nog-nie-narratief van die kliënt. Dus het 'n mens se narratief (jou lewensverhaal) ook te doen met feite en fiksie. Dit wat werklik gebeur en jou interpretasies van wat in jou lewe plaasvind.

In psigoterapie word die dekonstruksieproses beskryf as die poging van die terapeut om die kliënt se persepsie van sy realiteit te verander. Die term verwys spesifiek na die proses waar die terapeut na 'n "gat/gaping" soek in die logiese konstruksie van die kliënt se verwysingsraamwerk soos gesien binne 'n spesifieke lewenssituasie of aspek van sy bestaan. "The therapist is looking for the inconsistencies in a client's worldview or searching for some point, any point, in the client's logical system that is 'alogical', a point that will bring down the whole of the problematic construction" (de Shazer, 1988:102).

Om te dekonstrueer in terapie is ook om die adolessent te "challenge". De Shazer (1988:102) sê dit is om sy struktuur van realiteit te "challenge". Dit is

egter makliker gesê as gedaan. Dekonstruksie moet nie gesien word as maar net nog 'n stap of tegniek in 'n spesifieke terapeutiese model nie. Dit sal lei tot kortsigtigheid van hierdie uiters belangrike proses in terapie. Dekonstruksie moet gesien word as 'n proses waarbinne verskeie tegnieke (bv. gespreksvrae) gebruik kan word om die doodgeloopte (verduisterde) storie te omskep in 'n (nuwe) alternatiewe storie. 'n Mens kan sê dat die geheel van dekonstruksie groter is as die som van die dele waaruit dekonstruksie opgebou is.

Lester (1995:131) het dekonstruksie ingebring by die disfunksionele toekomsstories en hy hanteer dit as volg: Hy sê dat dekonstruksie te doen het met die ondersoek en uitlê van die toekomsstorie en om vas te stel of die toekomsstorie gebaseer is op al die data beskikbaar in die adolessent se verlede en teenswoordige stories. Hy doen dekonstruksie in 'n aantal prosesse.

- Die eerste stap is om die verduisterde toekomsstorie ten volle te verstaan.
- Die tweede stap is om die inhoud van waaruit die toekomsstorie gekonstrueer is deeglik te bemeester.
- Die derde stap is om die relevante inligting wat in die spesifieke toekomsstorie ingesluit kon wees te identifiseer en na die voorgrond te bring. Terwyl die inligting bymekaar gemaak word, word daar na enige leemtes in die kliënt se persepsie van realiteit gekyk.

Robert Steele identifiseer vyf sleutels of kriteria wat gebruik kan word in die dekonstruksieproses van feitelike data: "Has the author/narrator (1) omitted any data? (2) interpreted the data with consistency? (3) tailored any of the evidence? (4) depended on mythic accounts? (5) reported with any unexamined biases of perspective?" Al vyf van Steele se vrae vra 'n duidelike prentjie van die inligting van die kliënt se toekomsstorie. Hierdeur wil hy tot die volgende punt kom: dat 'n adolessent nie sonder sy verlede kan leef nie en dat daar gekyk moet word na

die adolessent se verlede ten einde te kan sien of daar nie enige relevante “data” uitgelaat is in die proses van die toekomsstorievorming nie (Lester 1995:132).

Die dekonstruksie van 'n adolessentnarratief moet die persoon help om die geldigheid van sy toekomsstorie binne die kulturele konteks waarbinne die storie gevorm is te bepaal. Soos reeds genoem is, het jou omgewing en kultuur ensovoorts 'n invloed op jou eie lewensnarratief. Die feit dat dieselfde geloofsisteem deur ander gedeel word, maak die narratief vir die verteller geldig. Die dekonstruksie van 'n narratief is nie so maklik nie aangesien dit ingebed is binne 'n groter kulturele wêreld.

Om werklik by die diepte en die volle konsekwensies van dekonstruksie uit te kom ten einde te kan sien wat die rol daarvan binne ander terapeutiese velde is, is dit van groot belang om na Michael White te kyk. Hoe hy dekonstruksie sien en in terapie toepas.

5.6.4.3 Dekonstruksie en Herformulering?

Die vraag ontstaan of dekonstruksie en herformulering in dieselfde asem genoem kan word. In die gedeelte sal daar nader ondersoek ingestel word, in hoe 'n mate herformulering by die proses van dekonstruksie inpas.

- **Wat is herformulering? (Reframing)**

“Reframing” word in baie opsigte algemeen gebruik binne die terapeutiese gebied. Selfs in die psigoterapie word herformulering gebruik, dit word nie altyd in die verskeie vorme van psigoterapie op dieselfde wyse aangewend nie, maar

die eindproduk of die doel is dieselfde. Dit is om die persoon se persepsie te verander, sodat hy feite in 'n ander lig sien. Herformulering word op verskeie maniere in pastoraat gebruik. Vir die doel van hierdie studie plaas ek herformulering onder die hoofopskrif- dekonstruksie. Die motivering hiervoor sal later duidelik word. My uitgangspunt is dat herformulering tog deel vorm van dekonstruksie. Dit is die proses waar die probleem afgebreek word en die adolessent gehelp word om of die probleem in 'n ander lig te sien of dan soos White maak: die probleem te eksternaliseer. Gesien in die lig hiervan kan ek nie anders as om herformulering onder die hoofstuk van dekonstruksie te plaas nie.

"Reframing" is 'n konsep wat gekry is van neuro-linguistiese programmering en die gesins terapeutiese teorie. "Frames of reference are those internal structures for understanding reality constructed through the narrative structuring process. These internal structures are the mind-sets, structures of reality, belief systems, or cognitive maps that a person constructs to provide guidelines for turning events into personal stories. Frames of reference are the core narratives that we use to put events in perspective and make sense out of life" (Lester 1995:139).

Watzlawick et al. (1974:95) definieer herformulering as volg: "To refrain means to change the conceptual and/or emotional setting or viewpoint in relation to which a situation is experienced and to place it in another frame which fits the facts of the same concrete situation equally or even better, and thereby changes its entire meaning" (Capps 1990:17).

- **Herformulering en pastoraat**

Herformulering kan 'n direkte inpak hê op ons persepsies, of meer, op ons konstruksie van realiteit, wat indirek verbind is met ander fasette van ons lewe. Herformulering verander die konteks, of die groter "raam" rondom die feite. Wat

belangrik is, is die basiese kognitiewe aktiwiteit van mense. Mense ontvang realiteit nie passief nie. Dit wag nie om ontdek te word nie, maar mense is aktief besig om realiteite te skep. Mense is dus aktiewe wesens. Dit is 'n feit dat die konstruksie en interpretasie van die realiteit te doen het met taal. Taal- en simbool sisteme speel 'n groot rol in die konstruksie van die werklikheid, maar dit is nie waar dit eindig nie. Die wyer eko-sisteem waarin 'n mens beweeg speel net so belangrike rol (L'Abate et al. 1986:60).

Wanneer die adolessent binne sy problematiese raamwerk verstrengel raak en die probleem nie vanuit 'n ander perspektief kan sien nie, dan is dit die terapeut se taak om saam met die adolessent 'n werkbare realiteit te konstrueer. Herformulering speel 'n groot rol wanneer die kliënt dink dat hy eerstens nie kan verander nie en tweedens nie wil verander nie.

Die terapeutiese proses van herformulering word gebruik om die adolessent te help om "die meubels te herrangskik" en om die interieur van 'n sekere "vertrek" in sy gedagtebeeld te verander. Hy het nie die visie om sy verledestorie te verander nie. Herformulering word dus aangewend om mense te help in die ontwikkeling van 'n nuwe persepsie vir die huidige storie. Herformulering kan ook aangewend word in die herskep van 'n toekomsstorie. Herformulering werk hand aan hand met die proses van dekonstruksie: om die disfunksionele storie af te breek en om die adolessent aan 'n nuwe realiteit en 'n nuwe duideliker toekomsstorie te help skep - 'n toekomsstorie wat nie op 'n doodloopstraat uitloop nie.

Herformulering kan dus inderdaad onder die opskrif van "dekonstruksie" geplaas word. Lester sê: "...deconstruction describes the attempt of the therapist to change a client's perception of reality....searches for a hole in the logical construction of a client's frame of reference...to deconstruct in therapy is to deconstruct the client's frame of reality" (1995:128-129).

Hierdie aanhaling wys my dat daar definitief 'n relasie tussen dekonstruksie en herformulering is. Die proses om die kliënt se persepsie te verander word by White onder die vaandel van dekonstruksie geplaas, terwyl ander terapeute dit weer onder herformulering (reframing) plaas. Die proses is nie altyd dieselfde nie, maar daar word na een doel gestrewe. Dit is om verandering teweeg te bring en die kliënt weer hoop te gee vir sy toekoms sowel as om hom met 'n nuwe perspektief of realiteit die wêreld in te stuur om op die pad vorentoe sy feite anders te interpreteer.

5.6.4.4 White se beskouing van dekonstruksie

White gebruik die term dekonstruksie op 'n manier wat nie altyd ooreenstem met die streng grense en bedoeling van die term, soos gebruik en voorgestel deur Derrida nie. Die term dekonstruksie wat in sy werk voorkom dien as oorkoepelende term wat die proses aandui waartydens verskillende tegnieke toegepas word om die kliënt se lewensverhaal te ondersoek en te analiseer om sodoende 'n nuwe beter passende verhaal daar te stel.

White stel die definisie van dekonstruksie in sy terme soos volg: "...deconstruction has to do with procedures that subvert taken-for-granted realities and practices; so called truths that are split off from the conditions and the context of their production, those disembodied ways of speaking that hide their biases and prejudices, and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating of persons lives ... in this sense, the methods of deconstruction are methods that `exoticize the domestic'" (1991:27).

Dekonstruksie word in verskeie kategorieë geplaas nl:

- Die dekonstruksie van jou eie narratief.



- Die dekonstruksie van die dominante kulturele kennis waarvolgens 'n persoon leef.
- Die dekonstruksie van jou aksie binne jou dominante kulturele konteks.
- Die dekonstruksie van jou verhouding tot die dominante kulturele konteks.

Dekonstruksie is algemeen gegrond in waarna verwys kan word as kritiese konstruktivisme of soos White dit stel "constitutionalist perspective on the world". Vanuit dié perspektief is dit so dat 'n mens se lewe gevorm word deur die betekenis wat jy aan die beleefde ervaringe gee, deur situasies in hul sosiale strukture en deur taal en kulturele praktyke van jouself en jou verhouding tot ander te interpreteer (White 1991:27).

5.6.4.5 Dekonstruksie proses

- **Dekonstruksie deur eksternalisering van die probleem**

Soos reeds gestel, speel die narratiewe metafoor in White se terapie 'n groot rol. Dit vorm deel van die basis van sy werk. In sy benadering word baie klem gelê op die adolessent se geskiedenis of verlede storie. Dit word goed bestudeer om agter te kom hoe die persoon dink, wat sy kulturele agtergrond is en wat sy ekosisteem behels, asook die invloed daarvan op sy lewe.

Wanneer die adolessent sy probleem vertel, geskied dit in narratiewe vorm. White beskou die probleem as die "problem-saturated description" van sy lewe. Dit is reeds behandel onder die noodstorie of verhaal. Laasgenoemde beskrywing is dus in der waarheid die dominante storie van sy lewe (kernstorie) waarmee die adolessent waarskynlik 'n probleem het (White 1989:29).

Terwyl geluister word na die adolessent se verlede storie en sy ervaring daarvan, begin 'n proses, waardeur die probleem van die adolessent losgemaak word. Dit is die eksternaliseringsproses. "Externalizing is an approach to therapy that encourages persons to objectify, and at times, to personify, the problems that they experience as oppressive" (White 1989: 5).

Tydens die proses word die probleem 'n afsonderlike entiteit en word dit nie meer as "een" met die persoon beskryf of beskou nie, maar is los van hom. Hy kan dus die probleem (tot 'n mate) meer objektief beskou, aangesien hy nie meer oorweldig voel deur die probleem nie. Dit help baie waar die probleem so verstrengel geraak het in 'n persoon se lewe dat hy geen oplossing of alternatief daarvoor sien nie. Die eksternaliseringsproses lei 'n ander manier van praat, dink en optree, oor die problematiek in. Die eksternaliseringsgesprek het 'n dekonstruktiewe uitwerking op die sogenaamde "waarhede" wat die adolessent oor sy lewe en verhoudinge het daardie "waarhede" waardeur hy vasgevang voel.

In die proses van eksternalisering word dit moontlik vir die adolessent om sy verhouding tot die probleem en die invloed daarvan op sy lewe te beskryf. Dit word bewerkstellig deur spesifieke vrae te vra. Hierdie tipe gesprek is belangrik aangesien daar tydens die gesprek gepoog word om 'n interpretasieskuif ("mind shift") by die adolessent te bewerkstellig. Tog is dit belangrik om te beseef dat eksternalisering meer gesien moet word in terme van die korrekte houding as wat dit net beskou word as 'n tegniek (Freedman & Combs 1996:47).

Dit kan gebeur dat die adolessent vasgevang raak in 'n internaliserende gesprek oor sy probleem en dit kan veroorsaak dat terapie nie vorder nie. Daar word byvoorbeeld gesê "Anton is die probleem". In teenreaksie daarop word in die eksternaliserende gesprek gefokus op vrae wat die tipe stelling nie toelaat nie



byvoorbeeld "Hoe affekteer die probleem Anton se lewe of hoe beïnvloed die probleem Anton se verhouding met sy ouers?".

Eksternaliserende gesprekke moet volgens White plaasvind, aangesien baie mense dink die probleem verteenwoordig sekere waarhede aangaande hulle karakter ensovoorts. Internaliserende gesprekke maak dit baie moeilik vir mense om nuwe moontlikhede raak te sien: "...these internalising conversations around that which is problematic also make it very difficult for persons to experience new possibilities for action. If you are the problem, or if your relationship is the problem, then there's not much that you can do - except maybe to act against yourself." Eksternaliserende gesprekke daag baie van die dinge uit. Dit maak dit vir die adolessent moontlik om sy identiteit afsonderlik van die probleem te sien (White 1989:13).

Verdere winspunte in die proses van eksternalisering is:

- Verminder niksseggende konflik tussen mense, soos die gewone skuldsoekery of "blaming mode".
- Dit is kontra die gevoel van "ek is 'n mislukking".
- Dit berei die weg voor vir gesonde koalisie en samewerking teen die probleem.
- Dit maak nuwe dinge moontlik vir mense; soos onder andere om hulle lewens weer te "re-authorize".
- Die proses bevry mense sodanig dat hulle probleme met 'n ligter gemoed aanpak.
- Dit bevorder die proses van dialoog eerder as monoloog oor die probleem.

(White 1990:39)



In die konteks en praktyk van die eksternalisering van die probleem, is die persoon sowel as die verhouding tussen die persone, nie die probleem nie. Die probleem en die persoon se interaksie daarmee word 'n groter problematiek.

Hierdie proses help die adolessent om 'n unieke uitkoms vir sy krisis daar te stel. Vanuit die eksternaliseringsproses kan die kliënt feite of inligting uit sy lewensnarratief vind wat hy nie andersins sou kon doen as hy verstrengel gevoel het in sy situasie nie. "The presence of these neglected aspects of lived experience could not have been predicted from a reading of the dominant story." (White 1989:7).

Soos wat unieke uitkomstige geïdentifiseer word, word persone aangemoedig om in 'n nuwe verhouding tot hierdie moontlike oplossings te staan. Die sukses sal afhang in hoe 'n mate die unieke uitkoms in 'n alternatiewe storie omskep word. "There are always sparkling events that contradict problem saturated narratives..." (Freedman & Combs 1996:77). Die alternatiewe storie staan bekend as "unique account".

Wat van belang is, is dat daar deur hierdie hele proses storieontwikkeling moet plaasvind tussen die adolessent en die pastor. Daar moet in die dekonstruktiewe luisterproses ruimte geskep word om na die ander verhale wat nooit verwoord is nie, te luister. "We can't know where people's stories will go. We can only co-author a story a piece at a time. Each detail stands on the one before and can only be constructed as the ones before begins to find form and definition. This is very different from developing a goal and then finding experiences to support it. It calls for a curiosity and involvement in each bit of the story as it emerges" (Freedman & Combs 1996:88).

Daar is vroe ontwikkel wat die persoon help om vanuit die unieke uitkomst alternatiewe stories te bepaal, vas te vang, te omskep en te struktureer sodat dit van waarde en betekenis kan wees (White 1990:41).

Daar is twee tipes vroe naamlik:

1. Die beskrywing van die invloed van die probleem op hulle lewens en die invloed op verskillende verhoudinge.
2. Die aanmoediging van persone om hulle invloed op die "lewe" van die probleem te beskryf.

In reaksie op die vroe, ontwikkel adolessente 'n unieke herbeskrywing ("unique re-description") van hulself en hul verhoudinge. Unieke herbeskrywing vroe kan adolessent bystaan in die her-oriëntasie en die terugkyk op hul verhouding met hulself, byvoorbeeld: (Op watter manier dink jy kan hierdie ontdekkinge 'n invloed op jou verhouding met jouself hê?); en met ander (in watter mate kan die ontdekkinge 'n invloed hê op jou verhouding met...?); en in die oorsig van hulle verhouding met die probleem (in die weiering om met die probleem saam te werk op hierdie manier, is jy besig om dit te ondersteun, of ondermyn jy dit?) (White 1990:41).

Sekere vroe kan ook gevra word wat die adolessent uitnoui om die moontlikhede en verrigting van die alternatiewe stories uit te brei. Dit laat ruimte vir unieke moontlikhede (unique possibilities) wat saam met die unieke herbeskrywing val. Die eksternalisering van die probleem is alreeds besig om die "re-authoring" proses in die adolessent se lewe en verhouding te fasiliteer. Daar word baie van vraagstelling tydens die vertel van die adolessent se verhaal gebruik gemaak, om sodoende meer inligting aangaande die probleem te kry, en alternatiewe stories te skep (White 1989:8).



- **Algemene verkennende gesprek ("Relative influence questioning")**

Die algemene gesprekvoering noem White, "relative influence questioning" Dit help baie in die proses van eksternalisering. Hierdie vraagstelling word reeds in die eerste onderhoud met die adolessent gebruik om dadelik sy lewe en verhoudinge van die probleem te skei. "Relative influence questioning" bestaan uit twee stelle vrae. Die eerste moedig die adolessent aan om die invloed van die probleem in sy lewe en verhouding na vore te bring. Die tweede moet die adolessent sy invloed in die "lewe" van die probleem stel (White 1989:8).

Deur hierdie vrae word die adolessent meer blootgestel aan sy probleem en kan hy sy verhouding tot die probleem duideliker sien. Dit neem persone uit die vaste en rigiede statiese wêreld van die probleem. Met die "nuwe wêreld" wat geskep word, kom nuwe moontlikhede na vore (White 1989:8).

- a. Die invloed van die probleem op die adolessent se lewe en die invloed daarvan op verskillende verhoudinge.

Die vrae help om die invloed van die probleem op die adolessent se lewe en verhoudinge te bepaal. Daar kan gekyk word na die gedragsveranderinge, emosionele, asook fisiese veranderinge wat deur die probleem veroorsaak is (White 1998:8).

Hierdie vrae is gefokus op die "problem-saturated description" wat deur die persoon of gesin beskryf word. In plaas daarvan om slegs te kyk na die verhouding tussen die probleem en die persoon wat die probleem voorstel, ondersoek die vraagstelling die probleem in verband met verskeie aspekte naamlik die verhouding tussen die probleem en ander persone en tussen die

probleem en ander verhoudinge. Deur hierdie vrae word die deur oopgemaak vir 'n wye verskeidenheid van unieke uitkomst (White 1990:43).

b. Die invloed van die adolessent se lewe op die probleem.

"Once a description of the problem's sphere of influence has been derived by the mapping of its effects in person's lives and relationships, a second set of questions can be introduced...to map their influence, and the influence of their relationship, in the 'life' of the problem. These questions bring forth information that contradicts the problem-saturated description of family life, and assists persons to identify their competence and resourcefulness in the face of adversity." (White 1989:10)

Gewoonlik is dit baie moeilik vir mense om hulle invloed op die probleem te beskryf. Dit is gewoonlik die geval as die probleem te verstrengel geraak het in die persoon se lewe. "Persons are less transfixed by the problem and less constrained in their perception of events surrounding the problem. This facilitates the discovery of unique outcomes" (White 1990:45).

Albei hierdie vrae is van kardinale belang om die probleem van die persoon los te maak en unieke uitkomst daar te stel wat later omskep word in alternatiewe stories.

- **Beskrywing van die probleem wat ge-eksternaliseer word**

Wanneer die probleem wat ge-eksternaliseer is, beskryf word, is die beskrywing vloeibaar en aan prosesmatigheid onderworpe. Die definisie van die probleem wat mense gee kan somtyds baie spesifiek, behaviouristies of selfs algemeen

wees. Die terapeut moet dus kyk of die definisie wat gegee word werklik by die probleem pas.

Definisie as vloeibaar en aan prosesmatigheid onderworpe.

Alhoewel die eksternaliserende definisie van die probleem vasgestel kan wees tydens die duur van terapie, gebeur dit gewoonlik dat dit vloeibaar is en tog verander tydens die verloop van terapie. Dit is gewoonlik die geval waar adolessente nie die probleem wat ervaar word goed kan beskryf nie. Die evolusie van die probleem kan gefasiliteer word deur "relative influence questioning" (White 1989:12).

Van die spesifieke na die algemene.

Somtyds verskaf die adolessent 'n hoogs gespesifiseerde definisie, dan moet hy aangemoedig word om eerder 'n meer algemene definisie te gee wat die moontlikhede vir identifisering van die invloed van die probleem en vir die vasstelling van unieke uitkomstegroter maak (White 1989:12).

Van die ekspert na die populêr-algemene definisie.

Somtyds word mense aangemoedig om 'n wetenskaplike klassifikasie aan die probleem te gee. Dit word veral aangemoedig deur 'n sogenaamde ekspert. Die definisies vernou die siening tot die probleem en bemoeilik intervensie. Dit laat nie veel ruimte vir unieke uitkomstegroter nie.

Dit is belangrik dat so definisie eerder omskep word in 'n meer algemene definisie. Daardeur gee die persoon self, in sy eie woorde betekenis aan die probleem. Sodoende word die



terapeutiese proses vergemaklik en die moontlikheid van unieke uitkomstte vergroot (White 1990:53).

Vind 'n gemeenskaplik - aanvaarde beskrywing.

Daar is gevalle waar nie eenstemmigheid is oor 'n definisie van die probleem nie. Dit bemoeilik die eksternaliseringsproses, daarom moet daar eers 'n gemeenskaplik aanvaarde beskrywing gevind word (White 1990:54).

Vraagstelling soos afgelei uit bogenoemde speel 'n baie belangrike rol in die terapeutiese proses. Dit help dat die terapeut nie met vooropgestelde idees werk nie. Dit help met die dekonstruksie van die noodverhaal en die ontwikkeling van 'n nuwe beter toekomsverhaal. In die narratiewe terapie word vrae gevra om ervaringe na vore te bring en dit aan te hoor. Dit gaan dus nie net om bloot informasie nie. "When they generate experience of preferred realities, questions can be therapeutic in and of themselves" (Freedman & Combs 1996:113).

Ervaringe is meer as dit wat gebeur, dit is meer as inligting wat bloot net in ons geheue gestoor word en indien nodig opgeroep word. Ervaringe word gekleur en gevorm deur betekenis wat mense daaraan heg en daar word slegs aandag daaraan gegee tot die mate waartoe 'n mens binne hierdie stories leef. "Therefore we ask questions, rather than believing that people can retrieve particular experiences with particular predetermined meanings, we are very aware of how our questions co-author experience" (Freedman & Combs 1996:116). Die vrae moet nie net informasie rakende ervaringe na vore bring nie, dit moet ervaringe skep. Dit is belangrik dat vrae ook moet verander na aanleiding van die antwoord wat die adolessent gee "...the actual effect of any particular intervention with a client is always determined by the client, not the therapist. The intentions and consequent actions of the therapist only trigger a

response; they never determine it" (Freedman & Combs 118). Dit beteken dat die terapeut nie vrae kan vra uit die posisie van die beter weter nie, dat die terapeut 'n "not knowing" posisie sal inneem is dus belangrik. Die terapeut kan nie 'n vooraf verstaanposisie inneem nie. Alhoewel die terapeut hierdie posisie moet inneem, beteken dit nie dat die terapeut geen intensies en doelwitte met die terapie het nie. Die doel is tog om die adolessent in 'n dekonstruktiewe gesprekvoering te begelei deur vraagstelling.

- Dekonstruksie vrae

Hierdie vraagstelling se doel is om adolessente te help om hul verhaal so goed as moontlik te vertel. Hierdie vrae help die adolessent om sy verhaal binne verskeie kontekste en oor 'n verloop van tyd te kan vertel, om dus 'n dikker beskrywing te kry van die verhaal wat tans donker is. "In bringing forth the history, context, and effects of people's narratives, we are broadening their scope, depicting entire landscapes that support problems" (Freedman & Combs 1996:120). Hierdie vrae word gevra binne die noodverhaal en die verledeverhaal asook die verduisterde toekomsverhaal. Hierdie vraagstelling het ook ten doel om unieke uitkomsverhale na vore te bring. Bykans al die dekonstruktiewe vrae vind plaas binne die eksternaliserende gesprek. Die idee is om die problematiese verhaal te dekonstrueer, maar daar is nie 'n spesifieke vraag wat betrekking het op hierdie totale problematiese narratief nie. Daarom word daar spesifieke vrae gevra wat sekere aspekte wat deel is van die probleemverhaal of wat die probleemverhaal instand hou. "Generally, as we listen to problematic narratives we hear about beliefs, practices, feelings, and attitudes, and these are what particular deconstruction questions addresses" (Freedman & Combs 1996:120). Indien die adolessent in die vertel van sy probleemverhaal nie hierdie aspekte na vore bring nie, is dit nodig om spesifieke vrae te vra om dit na vore te bring.



Daar is vyf tipes vrae wat binne die kader van dekonstruktiewe vrae gevra kan word (Freedman & Combs 1996:121) naamlik.

- “The history of a person’s relationship with the belief, practice, feeling, or attitude”

Hierdie is om meer agtergrond oor die probleem te kry. Wat was die adolessent se verhouding met die probleem oor die verloop van tyd

- “Contextual influences on the belief, practice, feeling, or attitude”

Hier word die moontlike invloed van sekere kontekste ondersoek en in watter mate sekere kontekste die probleemverhaal ondersteun.

- “The effects or results of the belief, practice, feeling, or attitude”

Watter impak die probleemverhaal op ander se lewens gehad het, is een van die aspekte wat help in die proses om die verhaal te dekonstrueer. Hier word meer uitgevra oor die effek en die resultaat van die probleemverhaal.

- “The interrelationship with other belief, practice, feeling, or attitude”

Hier word vrae gevra om te sien watter invloed die probleemverhaal op verskillende verhoudings en kontekste het - nie net afsonderlik nie, maar spesifiek op mekaar.

- “The tactics or strategies of the belief, practice, feeling, or attitude”

Op watter wyses word daar te werk gegaan sodat die probleemverhaal standhoudend in die adolessent se lewe is?

Hierdie vrae word binne die konteks van die ekstemaliserende gesprek gevra. Dit is nie al vrae wat gevra kan word nie, maar dit is van die belangrikste binne

die dekonstruktiewe vraagstelling. Hierdie vrae dien as voorbereiding vir spesifieke vrae wat lei tot unieke uitkomst. Met dekonstruktiewe vrae word 'n goeie greep verkry op die probleemverhaal en sy invloed op verskeie terreine van die adolessent se lewe.

Hierdie tipe vrae was in Andrea se geval baie belangrik, want vir die eerste keer in haar lewe het sy mooi gedink oor die invloed wat die probleem op haar lewe het. Die negatiewe ervarings rondom die probleem het al haar verhoudings skade berokken. Dit het haar eie lewensverwagting verskraal. Die feit dat sy verstaan het tot watter mate sy betrokke was by die instandhouding van die probleem was insiggewend. Hierdie het nie in een terapeutiese sessie plaasgevind nie, want die ingewikkelde vrae neem tyd omdat 'n mens nooit vanuit hierdie hoek aan jou probleme dink nie. Nadat die dekonstruksie plaasgevind het, was daar bevryding in Andrea. Sy het weer lus gehad om die probleem aan te spreek, omdat sy vir die eerste keer agtergekom het tot watter mate sy die probleem geïnternaliseer het. Die volgende proses was die soektog na unieke uitkomst. Lewers moes daar optredes (stories) wees waar dit wat so pas ge-ekstenaliseer is, nie ontbloot is nie. Hierdie storie of stories wat buite die dominante verhaal lê moes aangehoor en ondersoek word. Binne die verhaal is daar 'n oplossing wat omskep kan word in 'n alternatiewe lewensverhaal. Binne hierdie proses ontstaan daar reeds hoop by die adolessent.

5.6.5 Unieke uitkomst ("Unique outcomes")

White verwys na ervarings wat buite die dominante storie lê as unieke uitkomst ("unique outcomes"). "There are always sparkling events that contradict problem-saturated narratives...how we can invite people to take such events and transform them into stories that they can live..." (Freedman & Combs 1996:77).

Die eko-sisteem waarin 'n mens leef, speel ook 'n rol in die seleksie van inligting vanuit jou beleefde ervaringe vir jou lewensnarratief. Die unieke uitkomst is altyd teenwoordig in 'n mens se lewe, dit lê nie op die oppervlak nie omdat dit as onbelangrik beskou was. Unieke uitkomst sluit 'n geheel van emosies, ervaringe, gedagtes, aksies, ensovoorts, wat 'n verlede, hede en toekoms het in, maar wat nie geakkommodeer (kan) word in die huidige storie nie.

Die identifisering van "unique outcomes" kan gefasiliteer word deur die eksternalisering van die dominante probleem en 'n gesentreerde beskrywing van die adolessent se lewensverhaal. Die eksternalisering van die probleem gesentreerde storie word begin deur die probleem te eksternaliseer en dan te kyk watter invloed die probleem op die adolessent se lewe en verhoudings het. "By achieving this separation from the problem-saturated description of life, from this habitual reading of the dominant story, persons are more able to identify unique outcomes" (White 1990:16).

Sodra die adolessent homself as't ware losgemaak het van die probleem, in die sin dat hy objektief na die probleem kan kyk, help dit, of gee dit hom immers die vermoë om aktief aan die probleem te werk.

- **“Opening space” vrae**

“Once the landscape of the problem has been broadened through deconstruction questions, there are numerous vantage points from which unique outcomes or sparkling events – those experiences that lie outside of the problem-saturated narrative and would not be predicted by it – might be brought forth” (Freedman & Combs 1996:124).

Hierdie vrae is spesifiek daarop gerig om unieke uitkomst te bewerkstellig. Mense sal nie sommer spontaan unieke uitkomst noem en daarvoor praat nie en daarom is dit nodig dat daar spesifiek deur middel van vraagstelling daarom gekonsentreer moet word. Hierdie tipe vrae kan beskou word as vrae in reaksie op wat die adolessent gesê het (Freedman & Combs 1996:124). Wanneer die tipe vrae gevra word is dit belangrik om steeds die adolessent bewus te maak van die invloed van die probleem op sy lewe. Dit laat die adolessent baie keer dink aan die geleenthede toe die probleem nie in sy lewe gefunksioneer het nie.

Wanneer direkte vraagstelling om ruimte te skep vir unieke uitkomst nie werk nie, kan daar ook :

- hipotetiese ervaringsvrae gevra word. Hier speel verbeelding 'n baie belangrike rol in die proses om unieke uitkomst te skep.
- indien dit nie geslaagd is nie kan daar vrae gevra word waardeur die adolessent deur iemand anders se oë na sy probleem of lewe kyk.
- probleme staan soms tussen mense en hulle siening van hulself. Om vrae te vra wat van toepassing is op 'n ander konteks in die adolessent se lewe, mag dalk unieke uitkomst na vore bring.
- vrae kan dalk gevra word vanuit 'n ander tydsgreep in die adolessent se lewe om te kyk of daar nie dalk vanuit 'n ander tydsgreep unieke uitkomst na vore kom nie.

Belangrike dinge om in ag te neem by die verdere ontwikkeling van 'n unieke uitkomst en verhaal is as volg: Wanneer unieke uitkomst geïdentifiseer is, kan die persoon aangemoedig word om betekenis daaraan te gee. Sukses van die unieke uitkomst hang grootliks af in hoe 'n mate die unieke uitkomst omskep kan word in 'n alternatiewe storie. "Our intension, then, is not to co-construct stories that represent or describe experience, but to co-construct stories through which people can live in preferred ways" (Freedman & Combs 1996:86).

Dit is belangrik om te beseef dat jy as pastor nie die outeur van die unieke uitkoms is nie, die adolessent is. "We cant know where people's stories will go. We can only co-author a story a piece at a time...This is very different from developing a goal and then finding experiences to support it" (Freedman & Combs 1996:88). Wanneer verskillende unieke uitkomstes daar gestel is, word die adolessent versoek om te kyk watter van die alternatiewes bied die beste moontlikhede vir 'n alternatiewe storie. Indien 'n sekere unieke uitkoms daar gestel is, word die volgende stap deur White (1991:30) voorgestel: "...the therapist can facilitate the generation of and/or resurrection of alternative stories by orienting him/herself to these unique outcomes as one might orient themselves to mysteries." Sodra die adolessent begin om die misterie op te los, is hy dadelik besig met die vertel van stories en heg hy ook betekenis daaraan.

Dit was baie moeilik vir Andrea om aan verhale of stories te dink waar unieke uitkomstes ter sprake was, daar waar die dominante nie voorgekom het nie. Ek was genoodsaak om eerstens hipoteties te werk te gaan. Daar was 'n hipotetiese skoolsituasie aan haar gestel. Sy moes haar ervarings, gevoelens en optrede weergee rakende die situasie. Die situasie was as volg: sy is by die skool en gedurende pouse staan en gesels sy met haar vriendinne. Soos gewoonlik is sy stil, totdat die onderwerp van molestering bespreek word. Die groep vra haar opinie. Wat sou jy antwoord?

Dit was vir Andrea baie moeilik en dit het haar 'n ruk geneem om hieroor te dink. Dit was duidelik dat haar eie verhaal van kleintyd weer voor haar afgespeel het. Haar antwoord was simplisties. Sy het gesê dat geeneen presies weet wat met so persoon gebeur het nie, daarom mag 'n mens nie die gemolesteerde veroordeel nie. Andrea het vrees ervaar. Sy was bang dat sy uitgestoot sou word indien haar verhaal bekend raak.



Daarna word die vraag oor hoe haar vriende en sy teenoor die meisie sou optree aan haar gestel. Sonder huiwering het sy geantwoord, dat hulle haar nie sal verstoot nie, maar eerder sal jammer kry. Hulle sal haar wou ondersteun. Wat as die meisie sy (Andrea) was? Na 'n lang pouse het sy gesê dat hulle optrede dieselfde teenoor haar sou wees as teenoor die ander meisie.

Met hierdie antwoord het dit in ons gesprek duidelik geword dat Andrea se vriende haar nie sal verstoot nie. In die gesprek het dit ook na vore gekom dat sy binne die groep en die skool aanvaar word. Sy het slegs haarself negatief ervaar.

Dit het in die gesprek na vore gekom dat die werker wat haar gemolesteer het reeds dood is. Sy hoef hom nooit weer raak te loop nie. Die oortreder hou vir haar geen gevaar in nie. 'n Gedeelte van die verhaal is afgesluit met die aanhoor van die nuus dat hy dood is.

Dit is belangrik dat hierdie in 'n alternatiewe storie ontwikkel. Andrea het besef dat wat haar vriendinne haar nie nou of later sal verstoot nie. Hierdie element sal 'n belangrike deel moet vorm binne die alternatiewe storie. Sy is sosiaal aanvaarbaar. Sy sal dit net moet glo en uitleef.

Die proses waartydens die unieke uitkoms omskep word in 'n alternatiewe storie, kan beskou word as "re-authoring". White (1991) se storieontwikkeling (unieke uitkomst wat omskep of ontwikkel word in alternatiewe verhale) word saamgevat in twee tipes vrae. Om die "re-authoring" proses te vergemaklik (om die storie vertel te kry), het White twee tipes vrae ontwikkel naamlik 1. "Landscape of Action Questions" en 2. "Landscape of Consciousness Questions". Eersgenoemde se doel is: "...to situate unique outcomes in sequences of events that unfold across time according to particular plots." Laasgenoemde se doel is: "...encourage persons to reflect on and to determine

the meaning of those developments that occur in the landscape of action."
(White 1991:30).

- "Landscape of Action Questions"

Hierdie vrae verwys na die verlede, hede en toekoms. Dit is effektief in die voortbring van alternatiewes wat oor die verskillende tye strek. "Landscape of action questions can be about the present, past, or future, and invite clients to give accounts concerning actions or behaviours they have engaged in that are at odds with the problem-saturated account." (Parry 1994:107). Hierdie vrae is spesifiek van belang om inligting aangaande historiese unieke uitkomst te verkry en ook om die verbeeldingsproses oor wat in die toekoms voorlê te prikkel.

Vraagstelling wat help om die unieke weergawe van die storie na vore te bring is bv.:

Direkte vraagstelling:

- * Hoe het jy dit reggekry om so 'n stap te neem?
- * Wat het jy gedoen om gereed te wees vir so stap?
- * Help my om dit wat jy met die probleem gedoen het te verstaan?

Indirekte vraagstelling

- * Wat vertel hierdie doelwit jou meer ten opsigte van die aard van die nuwe rigting?
- * Wat dink jy is dit van hierdie draaipunt wat vir my kollegas baie belangrik sal wees?

"No matter how vivid a story is in the landscape of action, if it is to have meaning, it must also be developed in the landscape of consciousness" (Freedman & Combs 1996:98).

- "Landscape of Consciousness Questions"

Hierdie vrae moedig die kliënt aan om die ontwikkelinge soos dit ontvou gedurende die vorige vrae te ondersoek en te kyk wat dit mag inhou. "Landscape of consciousness questions encourage the articulation and the performance of these alternative preferences, desires, personal and relationship qualities, and intentional states and beliefs, and this culminates in a 're-vision' of personal commitment in life" (White 1991:31). Hierdie kan dus gesien word as betekenis vrae. Daar moet onthou word dat die vrae nie rigied is nie en dat daar heertyd heen en weer beweeg kan word tussen "Landscape of action en Landscape of consciousness" vrae.

Vraagstelling by unieke herbeskrywing is bv.:

Direkte vraagstelling:

- Wat in hierdie gebeurtenis is vir jou belangrik om te weet?
- Dink jy dat hierdie nuwe prentjie jou beter as die oue pas...en as dit so is - hoekom pas dit jou beter?

Indirekte vraagstelling:

- Hoe dink jy het dit my siening van jou as mens verander?
- Wat sê hierdie gebeurtenis vir Johan waarvoor hy waardering kan hê?

Na mate die persone op die "Landscape of action and consciosness questions" reageer, raak hul betrokke in 'n proses waar hul ervarings en lewe as't ware

herbelee en oorvertel word. Daar kan healtyd heen en weer beweeg word tussen die twee stelle vrae. Alternatiewe kennis van homself en sy verhoudings word "gebore". Hierdeur word 'n alternatiewe modus van lewe en denke vir die persoon beskikbaar. Regdeur die "re-authoring" proses speel die terapeut 'n sentrale rol, in die sin van vraagstelling oor die alternatiewe storie. Die adolessent moet egter self die alternatiewe storie eksplorieer en dit sy eie maak anders gaan hy dit nie as legitiem beskou nie.

Daar is verskillende unieke uitkomstes wat geïdentifiseer kan word:

a. Historiese unieke uitkomstes

Unieke uitkomstes kan geïdentifiseer word deur te gaan kyk watter invloed die adolessent in die verlede op die probleem gehad het. Hier kan die persoon feite weergee waar die inwerking van die probleem in sy lewe en verhouding deur homself geblokkeer is. "These historical unique outcomes can facilitate performances of new meanings in the present, new meanings that enable persons to reach back and to re-vision their personal and relationship histories." (White 1989: 16).

'n Sub-kategorie van historiese unieke uitkomstes bestaan uit dit wat tussen sessies gebeur, "...or those that can be framed within the context of the history of the therapy" (White 1989:17).

b. Huidige unieke uitkomstes

Daar is unieke uitkomstes wat tydens die verloop van terapie na vore kom. Dit word gewoonlik deur die terapeut onder die aandag van die adolessent gebring. Hierdie unieke uitkomstes is gewoonlik dadelik vir die adolessent beskikbaar, om

nuwe betekenis daaraan te gee en dit te omskep in 'n alternatiewe storie (White 1989:18).

c. Toekoms - unieke uitkomst

Unieke uitkomst kan 'n plek in die toekoms hê, dit kan geïdentifiseer word waneer daar vrae gevra word oor die kliënt se toekomsplanne en sy visie met betrekking tot die oplossing van die probleem. Daar moet aandag geskenk word aan die hoop wat by die adolessent gegroei het en waardeur hy die probleem uit sy lewe en verhoudings kan weer (White 1989:19).

d. Unieke uitkomst en verbeelding

Verbeelding speel 'n belangrike rol vir die terapeut sowel as die vir adolessente in die eksternalisering van die probleem,. Dit is spesifiek van belang vir die fasilitering van kondisies vir die identifisering van unieke uitkomst, sowel as die heg van betekenis daaraan.

Die uitkoms van die eksternaliserings proses, wat inderwaarheid die dekonstruksie proses is, verloop nie altyd soos hierbo beskryf nie. Dit is nie 'n rigiede metode nie. Somtyds word die probleem vinnig opgelos en kan daar by 'n alternatiewe storie geformuleer word, en die inkorporering daarvan in die persoon se lewe. Die proses van eksternalisering (dekonstruksie) gaan gewoonlik die "re-authoring" proses vooraf, maar daardeur wil ek geensins sê dat "re-authoring" nie deel is van die dekonstruksie proses nie.

Eksternaliseringsgesprekke is baie belangrik wanneer die probleem verstrengel is in 'n adolessent se lewe en dit moeilik is om dit te ontrafel. Dit is wanneer

eksternalisering as dekonstruksie gebruik word. Wanneer egter tydens terapie gevind word wat maklik en geredelik beskikbaar is uit die persoon se verlede, maar wat tog oorskadu was deur die huidige dominante lewensnarratief, dan kan maklik na die alternatiewe storie ("re-authoring" proses) en die implementering daarvan oorbeweeg word. "But this re-storying is of itself deconstructing of the dominant accounts of persons' lives - of the truths that are associated with these dominant accounts...perhaps this is a version of deconstruction that is more in leeping with the Derridian sense of this." (White 1990: 27).

Freedman & Combs (1996) beskryf die proses wat hierna plaasvind as storie ontwikkeling. Binne die proses van storie ontwikkeling is daar belangrike vrae wat gevra moet word om die unieke uitkoms beter te omskryf en dit te in 'n alternatiewe verhaal vorm.

- **"Preference" vrae**

Dit is belangrik om binne die proses om unieke uitkomst te fasiliteer, af en toe stil te staan om te sien of die verhale en ervarings wat na vore gekom het en wat beter is as die noodverhaal wel vir die adolessent aanvaarbaar is. Dit is belangrik want vanuit die unieke uitkoms gaan nuwe verhale gekonstrueer word en dit moet uitgeleef word. Hierdie nuwe verhale moet weer rigting aan die adolessent se lewe gee. Baie keer vra ons hoekom, nadat mense 'n keuse vir 'n spesifieke lewensverhaal gemaak het. Dit is belangrik aangesien die adolessent sy keuse sal moet regverdig en motiveer "...in the course of their explanations, people have the opportunity to clarify and elaborate on their preferred directions in life, identities, and values" (Freedman & Combs 1996:131).



- **Storie ontwikkelings vrae**

Nadat daar vrae gevra is wat die unieke uitkoms bewerkstellig het, word daar voortgegaan met die ontwikkeling van die storie. Dit eis van die pastor om ook die nodige vrae te vra. Al die vrae wat gevra word van die begin by die aanhoor van die noodverhaal tot aan die einde van terapie vorm deel van die proses van herformulering van verhale ("reauthoring of stories"). "...story development questions...is that part of the reauthoring that makes events into a story in the usual sense...invite people to relate the process and details of an experience and to connect it to a timeframe, to a particular context, and to other people...it becomes a story...constructed either from actual events or from hypothetical ones" (Freedman & Combs 1996:131).

In storie ontwikkelingsvrae is dit belangrik dat die adolessent sy lewe en homself op nuwe maniere sal ervaar, wanneer die fokus op agterweë gelate en onvertelde aspekte van sy ervarings wat buite die realm van die probleemverhaal lê waarin hy vasgevang voel val. Dit is belangrik dat hierdie stories sal ontwikkel in dit wat vir die adolessent aanvaarbaar is. Enkele aspekte wat in ag geneem moet word in storie ontwikkeling is die volgende:

- **Proses**

Hier word die unieke uitkoms as't ware gevries en daar word stadig gekyk na die proses wat plaasgevind het. Wat het gebeur, wat was anders sodat daar 'n unieke uitkoms kon wees. Dit word weer beleef. Hierdie sal help om weer toekomstige gedrag te bepaal.

- “Detail”

Dit is belangrik om sover moontlik in die fynste besonderhede rakende die unieke uitkomst in te gaan. Voorbeelde soos wat ander mense se reaksie en gesigsuitdrukkings was ensovoorts.

- Tyd

Historiese gegewens rondom die unieke uitkomst, maar ook toekomsgerigte vrae rondom die alternatiewe storie is hier van belang en kan verandering bewerkstellig. “Questions that link the past, present, and future dramatize the timespan and directionality of a narrative and add relevance to the events in different time frames” (Freedman & Combs 1996:134).

- Konteks

Stories ontwikkel binne ‘n spesifieke konteks. Baie keer word problematiese stories ondersteun deur spesifieke sosiokulturele kontekste. Soos wat ‘n adolessent miskien ‘n alternatiewe storie konstrueer is dit moontlik dat ‘n nuwe konteks belangrik word. Dit is so dat sommige narratiewe meer afhanklik is van die konteks as ander. Vrae oor die konteks anker ‘n storie binne ‘n sekere tyd en situasie. Vrae oor die konteks kan die moontlikheid skep om die verhaal uit te brei in terme van nuwe plekke en situasies. Konteksvrae kan ook ‘n rol speel in die bewusmaking van die rol wat kultuur en konteks in ‘n mens se lewe het (Freedman & Combs 1996:134).

- **Mense**

Mense speel baie keer 'n rol in die ontwikkeling van 'n alternatiewe storie. Die rol wat hulle binne die alternatiewe storie sal speel is ook belangrik, asook die effek van die alternatiewe storie op hulle lewens (Freedman & Combs 1996:135).

- **Hipotetiese gebeurlikheidsvrae**

Alternatiewe stories kan ook gekonstrueer word vanuit die verbeelding byvoorbeeld deur gebruik te maak van hipotetiese gebeure en omstandighede. Toekomsgerigte vrae draai gewoonlik rondom hipotetiese gebeure en situasies (Freedman & Combs 1996:135).

- **Betekenis vrae**

Deur storie ontwikkelingsvrae gee mense hulle aksie en inhoud van hulle alternatiewe stories weer. Deur betekenisvrae word die persoon genooi om 'n reflekerende posisie in te neem waarop hy dan verskeie aspekte rakende die alternatiewe storie kan reflekteer. Hierdie vrae daag die persoon uit om die implikasies van die unieke uitkomst te ervaar en in ag te neem. "We ask meaning questions about the answers to 'opening space,' 'preference,' and 'story development questions'. We also ask 'opening space,' 'preference,' and 'story development questions' in relation to the answers to 'meaning questions'." Betekenisvrae is verweef in al hierdie ander vrae, in besonder in die storie ontwikkelingsvrae. (Freedman & Combs 1996:137).

Behalwe dat betekenisvrae van toepassing is op betekenis en implikasies van die alternatiewe storie, het dit ook betrekking op persoonlike kwaliteite, verhoudings, motivering, hoop, doelwitte en dit wat oor die algemeen geleer kan word vanuit die ontwikkeling van die nuwe narratief.

“Landscape of Action and Consciousness” vrae kom op dieselfde neer as wat Freedman & Combs beskou as storie ontwikkelingsvrae en betekenisvrae. Die tipe vrae wat die terapeut sal vra gaan grootliks bepalend wees in watter rigting die gesprek sal verloop en ook die uiteinde van unieke uitkomstes en alternatiewe stories. Selfs in die proses moet die terapeut nie te sistematies gedrewe wees nie. Daar kan weer teruggegaan word na die aanhoor van die verledestorie al is die terapeut al by unieke uitkomstes. Dit is dus 'n dansbeweging wat plaasvind. “In therapy, particular strands of narrative are selected and thickened by weaving back and forth between story development and meaning making...as someone begins to develop an alternative story, we ask questions that invite her to perform meaning on that story” (Freedman & Combs 1996:140). Die storie ontwikkeling- en betekenisvrae wat deur Freedman & Combs (1996) gevra word, is tog anders as die “landscape of action” en “landscape of consciousness” vrae wat deur White gevra word. Waar White praat van “landscape of action” beskryf Freedman & Combs hulle storie ontwikkeling en White se “landscape of consciousness” word beskou as betekenisdraend. White het ook 'n derde kategorie naamlik die “experience of experience” vrae. Daardeur word mense aangemoedig om iemand anders se siening aan te neem. Freedman & Combs (1996) inkorporeer hierdie binne hulle storie ontwikkeling- en betekenisvrae eerder as om dit in afsonderlike kategorieë te plaas. “...we call these questions either story development or meaning questions, depending on whether they develop the story or its meaning from another person’s point of view” (Freedman & Combs 1996:141).



5.6.6 Storie-konstruksievrae

Storie-ontwikkelingsvrae en betekenisvrae is dit wat die storie-konstruksievrae voorafgaan. Hierdie vrae bou verder op die unieke uitkomst. Hierdie vrae wat gevra word help om die basis te vorm vir die ontwikkeling van die alternatiewe storie. (Freedman & Combs 1996:140).

5.6.7 Verbeelding van 'n toekomsstorie

Uit wat ons in die verlede ervaar het en uit wat ons nou in die hede ervaar, projekteer ons beelde (verbeelding) van wat ons bestaan in die toekoms sal wees. Deur klein stories te formuleer oor wat vorentoe mag gebeur en deur 'n herformulering daarvan aan die hand van die geherformuleerde verlede, oriënteer die adolessent homself vir die toekoms (Müller 1999:105).

Die adolessent projekteer homself in die toekoms in en konstrueer so 'n toekomsverhaal waarmee die reis na môre en oormôre aangepak kan word. Die gekonstrueerde verlede dien as padkaart op hierdie reis.

In die proses van verbeelding van 'n toekomsverhaal speel metafore 'n belangrike rol. Metafore help om informasie oor die storie van die verlede en van die toekoms beskikbaar te stel. Wanneer daar vir die adolessent gevra word om 'n metafoer te gebruik, is 'n mens besig om 'n appel te rig op die adolessent se verbeelding te rig. Die werklikheid word uitgedaag deurdat relevansie op nuwe maniere tussen sake geplaas word. Dit is presies wat deur beelde en metafore bereik word. Ten diepste moet die relevansie tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms ontdek word, Verbeelding behels nie 'n afsluit van die verlede in die sin van vergeet nie. Deur verbeelding en

metafore word teenstrydighede in 'n nuwe verhaal geïntegreer (Müller 1999:107).

Nadat die dekonstruksie van die dominante probleemverhaal plaasgevind het en die unieke uitkomst in 'n alternatiewe storie ontwikkel het, is dit belangrik om deur verbeelding en vraagstelling hierdie nuwe verhaal te toets. "As people free more and more of their pasts from the grip of problem-dominated stories, they are able to envision, expect, and plan towards less problematic futures" (Freedman & Combs 1996:101). Dit is belangrik dat die nuwe toekomsverhaal wat saam met die adolessent gekonstrueer is buite die mure van die spreekkamer uitgeleef sal word. Die nuwe toekomsverhaal moet in 'n geleefde verhaal eindig.

HOOFSTUK 6

KLIMAKS EN DIE EINDE VAN DIE STUDIEVERHAAL

6.1 Inleiding

Vanaf die eerste berig wat ek oor adolessente selfmoord gelees het tot en met die aanhoor van die adolessente se aksieverhale was dit 'n terrein wat my as pastor diep interesseer en geraak het. Al die prikkelende aspekte oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag en die vrae daar rondom het my genoop om hierdie navorsingsprojek aan te pak. Na aanleiding van die navorsing soos in hoofstukke een tot vyf gegee word alles nou in die hoofstuk saamgevat. In hierdie hoofstuk maak ek konklusies uit die studieverhaal en ek gee ook my eie navorsingservaring weer.

6.2 Die sosiaal-konstruksionistiese rol / invloed van die narratiewe benadering op die studie

Om vanuit die sosiaal-konstruksionisme met 'n narratiewe aanslag adolessente selfmoord en selfmoordgedrag te ondersoek is om deur 'n wyer lens daarna te kyk. Vanuit die benadering het ek adolessente en hul wêreld met nuwe oë gesien. Dit is ook asof 'n mens anders na jou eie omstandighede en lewe kyk. Vanaf my eerste interaksie met 'n adolessent wat selfmoordgedrag toon tot vandag het daar beslis 'n nuwe wêreld vir my oopgegaan. My horisonne en visie het verbreed en ek is bevry van 'n



benoudende perspektief op hul omstandighede. Die studie het die kompleksiteit van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag beklemtoon. In my poging om die situasie te bevry en te verstaan was daar sekere aspekte wat soos goue drade in die studie vervleg is en wat helder uitstaan. Vanaf die aanhoor van die aksieverhale asook die storieontdekking en- ontwikkeling wat plaasgevind het, het dit duidelik geword dat adolessente selfmoord en selfmoordgedrag 'n integrasie is van verskeie komplekse situasies en verhale, wat negatief op mekaar inwerk.

Dit is belangrik om aan die einde van die studie eerlik te vra of die narratiewe benadering werklik 'n ander perspektief op die probleem van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag na vore gebring het. Polkinghorne (1988:161) maak die volgende stelling "The narrative account that is constructed ties together and orders events so as to make apparent the way they caused the happening under investigation". Om laasgenoemde te bereik was dit nodig om ruimte te skep sodat stories gehoor en ontwikkel kon word (Freedman & Combs 1996). Die praktyke van storie-ontdekking en storie-ontwikkeling was baie sinvol binne die navorsingsaanpak. Die verskillende faktore en hulle wisselwerking op mekaar het 'n belangrike rol gespeel. Dit het bygedra tot die feit dat die volle verhaal van die adolessent aangehoor kon word. Alle moontlike aspekte of faktore wat in die adolessent se lewe problematies was kon aangehoor word, omdat daar ruimte geskep is vir die luister na verhale.

Die storie-ontdekking was beslis 'n sosiaal-konstruksionistiese proses waar ek en die gespreksgenote saamgewerk het (Freedman & Combs 1996:43). Die narratiewe benadering het my in staat gestel om sonder hipoteses en vooropgestelde idees te werk, want 'n narratiewe navorser is iemand "...who do not pathologize or victimize their narrators" (Graham 2000:112). Die benadering het my in staat gestel om te strew na deelnemende waarneming en nie om objektiewe standpunte in te neem nie (Müller et al. 2001:2). Binne



die kader van die narratiewe en sosiaal-konstruksionisme was ek in staat om 'n dikker beskrywing oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag daar te stel. Vanuit die dikker beskrywing binne die narratiewe konteks is daar sekere konklusies wat ek wil voorlê.

6.3 Konklusies voortspruitend uit die navorsing

6.3.1 Elke adolessent het 'n unieke verhaal

Die algemene neiging is om adolessente te tipeer as tieners of adolessente. Hierdie tendens het tot gevolg dat alle adolessente as 'n groep hanteer word. 'n Tipiese voorbeeld en probleem hiervan is die verhaal van die Indiaan¹⁷ wat 'n eier van 'n arend se nes af gesteel het en dit tussen die eiers van 'n kalkoen geplaas het. Die arend het net soos al die ander kalkoenkuikens uitgebroei. Alhoewel hy anders was en so graag wou vlieg, is daar vir hom gesê dat hy 'n kalkoen is en 'n kalkoen kan nie vlieg nie. Diep verborge in sy instink het die arend geweet dat hy nie soos die ander is nie, maar tog word hy as deel van die groep beskou en die groep se karakter en beperkinge is ook aan hom toegedig.

Vandag gebeur dieselfde met baie adolessente, hulle individuele uniekheid verdwyn binne die massa en die eienskappe wat aan die massa toegedig word. Die feit dat adolessente ingehok en geïnhibeerd voel onder die algemene tipering, veroorsaak verduisterde toekomsverhale. Hulle ervaar diep hartseer en voel die gebrek aan begrip binne die gemeenskap of gesin.

¹⁷ Verhaal kan gelees word by 3.1

Alhoewel daar globale ontwikkelingskenmerke¹⁸ is wat tydens die fase plaasvind, bly ontwikkeling steeds uniek en is geen twee identies nie. Tieners beleef en ervaar hulle emosies verskillend. Die veelvuldige en ingrypende veranderings wat die adolessent fisies en psigies ondergaan kan daartoe bydra dat dit nie noodwendig net aangename gewaarwording is nie. Die vinnig opeenvolgende veranderings staan in sterk kontras met die stabiele kinderjare.

'n Groot faktor wat die siening oor die uniekheid van adolessente beïnvloed, is die feit dat hulle in hierdie fase kuddediere word. Die portuurgroep¹⁹ se mening word alles oorheersend. Hulle sal feitlik enige iets doen om die groep se goedkeuring weg te dra. Aan die een kant wil hulle erken word as individue met unieke persoonlike behoeftes, maar aan die ander kant wil hulle deel wees van die groep en moet hulle geensins uitstaan as verskillend van die groep nie. Hulle verwag dat hulle en die groep een sal word. Dit is dan wanneer hulle, hul ouers oor die korrektheid van hul optrede oortuig met argumente soos: "Almal maak so. Almal trek so aan en almal bly so laat uit" (Van Niekerk & Van der Spuy 1998:65). Die verweefdheid in die portuurgroep veroorsaak dat hulle ouers en ander mense in die gemeenskap en samelewing hulle ook kollektief eerder as individueel beskou. Dit het veroorsaak en oor jare heen aanleiding gegee daartoe dat die individuele uniekheid van adolessente verlore geraak het en dit nie meer in ag geneem word nie.

In Alta²⁰ se geval kon ek as pastor haar individuele uniekheid maklik laat verlore gaan het onder die algemene tipering en karaktertrekke van adolessente. Ek kon vir haar gesê het dat alle adolessente met 'n swak selfbeeld sukkel en dat dit een van die ontwikkelingstake van 'n adolessent is.

¹⁸ Kyk ontwikkelingskenmerke van die adolessent by 3.4.1

¹⁹ Meer kan gelees word oor die invloed van die portuurgroep op die adolessent by 3.4.13



Binne Alta se individuele uniekheid was daar verhale wat eie was aan haar lewe en die verhale het veroorsaak dat sy 'n swak beeld van haar ontwikkel het. Om haar probleem onder die algemene diskoers en karaktertrekke van 'n adolessent te hanteer sou vir haar geen nut gehad het nie. Alta se identiteit is immers uniek. Identiteit is in wese wie die individu is en al word jy as deel van 'n groep gesien, mag die uniekheid nooit buite rekening gelaat word nie. Ons laat ons dikwels te veel lei deur die algemene eienskappe en karaktertrekke van die adolessent en dit veroorsaak dat sommige individuele adolessente misgekyk word.

Massafikasie²¹ het 'n groot rol te speel in die bedreiging van die unieke individualiteit van die adolessent. Wanneer 'n adolessent se individualiteit in die algemeenheid van die massa verlore raak, voel hy mettertyd dat hy maar net nog een van die massa is. Wanneer die wêreld die adolessent bedreig, moet hy weet watter verdedingsmeganismes om te gebruik. Die adolessent wil weet of hy 'n spesifieke bydrae kan lewer en waar hy in die samelewing inpas. Die gemassafiseerde adolessent het 'n gebrek aan verantwoordelikheid, selfstandigheid en sekerheid. Hy het dikwels minderwaardigheidsgevoelens en raak vereensaam na mate hy voel dat hy in die massa verdwyn. So 'n adolessent glo ook dat die wêreld moontlik beter af sou wees sonder hom. As die adolessent nie antwoorde op sy vrae na sin in die lewe kry nie, kan hy nutteloos en soos 'n mislukking voel en dit gee dikwels aanleiding tot selfmoordgedagtes en selfs die voltrekking van die daad (Meiring 1989:47). Die media kan 'n groot rol speel om die probleem van massafikasie reg te stel. Massafikasie, die portuurgroep, die algemene tendens en karaktertrekke kan maklik veroorsaak dat adolessente wat wil selfmoord pleeg en om hulp aanklop, nie gehoor word nie. Wanneer

²⁰ Lees Alta se verhaal by 3.4.4

²¹ Verdere besonderhede by 4.10.2.3

adolessente dreig dat hulle selfmoord wil pleeg, word dit vandag steeds afgemaak as tipiese praatjies van die groep.

Ten opsigte van bogenoemde het die narratiewe benadering my baie gehelp om die individuele uniekheid van elke adolessent raak te sien en in ag te neem. Die narratiewe benadering werk met stories of verhale. Dit vra dus dat die pastor moet sit en luister na die adolessent se verhale. Die narratiewe benadering skep ruimte vir die adolessent om sy eie uniek individuele verhaal te vertel soos wat hy dit beleef en interpreteer. Die benadering skep nie net ruimte vir die vertel van die verhale nie, maar maak dit ook moontlik dat die verhale in unieke toekomsstories kan ontwikkel. Omdat die narratiewe benadering rondom die unieke -en individuele verhaal ook groter verhale in berekening bring was dit behulpsaam vir my en Alta om hierdie diskoerse rondom massafikasie en algemene identifikasie in ag te neem. Sy is dus nie net as 'n tipiese tiener en adolessent geklassifiseer nie. Sy kon weereens gevoel het sy word nie gehoor nie en word oor dieselfde kam as almal geskeer. Omdat dit in berekening gebring is tydens diskoerse wat gedekonstrueer is, het dit haar eie uniek individuele verhaal in die proses versterk.

6.3.2 Adolessente se verhale moet binne die interaksie van verskillende sisteem-verhale beluister en verstaan word.

Dit is menslik en natuurlik dat wanneer daar 'n adolessente selfmoordpoging was, sy/haar ouers wil weet wat die rede daarvoor was. Die eerste vrae wat gevra word is hoekom dit gebeur het en wat dit veroorsaak het. Die ouers wil dit gewoonlik so gou as moontlik vasstel om sodoende die spesifieke oorsaak uit die weg ruim en om 'n soortgelyke voorval in die toekoms te verhoed. Die vasstel van die oorsaak help met die verwerking van die gebeurtenis. Die

skuld moet so gou as moontlik op iets of iemand gepak word. Baie van die ouers dink dat dit slegs een oorsaak of probleem is wat aanleiding gegee het tot die daad. Hierdie wanpersepsie bestaan steeds onder baie mense.

Uit hierdie studie blyk dit duidelik dat dit gewoonlik nie net 'n enkele motief of optrede is wat tot selfmoord en selfmoordgedrag aanleiding gee nie. Die narratiewe benadering skep die ruimte en bring dit onder ons aandag dat daar 'n vervlegtheid van verhale teenwoordig is by adolessente selfmoord en selfmoordgedrag. Dit is belangrik om 'n totaliteitsperspektief te handhaaf ten einde voldoende voorsiening te maak vir die feit dat selfmoordhandelinge voortspruit uit 'n komplekse kombinasie van meewerkende faktore. Wekstein beklemtoon die multidimensionele aard van selfmoordhandelinge in die volgende woorde “...*the total human being and the impact of society must be taken into consideration.*” (Wekstein 1979:15-16). Wanneer die adolessent met jou praat is dit baie belangrik om al die verhale in sy of haar lewe aan te hoor, beginnende by die noodverhaal. Dit is belangrik om so 'n dik as moontlik beskrywing rondom die noodverhaal en verledeverhaal te kry. Dit sal baie onverantwoordelik wees om bloot oorsaak- en gevolgafleidings te maak. In meeste van die gevalle waarmee ek persoonlik gewerk het, was daar verskeie faktore in die adolessent se lewe teenwoordig wat meegewerk het tot die selfmoordgedrag.

Die individuele verhaal, gesinsverhale, gemeenskapsverhale, kerkverhale en samelewingsverhale en andere is van die vervlegte verhale wat 'n rol speel in adolessente se lewens. Die narratiewe benadering gaan kyk juis vanuit die unieke individuele verhaal na al die agtergrondverhale, wat 'n ineengestremgelde verhaal te weeg bring en die geleentheid bied om die unieke individuele verhaal binne die konteks van die vervlegte verhale en diskoerse te plaas.



In die geval van Andrea²² sal sommige mense sê dat molesting die oorsaak was dat sy selfmoord wou pleeg. Van naderby beskou, kan daar 'n verwickeldheid van verskeie verhale geïdentifiseer word wat bygedra het tot haar selfmoordpogings. Die samelewingsdiskoers het 'n invloed gehad op haar gedrag. Later het dit duidelik geblyk dat haar verhouding met haar ouers ver te kort geskiet het en dat sy geen vrymoedigheid gehad het om haar skrikervaring met hulle te kon deel nie. Sy het nie meer met haar vriende en vriendinne gekommunikeer nie. Daar het 'n verskeidenheid interaksies plaasgevind wat saamgewerk het en bygedra het tot haar selfmoordpogings.

Anton²³ wou selfmoord pleeg omdat sy verhouding met sy meisie nie uitgewerk het nie. Maar met nadere ondersoek was dit duidelik dat daar ook 'n verskeidenheid van kumulatief saamwerkende verhale betrokke was by sy selfmoordpogings. Die verhale het die een die ander beïnvloed. Die gebroke gesin en sy ouers se egskeiding het 'n groot rol in Anton se lewe gespeel. Hy het nie met sy pa oor die weg gekom nie, maar moes by hom bly omdat dit die hofbeslissing was. Anton se noodverhaal was dat hy sy meisie verloor het en dat hy niemand se ondersteuning meer oor gehad het nie. Binne die verhaal van die gemeenskap het hy ook nie ingepas nie, omdat al sy vriende en die meeste mense wat hy ken uit hegte huisgesinne kom. By Anton was daar ook 'n vervlegtheid van verhale teenwoordig. Die verhale sou eers gedekonstrueer moes word ten einde 'n nuwe verhaal te laat ontwikkel. Indien Anton 'n geslaagde selfmoordpoging gehad het, sou sy ouers waarskynlik die vinger na sy verhouding met sy meisie gewys het. Met in ag neming van die verskillende betrokke verhale is dit ooglopend nie die enigste faktor nie, maar weer eens 'n integrasie van verskeie aanleidende oorsaaklikhede.

²² Andrea se verhaal kan gelees word by 5.6.2

²³ Anton se verhaal kan gelees word by 5.6.1

Gerda²⁴ se ma kon die konklusie maak dat sy selfmoord probeer pleeg het, nadat hulle 'n woordewisseling gehad het. Vanuit die verskeidenheid van verhale betrokke kan die vinger nie na 'n enkele motief gewys word nie. Weereens is hier 'n interaksie van verskillende aspekte. Gerda moes al die werk in die huis doen, sy was die ma in die huis. Daar was dus nie sprake van 'n goeie gesinsverhouding of ouer-en-kind-verhouding nie. Haar maats het haar begin verstoot, omdat sy nooit meer saam met hulle kon kuier nie. Sy kon nie gaan kuier nie, want sy moes kosmaak en huis skoonmaak. Al die faktore het opgehoop en meegewerk totdat daar op 'n dag 'n uitbarsting was. Een fatale woordewisseling tussen ma en dogter wat voorheen ongesiens verbygegaan het, het amper op 'n katastrofe uitgeloop.

Deur middel van die narratiewe benadering, kan die somtotaal van hierdie vervlegte verhale aangehoor en hanteer word. Dit kan meewerk en uitvloei in die ontwikkeling van nuwe verhale op alle vlakke van die adolessent se lewe. In die geval van 'n gepoogde selfmoord kan die individu se verhaal waarop vorige verhale 'n sterker nuwe verhaal meebring. Wanneer daar 'n geslaagde selfmoordpoging was, help die narratiewe benadering die ouers om nie net die skuld op die "laaste strooi" oorsaak te pak nie. Die narratiewe benadering laat hulle dus weg beweeg van die enkelverhaal of enkeloorsaak en laat hulle toe om te ontdek dat daar 'n verweeftheid van verhale is. Deur hulle begrip te verhelder ten opsigte van die vervlegtheid van verledeverhale staan hulle 'n beter kans om daardie verhale te ontrafel en nuwe perspektief te kry. Die hantering van al die samewerkende faktore maak dit moontlik om die ouers te help om 'n andersoortige en nuwe troosverhaal te konstrueer.

²⁴ Gerda se verhaal kan in hoofstuk 2 gelees word.

6.3.3 Die invloed van die groter samelewingsdiskoers / “grand narrative”

Die breë raamwerk waarbinne die narratiewe pas, die sosiaal-konstruksionisme word deur Freedman & Combs (1996:16) soos volg uiteengesit:

“...let us say here that its main premise is that the beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labour, and other like that make up our social realities that are constructed by the members of a culture as they interact with one another from generation to generation and day to day. That is, societies construct the “lenses” through which their members interpret the world”. Die werklikheid wat elkeen van ons as vanselfsprekend aanvaar, is die werklikheid wat die gemeenskap ons van geboorte af mee gevoed het. Hierdie persepsies voorsien elkeen van gewoontes, woorde, ervarings en geloof waarmee ons lewens opgebou word.

In die geval van ‘n adolessent met selfmoordgedrag, mag dit wees dat die groter kulturele storie (“grand narrative”) ‘n baie groot effek op sy eie storie het, miskien in die sin dat hy voel hy is ‘n mislukking as gevolg van sekere foute wat begaan is binne die groter sosiale en kulturele verhaal waarin hy homself bevind. Freedman & Combs (1996:17) wys op die interaksie wat plaasvind tussen ‘n mens en die groter kulturele verhaal van die samelewing “We think about how cultural stories are influencing the way they interpret their daily experience and how their daily actions are influencing the stories that circulate in society” .

Die verhaal van Marie²⁵ is ‘n tipiese storie van ‘n adolessent wat die druk van die groter sosiaal gekonstrueerde, aanvaarbare lewensverhale en optrede ervaar het. Haar eie verhaal het met die persepsies van die groter



gemeenskap gebots. Die waardesisteem van die gemeenskap het nie plek gelaat vir mense soos sy nie. Haar ouers se gekonstrueerde werklikheid was in botsing met dit wat sy gedoen het. Hierdie verhaal en nog ander verhale uit Marie se verlede het veroorsaak dat sy selfmoordgedrag begin toon het.

Dieselfde was en is steeds waar in die lewe van Ann²⁶. Ann kom uit 'n baie welgestelde familie waar almal bekende mense is. In die familie is vooraanstaande mense soos die burgermeester van 'n groot stad, 'n regter ensovoorts. Vir die familie was dit baie belangrik om die beeld waaraan almal so hard gewerk het, voor te hou. Dit moes ten alle koste behou word. Dit wat die gemeenskap van hulle verwag het moes hulle uitleef en voorgee. Ann se pa het later 'n drankprobleem ontwikkel en selfmoord gepleeg. Dit was 'n groot terugslag vir die familie en dit het hulle beeld skade berokken. Jare later word hierdie beeld steeds haar ouma en oupa voorgehou. Die beeld word as't ware op almal afgedwing, want die gemeenskap hou hulle steeds dop. Hierdie druk was vir Ann baie stresvol, want Gideon het nie in die prentjie ingepas nie, alhoewel sy vir hom baie lief was. In my gesprek met Ann was dit een van die faktore wat 'n rol gespeel het in haar selfmoordpoging. Sy was nie meer haarself nie en moes volgens valse norme leef. Toe sy besef sy is swanger, was die las skielik te groot en die skande ondraaglik. Sy het as mens binne die "grand narrative" gefaal.

Dis nie net die gemeenskap wat grense (diskoerse) konstrueer nie, maar ook gesinne en groter families. Die grense (diskoerse) plaas onnodige druk op individue, in so mate dat hulle selfmoord pleeg, indien hulle nie in die gekonstrueerde raamwerk van die samelewing, gemeenskap, familie of gesin inpas nie. Adollesente is baie sensitief vir hierdie groter sosiaal gekonstrueerde verhaal van die samelewing omdat hulle strewende na

²⁵ Marie se verhaal kan in hoofstuk 5.1 gelees word.

²⁶ Ann se verhaal kan in hoofstuk 2 gelees word.

aanvaarding nog nie genoegsaam ontwikkel het om te weet wie hulle is nie. Indien hulle nie binne die groter verhaal inpas nie, voel hulle soos mislukkings.

Binne die narratiewe benadering is dit belangrik dat daar by die individuele adolessent binne die samelewingsdiskoerse dekonstruksie moet plaasvind. Die ideale beeld wat deur die media en die groter samelewing voorgehou word, sal gedekonstrueer moet word om hoop aan die adolessent te gee. Dit het tyd geword dat dekonstruksie op verskeie vlakke moet plaasvind. Op gesinsvlak, aangesien die gesin 'n groot rol in die instandhouding van die groter samelewingsdiskoerse speel soos in die geval van Ann. In haar se geval was dit belangrik om die druk wat sy van haar gesin ervaar het, te dekonstrueer. Hulle het verwagtinge vir haar voorgehou wat vir haar moeilik haalbaar was en dit het veroorsaak dat sy soos 'n mislukking gevoel en gevolglik onder al die druk verkeerde besluite geneem het. Slegs deur hierdie "grand narrative" in perspektief te plaas en dit te dekonstrueer kon daar 'n verandering in Ann se lewe plaasvind.

Die kerk het ook 'n baie groot rol om te speel in terme van die samelewingsdiskoerse. Predikante word beïnvloed en meegesleur deur groter samelewingsdiskoerse. Diskoerse wat nie noodwendig opbouend en waarheidsgetrou is nie. Van die kansel af word daar meer male verwys na die tipiese karaktertrekke van adolessente. Daar word nie genoeg aandag aan die vervlegte verhale en die samelewingsdiskoerse gegee nie. Baie van die aspekte oor die instandhouding van "grand narratives" word nie korrek bevraagteken nie. Aspekte soos; of dit opbouend is dat die Suid-Afrikaanse samelewing soveel druk op blanke adolessente plaas om te presteer om sodoende werk te kry; of om alternatiewelik mislukkings te wees.



Baie hedendaagse ouers het arm groot geword en wil daarom net die beste vir hulle kinders bied. As gevolg hiervan plaas hulle geweldige druk op die adolessente. Binne die kader van die kerk is dit ideaal om die verwronge samelewingsdiskoerse te dekonstrueer en alternatiewe verhale te skep. Om vanuit die raamwerk van die kerk nuwe verhale rondom die adolessent te skep, sal aan die adolessent weer hoop op die toekoms gee. Die kerk is immers 'n plek waar God se liefde en aanvaarding vir jou as mens verkondig word. Die gevleuelde woorde word nie altyd so deur adolessente ervaar nie. Die werklike druk van die "grand narrative" word somtyds as 'n stuk liefdeloosheid beleef. Soms voel die adolessent vasgevang in hierdie rigiede rigtinggewende diskoers waarvan hy veronderstel is om deel te wees. Dit was in beide Marie en Ann se gevalle dieselfde. Hulle het gevoel dat daar geen kans was om uit hierdie drukgang van die "grand narrative" te kom nie en daarom het hulle gevoel dat hulle nie hulself kan wees nie.

Dit is 'n feit dat daar binne 'n bepaalde kultuur en gemeenskap van adolessente verwag word om op 'n bepaalde wyse op te tree. 'n Valse self moet na vore omdat dit sosiaal aanvaarbaar is en van die gemeenskap verwag word. Die adolessent voel baie keer dat hy/sy nie volgens die ware self leef nie omdat hy/sy hierdie bepaalde front moet voorhou, 'n "*preferred self*". Wanneer daar binne die terapeutiese konteks met so 'n adolessent gesprek gevoer word is dit belangrik om verskeie ervarings van hulself oor te vertel en om dan vas te stel watter rollespel hulle binne watter kontekste verkies "...to assist them in living out narratives that support the growth and development of these 'preferred selves'" (Freedman & Combs 1996:35).

6.4 'n Kritiese vraag na die begrip selfmoord

In die lig van bogenoemde konklusies het die vraag oor die begrip selfmoord by my ontstaan. Aan die einde van my studie vra ek aan my en ander of selfmoord regtig selfmoord is. Is net die "self" by die daad betrokke, of is daar ander aspekte en mense wat meewerk? Is die "self" nie maar net die een wat die daad voltrek nie? Soos met die druk van 'n drie tydens 'n rugbywedstryd? Die hele span het saamgespeel om die drie te bewerkstellig, maar slegs een spanlid het die bal oor die lyn gedruk. Is hy alleen hiervoor verantwoordelik of was dit juis al die vooraf bewegings van ander spanlede wat die bal tot naby die lyn gebring het? Dieselfde figuurlike bewegings kom by selfmoord ter sprake. Selfmoord is net die laaste gaping wat die emosie oor die lyn stort.

Grootendeels het mense die persepsie dat daar vir elke selfmoord 'n spesifieke oorsaak is. Wanneer daar vanuit die narratiewe perspektief na selfmoord en selfmoordgedrag onder adolessente gekyk word, kom daar ander perspektiewe na vore wat die aksie van die "self" bevraagteken. Aspekte soos die individuele uniekheid van die adolessent; die vervlegte verhale; die rol van die samelewingsdiskoers. Dit is faktore wat betrokke is in 'n sogenaamde selfmoordpoging of selfmoordgedrag. Die vraag word gevra of selfmoord 'n enkele optrede met geïnisiër deur 'n enkel motief is? Speel die gemeenskap, die kerk en die samelewing in terme van die groter verhale en diskoerse nie ook 'n rol nie? Kan ons dit steeds selfmoord noem? Is dit net die "self", dus die persoon wat die daad pleeg wat daarby betrokke is? Is dit net die self wat "moord" pleeg?

'n Belangrike vraag is of dit moord is en indien wel, watter graad van moord? Hierdie is oop vrae wat nie in hierdie studie ondersoek of beantwoord is nie. Ek laat dit hierby want die narratiewe navorsing het nooit 'n voltooide gevolgtrekking of slot nie. Die oop einde laat ruimte vir betrokkenheid en

stimulasie. Niks is ooit voltooid solank as wat daar groei en ontwikkeling is nie. Die narratiewe navorsing bied ruimte vir universele groei en 'n oopheid wat na die toekoms wys

6.5 My eie refleksie of navorsingservaring

Om 'n kritiese refleksie op jou eie werk te lewer, is om eerlik met jouself te wees. Ek het die studie aangepak omdat ek vanweë my betrokkenheid by skole baie met adolessente wat selfmoord wil pleeg te doen gekry het. Ek het nie al die antwoorde gehad nie, daarom het ek meer oor die onderwerp begin lees. Dit het my intens laat beseef dat daar steeds leemtes in die bestaande navorsing is. Omdat ek reeds binne die kader van 'n narratiewe werkswyse beweeg het, is ek aangespoor en genoop om die studie vanuit hierdie perspektief aan te pak.

Ek het aanvanklik veelvuldige artikels en boeke oor die onderwerp begin lees. Dit was verrassend hoe baie daar reeds oor die onderwerp geskryf is, Daar was egter min vanuit 'n narratiewe benadering geskryf. In my gesprekke het ek van die nuwe inligting wat ek bekom het, begin toepas en probeer om dit in my terapisessies te integreer. Dit was nie altyd maklik om vanuit 'n narratiewe perspektief te konsulteer nie aangesien dit gevoel het asof die meeste kinders gewoon is aan 'n direkte werkswyse. Miskien is dit hoe hulle opgegroe het. Dit het lank geneem voordat ek begin skryf het. Baie van die inligting moes eers insink en ontwikkel. Indien die studie twee jaar gelede voltooi is sou dit waarskynlik anders daaruit gesien het. Dit was die moeite werd om oor 'n langer tydperk te werk aangesien daar voortdurende groei by my plaasgevind het.

Aanvanklik het ek nie gedink dat die studie so veeleisend sou wees nie. Om inligting te versamel was sekerlik die maklikste deel. Om die inligting te lees was 'n aangename ervaring, maar om die inligting binne die narratiewe benadering in konteks te plaas was sekerlik nie 'n maklike taak nie. My verwagting was om die studie in 'n korter periode af te handel, maar vanweë werksdruk en ander verpligtinge was dit nie moontlik nie. Dit sou aanvaarbaarder gewees het om 'n jaar van my lewe af te staan aan die navorsing en doelgerigte skryf. Dit was ongelukkig nie moontlik nie. Die feit dat ek nie onafgebroke kon werk nie, het die taak bemoeilik. Die voordeel was dat ek die afgelope jare 'n positiewe groei as mens ervaar het.

Om die konklusies te konstrueer was 'n groot uitdaging. Dit was verrassend om te sien watter konklusies die studie blootgelê het. Elkeen van die gevolgtrekkings is volgens my uniek. Aan die begin van die studie het ek nie verwag wat teen die einde oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag sou blyk nie. Die individuele uniekheid van die adolessent, die vervlegte verhale en die groter samelewingsdiskoers het 'n groot impak gehad op my toekomstige en huidige hantering van adolessente en dan spesifiek adolessente met selfmoordgedrag. Miskien het ek die verwagting gekoester dat daar meer konklusies sou wees wat openbarend sou wees. Nogtans hierdie was beslis 'n besondere openbaring ten opsigte van my werkswyse met adolessente. Die kennis en insig wat uit hierdie studie voortspruit sal na alle waarskynlikheid reeds bekende feite weereens onder die vergrootglas plaas.

Tydens die studie het ek opnuut respek vir die akademiese gekry. Dit is nie 'n maklik taak om so studie deur te voer nie. 'n Mens moet bereid wees om jou deur die navorsing te laat lei. Sodoende rig die navorsing jou as mens.



In die afgelope twee jaar het ek nuwe insigte ten opsigte van die narratiewe benadering gekry as gevolg van die ontwikkeling wat binne die PhD-groep plaasgevind het. Dit het my genoodsaak om aanpassings in my eie navorsing aan te bring. Ek moes nuwe denkpatrone eers my eie maak. Ek is dankbaar dat ek hierdie vernuwende insigte in my studie geïnkorporeer het. Dit het my unieke gevolgtrekkings laat maak. Ek is van mening dat my konklusies andersins gewoon sou wees. Die narratiewe benadering het my studie met 'n oop einde gelaat sodat daar steeds krities en wetenskaplik oor adolessente selfmoord en selfmoordgedrag nagedink kan word. Die verhaal is dus nie voltooid nie. Vir duisende ander sal adolessente selfmoord en selfmoordgedrag steeds 'n bron van kommer bly. Hopelik rig die navorsing ons om die kompleksiteit van adolessente selfmoord en selfmoordgedrag beter te verstaan.

BIBLIOGRAFIE

Ackerman, CJ 1985. Die voorkoms en oorsaaklike faktore van selfmoord by die adolessent met besondere verwysing na die eietydse Suid-Afrikaanse blanke sekondêreskooladolessent: 'n Opvoedkundige-sielkundige verkenningstudie. M. Ed. Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Ackerman, CJ 1988. Selfmoordhandelinge by adolessente in die R.S.A.: Epidemiologie, etiologie en die voorkomende rol van die skool. Tydskrif vir Geestes Wetenskappe 28 (11), 7-25.

Aden, L 1992. Faith and the developmental cycle. Christian Perspectives on Human Development 19-33. Michigan: Baker Book House.

Allen, BP 1987. Youth Suicide. Adolescence, XXII (86), 271-290.

Anderson, H & Goolishian, H 1988. Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. Family Process 27 (4), 371-393

Balswick, JO & Balswick, JK 1990. The Family: A Christian perspective on the contemporary home. 2nd ed. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Bagley, C & Ramsey, R 1989. Attitudes towards suicide, religious values and suicidal behaviour: evidence from a community survey. Leiden: Brill.

Barnard, A 1988. Van onrus tot vrede: Gedagtes oor innerlike vrede. Pretoria: Akutapers

- Barnard, AJ 1985. Jy en jou selfbeeld. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.
- Barnard, AJ 1985. Pa en ma se tiener. Kaapstad: Printpak Boeke
- Bateson, G 1979. Mind and Nature. A necessary unity. New York: E.P.Dutton
- Boshoff, M 1976. Vir altyd die sonpad. Kaapstad: Human en Rosseau.
- Bolt, I 1983. My son, my son: a Guide to healing after death, loss or suicide. Atlanta: Bolton Press.
- Bosman, L 2001. PhD-Klasaantekeninge. Universiteit van Pretoria.
- Brand, G 1988. Tienerselfmoord. Rooi Rose 26 Oktober 1988, 29-30.
- Brouwers, J 1989. De versierde dood. Nijmegen: Cadans.
- Browning, DS 1991. A Fundamentall Practical Theology. Minneapolis: Fortress Press.
- Bruner, J 1987. Life as narrative. Social Research 54, 12-32.
- Burns, R 1982. Self-concept development and education. London: Holt Education.
- Capps, D 1984. Pastoral Care and Hermeneutics. Philadelphia: Fortress.
- Capps, D 1990. Reframing. A new method in Pastoral Care. Minneapolis: Fortress.

Capra, F 1982. The Turning Point. London: Flamingo.

Carlson, GA & Kashani, JH 1988. Phenomenology of major depression from childhood through adulthood: analysis of three studies. American Journal of Psychology 145,1222-1225.

Carter, B & McGoldrick, M 1989. The changing family life cycle. A framework for Family Therapy. 2nd ed. Boston:Allyn & Bacon.

Clarizio, HF 1989. Assessment and treatment of depression in children and adolescents. Brandon: Clinical Psychology.

Clemons, JT 1990. Perspectives on Suicide. Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Collins, GR 1988. Christian Counseling. A comprehensive guide. USA: Word publishing.

Crites, S 1971. The Narrative Quality of Experience. Journal of the Academy of Pastoral Care and Counseling. Nashville: Abingdon. 1088-90.

Davis, GL 1986. Spiritual direction. Riligious education 81, 267-279.

De Jager, T 1993. Selfmoordpogings onder adolessente – 'n Sosiopedagogiese Perspektief. M.Ed. Verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit.

De Jong Van Arkel, JT 1989. Verhoudings en verhoudingsprobleme tydens adolessensie in Smuts, AJ (red) Predikant en Pastorale praktyk: teologiese en sielkundige perspektiewe Pretoria: Academica.

De Shazer, S 1988. Clues: Investigating Solutions in Brief Therapy. New York: W.W. Norton & Co.

De Shazer, S 1991. Putting differences to Work. New York: W.W. Norton & Co.

De Villiers, IL 1983. Depressie: die siekte van ons tyd. Kaapstad: Tafelberg.

Diekstra, RFW 1989. Suicide and it's prevention. The role of attitude and imitation. Leiden: Brill

Dingemans, GDJ 1991. Als hoorders onder de hoorders: hermeneutische homilietiek. Kampen: Kok.

Dingemans, GDJ 1996. Manieren van doen: Inleiding tot de studie van de Praktische theologie. Kampen: Kok.

Dreyfus, EA 1972. Youth: search for meaning. Colombus. Ohio: Merrill.

Dublin, LI 1963. Suicide:A sociological and statistical study. New York: The Ronal Press Company.

Durkheim, E 1951. Suicide: a study in sociology. Glencoe: The Free Press.

Durkheim, E 1952. Suicide, a study in sociology. London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

Ebata, AT 1991. sv "Stress and coping in adolescence". In Lerner, R.M. ; Peterson, A.C. & Brooks-Gunn, J. (eds). Encuclopedia of Adolescence 2 vols. New York & London: Garland.

Engelbrecht, GK 1981. Suicide in Johannesburg: a follow-up study. Somerset
-Wes: g.u.

Erasmus, MEP 1991. Die invloed van sekere gesinsfaktore op vroeë
adolescente aanpassings [S.l.:s.n].

Erikson, EH 1980. Identity of the life cycle. New York: Norton.

Farberow, NL 1975. Suicide in different cultures. Baltimore & London:
University Park Press.

Fick, AR 1999. Die pastorale begeleiding van gesinne waarin
kindermishandeling voorkom: 'n Narratief gesinsterapeutiese perspektief. PhD
Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Forisha-Kovach, B 1983. The experience of adolescence: development in
context. Glenview, Ill: Scott, Foresman

Fowler, JW 1981. Stages of Faith: The psychology of human development
and the quest for meaning. San Francisco : Harper & Row.

Fowler, JW 1987. Faith development and pastoral care. Philadelphia: Fortress.

Frankl, VE 1968. The will to meaning; foundations and applications of
logotherapy. London:Souvenir Press.

Freedman, J & Combs G 1996. Narrative Therapy: The social construction of
preferred realities. New York: W.W Norton & Company.

Garfinkel, B & Golombek, H 1974. Suicide and depression in childhood and adolescence. Canadian Medical Association Journal 110, 1278-1281.

Gerdes, LC et al. (red) 1988. Die ontwikkelende volwassene. 2^{de} uitgawe. Durban: Butterworth.

Gerkin, CV 1986. Widening the horizons. Pastoral Responses to a Fragmented Society. Philadelphia: The Westminster Press.

Gouws, T 1997. Die kosmos is duur. Pretoria: J.P. van der Walt.

Graham, E 2000. Practical Theology as Transforming Practice. The Blackwell Reader in Pastoral and Practical Theology 104-117. USA: Blackwell Publishers.

Haim, A 1974. Adolescent Suicide. London: Tavistock.

Harvey, IE 1986. Derrida and the Economy of Differance. Bloomington: Indiana University Press.

Heitink, G 1993. Practische Theologie. Kampen: Kok

Henry, L 1998. Cognitive psychotherapy of psychotic and personality disorders: handbook of theory and practice. New York. John Wesley & Sons

Hewson, D 1991. From Laboratory to Therapy Room: Prediction questions for reconstructing the 'new-old' story. Dulwich Centre Newsletter 1991, No.3,p.5-13.

Holinger, PC & Offer, D 1981. Prediction of adolescent suicide – a population model. American Journal of Psychiatry 139 (3), March 1981: 302-307.

Hyde, MO; E Held, en MD Forsyth 1986. Suicide: The hidden epidemic. Minnesota: CompCare Publishers.

Ishisaka, H 1987. Mental Health Education: Depression Prevention. Contemporary Education 59 (1), Fall 1987, 42-43.

Jaffe, MC 1998. Adolescence. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Jonker, JM 1966. Selfmoordpogings: 'n Sosiologiese en sosiografiese studie. M.A. Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Kalish, RA 1974. The Psychology of human behaviour. Monterey, Calif: Brooks/Cole.

Kastenbaum, R 1986. Between life and death. New York: Springer Publications. Co.

Keeney, BP & Ross, JM 1985. Mind in Therapy. Constructing Systemic Family Therapies. New York: Basic Books, Inc.

Keith, DV & Whitaker, CA 1988. Family Transitions. Guilford Press.

Keshet, JK & Mirkin, MP 1985. Troubled adolescents in divorced and remarried families. Handbook of Adolescents and Family Therapy, 273-293. London: Gardner Press.

Klagsburn, F 1985. Too young to die. New York: Pocket Books.

Koman, SL & Stechler A 1985. In Mirkin, MP & Koman, SL (eds). Handbook of adolescents and family therapy. London: Gardner Press.

L'Abate, L, G Ganahl, JC Hansen 1986. Methods of Family Therapy. Englewood Cliffs, N Y: Prentice Hall.

Labuschagne, NP 1987. Die problematiek rondom die jeugdige selfmoordenaar – 'n Sosiaopedagogiese perspektief. D. Ed. – Proefskrif, Universtieit van Port Elizabeth.

Lamott, A 1995. Bird by Bird. Some Instructions on Writing and Life. New York: Anchor Books.

Lester, AD 1995. Hope in Pastoral Care and Counseling. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Louw, DA; LC Gerpes & WF Meyer 1984. Menslike ontwikkeling. Pretoria:Kagiso.

Louw, DA 1989. Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale Gedrag. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, DA; LC Gerpes & WF Meyer 1998. Menslike Ontwikkeling. Pretoria: Kagiso.

Louw, DA & Van Jaarsveld, PE 1989. Gemoedsversteurings, in Suid-Afrikaanse handboek van Abnormale gedrag, geredigeer deur DA Louw. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, DJ 1996. Praktiese teologie in sosiaologiese perspektief – enkele kritiese vrae met die oog op teologiese teorievorming. Praktiese teologie in Suid Afrika 11, 23-37.

Louw, DJ 1997. 'n Diagnostiese modelvir die assesering van spiritualiteit in geloofsontwikkeling. Praktiese teologie in Suid Afrika 12, 11-25.

Louw, E 1991. Liewer dood as sonder jou liefde. Die Huisgenoot 21 November 1991: 8-9.

Mair, M 1988. Psychology as storytelling. International journal of personal construct psychology 1, 125-137.

Malherbe, BR 1990. Selfmoord by Adolessente. Die maatskaplikewer- navorsing-praktisyn. Maart, 18-28.

Masten, AS 1991. sv "Development Psychopathology and the adolescent". In Lerner, RM ; Peterson, AC & Brooks-Gunn, J (eds). Encyclopedia of Adolescence, 2 vols. New York & London: Garland.

McAnarney, ER 1997 Adolescent and young adult suicide in the United States. A reflection of societal unrest. Adolescence 14 (56), 765-774.

McCall, S 1980. What is quality of live? Philosophica 35, 5-113.

McCarthy, T 1991. Ideals and Illusions. Cambridge: MIT Press.

McCoy, K 1982 Coping with teenage depression. A parents' guide. New York. New American Library.

McGuire, DJ 1982. The problem of children's suicide – age 5-14. International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology 26 (1), 10-17.

Meiring, CC 1989. Kinderselfmoord in fundamenteel-pedagogiese perspektief. D. Ed. Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

Menken-Bekius, CJ 1998. Rituelen in het individuele pastoraat: Een praktisch-theologisch onderzoek. Kampen:Kok.

Mishler, EG 1986. Research interviewing. Context and narrative (pbk. ed.) Cambridge, MA: Harvard University Press.

Mondimore, FM 1990. Depression: the mood disease. Baltimore: John Hopkins University Press.

Mouton, J & Marais, HC 1988. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: RGN-uitgewers.

Müller, JC 1990. Model vir jeugpastoraat met spesifieke verwysing na stres by die adolessent. Praktiese teologie in Suid Afrika 5(2), 117-126.

Müller, J 1996. Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie. Pretoria: RGN- uitgewers.

Müller, J 1999. Companions on the Journey. The art of pastoral narrative conversation. Roodepoort: Logos Books.

Müller, JC, W Van Deventer, & L Human 2001. Fiction Writing as metaphor for research: A Narrative Approach. Praktiese teologie in Suid Afrika 16(2), 76-96.

Nel, M 1998. Jeugbediening, 'n Inklusiewe gemeentelike benadering. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Niebuhr, HR 1963. The Responsible Self: An Essay in Christian Moral Philosophy. New York: Harper.

Oates, WE 1982. 3rd Edition. The Christian Pastor. Philadelphia: The Westminster Press.

Oosthuizen, PGC 1986. Die tydige identifisering van die potensiele jeugselfmoordenaar. M. Ed. Verhandeling. Universiteit van Suid-Afrika.

Parry, A en Doan, RE 1994. Story re-visions: Narrative Therapy in the Postmodern World. The Guilford Press, New York, London.

Patrick, HC 1982. B.Ed. Skoolverlatingsgids. OVS 404-S: Unisa.

Peck, ML, NL Farberow, & RE Litman 1985. Youth suicide. Springer Publishing Company, New York.

Pfeffer, CR 1981. Suicidal behaviour in children. Exceptional Children 48 (2), 170-171.

Pfeffer, CR 1986. The suicidal child. New York. Guilford.

Pfeffer, CR 1989. Suicide among youth: Perspectives on risk and prevention. USA: Psychiatric Press, Inc.

Pieterse, HCJ 1991. Die wetenskapteoretiese grondslag van die praktiese teologie. Praktiese teologie in Suid Afrika 6(1), 38-51.

Pieterse, HCJ 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN-uitgewers.

Poinsett, B 1986 Depressie en die moderne vrou. Kaapstad. Lux Verbi.

Polkinghorne, DP 1988. Narrative Knowing and the Human Sciences. Albany, NY: SUNY Press.

Preto, NG & Travis, N 1985. The adolescent phase of the family life cycle. Handbook of adolescents and Family Therapy 21-38. New York: Gardener Press.

Pretorius, JWM 1984. Kommunikasie in die klaskamer. Pretoria: Van Schaik.

Richards, L 1972. Youth ministry: it's renewal in the church. Grand Rapids: Zondervan.

Rickgarn, RL 1987. Youth suicide: update on a continuing health issue. Education Horizons 65 (3), Spring 1987, 128-129.

Robbins, PR 1998. Adolescent Suicide. North Carolina: McFarland & Company, Inc., Publishers

Rosen, G 1975. A handbook for the study of suicide. New York. Oxford University Press.

Rowatt, GW 1989. Pastoral care with adolescents in crisis. Kentucky: Westminster Press.

Sarbin, TR (eds). 1986. Narrative Psychology: The storied Nature of Human Conduct. New York: Praeger.

Seaman, T 1983. Why children commit suicide. The Reader's Digest June 1983: 21-24.

Schlebusch, L 1986. Short-term precipitants of parasuicide in adolescents. South-African Medical Journal 70 (3), 2 August 1986, 165-167.

Schmidtke, A & Hafner, H 1989. Public attitudes towards and effects of the mass media on suicidal and deliberate self-harm behaviour. (In Diekstra, RFW, R Marais, S Platt e.a. 1989. Suicide and it's prevention 312-330. Leiden/ New York/ Kobenhaven/ Koln: Brill.

Seidmann, P 1967. Moderne jeugd. Antwerpen: Nederlandse Boekhandel.

Shamoo, TK & Partos, PG 1990. Depression and suicide in children and adolescents: prevention, intervention and postvention. Boston, MA: Allyn & Bacon.

Silverman, HJ 1989. Derrida and Deconstruction. New York: Routledge

Silverman, HJ & Ihde, D 1985. Hermeneutics and Deconstruction. State University of New York Press.

Stengel, E 1967. Zelfmoord en poging tot zelfmoord. Antwerpen: Paul Brand.

Thom, DP 1990. Adolessensie, in Louw, DA et al. Mesnlike ontwikkeling, 393-472. Pretoria: Haum.

Tieleman, D 1993. Pastoraat en zingeving. Gereformeerd teologiesch tijdschrift 1, 1-32.

Tishler, CL et al. 1981. Adolescent suicide attempts: some significant facts. Suicide and life-threatening behaviour 11(2), 86-92.

Tomm, K 1989. Externalizing the problem and internalizing personal agency. Journal of strategic therapies 8,1.

Updegraff, KH, SM McHale, & AC Crouter 1996. Gender roles in marriage: what do they mean for 'girls and boys' school achievement. Journal of Youth and adolescence 25, 73-87.

Van Den Aardweg, EM & Van Den Aardweg, EM 1993. Psychology of education. A dictionary for students. Pretoria: E & E Enterprises.

Van Deventer, W 2001. PhD-Klasaantekeninge. Universiteit van Pretoria.

Van der Walt, C 1991. Vandag se ouers bepaal die jeug se toekoms. Rekord 12 September 1991:10

Van Niekerk, L & Van der Spuy, D 1998. Tieners gereed vir die lewe. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Van Niekerk, PA 1987. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch: Universiteit uitgewers.

Van Ree, F & Goedhart, AW 1989. Verdriet. Zwaarmoedigheid. Opvoeding. Diagnostiek. Theorie. Onderzoek. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

Van Rensburg, CJJ & Landman, WA 1986. Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe: 'n Inleidende oriëntering. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel

Van Rensburg, CJJ & Combrink, MJ 1980. Fundamenteel pedagogiese begripsverklaringe – 'n inleidende oriëntering. Pretoria: N.G.Kerkboekhandel.

Van Zyl, AM 1985. Depressiewe siekte by kinders. Suid Afrikaanse tydskrif vir Voortgesette Geneeskundige Onderrig (12), 39-44.

Victoroff, V 1983. The suicidal patient: recognition, intervention management. Oradadell: Medical Economics Books.

Vrey, JD 1977. Die rol van die selfkonsep in die selfaktualisering. Educare 6, 1-19.

Watzalwick, P, JH Weakland, R Fisch 1974. Change: Principles of Problem Formation and Problem Resolution. New York: W.W. Norton & Co.

Weinberg, FE 1970. Adolescent suicide attempts. New York: Wiley-Interscience.

Weiner, IB 1970. Psychological disturbance in adolescence. New York: Wiley-Interscience.

Wekstein, L 1979. Handbook of suicidology. Principles, problems and practice. New York: Brunner/ Mazel.

White, M 1995. Re-Authoring Lives: Interviews and Essays. Adelaide: Dulwitch Centre Publications.

White, M 1988/9. The Externalizing of the problem and the Re-authoring of lives and relationships. Dulwitch Centre Newsletter, 1988/9, Summer,p.5-28.

White, M & Epston 1989. Narrative Means to Therapeutic Ends. Adelaide: Dulwitch Centre Publications.

White, M & Epston 1990. Narrative Means to Therapeutic Ends. Adelaide: New York: Norton.

White, M 1991. Deconstruction and Therapy. Dulwitch Centre Newsletter 1991, p.21-40.

Wodarski, J & Harris, P 1987. Adolescent suicide: a review of influences and the means for prevention. Social Work 32 (6), November-December 1987, 477-484.

Zerfass, R 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft, in Klosterman, F & Zerfass, R (hrsg). Praktischen Teologie heute 164-177. München: Kaiser.